Die voorkoms van wit armoede in Outshoorn tussen 1914 en 1937

by
Okert Petrus Jakobus Stander

Proefskrif ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Doktor in Geskiedenis in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit Stellenbosch

Studieleier: Prof. W.P. Visser

Desember 2017

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

SONNET – uit MALVERN

Hul stap hier deur die skemer strate saans
die groot figure, baarde dae-oud,
met krae opgeslaan, die wind is koud,
en mompel oor die weer in Afrikaans;

die koppe stug asof haas suf gedink,
kosblikke in die growwe werkershande;
onder ou gryspet en slap hoederande
oë wat vinnig uitloer, bang en blink.

Eens voor die eeu was hul grootland-besitters,
met sluheid nou uit vadersgrond onterf,
is hul van rooidag tot die laatlig sterf,
asryers, pikslaners en vuilvoor-spitters.

Die mpoulas dans en laat die skadu's spook –
hul raak verlore tussen huise en rook ... [1]

---

1 S.J. Pretorius, *Album: 'n Keur uit sy gedigte,* Human en Rousseau, Kaapstad, 1976, p. 17.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Deur hierdie proefskrif elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en die publikasie daarvan deur die Universiteit Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie

Kopiereg © 2017 Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Oudtshoorn word beskou as die hoofstad van die Klein Karoo en is geleë in die Wes-Kaap Provinsie van Suid-Afrika. Die klimaat varieer van uiterste hoë temperature (42 grade C) in die somer tot baie lae temperature (-2 grade C) in die winter. Die vrugbare grond langs die rivierlope, beskikbaarheid van water en goeie weiveld was onder andere die redes tot dorpstigting in 1863 en die vestiging van die volstruisveerbedryf in 1869 het die gemeenskap ekonomies ontwikkel. Die skielike ekonomiese vooruitgang wat hoofsaaklik deur die volstruisveerbedryf beïnvloed is, het baie van die wit werksmag op die plase oorbodig gelaat en tot verarming bygedra.

Die skielike wêreldwye wegbeweeg vanaf volstruisvere in vrouemodes en daarmee saam die verset teen die koop van produkte van wilde diere wat geslag moes word, het veroorsaak dat die volstruisveerbedryf in 1914 ineengestort het. Die ekonomiese ineenstorting, geïsoleerdheid van die dorp en distrik, ongekende natuurrampe soos droogtes, die verwoestende uitwerking van sommige donderstorms, asook siektes en die depressie, was van die hoofoorsake van verarming. Die afgesonderdheid van die gemeenskap het onder andere veroorsaak dat die distrik bevolk was met ’n groep mense van wie die onderwyspeil so laag was dat baie van hulle nie in staat was om enige verskil aan die lewenseise van die tyd te maak nie. Dit het tot die bevordering van armoede gelei. Met die studie oor die sosio-maatskaplike toestande in die gemeenskap tussen 1914 en 1937 het opmerklike dispariteite tussen grondbesit en grondloosheid, groot rykdom naas geweldige armoede en ’n klasse-onderskeid tussen ryk en arm aan die lig gekom. Die fokus van die studie is om die voorkoms van wit armoede tussen 1914 en 1937 te ondersoek.

Die vestiging van die kerk en die onderwys na dorpstigting het in die dorp en distrik het ’n baie belangrike rol in die lewe van die armblanke gespeel en dit word in hierdie studie uitgewys. Die kerk was vir die armblanke nie net ’n geestelike vesting nie, maar ook ’n bron van hulp tot oorlewing. Die kerk het op ’n gekontroleerde en gestruktureerde wyse die armblankes se materiële nood aangespreek. Met die kwynende finansiële middele van die kerk na 1914 en die groeiende aantal armblankes in die gemeente was die NG Kerk genoodsaak om, in samewerking met die staat, die probleem te probeer oplos. Kerk en staat het ook besef dat onderwys en opleiding ’n belangrike bydraende rol sou kon speel om armoede te help oplos. Die Unieregering het sy hulp op twee maniere uitgerol, naamlik direkte finansiële hulpverlening wat hoofsaaklik op plaaslike vlak geadministreer is. Die staat het langtermyn projekte wat werkskepping aangehelp het, geïmplementeer. Baie van dié staatsprojekte, waaronder die opgaar van water in die Kammanassiedam in 1920, het lank na 1937 steeds ’n positiewe uitwerking op die gemeenskap gehad.

Die voorkoms van wit armoede in Oudtshoorn was ’n gegewe. Voor die aanvang van die studietema (dws voor 1914) was armoede in Oudtshoorn in ’n sluimerende fase. Met die ineenstorting van die volstruisveerbedryf aan die begin van 1914 het armoede drasties toegeneem en die ekonomie van die gemeenskap nadelig beïnvloed. Die voorkoms van wit armoede in die gemeenskap van Oudtshoorn het die sosio-maatskaplike lewe van die inwoners van die dorp en omliggende distrik tot en met 1937 ingrypend verander. Na 1937 het die voorkoms van armoede begin afeem.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ABSTRACT

Oudtshoorn is considered to be the capital of the Little Karoo and is positioned in the Western Cape Province of South Africa. The climate varies from extremely high temperature (42 degrees C) during summer to very low temperature (-2 C) in the winter. The fertile earth next to the rivers, the accessibility of water and good pastures were some of the reasons for the town's founding in 1863, and the establishment of the ostrich feather industry in 1869 have advantaged the community economically. The sudden economic advancement, mainly sparked by the ostrich feather industry, has left much of the white labour force on the farms redundant.

The abrupt global rejection of ostrich feathers in woman's fashion and the accompanying resistance to commerce in wild animals that require butchery, had caused the collapse of the ostrich feather industry in 1914. The economic folding, the isolation of the town and district, unprecedented natural disasters such as draughts, the destructive effect of certain thunder storms, as well as diseases and the Great Depression, were some of the main causes of impoverishment. The remoteness of the community, amongst other factors, had caused a diminishing of the population of the district's educational level to such an extent that many of them were unable to meet the survival demands of the time. This had caused the emergence of poverty. The study of the socio- economic state of the community between 1914 and 1937 had brought to light significant disparities between landownership and land loss, great wealth alongside abject poverty, and a class difference between rich and poor. The focus of this study is to highlight the phenomenon of white poverty between 1914 and 1937.

The establishment of the church and educational system after the town's founding had played a significant role in the lives of the poor whites and is pointed out in this study. The church had functioned to them not only as a spiritual refuge, but also as a source of survival. It had answered to the poor whites' needs in a controlled and structured way. With the waning financial means of the church after 1914 and the growing number of poor whites in the congregation, the Dutch Reformed Church was necessitated, in collaboration with the state government, to solve the problem. Church and state had also realised that education and training could play an important role to alleviate and negate poverty. The Union Government had extended its help by two means, namely the direct financial help that was administered mainly on a local level and the implementing of long term projects that have promoted job creation. Many of these government projects, which included the gathering of water in the Kammanassiedam in 1920, had still yielded a positive impact on the community after 1937.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

The phenomenon of white poverty in Oudtshoorn was a given. Before the inauguration of the study in 1914, poverty in Oudtshoorn was in a slumbering phase. With the collapse of the ostrich feather industry at the beginning of 1914, poverty had drastically increased and affected the economy of the community drastically. The emergence of white poverty in the community of Oudtshoorn had transformed the social welfare conditions of the town's inhabitants dramatically until 1937 when poverty had finally begun to decrease.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

BEDANKINGS

Hierdie werk word opgedra aan my eggenote, Annie en my seuns, Willie, Johan, Jacobus en Danie vir hulle inspirasie, motivering en ondersteuning.

Hiermee wil die skrywer sy opregte dank betuig aan al die persone wat deur middel van raad, aanmoediging en die beskikbaarstelling van inligting dit moontlik gemaak het om die proefskrif te kon skryf. Tog wil die skrywer ’n spesiale woord van dank aan professor WP Visser rig vir sy geloof in my, sy inspirasie, leiding en geduld. Ek kon baie uit sy diepgaande historiese kennis en skerp insig leer en sonder sy weldeurdagte en konstruktiewe leiding sou hierdie werk veel armer gewees het.

Die skrywer wil die volgende instansies vir hulle finansiële ondersteuning bedank:

Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis en die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge.

Alle eer aan my Skepper vir gesondheid, krag en moed om hierdie studie te kon doen.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1:

KONSEPTUELE EN HISTORIOGRAFIESE VERTREKPUNTE RAKENDE WIT ARMOEDE IN SUID-AFRIKA TOT 1914

1.1	Inleiding	1
1.2	Definisie van armoede	4
1.3	Literatuuroorsig oor die voorkoms van armoede as historiese verskynsel	6
1.4	Die ontstaan van die term armblanke in die Verenigde State van Amerika (VSA)	11
1.5	Die ontstaan van die term armblanke in Engeland	13
1.6	Die voorkoms van die term armblanke in Suid-Afrika	14
1.7	Die definisie van die term armblanke in die Suid-Afrikaanse konteks	17
1.8	Die omstandighede waarin wit armoede in Suid-Afrika tot en met 1914 ontwikkel het	19
1.8.1	Die ontstaan van wit armoede in Suid-Afrika	19
1.8.2	Die verstedeliking van die Afrikaner	23
1.9	Probleemstelling en fokus	25
1.10	Navorsingsmetodologie en navorsingsbronne	27
1.11	Samevatting	33

HOOFSTUK 2:

DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE DORP OUDTSHOORN TOT EN MET DIE VAL VAN DIE VOLSTRUISVEERBEDRYF IN 1914

2.1	Inleiding	36
2.2	Die ontstaansgeskiedenis van Oudtshoorn	36
2.2.1	Dorpstigting	37
2.2.2	Die eerste Christelike gemeente	40
2.2.3	Landbou	43
2.2.3.1	Veeboerdery	45
2.2.3.2	Akkerbou	46
2.2.3.3	Volstruisboerdery	47
2.2.4	Ekonomiese groei van die volstruisbedryf vanaf 1878	53
2.2.5	Onderwys	59
2.2.6	Verbindingsweë na en van Oudtshoorn	63
2.2.7	Die Joodse gemeenskap	66

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.3 Samevatting 71

HOOFSTUK 3:

DIE OORSAKE EN VOORKOMS VAN ARMOEDE IN OUDTSHOORN EN OMGEWING TUSSEN 1914 en 1937

3.1 Inleiding 73
3.2 Die impak van die Anglo-Boereoorlog op die arbeidsituasie in Oudtshoorn en omgewing 76
3.3 Die oorsake van verstedeliking 78
3.4 Ander oorsake van verarming in die landbou 81
3.4.1 Klimatologiese en geografiese faktore 84
3.4.2 Die Romeins-Hollandse erfregstelsel en die onderverdeling van grond 94
3.5 Die volstruisbedryf en verarming 95
3.5.1 Die oorsake van agterbuurtes en die sosio-ekonomiese gevolge daarvan 101
3.6 Ander oorsake van verarming 106
3.6.1 Die gebrek aan en negatiwiteit teenoor opvoeding 106
3.6.2 Die bou van die spoorlyn 106
3.6.3 Bywoners 107
3.6.3.1 Voorkoms van bywoners 107
3.6.3.2 Vergoeding en produktiwiteit van bywoners 109
3.7 Samevatting 112

HOOFSTUK 4:

DIE NG KERK SE POSISIE EN ROL IN ARMOEDEVERLIGTING NA 1914

4.1 Inleiding 114
4.2 Die NGK se betrokkenheid by armoedeverligting 114
4.2.1 Kongresse en konferensies 114
4.2.2 Projekte waarby die kerk betrokke was 119
4.3 Die Kerk en armoedeverligting in Oudtshoorn 123
4.3.1 Kerkeiendomme en die kerk se finansiële situasie 126
4.3.2 Pogings om die finansiële posisie te verbeter 132
4.3.3 Die versorging van armblankes in die gemeente 133
4.3.4 Geestelike en morele ondersteuning 143
4.3.5 Samewerking tussen kerk en staat om armoede te verlig 144
4.4 Samevatting 145

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5:

DIE STAAT SE BYDRAE OM ARMOEDE NA 1914 TE VERLIG

5.1	Inleiding	146
5.2	Vorme van bystand	147
5.2.1	Gewone bystand aan armes	147
5.2.2	Addisionele bystand aan armes	152
5.2.3	Spesiale bystand aan armes	153
5.2.4	Die terug-na-die-grond-projek	158
5.3	Staatsprojekte as armoedeverligting	161
5.3.1	Armblankes en die Pakt-regering se ″beskaafde arbeidsbeleid″	162
5.3.2	Besproeiingskemas	163
5.3.3	Die spoorweë	166
5.3.4	Bosbounedersettings	168
5.3.5	Onderwys	171
5.3.6	Die weermag	177
5.3.7	Bywonerbehuising	178
5.4	Samevatting	179

EVALUERING 181

AANHANGSEL A 190

AANHANGSEL B 195

BRONNELYS 199

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

KAARTE

No	Beskrywing	
1	Vernaamste nedersettings waar boere sedert 1875 gevestig het	39
2	Grootste konsentrasie volstruise in die Unie van Suid-Afrika tot 1914	51
3	Vernaamste deurgangsroetes na Oudtshoorn	65
4	Ligging van Oudtshoorn	73
5	Die vernaamste rivierlope rondom Oudtshoorn waar armblankes gewoon het	79
6	Die gebied in Oudtshoorn-noord waar 'n agterbuurt ontwikkel het	102
7	Watersloot in Oudtshoorn, asook drie gebiede waar die meeste sterftes voorgekom het (1914 – 1937)	104
8	Gemeentegrense na die stigting van die gemeente in 1853	124
9	Gebied wes van Oudtshoorn met die grootste konsentrasie armblankes (1914 – 1937)	149

TABELLE

No	Beskrywing	
1	Persone in Oudtshoorn wat staatshulp ontvang het	3
2	Waarde van produkte wat in 1880 in Oudtshoorn verbou is	44
3	Die verspreiding van volstruise in distrikte van die Kaapprovinsie	52
4	Styging van volstruisgetalle in die Unie van Suid-Afrika, 1904 – 1913	53
5	Jare wanneer daar 'n rekord aanvraag na volstruisvere in Suid-Afrika was	55
6	Afrikaner en Joodse gesinne in een woongebied in Oudtshoorn	68
7	Beroepe wat die meeste Jode in Oudtshoorn beoefen het	70
8	Bevolkingsverhuising van inwoners in Oudtshoorn en die distrik tussen 1904 en 1936	79
9	Reënvalstatistiek, 1900 – 1913	85
10	Aanduiding van armblanke agterstallige dienstegelde en belastings	86
11	Verbande op grond in Oudtshoorn en distrik	97
12	Die daling van volstruisgetalle in die Unie, 1916 – 1930	98
13	Finansiële posisie van die munisipaliteit, 1913 – 1916	100
14	Bevolkingsverskuiwing van landelike na stedelike gebiede	126
15	Eiendomme van die gemeente	129
16	Toekennings uit die gemeentelike opvoedingsfonds en die Schoeman-opvoedingsfonds	136
17	Lengtes van spoorlyne in die Unie van Suid-Afrika	166
18	Die toename van werkers op bosbounedersettings	170

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

FIGURE

No	Beskrywing	
1	Inwyding van NG Kerk, 7 Junie 1879	41
2	St Judes Kerk in Oudtshoorn	42
3	Hoed getooi met volstruisvere	49
4	Uitrustings met volstruisvere	50
5	Vereverkoping agter die Prince Vintcent-gebou	56
6	Pinehurst, die Edmeades-woning	57
7	Volstruiswoning te Vergelegen	58
8	Volstruiswoning te Hazenjacht	58
9	Bywonershuis te Van Wykskraal	59
10	Bywonershuis te Stolsvlakte	59
11	Armskool te Vinknesrivier, Oudtshoorn	61
12	Skoolgebou te Waaikraal	62
13	Plaat aan noordekant van skool	62
14	Skoolgebou te Vergelegen (1913)	62
15	Onderwyserswoning te Vergelegen (1913)	62
16	Tolhuis in Meiringspoort	63
17	N Lipschitz, ’n bekende Joodse kleinhandelaar in Oudtshoorn	69
18	Joodse Vereverkoper/Algemene Handelaar	69
19	Tipiese voorbeeld van ’n dagloner in Oudtshoorn	75
20	’n Armblanke gesin, Oudtshoorn-distrik, c 1928	80
21	’n Togryer, Oudtshoorn, c 1915	83
22	Riet wat deur togryers vervoer is	107
23	’n Tipiese sooimuurhuisie in Olifantshoek, c 1929	121
24	’n Tipiese armblanke gesin in Olifantshoek, c 1928	121
25	Welgeluk-kerksaal	127
26	Uitnodiging na die hoeksteenlegging van die Armoed-gemeente	128
27	Hoeksteen van NG Kerk Armoed	128
28	NG Kerk Volmoed	128
29	Prince Vintcentgebou, 1890	141
30	Prince Vintcentgebou, c 2012	141
31	Uitdeel van kos by NG Kerk Oudtshoorn	142
32	Uitdeel van kos by NG Kerk-pastorie	142
33	Bou van die Kammanassiedam	165
34	Wal van die Kammanassiedam	165

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

35	Minister van Spoorweë, CW Malan (1924 – 1933)	167
36	Boswerkers besig om jong boompies by ’n Sabie-nedersetting te versorg	170
37	Plaasskool te Nooitgedacht langs die Olifantsrivier, c 1928	174
38	Plaasskool te Daskop, oos van Oudtshoorn, c 1928	174
39	Kennisgewing van voedselvoorsiening by Slachterspoortskool	175
40	Personeel en dosente, Onderwyserskollege Oudtshoorn 1928	176

GRAFIEKE

No	Beskrywing	
1	Reënvalsyfers in Oudtshoorn, 1914 – 1937	88
2	Bankrotskappe in Oudtshoorn, 1910 – 1919	100

AFKORTINGS

ABC	The African Banking Corporation
ACVV	Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging
CDP	Calitzdorp Council Minutes
CJV	Christelike Jeugliede Vereniging
CMA	Calitzdorp Museum Argief
CPNMA	CP Nel Museum Argief
CSV	Christelike Studente Vereniging
GBUS	Gericke Biblioteek Universiteit Stellenbosch
GES	Argief van die Departement van Gesondheid
GMA	George Museum Argief
KCAB	Killie Campbell Africana Biblioteek, Universiteit Kwazulu Natal, Durban, EG Malherbe Versameling
LKAO	Landdroskantoor Argief Oudtshoorn
LMA	Lydenburg Museum Argief
LV	Lid van die Volksraad
NASA	Nasionale Argiefbewaarplek van Suid-Afrika
NBSAK	Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika Kaapstad
NBSAP	Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika Pretoria

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

NGKA	NG Kerk Argief (Stellenbosch) GEM (Gemeentes)
PAS	Provincial Administration Service
SAMA	Suid-Afrikaanse Militêre Argief
SBA	Standard Bank Argief
SBO	Sentrum vir Bewaringsopvoeding, Wynberg, Kaapstad
SMA	Sabie Museum Argief
TFRMA	Transnet Freight Rail Museum Argief
UG	Union Government
WCARS	Western Cape Archives and Record Services

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

KONSEPTUELE EN HISTORIOGRAFIESE VERTREKPUNTE RAKENDE WIT ARMOEDE IN SUID-AFRIKA TOT 1914

1.1 Inleiding

Armoede is 'n historiese verskynsel. Die Franse historikus, Henri Hauser, het per geleentheid genoem dat baie van die sosiale probleme wat in hedendaagse gemeenskappe manifesteer, reeds vanaf die sestiende eeu sigbaar was.[2] So het konflik tussen werkers en werkgewers, opstande en ekonomiese krisisse, asook armoede, sedert die ontstaan van die Europese werkersklas voorgekom.[3] In die boek, *The affluent society* (1958), word die verskillende vorme, oorsake en gevolge van armoede in Amerika aangespreek. In die suide van Amerika was 'n paar miljoen witmense wat net so brandarm was as die swart slawe wat 'n eeu van tevore vrygestel is.[4] In Europa is die oorsaak van armoede tot en met 1880 gesien as die gevolg van individuele swakhede. Die dominante klas het armoede toegeskryf aan die armes se gebrekkige ondernemingsvermoë en morele swakhede.[5] In Engeland het ekonome soos Adam Smith, Mathus en Ricardo die probleem van armoede binne die konteks van die politiek en ekonomie bestudeer. Volgens hulle navorsing kan die oorsake van armoede die gevolg van die sosiale vooruitgang wees of die gevolg van die mislukking van die sosiale sisteem. Armoede is in Engeland as 'n "*shameful disease*"[6] beskou, maar daar was reeds voor die bewind van Elizabeth I wette daargestel om armoede te probeer reguleer.[7] In die laat agtiende eeu was daar alreeds organisasies in Engeland wat hulle verplig gevoel het om die nood van arm mense aan te spreek.[8] Daar was ook in 1842 in Pruise 'n wet wat bepaal het dat die staat hulp aan die armes moes verleen sodat die hulp tot voordeel van die hele gemeenskap kon wees.[9] In Suid-Afrika is daar in Kaapstad reeds ná die pokke- en maselsepidemie in 1890 gratis mediese dienste aan arm persone verskaf.[10]

---

2 B. Geremek, *Poverty a history,* Blackwell, 1994, p. 73.

3 B. Geremek, *Poverty a history,* p. 73.

4 J.K. Galbraith, *The affluent society,* Houghton Mifflin Company, Boston, 1958, pp. 20 – 55.

5 C. Bundy, "Vagabond and Runaway Englishmen: White poverty in the Cape before Poor Whiteism", in W Beinart et al, reds, *Putting a plough to the Ground: Accumulation and Dispossession in Rural South Africs, 1850 – 1930,* Ravan Press, Johannesburg, 1986, p. 7; Carnegie Conference Paper No 247, Second Carnegie inquiry into Poverty and Development in South Africa, p. 12.

6 B. Geremek, *Poverty a history,* p. 1.

7 W. Lambarde, *Eirenarchaor of the Office of the Justice of the Peace,* (wette wat verband hou met armoede voor die *Elizabethan Poor* Laws), RA Newberry, London, 1579, p. 425.

8 S. Woolf, *The Poor in Western Europe in the Eighteenth and Nineteenth Centuries,* Methuen, London, 1990, p. 386.

9 G. Simmel, *On Individuality and Social forms,* University of Chicago Press, Chicago, 1971, p. 157.

10 S. Judges, Poverty, living conditions and social relations – aspects of life in Cape Town in the 1830s, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Kaapstad),1977, p. 1.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In Suid-Afrika het wit armoede vanaf 1890 meer sigbaar begin word. Die meeste boere het gesukkel om oor te skakel na kommersiële boerdery wat op die mark eerder as tuisverbruik gerig was en van die regering kon hulle nie veel hulp verwag nie. Die Romeins-Hollandse erfreg het ook bygedra tot verarming en het veroorsaak dat baie boere armblankes geword het. Hulle was verplig om as bywoners te gaan werk. Seuns van bywoners wou nie op die plase werk nie, want hulle wou nie dieselfde vergoeding as bruin of swart plaaswerkers ontvang nie. Die toestand is vererger deur die runderpes van 1896 en die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902.[11] Baie Afrikaners het na groot dorpe en stede verhuis op soek na 'n beter heenkome en hulle onder andere in Veldschoendorp in Pretoria en die buurte Vrededorp, Braamfontein en Fordsburg in Johannesburg gaan vestig. Terselfdertyd was 'n veel groter aantal swartmense net so arm, of nog armer. Die dominante klas het egter net wit armoede as 'n krisis beskou.[12]

Armoede is nie net 'n historiese gebeurtenis nie, maar is in die een-en-twintigste eeu nog steeds as 'n brandpunt beskou wat deur sosiale en ekonomiese wetenskaplikes, politici en geestelikes bestudeer word. Vanaf 1973 het armoede in Afrika armoede in Asië (Japan uitgesluit) verbygesteek en is Afrika sedert 1973 die armste vasteland ter wêreld.[13] Volgens 'n verslag van die Verenigde Nasies van 1994 is bevind dat 1,1 biljoen (agtien persent) van die wêreld se bevolking in uiterste armoede leef.[14] Die algemene indruk is dat armoede slegs beperk is tot agterbuurtes van groot dorpe en stede, maar die voorkoms van armoede in landelike gebiede is veel groter. In 'n verslag wat deur die *International Fund for Agricultural Development (IFAD)* in 2001 opgestel is, is bevind dat 'n driekwart van die 1,2 biljoen mense wat met 1 USD per dag leef en werk hulle in landelike gebiede bevind.[15] Volgens die *The Cronic Poverty Report* van 2008 was daar tussen 320 en 443 miljoen mense in die wêreld wat in kroniese armoede vasgevang is.[16]

In Suid-Afrika het baie swartmense net soos witmense ook nie die nodige vaardighede gehad om suksesvol te boer nie en het hulle ook verarm. Baie manlike swart werkers was verplig om in die stede en groot dorpe werk te gaan soek omrede die droogtes in die tuislande hulle ook verarm het. Sommige swart boere het egter ook bly roofbou toepas wat weer erosie veroorsaak het en gevolglik is swak of geen oeste gelewer nie. Tussen 1918 en 1930 het die hoeveelheid diere in die swart tuislande met 232% vermeerder.[17] Vir swartmense was dit baie moeilik om grond in die Unie van Suid-Afrika te besit, want in 1913 het die Naturelle Grond Wet swartmense die reg ontneem om grond buite die bestaande gebied van okkupasie te bekom en witmense kon ook nie grond binne die reservate bekom nie. Slegs 7,3% van die totale grondoppervlakte van die Unie was vir swartmense gereserveer. As gevolg hiervan, was dit vir swartmense onmoontlik om 'n lewensvatbare bestaan in Suid-Afrika

---

11 H. Giliomee, *Die Afrikaners, 'n biografie,* Tafelberg, Kaapstad, 2009, pp. 267 – 270.

12 *Ibid.,* pp. 270 – 271.

13 L. Thomas, *Making poverty a history,* Zed Books, London, 2008, p. 2.

14 S.M. Beaudoin, *Poverty in World History,* Routledge, London, 2007, pp. 1 – 2.

15 www.ruralpovertyportal.org/english/topics/index.htm (accessed 12.5. 2013). Die dokument gee 'n volledige beskrywing van die verskynsel van landelike armoede.

16 A. Shepherd, *The Chronic Poverty Report,* 2008 – 2009, Universiteit van Manchester, Manchester, 2009, p. vii.

17 C.W. de Kiewiet, *A history of South Africa, social & economic,* Claredon Press, Oxford, 1941, pp. 197 – 201.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

te kon maak. Swartmense wat nie die verlaging van hulle posisie van kleinboer na goedkoop arbeider wou aanvaar nie, was verbied om die plase te verlaat en het dikwels geen heenkome gehad nie en was tot armoede gedoem.[18] Volgens Terreblanche was witmense se inkomste per capita in 1917 elf keer hoër as dié van swartmense.[19]

Met die oorskakeling van akkerbou na volstruisboerdery in die Oudtshoorn-omgewing vanaf 1863 het 'n groot deel van die arbeidsmag wat uit bruin- en witmense bestaan het, verarm.[20] Met die fokus van die studie op die voorkoms van wit armoede impliseer dit nie dat bruinmense nie verarm het nie. Ter stawing hiervan word die plaaslike owerheid se hulp in 1899 aan behoeftige bruinmense in tabel 1 aangedui. Hierdie tipe hulp word ook in die Carnegie-kommissie se verslag vermeld.[21]

	Naam en van	**Ouderdom**	**Geslag**	**Datum op lys**	**Rede vir aansoek**
1	Esau Jacobs	70	M	22 Augustus 1899	Ouderdom
2	Franz Lingerveldt	65	M	22 Augustus 1899	Ouderdom
3	Tom Osthezen	50	M	14 September 1899	Fisiese gebrek
4	Abram Prince	60	M	27 Oktober 1899	Fisiese gebrek
5	Steyn Jantjes	80	M	28 Oktober 1899	Ouderdom
6	Joseph Marniwich	70	M	1 November 1899	Ouderdom
7	Kaliga Daniel	40	V	1 November 1899	Fisiese gebrek
8	Jan Louwrens	35	M	4 November 1899	Fisiese gebrek
9	Mrs Mc Brien & 4 kinders	45	V	28 November 1899	Tuberkulose
10	Solomon Nondo	25	M	6 Desember 1899	Fisiese gebrek

[22]

Tabel 1: Persone in Oudtshoorn wat staatshulp ontvang het

In Oudtshoorn, die gebied waaroor die studie gaan, was daar tot en met 1914 'n ekonomiese opbloei wat geen perke geken het nie. Dié welvaart het baie gou sigbaar geword in die uitspattige argitektuur van die wonings en sosiale lewe van die dorp en distrik. Slegs 'n deel van die gemeenskap het egter dié voorspoed beleef.[23] Die

---

18 A.M. Grundlingh, Die Suid-Afrikaanse gekleurdes en die Eerste Wêreldoorlog, (Ongepubliseerde D.Litt. et Phil-tesis, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria), 1981, pp. 20 – 22.

19 S. Terreblanche, *A history of Inequality in South Africa, 1652 – 2002,* Interpak Books, Pietermaritzburg, 2002, p. 393.

20 P. Buirski, Aspects of material life in Oudtshoorn 1860 – 1927, (Ongepubliseerde Hons-tesis, Universiteit van Kaapstad, Kaapstad), 1983, p. 39.

21 Gericke Biblioteek Universiteit Stellenbosch (hierna GBUS), Bron Wilcocks versameling, Lêer 1/506, *Onderhoud met mnr J Fowler, destydse landdros in Oudtshoorn,* 30 Maart 1929, p. 507.

22 Western Cape Archives and Record Services (hierna WCARS), Bron CO, Vol 7627, Ref 1108/1, *Oudtshoorn relief of distress, list of outside paupers receiving relief at Oudtshoorn,* p. 6.

23 P. Buirski, "Aspects of material life", p. 25.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

grootste deel van dié groep was voor 1914 ekonomies in 'n baie gunstige posisie, maar met die insiking van die volstruisveerbedryf in 1914 was dit die groep waarvan die meeste verarm het en by 'n totaal nuwe lewenstandaard moes aanpas.[24] Derhalwe het die skyn van voorspoed die armoede in die gemeenskap totaal oorheers.[25]

Alhoewel wit armoede as historiese fenomeen in Suid-Afrika alreeds in verskeie studies behandel is, ondersoek hierdie studie die voorkoms van armoede in Oudtshoorn en omliggende gemeenskappe tussen 1914 en 1937, aangesien daar tot dusver geen studie daaroor gedoen is nie wat dus 'n leemte in die Suid-Afrikaanse historiografie laat.

1.2 Definisie van armoede

Enige definisie van armoede is uiteraard subjektief. Wat as armoede beskou word, verskil van land tot land en van tydperk tot tydperk, afhangende van die standaarde wat toegepas word, die stadium van ekonomiese ontwikkeling en die verskille tussen die lewenstandaard van die ryker en armer lede van 'n betrokke bevolkingsgroep in dieselfde land.[26] Nieteenstaande die verskil in uiterlike vorm en intensiteit, word armoede aangetref waar die mens hom bevind.[27] Verskeie akademici het al die begrip armoede gedefinieer, maar om armoede te definieer, is 'n baie moeilike taak. Volgens 'n verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) is armoede 'n multidimensionele begrip en kan dit dus nie in 'n eenvoudige definisie geformuleer word nie.[28] Volgens die Carnegie-verslag het armoede van plek tot plek en van kultuurgroep tot kultuurgroep verskil. Daar is ook na sekere mense as "baie arm" of "dood-arm" verwys, terwyl ander weer as "dorpsarmes" beskryf is.[29] Dié menings sluit aan by F Wilson en M Ramphele se menings wanneer hulle verklaar dat armoede "*... is like illness. It shows itself in different ways in different historical situations, and it has diverse causes.*"[30] Michael Lipton verwys in die *World Development Journal* [31] ook na die twee begrippe "*absolute*" en "*relative poverty*", maar gee ongelukkig nie 'n definisie van die twee begrippe nie. In Suid-Afrika het Lötter hierdie begrippe gebruik wanneer hy na die verskillende grade of toestande van armoede verwys het. Vir die doel van hierdie studie sal daar na "*absolute poverty*" as ekstreme armoede en "*relative poverty*"

---

24 Transnet Freight Rail Museum Argief (hierna TFRMA), Verslag van voorgestelde spoorlyn tussen Oudtshoorn en Calitzdorp, "Annexure" 5, 1918, p. 12.

25 *Ibid.,* p. 28.

26 S. Terreblanche, *Gemeenskapsarmoede,* Tafelberg, Kaapstad, 1997, p. 61; J. May, "Pro-Poor growth strategies In Africa, an elusive consensus: Definitions, measurement and analysis of poverty", *Journal of African Economies,* 10, (1), 2006. pp. 2 – 3. Sien ook http://www.policy.co.uk/keyconcepts/samples// (accessed 23. 02.2012) waar verskillende benaderings tot die definiëring van armoede bespreek word. Hier word byvoorbeeld gekyk na algemene of spesifieke definisies, definisies wat volgens inkomste, lewenstandaarde of bevoegdhede, bepaal kan word.

27 J.H. Coetzee, *Verarming en oorheersing,* Nasionale Pers Beperk, Kaapstad, 1942, p. 8.

28 Y.D. Davids, *Poverty in South Africa,* The Harvester Press, Sussex, 1979, p. 1.

29 J.F.W. Grosskopff, *Plattelandsverarming en plaasverlating,* pp. vi, vii.

30 F.Wilson and M. Rampele, *Uprooting Poverty: The South African Challenge,* WW Norton, New York, 1989, p. 14.

31 M. Lipton, "Poverty – are there wholes in the consensus", *World Development Journal,* 25, (7), 2008, pp. 1003 – 1007.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

as intermediêre armoede verwys word. Wanneer na ekstreme armoede verwys word, word dit gesien as wanneer 'n persoon nie oor die nodige hulpbronne beskik om in sy spesifieke dieet, kleding, huisvesting, beskerming en mediese sekuriteit te kan voorsien nie. Intermediêre armoede word gesien as wanneer 'n persoon wel oor die hulpbronne beskik om in sy dieet, kleding, huisvesting, beskerming en mediese sekuriteit te voorsien, maar nie die vermoë het om aan aktiwiteite deel te neem om hom of haar 'n aanvaarbare individu in sy of haar gemeenskap te maak nie.[32] Ekstreme armoede manifesteer dus wanneer 'n individu nie die materiële middele tot oorlewing het nie, terwyl intermediêre armoede manifesteer as gevolg van byvoorbeeld verstandelike of sosiale tekortkominge.

Die skrywer, P Townsend, ondervind ook 'n probleem om armoede te omskryf wanneer hy sê: *"Poverty, like beauty, lies in the eye of the beholder. Poverty is a value judgement: it is not something one can verify or demonstrate, except by inference and suggestion, even with a measure of error. To say who is poor, is to use all sorts of value judgements. The concept has to be limited by the purpose which is served by the definition*."[33]

Die doel van die studie is nie om 'n definisie van armoede na aanleiding van die een-en-twintigste eeuse armoede te formuleer nie, maar om te probeer vasstel hoe armoede gedurende die tydperk wat die studie dek, gemanifesteer het. Volgens die uitgangspunt van die studie was 'n persoon arm as hy of sy nie meer finansieel, geestelik of liggaamlik in staat was om hom of haar teen die elemente van die natuur te beskerm en daagliks 'n gebalanseerde dieet kon voorsien nie en sodoende van die staat en of gemeenskap afhanklik was. Armoede het dus 'n finansiële, geestelike en fisiese komponent. Wanneer die genoemde definisie van armoede in die Oudtshoorn-konteks toegepas word, sluit dit aan by die siening van Wilson en Rampele, want dit kom voor in verskillende historiese situasies, soos byvoorbeeld die val van die volstruisbedryf en die Eerste Wêreldoorlog, en het diverse oorsake. Die uitspeel hiervan word in hoofstuk 3 bespreek.

Soos reeds genoem, het die plattelandse Afrikaner se lewe in duie begin stort as gevolg van die industrialisasie van landbou, natuurrampe en die verswakking van die land se ekonomie.[34] Een van die eerste voorbeelde van plattelandse verarming was die voorkoms van 'n totaal nuwe soort Afrikaner, naamlik die bywoner en een van die uitkomste van verarming in Oudtshoorn was dan ook die voorkoms van bywoners. Dit is belangrik om die bywonerverskynsel in die studie te bespreek, want die grootste groep witmense in Oudtshoorn wat verarm het, het 'n lewenstylverandering in die vorm van bywoners gemaak.

Verskeie akademici het die term bywoner gedefinieer en dit is, ter wille van konteks, nodig om die definisies te ondersoek om uiteindelik die voorkoms van bywoners in Oudtshoorn binne 'n gepaste verwysing te plaas. RW Wilcocks, wat ook 'n lid van die Carnegie-kommissie was, definieer 'n bywoner as iemand van die platteland wat geen eiendom besit het nie en vir wie 'n grondeienaar toestemming gegee het om onder sekere

---

32 H.P.P. Lötter, *Poverty, ethics and justice,* University of Wales Press, Cardiff, 2011, p. 177; J.H. Coetzee, *Verarming en oorheersing,* p. 9.

33 P. Townsend, *Poverty in the United Kingdom: A Survey of Household Resources and Standards of living,* University of Glassgow, Glassgow, 1979, p. 37.

34 S. Patterson, *The last trek. A study of the Boer people and the Afrikaner nation*, p. 246.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

voorwaardes op sy grond te woon.[35] Die term is dus oor die algemeen gebruik om dié groep armblankes wat nie meer hulle eie grond besit het nie, te beskryf, maar die term het nie op alle plekke in Suid-Afrika dieselfde betekenis gehad nie. In sommige streke is 'n bywoner beskou as iemand wat op dieselfde vlak as 'n armblanke (*poor white*) gefunksioneer het. Volgens Giliomee was 'n bywoner 'n wit man wat by 'n boer op sy plaas gebly het. Soms is 'n gedeelte van die plaas aan hom geleen om daarop te boer sodat hy weer onafhanklik kon funksioneer, en in ander gevalle moes hy met die plaaswerk help. Daar was ook gevalle waar die bywoner die vee van die boer op 'n ander plaas moes versorg en die bywoner kon sy inkomste aanvul deur te jag of deur groente te verbou. Aanvanklik het bywoners nie 'n minderwaardige status gehad nie en was hulle as vennote van die grondbesitter beskou.[36] Grundlingh definieer 'n bywoner as 'n wit persoon wat sekere dienste vir 'n boer of ander plaaseienaar verrig het. In ruil daarvoor is die bywoner toegelaat om 'n deel van die grond vir eie gewin te bewerk.[37]

Met genoemde menings in ag genome, word daar in hierdie studie na 'n bywoner in Oudtshoorn verwys as 'n wit Afrikaner wat om verskeie redes sy grond verloor het, verplig was om by ander grondeienaars om 'n deel te gaan boer en om sodoende uit sy situasie te probeer ontsnap.

1.3 Literatuuroorsig oor die voorkoms van armoede as historiese verskynsel

Vele historici het reeds baie oor die voorkoms van armoede geskryf. So is wit armoede in Amerika ook in die populêre literatuur uitgebeeld. Die skrywer John Steinbeck beskryf in die boek *The Grapes of Wrath* (1939) hoe die Joad-familie as gevolg van droogte en die finansiële depressie, wat weer 'n invloed op die landbou uitgeoefen het, vanuit Oklahoma na Kalifornië trek omdat hulle, soos vele ander families, gedink het dat hulle daar 'n menswaardiger bestaan sou kon maak.[38] Die soeke na beter werksgeleenthede deur van een gebied na 'n ander te verhuis, was, net soos in Amerika, ook in Oudtshoorn 'n gegewe. JK Galbraith het in sy boek *The affluent society*, die verskillende vorme, oorsake en gevolge van armoede in Amerika aangespreek. Volgens die skrywer was finansiële krisisse soos die Groot Depressie (1929 – 1933), wat armoede veroorsaak het, die herhaling van 'n siklus. Verder beklemtoon hy produktiwiteit as die kernwaarde tot vooruitgang en die verligting van armoede.[39] Die genoemde faktore het ook 'n invloed op verarming in Oudtshoorn gehad en produktiwiteit as kernwaarde tot die verligting van armoede was in alle armoedeverligtingsaksies in Oudtshoorn 'n kenmerk. Die fotograaf, Dorothea Lange, het aan die begin van die Groot Depressie in 1932 begin om armoede te dokumenteer en die lewe van bywoners en trekarbeiders deur middel van fotografie aan

---

35 R.W. Wilcocks, *The poor white,* p. v.

36 H. Giliomee, *Die Afrikaners,* p. 25; J. de Villiers, Sosio-ekonomiese dimensies van Suid-Afrika, p. 170.; Sien ook P.J. v.d. Merwe, *Trek, studies oor die mobiliteit van die pioniersbevolking aan die Kaap*, Nasionale Pers, Kaapstad, 1945, pp. 48 – 49 waar die ontstaan van die term bywoner bespreek word.

37 A. Grundlingh, *Keerpunte in die geskiedenis, Boek 4, Industrialisasie, landelike verandering en nasionalisme,* Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 2006, p. 46.

38 J. Steinbeck, *The Grapes of Wrath.* William Heineman Ltd, London, 1939.

39 J.K. Galbraith, *The affluent society.* Houghton Mifflin Company, Boston, 1958.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die Amerikaners bekend te stel.[40] Lange is een van min persone tot dusver wat die verarming van bywoners en trekarbeiders belig het. Haar studie van veral die bywoner, het die navorser laat besef dat bywoners in Oudtshoorn 'n baie belangrike rol in sosiale geskiedskrywing van die dorp en omgewing gespeel het. In nog 'n boek, *Christy*, (1968) deur Catherine Marshall, word die lewe van 'n baie arm gemeenskap in die berge van Tennessee beskryf en hoe 'n onderwyseres pogings aangewend het om die gemeenskap uit hulle armoede op te hef. In dié boek word ook melding gemaak van hoe 'n Deense skool volwassenes geleer het hoe om tradisionele vaardighede te gebruik om hulle weer menswaardig en selfonderhoudend te laat funksioneer.[41] Konsepte in dié boek het insigte aan die navorser verleen om soortgelyke voorbeelde van armoedeverligting in Oudtshoorn te identifiseer. Die plaasskole en die kerk in Oudtshoorn was daarby betrokke en word in latere hoofstukke behandel. In 1991 publiseer DR Roediger 'n baie insiggewende werk oor die voorkoms van klasseverskil onder die werkersklas in Amerika[42] en die skrywer M Wray het die voorkoms *White Trash* in 'n studie belig.[43] Klasseverskille tussen Afrikaners van verskillende ekonomiese stande in Oudtshoorn was 'n gegewe en het 'n baie negatiewe invloed op armes se menswees gehad.

Uit die verwysings na armoede in bogenoemde bronne kan daar 'n parallel tussen armoede in Amerika en Suid-Afrika getrek word. Die soeke na beter werksgeleenthede, die invloed van die depressie op die landbou en die opheffingswerk onder die armes word soos in die geval van die VSA ook in die Oudtshoorn-voorbeeld gevind.

In Engeland was dit P Alcock wat geskryf het oor die begrip armoede. In hoofstuk vyf van die boek word verskillende skrywers se definisies van armoede behandel.[44] Die begrip armoede en die voorkoms daarvan is deur B Geremek teruggevoer tot in die middel-eeue.[45]

In Suid-Afrika het die voorkoms van armoede ook in die populêre literatuur neerslag gevind. Voorbeelde hiervan is onder andere *Verspeelde lente* van JC van Melle[46] en die Ampie-trilogie van J van Brugge.[47] In dié twee werke word armoede, wat soortgelyk is aan die voorkoms daarvan in Oudtshoorn, uitgebeeld. Van die vroeë werke wat oor armoede in Suid-Afrika gedoen is, is die werk van MH de Kock. Die tweede gedeelte van die werk gee 'n baie duidelike oorsig oor die toestande in Suid-Afrika vanaf die eerste Britse anneksasie van die Kaap in 1795. In dié bron word armoede, net soos in Oudtshoorn, in die negentiende eeu uitgebeeld. Die laaste hoofstuk handel oor die ontstaan van die armblanke-vraagstuk en die oplossing daarvan.[48] In 'n meer

---

40 http://en.wikipedia.org/wiki/Dorothea Lange, (accessed on 02. 03. 2013).Suiderkruis

41 C. Marshall, *Christy,* Hodder and Stoughton, London, 1968.

42 D.R. Roediger, *The Wages of Whiteness*, Verso, London, 1999.

43 M. Wray, *White trash,race and class in America,* Routledge, New York, 1996, pp. 2 – 11.

44 P. Alcock, *Understanding Poverty,* Macmillan Press, London, 1997, pp. 3 – 47 & 67 – 77.

45 B. Geremek, *Poverty a history,* Blackwell, Oxford, 1994, pp. 73 – 102.

46 J.C. van Melle, *Verspeelde lente,* Tafelberg, 1942.

47 J. van Brugge, *Ampie die natuurkind,* Nasionale Pers, Kaapstad, 1924; *Ampie die meisiekind,* 1928 en *Ampie die kind,* 1943.

48 M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa,* Juta & Co. Ltd, Johannesburg, 1924, pp. 85 – 471.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

resente werk dek die skrywer Irma Joubert in haar roman, *Ver wink die Suiderkruis,*[49] die voorkoms van wit armoede rondom Johannesburg. Sy beskryf onder andere die wit Afrikaner se sosio-finansiële situasie in die stad. Dié toestande korreleer met die toestande in Oudtshoorn na die ekonomiese ineenstorting van die volstruisveerbedryf. In 1932 is daar oor die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika verslag gedoen in die vorm van die Carnegie-verslag. In hierdie verslag het bekende akademici elk 'n afsonderlike aspek van armoede ondersoek en dis in vyf dele gepubliseer, naamlik *Plattelandsverarming en Plaasverlating* deur JFW Grosskopff[50], *Die Armblanke* deur RW Wilcocks[51], *Onderwys en die Armblanke* deur EG Malherbe[52], *Die Fysieke toestand en Die Armblanke* deur WA Murray[53], *Die Armblanke en die Maatskappy* deur JR Albertyn[54] en *Die Moeder en die Dogter van die arm gesin* deur ME Rothmann.[55] Elke navorser het ook sy of haar aanbevelings rakende die ondersoek gepubliseer.[56] Rothmann, 'n lid van die Carnegie-kommissie, het ook 'n baie insiggewende bydrae tot die oplossing van armoede gelewer toe sy haar bevindinge oor 'n vergelyking tussen die inwoners van die Knysna-distrik met dié van Leslie County in Kentucky, Amerika gepubliseer het.[57] Die Carnegie-verslag, maar veral die bevindinge daarvan, is met groot vrug gebruik en is met ander akademiese bronne vergelyk. EG Malherbe se argivale materiaal oor Oudtshoorn het baie lig gewerp op die voorkoms van armoede in die dorp en distrik. Die bekende historikus, CW de Kiewiet, verwys in sy boek, *A history of South Africa*, na faktore wat blanke armoede veroorsaak het.[58] De Kiewiet se werk spreek veral sosiale en ekonomiese aangeleenthede aan en kan met toestande in Oudtshoorn in verband gebring word. Verskillende skrywers het navorsing gedoen oor die ontstaan van die armblanke-vraagstuk. Van der Walt, Wiid en Geyer het een hoofstuk in die tweede deel van hulle boek, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, aan die onderwerp afgestaan.[59]

Die armblanke-vraagstuk en die ontstaan en oplossing daarvan vorm 'n belangrike deel van die voorkoms van armoede in Oudtshoorn en die gepubliseerde inligting het gehelp om 'n breë beeld van armoede in Suid-Afrika te vorm. Shiela Patterson het haar werk, *The last trek*, in vier dele aangebied. Die vierde hoofstuk van haar

---

49 I. Joubert, *Ver wink die Suiderkruis,* LAPA Uitgewers, Pretoria, 2006.

50 J.F.W. Grosskopff, *Plattelandsverarming en Plaasverlating,* (Deel 1 van die Carnegie-kommissie se Verslag oor die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1932).

51 R.W. Wilcocks, *Die Armblanke, psycologiese verslag* (Deel 2, van die Carnegie-kommissie se verslag oor die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1932).

52 E.G. Malherbe, *Onderwys en die Armblanke* (Deel 3, van die Carnegie-kommissie se verslag oor die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1932).

53 W.A. Murray, *Die Fysieke Toestand van die Armblanke,* (Deel 4, van die Carnegie-kommissie se verslag oor die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1932).

54 J.R. Albertyn, *Die Armblanke en die Maatskappy* (Deel 5a, van die Carnegie-kommissie se verslag oor die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1932).

55 M.E. Rothman, *Die Moeder en Dogter van die Arm Gesin* (Deel 5b, van die Carnegie-kommissie se verslag oor die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1932).

56 Sien *Carnegie-verslag,* 'n Verslag uitgereik in 1932 oor die stand van wit armoede in Suid-Afrika.

57 M.E. Rothmann, *A comparison, A report on certain social and economic conditions, seen from a social worker's point of view, in two areas,* Pretoria, 1940. Rothmann was 'n voormalige voorsitter van die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV) en lid van die Carnegie-kommissie van 1929.

58 C.W. de Kiewiet, *A history of South Africa,* Claredon Press, Oxford, 1941, Die boek is 'n verslag oor die ontstaan van wit armoede in Suid-Afrika.

59 A.J.H. van der Walt, J Wiid & A.L. Geyer, *Geskiedenis van Suid-Afrika,* Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1951, pp. 297 – 328.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

werk spreek die kwessie van wit armoede aan.[60] Aangesien die studie oor wit armoede in Oudtshoorn handel, het ook hierdie werk waardevolle insigte verskaf.

Die skrywers R Palmer en N Parsons is die redakteurs van *The roots of rural poverty*, waarin verskillende akademici bydraes gelewer het. Die bydrae deur Martin Legassick in dié boek voeg waarde tot die studie by, want dit dek die periode van 1885 – 1970.[61] Die skrywer H Davies het ook 'n baie belangrike bydrae gelewer in die boek *Capital, State and White Labour in South Africa, 1900 – 1960.*[62] Hoofstukke twee en drie van hierdie werk is veral van belang, want daarin word op die armoedeprobleem gefokus en dié armoedeprobleem het ook in Oudtshoorn voorgekom.

EG Malherbe, 'n lid van die destydse Carnegie-kommissie, het 1981 in sy boek, *Never a dull moment,* verslag gedoen oor die toestand in die skole wat hy tydens sy navorsing besoek het, asook van die armblankes wat hy teëgekom het.[63] In dié werk verwys Malherbe na verskeie pogings wat aangewend is om armoede te probeer verlig en soortgelyke projekte, soos byvoorbeeld padbouprojekte, is ook in Oudtshoorn geloods. In 1982 publiseer Charles van Onselen *Studies in the Social and Economic History of the Witwatersrand 1886 – 1914, Vol 1 – New Babylon,* waarin die voorkoms van armoede veral aan die Witwatersrand bespreek word.[64] Baie van die gevalle wat bespreek word, kan ook met dié in Oudtshoorn vergelyk word. Die skrywer Tim Keagan het in sy werk, *Rural Transformations in Industrializing South Africa*, 'n deeglike beskrywing gegee oor transformasie in die landbou tot voor 1914 en onder andere ook verwys na die kwessie van bywoners.[65] Die wyse waarop transformasie in die landbou plaasgevind het, is in die middel twintigerjare in Oudtshoorn toegepas toe die destydse regering ondersoek ingestel het na alternatiewe boerderymetodes in die distrik. Keagan se hantering van die bywonerkwessie het waardevolle inligting verskaf wat die navorser met ander akademici, soos byvoorbeeld Hermann Giliomee se aanbieding in *Die Afrikaners*, [66] vergelyk het.

In Robert Morrell se boek, *White but poor*, bespreek verskillende akademici die voorkoms van wit armoede in verskillende dele van Suid-Afrika. Een van die kwessies wat bespreek word, is die voorkoms van armoede in Johannesburg deur Sue Parnell. Parnell bespreek die behuisingsprobleem van die armblanke in die stad, asook die staat se reaksie daarop. Behuising in Oudtshoorn was gedurende die tydperk wat die studie dek 'n groot probleem en vergelyk goed met dit wat Parnell bespreek. Tim Clynick behandel die voorkoms van wit armoede op die alluviale delwersterrein in die Noord-Kaap en Lichtenburg. Ander akademici wat ook bydraes in die boek lewer, is onder andere Albert Grundlingh oor die boswerkers van Knysna. Grundlingh se werk, tesame

---

60 S. Paterson, *The last trek, A study of the Boer People and the Afrikaner Nation,* Routledge Keagan, London, 1957, pp. 135 – 161.

61 R. Palmer & N. Parsons, *The roots of Rural Poverty,* Heinemann, London, 1977, pp. 175 – 200.

62 H. Davies, *Capital, State and White Labour in South Africa, 1900 – 1960,* The Harvester Press, Sussex, 1979, pp. 43 – 144.

63 E.G. Malherbe, *Never a dull moment,* Timmins Publishers, Kaapstad, 1981. Die boek handel onder andere oor die stand van wit armoede in Suid-Afrika.

64 C. van Onselen, *Studies in the Social and Economic History of the Witwatersrand, 1886 – 1914,* Longman, 1982.

65 T.J. Keegan, *Rural Transformations in Industrializing South Africa.* Macmillan Press, Hong Kong, 1987.

66 H. Giliomee, *Die Afrikaners, 'n biografie,* Tafelberg, Kaapstad, 2004.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

met die argivale dokumente van EG Malherbe en MER, het insigte verskaf om ŉ volledige beeld van die staat se bydrae ten opsigte van die vestiging van bosbounedersetiings te kry. Armblankes vanuit Oudtshoorn en distrik het by die projekte baat gevind. Ander akademici soos John Bottomley (snr), het oor die invloed van industrialisasie, armoede en wit armoede op landbou-ontwikkeling in die Oranje Vrystaat geskryf.[67] Lis Lange se studie gee eweneens ŉ weergawe van die ekonomiese, sosiale en politieke prosesse wat die lewens van armblankes in Johannesburg beïnvloed het.[68]

Neil Roos het in sy boek, *Ordinary Springboks*, (2005), wit armoede aangespreek en veral gewys op die rol van die weermag as werkskeppingsorganisasie.[69] Die inligting het gehelp om ŉ vollediger beeld te kry oor of die weermag in Oudtshoorn ŉ rol gespeel het om armoede te probeer verlig. In ŉ ander baie belangrike boek, *The South African agrarian problem and its historical development,* bespreek WM Macmillan die verband tussen plattelandse en stedelike verarming.[70] Macmillan het bewus geword van die verarmde Afrikaners in die stede. Hy ondersoek die sosiale en ekonomiese toestande waaronder verarmde Afrikaners wat in die stede gewoon het, asook die ekonomiese investering in die landbou en die toenemende verarming van die plattelandse Afrikaners. Hierdie werk het die navorser met vrug gebruik om die proefskrif se fokus op die sosiale geskiedskrywing te plaas.

ŉ Aantal ongepubliseerde tesisse en proefskrifte is geraadpleeg. Die inligting in die eerste twee dele van die Carnegie-verslag is nuttig aangewend om konsepte soos armblanke, armoede, verstedeliking en die verhouding tussen die armblanke en swartmense te kontekstualiseer. ŉ Paar van die studies is onder andere oor ŉ distrik of ŉ deel van ŉ distrik in Suid-Afrika gedoen, byvoorbeeld die DPhil-studie van HJS Weideman in 1946,[71] wat handel oor die ekonomiese ontwikkeling van die Oranje Vrystaat met verwysing na die ontwikkeling van die armblankedom. JA Tayler het in 1947 ŉ studie gedoen oor die gebruik van die Spoorweë en Hawens as rehabilitasiemiddel vir die armblanke.[72] ŉ Studie wat handel oor gesindhede teenoor armoede in Kaapstad, is dié van Vivian Bickford-Smith wat in 1981 gedoen is.[73] In dié studie word die publiek se houding teenoor armoede belig en dieselfde tendens het ook in die Oudtshoorn-voorbeeld voorgekom. Bottomley (snr) het ook

---

67 R. Morrell, *White but poor,* Sigma Press, Koedoespoort, 1992, pp. 1 – 169.

68 L. Lange, *White, Poor and Angry,* Ashgate Publishers Limited, Aldershort, 2003, pp. 133 – 159. Die hoofstuk gee ŉ oorsig oor die ontwikkeling van die armblankevraagstuk van 1890 tot 1922.

69 N. Roos, *Ordinary Springboks,* Ashgate Publishers Limited, Aldershort, 2005, pp. 13 – 22. Hoofstuk 2 gee ŉ oorsig oor die ontstaan van wit armoede en hoe die Weermag as redmiddel opgetree het.

70 W.M. Macmillan, *The South African agrarian problem and its historical development,* Central News Agency, Johannesburg, 1919.

71 H.J.S. Weideman, Die geskiedenis van die ekonomiese ontwikkeling van die Oranje Vrystaat met verwysing na die ontstaan van die armblankedom, 1830 – 1870, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van die Oranje Vrystaat), Bloemfontein, 1946.

72 J.A. Tayler, Aspects of social welfare and poor white rehabilitation in South African railways and harbours, 1934 – 1952, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Suid-Afrika), 1994.

73 V. Bickford-Smith, "Dangerous Cape Town, Middle Class Attitudes to poverty in Cape Town in the late nineteenth century", in C Saunders, et al., *Studies in the history of Cape Town,* Cambridge University Press, Cambridge, 2003. Dis ŉ studie wat armoede aan die Kaap aanspreek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'n studie gedoen oor openbare beleid en wit plattelandse armoede in Suid-Afrika.[74] Uit die studie kon die navorser die voorkoms van armoede in ander plattelandse distrikte met dié van Oudtshoorn vergelyk.

Verskeie artikels is in vaktydskrifte gepubliseer soos dié van S Klausen wat moraliteit as oorsaak van wit armoede gedurende die tydperk van 1930 tot 1938 bespreek.[75] Die studie van Johan Fourie, *The South African poor White problem in the early 20th century: Lessons for today*[76], is in 2006 gepubliseer, maar Fourie spreek daarin die voorkoms van armoede 'n eeu gelede aan. Hy hanteer onder andere aspekte soos bywoners, die oorsake van verarming soos gebrekkige opvoeding en die trek na dorpe en stede. Die navorser kon ook dié inligting nuttig gebruik.

1.4 Die voorkoms van die term armblanke (*poor white*) in die Verenigde State van Amerika (VSA)

Die VSA en Brittanje se armoede-literatuur word gebruik ter wille van 'n internasionale perspektief omdat armblankes in die Unie van Suid-Afrika histories goed met armblankes in die VSA en Engeland vergelyk. Die verwysing na die term armblanke in die VSA word gebruik omdat die eerste literatuur oor die onderwerp wat as vergelyking vir die studie kan dien uit dié lande kom. Giliomee noem dat die term "*poor white"* in 1870 in die VSA en in 1880 in Engeland gebruik is.[77]

Aangesien daar sosio-ekonomiese en kulturele ooreenkomste is tussen die konseptualisering van die begrip armblanke in die Engelsprekende wêreld word die ontstaan daarvan in die Verenigde State van Amerika (VSA) en Engeland eers kortliks bespreek alvorens Suid-Afrika, wat uiteindelik ook deel van hierdie wêreld uitgemaak het, se armblanke-verskynsels behandel word.

Die geskiedenis van die suide van Amerika, die gebied waar die term *poor white* ontstaan het, kan in drie periodes ingedeel word, naamlik die periode voor 1700, die periode van die plantasieslaaf-ekonomie tot en met die Amerikaanse Burgeroorlog (1861− 1865) en die periode van die nuwe ekonomie wat na die Burgeroorlog begin het.

Die term armblanke is aanvanklik in 1870 in die Amerikaanse suide gebruik met die vestiging van katoen en tabak as landbougewasse gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu. Die ontwikkeling van landbou in hierdie streek het veroorsaak dat baie trekarbeiders hulle in die state van Georgia, Alabama en langs die

---

74 J. Bottomley, Public policy and White rural poverty in South Africa, 1881 – 1924, (Ongepubliseerde PhD-tesis, Queens Universiteit, Kensington, Ottario, Kanada), 1990. Die proefskrif ondersoek die verskynsel van wit armoede in Suid-Afrika in die tydperk 1881 – 1924.

75 S. Klausen, "Poor Whiteism, White Marternal Mortality, and the Promotion of Public Health in South Africa", *South African Historical Journal* (45), 2001.

76 J. Fourie, *The South African poor White problem in the early 20th century: Lessons for poverty today,* Bureau for Economic Research, Universiteit van Stellenbosch, 2006.

77 H. Giliomee, "Wretched folf, ready for any mischief", *Historia,* 47(2), November 2002, p. 602.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Mississippi-rivier begin vestig het. Die verbouing van katoen het veroorsaak dat landbou in Amerika van tabak na gemengde boerdery begin verander het.[78]

Gedurende 1877 het baie Amerikaners hulle, as gevolg van die streek se landboupotensiaal, in die suide van die land begin vestig. Die meerderheid van dié mense was baie agterlik en is deur die inwoners van die noorde van Amerika *natives* genoem.[79] Dié term het 'n minagtende konnotasie gehad.[80] In die VSA het dié term twee aanvaarbare betekenisse gehad, naamlik arm en wit. As die twee woorde egter saam gebruik is, naamlik *poor white* (armblanke), het dit ongelukkig 'n neerhalende en misleidende betekenis gehad. Die inwoners van die noordelike state het na enige arm of agterlike groep mense in die suide as *clay eaters, crackers* en *lubbers* verwys.[81] Die *clay eaters* is só genoem na aanleiding van hulle karige dieet, fisiese afwykings, apatiese houdings, die onwilligheid om te werk, lae intelligensie en hulle ligbruin velkleur. Die *crackers* was die groep armblankes wat gewoonlik as opstandig, gevaarlik en 'n bedreiging vir sosiale stabiliteit beskou is. Daar was dus 'n duidelike verskil tussen dié groep en die ander koloniste vir wie dit belangrik was om orde en stabiliteit te handhaaf. Die groep na wie verwys is as *lubbers* is gewoonlik beskou as lui en onnet, het uit beginsel van hulle werkgewers verskil en het 'n gevoel van bejammerenswaardigheid by die algemene publiek opgewek.[82]

Daar was sekere faktore wat bygedra het tot die gebruik van die term *poor white* in die suide van Amerika. Een daarvan was die negatiewe en bevooroordeelde mediadekking wat hierdie groep gekry het, asook in die teater waar die arm mense van die suide as karikature uitgebeeld is. 'n Verdere bewusmaking van hierdie groep was die aanwending van witmense as plaasarbeiders in die landbousektor.[83] In die suide van Amerika was daar ook 'n klasseverskil tussen diegene wat slawe besit het en die wat geen slawe besit het nie. Baie van die armblankes was ongeletterd en hulle het die onderste deel van die samelewing uitgemaak. Tog het hulle teenwoordigheid die ontwikkeling van die suide van Amerika positief beïnvloed.[84] Van dié mense was net so arm soos die slawe en baie van die heersersklas het gedink 'n gebrek aan ambisie het veroorsaak dat die groep nie meer wetenskaplik en doeltreffend kon boer nie.[85] Daar is algemeen aanvaar dat die term *poor whites* na 'n groep armblankes verwys het wat so arm was dat hulle nie in staat was om hulleself as lede van die heersende groep te handhaaf nie.

In Amerika is daar, behalwe die term *poor whiteism,* wat 'n diskriminerende verwysing na armblankes was, ook die term *white trash* in gebruik. Die term is vir die eerste keer in 1833 in die suide van Amerika gebruik. In sommige omstandighede is van die arm mense as wit huisbediendes aangewend, maar dit was slegs in

---

78 P.H. Buck, "The poor Whites of the Ante-Bellum South", *The American Historical Review,* 31, (1), 1925, p. 41.

79 C. van Woodward, *Origins of the New South, 1877 – 1933*, Baton Rouge, Louisiana State University, Louisiana, 1951, pp. 109 – 110.

80 A.J.H. van der Walt et al, *Geskiedenis van Suid-Afrika,* Deel II, p. 298.

81 C. van Woodward, *Origins of the New South, 1877 – 1933*, pp. 109 – 110.

82 M. Wray, *Not quite white, White trash and the boundries of whiteness,* Louisiana State University, Louisiana, 1950, pp. 37 – 39.

83 M.R. Mell, *Poor Whites of the South,* Social Forces, Agness Scott College, New York, 1938, p. 155.

84 P.H. Buck, "The poor Whites of the Ante-Bellum South", p. 42.

85 H. Giliomee, *Die Afrikaners,* 'n Biografie, Tafelberg, 2009, p. 267.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

uitsonderlike gevalle. Wat geslag aanbetref, was hierdie bediendes mans sowel as vrouens. Vir dié groep armblankes was dit vernederend om die huiseienaars as *master* of *mistress* aan te spreek. Die groep wat as wit huisbediendes gewerk het, is nog verder verneder deurdat swart huisbediendes na hulle as *white trash* verwys het.[86] Dié neerhalende term is gebruik om sosiale verskille tussen witmense aan te dui, om mense te stigmatiseer, in sosiale onguns te bring, te beledig en om verdere sosiale ongelykhede te vestig. Die term het dus na 'n groep mense verwys wie se teenwoordigheid die sosiale aansien van die res van die gemeenskap geskaad het en ook klasseverskille in die wit gemeenskap teweeggebring het.[87] Verder het die term ook sekere wanpersepsies van armblankes se intelligensie, gedrag en geslagsrolle beklemtoon.[88] Dit het bevestig dat klas en ras onafskeidbaar van mekaar was en het dus na die wisselwerking tussen verskillende groepe in die samelewing verwys en hoe elkeen se persoonlikheid soms deur sosiale wanverhoudings beïnvloed is.[89]

Poor whiteism is dus in Amerika gebruik om rasseverskille aan te dui terwyl *white trash* gebruik is om klasseverskil aan te dui.

1.5 Die voorkoms van die term armblanke (*poor white*) in Engeland

Die voorkoms van armoede in Engeland is in 1830 aan die lig gebring toe daar verslag gedoen is oor die gesondheidstoestande in die myndorpe waar baie arm mense gewoon het.[90] In Engeland is armoede in 1880 deur 'n reeks publikasies uitgelig. Voor 1880 was die algemene siening dat arm mense self verantwoordelik was vir hulle sosio-ekonomiese toestand omdat hulle nie die vermoë gehad het om daaruit te kon ontsnap nie.[91]

Gedurende die negentiende eeu is armoede in Engeland as 'n skande in die samelewing gesien en is daar pogings aangewend om die voorkoms van armoede te verwyder deur die gemeenskap meer blootstelling aan maatskaplike programme te gee. Afgesien van hierdié pogings het armoede nog steeds 'n probleem gebly as gevolg van die veranderinge in die sosiale en sielkundige houdings wat transformasie van 'n tradisionele na 'n moderne samelewing teweeggebring het, die feit dat armoede 'n bron van navorsing op godsdienstige gebied, denke en inrigtings gebly het en 'n debat was oor die graad van armoede wat geërf is uit 'n kapitalistiese stelsel.[92]

Die definiëring van armoede in Engeland gaan terug tot aan die einde van die negentiende eeu toe die skrywers Booth en Rowntree die term armoede omskryf het. Die skrywers het 'n verskil tussen *absolute poverty* en *relative poverty* getref en hierdie terme word vandag nog gebruik. Vir hulle was die basis van *absolute poverty*

---

86 M. Wray, *Not quite White,* pp. 41, 44.
87 *Ibid.,* pp. 1,2.
88 M. Wray, *White trash, race and class in America,* pp. 3 – 4, Routledge, New York, 1996.
89 *Ibid.,* p. 4.
90 J.G. Golson, *Encyclopaedia of world poverty,* Skidmore College, New York, 2005, p. 846.
91 C. Bundy, *Vagabond and Runaway Englishmen: White poverty in the Cape before poor Whiteism,* Carnegie Conference Paper No. 247, Ravan Press, Johannesburg, 1986; Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in South Africa, Cape Town, 1984, p. 13; G. Himmelfarb, *Poverty in Compassion: The moral imagination of the Late Victorians*, Vintage Books, New York, 1991, p. 14.
92 B. Geremek, *Poverty, a history,* pp. 1 – 2.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bestaansmiddele. *Relative poverty* word deur Booth en Rowntree gesien as in kontras met *absolute poverty*, want in laasgenoemde is daar 'n element van vergelyking tussen die lewenstandaard van die armes en die meer gegoedes in die gemeenskap. In 1960 het Townsend 'n definisie oor armoede geformuleer waarvolgens iemand as in 'n staat van armoede beskou is as hy nie oor die nodige bronne beskik het om te kon oorleef nie, ook nie aan aktiwiteite kon deelneem om sy voedselbron aan te vul nie en nie oor die infrastruktuur beskik het om te kon oorleef nie. Ander akademici in Engeland wat ook tot dié debat van armoede toegetree het, is Veit-Wilson in 1986 en Spicker in 1990.[93]

1.6 Die voorkoms van die term armblanke (*poor white*) in Suid-Afrika

Volgens JH Coetzee was die term armblanke (*poor white*) gedurende die eerste twee eeue na die vestiging van die wit nedersetting aan die Kaap in 1652 nog 'n onbekende begrip.[94] Die term "armblanke" het aan die einde van die negentiende eeu in algemene gebruik gekom vir witmense wat weens geldnood 'n gebrek aan noodsaaklike lewensmiddele ondervind het en nie sonder hulp van buite 'n aanvaarbare lewenspeil kon handhaaf nie.[95] Die eerste persoon wat bewus geword het van die teenwoordigheid van armblankes in Suid-Afrika was ds BPJ Marchand, predikant van die Nederduitse Gereformeerde (NG) gemeente in Knysna. Hy was deur die Karoo op reis toe hy tydens 'n storm verplig was om in 'n huisie van 'n brandarm bywoner skuiling te soek. Die kinders van die gesin het geen skoolopleiding gehad nie en hy het homself afgevra wat hy kon doen om die lot van die brandarmes te verlig. Hy het besef dat wit armoede 'n probleem in Suid-Afrika begin word het.[96] Die term "Arme Blankes" is die eerste keer gebruik toe daar genoem is dat grond te Jagersfontein aan 'n groep van dié mense gegee is om op te gaan woon.[97] Ds Marchand se bewuswording van armblankes het daartoe aanleiding gegee dat daar gedurende die sitting van die NG Kerk se sinode in 1886 besluit is om 'n konferensie te hou om die armblanke-vraagstuk aan te spreek. Die eerste konferensie is in 1893 in Stellenbosch gehou en daarna is dit opgevolg deur verskillende konferensies in 1916 (Cradock), 1923 (Bloemfontein), 1930 (Pretoria) en in 1933 (Bloemfontein). Die Volkskongres van 1934 is net aan die armblanke-vraagstuk gewy.[98] In 1890 het wit armoede ook in die destydse Transvaal as sosiale probleem begin manifesteer toe witmense hulle plase moes verlaat as gevolg van onder andere swak boerdery-omstandighede en industrialisasie.[99] Professor AN Pelzer is van oordeel dat die begin van die armblanke-verskynsel in 1896 ontstaan het toe die runderpes-epidemie uitgebreek het.[100]

---

93 P. Alcock, *Understanding poverty,* Macmillan Press, London, 1997, pp. 67– 69.

94 J.H. Coetzee, *Verarming en Oorheersing,* Nasionale Pers, Kaapstad, 1942, p. 23.

95 C. Saunders, "Putting the history of white poverty in South Africa on the agenda", 'n resensie van Morrell se *White but poor", South African Historical Journal,* 28, 1993, p. 242.

96 H. Giliomee, *Die Afrikaner,* (2009), p. 267.

97 A.N. Pelzer, Die Arm-blanke in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 – 1899, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Pretoria), Pretoria, 1937, p. 61.

98 J. Fourie, *The South African poor white problem in the early 20th century: Lessons for poverty today,* 2006.

99 C. Bundy, *Vagabond Hollanders and Runaway Englishmen*, p. 120.

100 A.N. Pelzer, Die Arm-blanke in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 – 1899,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die bewuswording van die armblanke-verskynsel het geleidelik na die res van die land uitgebrei. In 1906 is die begrip *poor white* deur die Transvaalse Noodlenigingskommissie gedefinieer as 'n groep witmense wat nie in staat was om geskoolde of half-geskoolde arbeid te verrig nie en ook onbevoeg was om handearbeid in kompetisie met bruin- en swartmense te doen.[101]

Die gebruik van die term armblanke in Suid-Afrika is, net soos in Amerika, gebruik om die verskil tussen wit en swart armoede aan te dui, maar hier ter plaatse het bruin en swart armoede ook nog bygekom. Die term is in Suid-Afrika onder andere gebruik om die graad van armoede tussen witmense en die ander kleurgroepe aan te dui.[102] Akademici is van mening dat die betekenis van die term armblanke in Suid-Afrika verskil van dié in Amerika. As die term in 'n Suid-Afrikaanse konteks gebruik word, is dit teen 'n agtergrond wat gesien is as 'n agterlike en armoedige bruin of swart lewenswyse teenoor 'n wit lewenswyse van hoër standaard. Dit was dus 'n klasseverskil, maar ook 'n rasseverskil.[103] CW de Kiewiet huldig ook dié siening wanneer hy meld dat witmense hulleself hoër as bruin of swart werkers geag het. Wanneer die wittes se staat van armoede op dieselfde vlak, of laer as dié van 'n bruine of swarte was, is daar na hulle as *poor whites* verwys, *"... their race was their title of superiority."*[104] Die Carnegie-kommissie het bevind dat daar nie net 'n klasseverskil tussen kleurgroepe was nie, maar ook tussen die wit Afrikaners. Die Engelssprekende witmense in die stede het die intrek van die verarmde en ongeskoolde mense van die platteland met minagting bejeën. Hulle is as indringers en ongewenste mededingers aangesien, met ander woorde, 'n klasseverskil het ontstaan.[105] Die verarming van baie Afrikaners het veroorsaak dat van hulle saam met ander kleurgroepe in die stede gewoon het. Dit het daartoe gelei dat rykes op armes, wat van 'n laer klas was, begin neersien het.[106]

Volgens Macmillan het die teenwoordigheid van swartmense in die stede die voorkoms van wit armoede meer beklemtoon. Die witmense wat na die stede getrek het op soek na werk, is van die swartmense deur die term armblanke geskei. Die geskoolde swartman in Suid-Afrika het die werklose en ongeskoolde witman in 'n uiters kompeterende posisie geplaas. Die witmense wat die dominante groep in Suid-Afrika was, wou nie na 'n lewenstandaard laer as 'n ander bevolkingsgroep daal nie.[107]

In dele van Kaapland, en later ook in ander dele van Suid-Afrika, het daar na die ontdekking van diamante en goud 'n ekonomiese opbloei plaasgevind en 'n skerp skeiding het tussen ryk en arm begin ontstaan. Gedurende

---

p. 62.

101 M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa,* p. 454.

102 In 1930 was swart armoede 'n groter probleem as wit armoede. *Terreblanche* beweer dat die inkomste van witmense per kapita 11 keer groter was as dié van swartmense in 1917 en 13 keer groter in 1936. Vir die doel van die studie sal daar slegs na wit armoede verwys word.

103 A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer, *Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel 11,* (1951), p. 298; E.G. Malherbe, *Never a dull moment,* Timmins Publishers, Kaapstad, 1981, pp. 127 – 128.

104 C.W. de Kiewiet, *A history of South Africa social and Economic,* Claredon Press, Oxford, 1941, p. 216.

105 J.W.F. Grosskopff, *Plattelands verarming en plaasverlating,* p. 16.

106 E.J. Bottomley, *Arm-blankes,* Tafelberg, Kaapstad, 2012. p. 16; E.L.P. Stals, *Afrikaners in die Goudstad, Deel 1,* HAUM, Kaapstad, 1986, p. 55.

107 W.M. Macmillan, *The South African agrarian problem and its historical development,* pp. 16 -17. Sien ook S. Terreblanche. A history of inequality in South Africa, 1652 – 2002, Interpak Books Pietermaritsburg, 2002, p. 268, oor hoe wit armoede verpolitiseer is. Sien ook H. Giliomee, *Die Afrikaner,* p. 273.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dié tyd is die term ook op 'n neerhalende wyse gebruik wanneer daar na ekonomiese verskille tussen groepe witmense verwys is.[108] Die gebruik van die term armblanke in Suid-Afrika was dus in daardie plekke 'n neerhalende vorm en stem ooreen met die gebruik wat deur B Geremek aangetoon is as *"a shameful disease"*.[109]

Dié term het ook geleidelik in ander sektore soos die landbou en industrieë begin posvat en algaande het dit nie net 'n klasseverskil aangedui nie, maar ook 'n rasseverskil.[110] Volgens Sheila Patterson is die ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika deur die jare deur armoede gekenmerk en hoewel die verskille tussen die armoede van bruinmense, swartmense en witmense baie gering was, het die term armblanke egter die arm witmense van die arm bruinmense en arm swartmense geskei.[111] V Bickford-Smith is ook van mening dat term *poor white* net na witmense verwys en ander kleurgroepe uitskakel ten spyte van die feit dat die middelklas witmense en bruin inwoners van Kaapstad dieselfde taal en kultuur gedeel het. Met ander woorde, hulle was op dieselfde ekonomiese vlak, maar die verwysing na kleur het hulle geskei.[112] Die navorsing van AB Teppo het bewys dat gedurende die beginjare van die twintigste eeu die verskillende kleurgroepe nader aan mekaar begin beweeg het as gevolg van elkeen se staat van armoede, asook om te kon oorleef.[113] Dié voorkoms van armoede het in verskillende dele van Suid-Afrika gemanifesteer. So het van die boswerkers van Knysna byvoorbeeld, net om te kon oorleef, saam met bruin werkers dieselfde woongebied en werksomstandighede gedeel.[114] Dieselfde toestand het tussen 1607 en 1800 in Amerika voorgekom waar arm witmense en swartmense mekaar, as gevolg van hulle staat van armoede, op gelyke voet behandel het.[115] Baie van die witmense aan die Kaap was van Angel-Saksiese oorsprong en kom uit 'n Europese tydperk van wit oorheersing en daarom het ras hulle as 'n dominante groep geposisioneer.[116]

1.7 Die definisie van die term armblanke (*poor white*) in die Suid-Afrikaanse konteks

Die ontstaan van die term armblanke in Suid-Afrika kan teruggevoer word tot na die ontdekking van diamante in 1867 en goud in 1886. Boere het hulle plase verlaat as gevolg van natuurrampe, onder andere droogtes en

---

108 A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer, *Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel II,* p. 299.

109 B. Geremek, *Poverty a history*, p. 2.

110 R.H. Davies, *Capital, Sate and White Labour in South Africa 1900 – 1960,* p. 73.

111 S. Patterson, *The last trek, a study of the Boer people and the Afrikaner nation*: pp. 136, 137. Sien ook: J. de Villiers, "Sosio-ekonomiese dimensies van Suid-Afrika in die dekade 1930 – 1940: Arm, maar darem of ondernemend en presterend?", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 2 & 3, 2004, p. 171.

112 V. Bickford-Smith, "Dangerous Cape Town: Middle Class Attitudes to poverty in Cape Town in the late nineteenth century", in C Saunders et al., (eds) *Studies in the history of Cape Town*, Cambridge University Press, 2003, p. 30.

113 A.B. Teppo, The making of a good white. Ethogropha of the rehabilitation of Poor Whites in a Suburb of Cape Town, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Helsinki) 2004, p. 14.

114 A.M. Grundlingh, *The making of class, Woodcutters in the Southern Cape Frest area,* c 1900 – 1939, Universiteit van die Witwatersrand Johannesburg, 1987, p. 9.

115 D.R. Roediger, *The wages of Whiteness,* Verso, London, 1999, p. 34.

116 V. Bickford-Smith, "Dangerous Cape Town: Middle Class Attitudes to poverty in Cape Town in the late nineteenth century", p. 30.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die runderpes van 1896, en het hulle as ongeskoolde wit arbeiders op die diamantdelwerye en in Johannesburg gaan vestig.[117] As gevolg van gebrekkige opleiding, vaardighede en sosiale of ekonomiese aanpasbaarheid het die plattelandse armblanke in die stede min gehad om aan te bied. Baie van die werk in die stede is deur immigrante of wit Engelssprekendes gedoen. Die groep Engelssprekendes het omtrent al die boonste lae in die staatsdiens gevul. Wit Engelssprekendes het ŉ groot voorsprong bo die Afrikaanssprekendes gehad, want hulle was oor die algemeen beter gekwalifiseerd. Hulle het ook langer blootstelling aan die ekonomie en die dissipline van werk gehad. Verarming was nooit so sigbaar in die Engelssprekende gemeenskap as by die Afrikaners nie. Baie van die armblankes wat na die stede verhuis het, het letterlik van een sub-ekonomiese bestaan na ŉ ander oorgeskakel en was dus noodgedwonge verplig om hulle in krotbuurte te vestig.[118] In die stede moes die arm Afrikaners vanuit die onderste lae van die sosio-ekonomiese leer begin opklim, maar daar was reeds ŉ swart proletariaat.[119]

Daar was 200 000 tot 300 000 swart mans wat hulle jaarliks van buite Suid-Afrika of vanuit die swart reservate in die stede kom vestig het. Die meeste van dié swartmense was alleenlopende mans en werkgewers het hulle die loon van enkellopende mans betaal. Hierdie mans het ŉ lae loon gekry wat ŉ getroude wit man nie sou aanvaar nie. Dit was in hierdie verband wat die term armblanke ontstaan het. Dit het ŉ lewenspeil geïmpliseer waaronder witmense, vanuit hulle oogpunt gesien, nie behoort te leef as hulle hulself as witmense wou handhaaf nie. Die armoede van die Afrikaner het ook ŉ vergelyking van standaarde behels en daarmee saam verskillende standaarde vir verskillende groepe. Wit armoede is nie met bloot fisieke of ekonomiese maatstawwe bepaal nie, maar dit is ŉ relatiewe begrip en dié term het nie op ŉ meetbare armoedevlak gedui nie, maar op ŉ toestand wat in ŉ staat met wit heerskappy as onaanvaarbaar beskou is.[120] Die term armblanke het dus ŉ psigologiese en ŉ ekonomiese komponent gehad.[121]

Daar is akademici wat armblankes in verskillende vlakke ingedeel het. Van die eerste persone wat so ŉ indeling gemaak het, was die historikus, WM Macmillan. Hy het diegene wat ŉ bestaan gemaak het van roof, steel of liefdadigheid onderskei van dié wat wou werk, maar as gevolg van gebrekkige opleiding nie ŉ werk kon kry nie.[122] Volgens die skrywer, J Iliffe, was armblankes hoofsaaklik mense wat geen eiendom besit het nie, terwyl bywoners weer armes was wat by ander boere gaan woon het om ŉ bestaan te kon maak.[123] Die Engelse historikus, Mitchel Dean, het ook ŉ soortgelyke indeling gemaak, naamlik "... *those that cannot work, those*

---

117 M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa,* Juta & Co, Ltd, Johannesburg, 1924, p. 455.

118 J.A. Tayler, Aspects of social welfare and poor white rehabilitation in South African railways and harbours, 1934 – 1952, p. 16. Malherbe verwys ook na die korrelasie tussen armoede, opleiding en familiegrootte tussen armblankes in *Education of the poor white,*(1932), pp. 212 – 224.

119 Anon., "The 'Poor White' problem in South Africa", *The British Medical Journal*, Vol.2, No 3788, 12 Augustus 1933, pp. 296 – 297.

120 H. Giliomee, *Die Afrikaners, ŉ biografie,* p. 272. Sien ook J.F.W. Grosskopff, *Plattelandsverarming en plaasverlating,* p.vii; E.J. Bottomley, *Armblankes,* p. 17 deel ook die siening.

121 J.A. Tayler, Aspects of social welfare and poor white rehabilitation in South African railways and harbours, 1934 – 1952, p.16.

122 W.M. Macmillan, *The South African agrarian problem and its historical development,* p. 9.

123 J. Iliffe, *The African Poor,* Cambridge, 1948, p. 117.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

that will work and those that will not work."[124] Grosskopf tref eweneens ook 'n onderskeid tussen armblankes, naamlik mense wat finansieel arm is en diegene wat ten opsigte van hulle sosiale leefwyse tot 'n laer vlak gedaal het, met ander woorde, persone wat baie arm of doodarm was of wat van liefdadigheid afhanklik was.[125] Dieselfde skrywer noem ook dat daar 'n groep witmense was wat, hoewel arm, nie as armblankes beskou kon word nie, want hulle was tot 'n groot mate selfonderhoudend en was nie van liefdadigheid afhanklik nie.[126]

'n Voorbeeld hiervan was die boswerkers in die distrik van George en Knysna. Hierdie groep het die laagste vlak van armes verteenwoordig, maar hulle was selfonderhoudend en gewillig om te werk. Volgens Grundlingh was daar wel verskillende kategorieë arm mense wat in die woude gewerk het. Daar was die groep wat in diens van die staat was en op die nedersettings te Jonkersberg en Bergplaas gewerk het. Dan was daar ook die groep wat 'n onafhanklike bestaan gemaak het deur self hout te kap en te verhandel.[127] Willie Hofmeyr het tydens die Cradockse Kongres in 1916 die volgende indelings van armblankes gemaak, naamlik die wat nie kan werk nie; die wat geslagte lank tot die armblanke groep behoort het; die wat onlangs arm geword het; die wat oppad is om arm te word en die wat nie wil werk nie.[128] EG Malherbe, wat ook lid van die Carnegie-kommissie was, illustreer die siening baie goed in sy boek, *Never a dull moment,* wanneer 'n arm persoon van homself sê: "*I am poor, but not a poor white.*" [129] Marijke du Toit noem in haar studie dat wit armes diegene is wat hulleself wil verbeter en dat armblankes diegene is wat geen behoefte het om hulleself te verbeter nie.[130]

Die soort onderskeid het ook voor 1800 in Amerika voorgekom toe die fabriekswerkers na hulleself as "*working men*" verwys het en die term verwys dus na 'n klas-, geslag- en rasidentiteit.[131] John Hartigan het na die *Hillbillies* van Detroit in Amerika verwys as 'n groep witmense wat sosiaal en hiërargies van die res van die witmense verskil het.[132]

Vir die doel van hierdie studie sal daar na drie kategorieë of groeperings verwys word aangesien die spesifieke indeling binne die tydsraamwerk van die studie val. Dit is dié groep witmense wie se staat van materiële verarming tot so 'n mate gedaal het dat hulle hulself op dieselfde sosio-ekonomiese vlak, of laer, as dié van arm bruinmense of swartmense bevind het. Die tweede groep was persone wat na die stede of groot dorpe verhuis het en in baie gevalle ongeskoold of halfgeskoold was, maar bereid was om die laagste tipe werk te doen net om te kon oorleef. Engelssprekendes in die dorpe of stede het na dié intrekkers as *poor whites* verwys.

---

124 M. Dean, *The constitution of poverty*, Routledge, London, 1991, p. 25. Dr M Boehmke, destydse hoof van die Onderwyserskollege in Oudtshoorn, het in 1928 'n baie insiggewende artikel geskryf waarin hy die term *Poor White* definieer, asook die oorsake van die probleem behandel: "Some social implications of the poor White Problem", *South African Journal of Science",* (XXV), 1928, pp. 82 – 88.

125 J.F.W. Grosskopff, *Plattelands verarming en plaasverlating,* pp. xix, 18.

126 *Ibid.,* p. vii.

127 A.M. Grundlingh, *The making of class,* p. 3.

128 GBUS, *Die Burger,* 22 Oktober 1916, p. 6 (Cradock Kongres).

129 E.G. Malherbe, *Never a dull moment,* p. 125.

130 M. du Toit, "'Die bewustheid van armoede'. The ACVV and the construction of Afrikaner identity, 1904 – 1928", *Social dynamics*, 18 (2), 1992, p. 7.

131 D.R. Roediger, *The wages of Whiteness,* p. 19.

132 J. Hartigan, "Establishing the fact of whiteness", *American Anthropologist,* 99 (3), Routledge, New York, 1997 pp. 495 – 505.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die groep is ook in baie gevalle die "dorpsarmes" genoem. Die derde groep was diegene wat ook na die stede of dorpe verhuis het, maar wat nie wou werk nie. Hulle was onwillig om te werk en het 'n bestaan gemaak deur te steel, te roof en te bedel.[133]

Die akademikus Teppo deel ook dié siening en definieer 'n armblanke as iemand wat deur 'n gemeenskap geëtiketteer of geklassifiseer is as 'n armblanke op grond van 'n staat van armoede. Die armblanke se status as belangrike onderdeel van die Afrikanervolk is regdeur die twintigste eeu en tot in die een-en-twintigste eeu geïgnoreer.[134] Wanneer die term gebruik is, is daar gewoonlik na bogenoemde groepe witmense verwys en dié neerhalende en diskriminerende term het vir baie jare 'n negatiewe impak op baie Afrikaners se sosiale lewe, psige en menswaardigheid gehad.

1.8 Die omstandighede waarin wit armoede in Suid-Afrika tot en met 1914 ontwikkel het

1.8.1 Die ontstaan van wit armoede in Suid-Afrika

Wit armoede in Suid-Afrika kan na die Kompanjiesjare teruggevoer word. Die Vereenigde Oost-Indische Compagnie (VOC) se doel met die vestiging aan die Kaap in 1652 was uitsluitlik om 'n verversingspos te stig. Dit het beteken dat daar landbouers moes wees om die maatskappy se verbyvarende skepe van voedsel te voorsien.[135] Die witmense wat deur die VOC na Suid-Afrika gebring is, het aanvanklik as knegte of arbeiders vir die maatskappy gewerk. Nadat Goewerneur WA van der Stel die stelsel van leenplase in 1714 ingestel het, het baie van die witmense akkerboere geword en grond was volop. Hierdie boere het hulle politieke en militêre mag gebruik om van die inheemse volke in diens te neem.[136] Dié beleid het veroorsaak dat die vroeë Afrikaner min kontak met die stedelike samelewing behou het, want as gevolg van die VOC se dringende behoeftes aan landbouprodukte is die oprigting van industrieë ontmoedig en sodoende is stedelike groei uitgeskakel. Dit het veroorsaak dat die Afrikaner die geleentheid ontneem is om homself as 'n geskoolde arbeider te bekwaam en gevolglik het baie Afrikaners 'n gebrekkige opleiding gehad. Vir die meeste koloniste het opleiding beteken dat hulle kinders lidmate van die Protestantse Kerk moes word. Opvoeding was dus baie konserwatief en hoofsaaklik op die godsdiens gefokus. Baie van die setlaars was verwyder van enige blootstelling aan onderwys en vir hulle was die kwartaallikse nagmaal, troues of begrafnisse hulle enigste blootstelling aan enige vorm van opvoeding. Baie van die jongmense het egter die potensiaal gehad om opgelei te kon word. Om die probleem aan te spreek, het die Britse koloniale regering in 1841 begin om sendingskole te stig. Die konserwatiewe leefstyl en negatiewe gesindheid teenoor onderwys het die vaardigheidsontwikkeling van die plattelandse, wit Afrikaanssprekende leerling nadelig beïnvloed. Daar was 'n groot negatiewe ingesteldheid

---

133 W.A. Murray, *Die Fysieke toestand van die armblanke,* p.vi.

134 A.B. Teppo, The making of a good white. A historical Ethonography of the Rehabilitation of Poor Whites in a Suburb of Cape Town, p. 23. Tydens die Cradockse Kongres (22 – 23 Oktober 1916) het Generaal Hofmeyer in sy toespraak verwys na hoe die armblanke geëtiketteer is. Sien GBUS, *Die Burger,* 22 Oktober 1916 (Cradock Kongres), p. 6.

135 E.L.P. Stals, *Afrikaners in die Goudstad Deel 1, 1886 – 1924,* p. 1.

136 S. Terreblanche, *History of inequality in South Africa 1652 – 2002,* p. 264.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

teenoor industriële onderwys, want dit is as minderwaardig beskou en het ŉ konnotasie met armoede gehad.[137] Sodoende het ŉ groot groep jongmense min of geen opleiding ontvang nie wat derhalwe ŉ negatiewe impak op hulle oorlewing gehad het.[138] Jong seuns het probeer om plase te bekom en het dus nie ŉ beroep gevolg nie. Hierdie aspek het later een van die Afrikaner se grootste struikelblokke geword by sy toetrede tot die beroepslewe in die stede.[139]

Aan die Kaap het die Hollanders die Romeins-Hollandse erfreg toegepas. Hierdie stelsel was tot 1874 aan die Kaap in gebruik en in die Boererepublieke tot aan die einde van die negentiende eeu. Volgens dié stelsel moes ŉ boedel onder ŉ afgestorwene se kinders verdeel word. In baie gevalle het die kinders té klein stukkies grond geërf om ŉ leefbare bestaan te kon maak en sodoende verarm.[140] Die verdeling was ook nadelig vir die veld en die boer, want die klein strokies is oorbewei en in sommige gevalle kon dit ook nie behoorlik omhein word nie.[141] Sommige kleinboere het ŉ lewensvatbare bestaansboerdery gevoer terwyl ander gesukkel het om ŉ bestaan te maak as gevolg van dié Romeins-Hollandse erfreg wat hulle met té klein stukkies grond gelaat het[142] en in baie gevalle het te veel mense hulle op ŉ klein stukkie grond gevestig. Die onekonomiese bewerking van grond het ook ŉ negatiewe effek op die nasionale ekonomiese groei gehad.[143]

Die boere kon ook nie hulle produkte winsgewend van die hand sit nie. Die selfversorgende landboustelsel het veroorsaak dat handelsverkeer begin afneem het. Verder het die lae winsgrens van akkerbou veroorsaak dat daar al hoe meer na veeboerdery oorgeskakel is.[144] Die maklike beskikbaarheid van grond het veroorsaak dat omtrent alle boere grondeienaars geword het.

Roofbou, in die vorm van oorbeweiding en veldvertrapping, was ook ŉ oorsaak van verarming. Die maatreëls wat die staat toegepas het om die boere te help, het nie bygedra om van die ou gevestigde boerderymetodes af te sien nie en daarmee saam het baie kinders nie ondernemingsgees gehad om nuwe metodes te volg nie.[145] Volgens die historikus, WM Macmillan, was verouderde boerderymetodes ŉ oorsaak van wit armoede.[146]

Gedurende die laat negentiende eeu was die ekonomiese peil van boere min of meer op dieselfde vlak en was dit nie ŉ bedreiging vir die sosiale orde nie.[147] Daar was egter ook ŉ groep boere wat hulleself ekonomies

---

137 J.F.W. Grosskopff, *Plattelandsverarming en plaasverlating,* p. Ix.

138 E.G. Malherbe, *Education and the poor white,* pp. Ix, 14 – 15, 38.

139 E.L.P. Stals, *Afrikaners in die Goudstad Deel 1,* 1886 – 1924, p. 1; B. Booyens: Die Gereformeerde Kerkbode (1849 – 1923) as bron vir die Afrikaanse Kultuurgeskiedenis, (Ongepubliseerde DPhil-Proefskrif, Universiteit van Stellenbosch), 1993, pp. 170, 171.

140 H. Giliomee, *The Afrikaners,* p. 269; C.W. de Kiewiet, *A history of South Africa, social and economic,* p. 191.

141 C.W. de Kiewiet, *A history of South Africa, social and economic,* p. 191.

142 S. Terreblanche, *History of inequality in South Africa 1652 – 2002,* p. 265.

143 M. Kaser, *Roman Private Law,* Butterworths, Durban, 1968, p. 279.

144 E.L.P. Stals, *Afrikaners in die Goudstad Deel 1 1886 – 1924,* p. 1; M.H. de Kock: *Selected subjects in the economic history of South Africa,* pp. 40 – 41.

145 J.F.W. Grosskopff, *Plattelandsverlating,* p. Xi.

146 WCARS, Bron, CAD, Vol, 1/2/18, Ref, 15/31, *Origin of poor whites.*

147 S. Patterson, *The last trek, a study of the Boer people and the Afrikaner nation,* p. 137.; C. Bundy, "Vagabond Hollanders and Runaway Englishmen", p. 103.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verbeter het deur hulle boerderymetodes aan te pas om te kon oorleef.[148] Na 1880 het die kapitalisasie van boerdery begin bydra tot verarming.

Ekonomiese groei het onder andere veroorsaak dat die pryse van grond die hoogte ingeskiet het. Baie kleinboere kon nie ekonomies oorleef nie en het gevolglik verarm.[149] Daarby het baie grond in die hande van groot grondeienaars beland en hulle was finansieel in staat om swart arbeiders in diens te neem. Dit het veroorsaak dat kleinboere moeiliker toegang tot grond en arbeid gekry het, bankrotskap in die oë gestaar het en uiteindelik verstedelik het.[150] Verouderde boerderymetodes, tesame met 'n agterstand in tegnologiese ontwikkeling in die boerderybedryf, het daartoe aanleiding gegee dat menige Afrikaner verplig was om die plaas te verlaat en na die stede te trek. Baie van die handearbeid op die plase is deur bruinmense verrig. Dit het op sy beurt daartoe gelei dat daar 'n vooroordeel of in baie gevalle 'n arbeidskuheid teenoor handearbeid by baie Afrikaners ontstaan het. Die genoemde oorsake van verarming het ook die ekonomiese bestaanswyse van die veeboer bedreig en die armblanke-vraagstuk bevorder.[151]

Voor die ontdekking van diamante in 1867 en goud in 1886 in Suid-Afrika, was baie witmense arm en het baie boere 'n eenvoudige bestaan gevoer. Arm boere het soms weggetrek op soek na beter weivelde vir hulle diere.[152] In hierdie proses het sommiges verder verarm en om te kon oorleef, was hulle verplig om loonarbeiders te word. Die diamantdelwerye het baie ongeskoolde wit arbeiders in diens geneem. Met die konstruksie van 'n spoorlyn in die Kaapkolonie in 1870 is daar volgens skatting 21 000 ongeskoolde armblankes in diens geneem.[153] Met die bou van 'n spoorlyn in Natal ná die droogte van 1877 – 1878 is baie werklose wit mans eweneens as arbeiders gebruik. 'n Ander groep het as loonarbeiders by boere op die plase begin werk deur putte te grawe en slote te bou en was ook behulpsaam met die bou van damme. Dambouers was die laagste soort werk wat 'n witman kon doen. Ander soorte werk wat op dieselfde vlak as dambouers was, was sweepmakers, aalwyntappers en huisbediendes.[154] So het die voorkoms van loonarbeiders in Suid-Afrika begin toeneem.[155]

Die oorsake van wit armoede in Suid-Afrika kan dus in drie groepe ingedeel word naamlik, verarming deur faktore wat in die mens geleë is, oorsake wat spruit uit die gemeenskap soos byvoorbeeld droogtes en dood of onvrugbaarheid. Dan was daar ook oorsake wat deel was van die samelewing soos byvoorbeeld onderdrukking en uitbuiting.[156] In die Unie van Suid-Afrika het die armblanke-vraagstuk vanaf 1910 'n belangrike politieke kwessie geword. Wit armoede was moeilik versoenbaar met die heersende denke in die koloniale era oor wit

---

148 M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa,* p. 455.
149 C. Bundy, "Vagabond Hollanders and Runaway Englishmen", p. 108.
150 S. Terreblanche, *History of inequality in South Africa 1652 – 2002*, p. 266.
151 *Ibid.,* p. 267.
152 M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa,* p. 454.
153 C. Bundy, "Vagabond Hollanders and Runaway Englishmen", pp. 111 – 115; F.A. van Jaarsveld, *Van van Riebeeck tot Vorster* 1652 – 1974, Perskor, Kaapstad, 1969 p. 182.
154 C. Bundy, "Vagabond Hollanders and Runaway Englishmen", pp. 112 – 113.
155 S. Terreblanche, *History of inequality in South Africa 1652 – 2002,* p. 265.
156 J.H. Coetzee, *Verarming en oorheersing,* pp. 12 – 13.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

meerderwaardigheid, dus is die destydse klem van owerheidsweë op sowel die ekonomiese as die maatskaplike opheffing van die armblanke verstaanbaar.[157]

In die voorwoord van die boek, "*Uprooting poverty: the South African challenge*", deur Wilson en Mamphele, noem die skrywers dat wit armoede teruggevoer kan word na meer as 50 jaar voor die Groot Depressie. Politieke leiers het bekommerd begin raak omdat 'n groot groep witmense na die stede verhuis het as gevolg van die Eerste Wêreldoorlog, groot droogtes, bevolkingsgroei en die kapitalisering van die landbou. Baie van hierdie wittes was nie voorbereid op die eise van die stadslewe nie en het daar in uiterste armoede verval.[158] In die lig van dié gebeure het 'n groep kerkleiers vanuit die NGK, asook akademici, by die Carnegie Korporasie van New York om finansiële steun gaan aanklop.[159] Sodoende het die Carnegie-kommissie tot stand gekom om, in samewerking met die kerk, 'n wetenskaplike ondersoek na die armblanke-vraagstuk te loods.[160] Voordat die Carnegie-kommissie met sy werk begin het, was daar net gissings oor die aantal armblankes in die Unie van Suid-Afrika. Teen 1916 is daar geskat dat daar ongeveer 106 000 armblankes was. Generaal JBM Hertzog het in die vroeë 1920's verklaar dat dit omtrent 150 000 was. Die Carnegie-kommissie se bevindinge was egter dat daar ongeveer 300 000 armblankes was.[161]

1.8.2 Die verstedeliking van die Afrikaner

In 1904 was 52,91% van die wit bevolking in stedelike gebiede woonagtig en 47,09% op die platteland. Sedertdien het die trek na die stede toegeneem en in 1936 was 65,24% stedelinge en slegs 34,76% landelik.[162] In die dorpe en stede het baie Afrikaners nog verder verarm en in krotbuurtes verval.[163] In Johannesburg het hierdie mense dig op mekaar in krotbuurttoestande in Vrededorp en Fordsburg 'n oorlewingstryd gevoer.[164]

---

157 S.E. Duff, "Saving the child to save the nation: poverty, whiteness and childhood in the Cape Colony, c 1870 – 1895", *Journal of Southern Africa Studies,* 37, 2 June 2011, p. 230.

158 F. Wilson & M. Ramphele, *Uprooting poverty: the South African challenge,* WW Norton, New York, 1989, p. ix.

159 Die Carnegie Korporasie van New York is in 1911 in New York gestig en is na Andrew Carnegie (1835 – 1919) vernoem. Die doel van die Korporasie was om finansiële steun ten opsigte van kuns, vrede, internasionale aangeleenthede en wetenskaplike navorsing te verleen. In 1928 het dié Korporasie finansiële hulp verleen vir die stigting van die Carnegie-kommissie in Suid-Afrika met die uitsluitlike doel om 'n wetenskaplike ondersoek na die armblanke-vraagstuk te loods. (www.carnegie.org/our-history/) assecced (4.05.2016).

160 R. Vosloo, "The Dutch Reformed Church and the poor white problem in the wake of the first Carnegie Report (1932)", *Studia Historiae Ecclesiastica*, 37 (2), September 2011, p. 67.

161 H. Giliomee, *Die Afrikaners, 'n biografie,* p. 297.

162 *Ibid.,* p. 34.

163 W.M. Macmillan, *The South African agrarian problem and its historical development,* p. 16. C.D. de Kiewiet, *A history of South Africa,* p. 197.

165 J. de Villiers, "Sosio-ekonomiese dimensies van Suid-Afrika in die dekade 1939 – 1940: Arm maar darem of ondernemend en presterend", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 44, 2&3, 1998 pp. 168 – 170.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Johann Tempelhoff verwys na die groep wat migreer het as "omgewingsvlugtelinge". Alle boere het egter nie hulle plase verlaat en na die stede verhuis nie. Daar was ook 'n groot groep wat hulleself tot 'n goeie vlak van welvaart opgehef het.[165]

Die Anglo-Boereoorlog (1899 – 1902) het ook sy kwota armblankes agtergelaat en ook hulle het na die stede getrek om 'n bestaan te vind. Daarby het die tydperk van algemene industrialisasie, wat na Uniewording in Suid-Afrika aangebreek het, verder tot die trek vanaf die platteland na die stede bygedra.[166]

Diegene wat na die groter dorpe en stede verhuis het, het 'n bestaan gemaak deur tog te ry, of deur die verkoop van hout en party het groente en vrugte op erwe verbou.[167] Baie van die Afrikaners se gebrekkige kennis van Engels het daartoe bygedra dat hulle nie kon deel word van die finansiële voorspoed wat die stede gebied het nie omdat Engels daar die handelstaal was.[168] Volgens Booyens is baie Afrikaners wat in die stede gewoon het, gedwing om saam met swartmense te werk. Hulle was egter nie bereid om dieselfde "minderwaardige" werk as swartmense te doen nie, want dit sou hulle sosiale aansien by ander witmense skaad.[169] Sommige van die armblankes het dié werk as minderwaardig beskou.[170]Daarby het die regering voortgegaan om ongeskoolde swart arbeiders na die stede en veral na die myndorpe van die Witwatersrand in te voer en dit het veroorsaak dat daar al minder van ongeskoolde wit arbeiders se dienste gebruik gemaak is. Swart arbeiders van buite die grense van die land het veral van 1857 tot 1863 en vanaf 1873 tot 1883 na Suid-Afrika gekom.[171] Hierdie toestand het in Suid-Afrika 'n sosiale en ekonomiese probleem, ongekend in enige ander land, tot gevolg gehad.[172]

Tussen 1891 en 1911 het die stedelike bevolking van Suid-Afrika met 203% gegroei. Die groei is deur 'n groot groep immigrante vanuit Europa, Brittanje en Amerika, wat na die Witwatersrand se goudvelde gestroom het, veroorsaak.[173] In 1896 het Johannesburg alleen sowat 16 265 Britte uit die Verenigde Koninkryk getrek, 3 335 Russiese Jode, 2 262 Duitsers, 993 Australiërs, 819 Nederlanders en 754 Amerikaners, terwyl 15 162 wittes uit die Kaapkolonie gekom het. Daar was ook witmense uit Transvaal en die Vrystaat. Hierdie witmense was meestal ongeskoolde werkers wat op die platteland uit hulle grond geraak en verarm het.[174] Sodoende het die immigrante 'n monopolie oor ongeskoolde sowel as geskoolde arbeid begin kry. In 1910 was daar reeds

---

165 J.W.N. Tempelhoff, "Omgewingslagoffers of armblankes? Water en welvaartskepping in die era van Hertzog (1924 – 1939)", *Genl. J.B.M. Hertzoggedenklesing xxxv*, S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, Pretoria, 21 September 2006, pp. 4,5.

166 J.E. Holloway, *Offisiële jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, no 8,* (1910 – 1922), Staatsdrukker, Pretoria, 1932, p. 311.

167 C. Bundy, "Vagabond Hollanders and Runaway Englishmen", p. 110.

168 J.F.W. Grosskopff, *Plattelandsverarming en plaasverlating,* p. lx.

169 B. Booyens, De Gereformeerde Kerkbode (1849 – 1923) as bron vir die Afrikaanse Kultuurgeskiedenis. p. 169.

170 S. Terreblanche, *History of inequality in South Africa 1652 – 2002,* p. 265.

171 G.A. Leyds, *A history of Johannesburg,* Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1946, p. 94.

172 J.E. Holloway, *Official Year Book of the Union of South Africa,* (1910 – 1922), No. 8, p. 307.

173 A.J.H. van der Walt, et al, *Geskiedenis van Suid-Afrika,* Deel 11, p. 310. Sien ook H. Giliomee se Poor White and militant workers*, Historia* 47(2), November 2002, p. 612.

174 F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster* 1652 – 1974, Perskor, Johannesburg, 1969, p. 185.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

200 000 swart werkers aan die Rand wat ongeskoolde werk gedoen het. Daar was dus feitlik geen werksgeleenthede vir die ongeskoolde wit arbeider beskikbaar nie.[175] Dit het konflik veroorsaak tussen arm Suid-Afrikaners en die regering met sy aggressiewe, imperialistiese en pro-kapitalistiese houding.[176] Die indiensneming van ongeskoolde swart werkers, asook immigrante, was gevolglik een van die oorsake van stedelike verarming onder Suid-Afrikaanse witmense. Die meeste mense wat hulle in Johannesburg gaan vestig het, het baie gou besef dat die lewenskoste daar baie hoog was as gevolg van verskeie soorte belastings wat gehef is. In die negentiede eeu is alle klere, meubels, sigarette, drank, metaalprodukte en enige produk wat vervaardig moes word, ingevoer. Sulke produkte is belas wanneer dit deur Kaapstad ingevoer is, en dan het die Zuid-Afrikaansche Republiek ook belasting gehef. Dit was een van die redes waarom President Paul Kruger daarna gestrewe het om ʼn eie hawe te bekom. In hierdie omstandighede het die ongeskoolde werker dit baie moeilik gevind om te kon oorleef en het verder verarm.[177]

Nog ʼn faktor wat tot verarming bygedra het, was die swak toestand van die land se hawens, veral ná 1880. Boere kon nie hulle produkte op die Europese markte verhandel nie as gevolg van ontoereikende hawegeriewe en ongereelde skeepvaartverbindings met Europa. Derhalwe was hulle van plaaslike markte afhanklik. Daar was nie ekonomiese groei in die landbou nie en veral die kleinboere was verplig om baie skuld aan te gaan en was tot bankrotskap gedoem.[178] Die landwye uitbreek van runderpes in 1896 het landbou ʼn geweldige knou toegedien en baie Suid-Afrikaners is verder verarm.[179] Tussen 1896 en 1898 het twee en ʼn halfmiljoen diere in Suid-Afrika gesterf.[180] In 1899 het die Anglo-Boereoorlog uitgebreek wat grootskaalse landbouverwoesting en vernietiging tot gevolg gehad het en eweneens tot verdere verarming bygedra het.[181]

Drie ekonomiese resessies het bygedra tot verarming van Afrikaners, te wete die periodes van 1890 – 1891, 1896 – 1897 en 1906 – 1908.[182] Die resessie wat van 1906 tot en met 1908 geduur het, het veroorsaak dat baie landbouprodukte nie uitgevoer kon word nie sodat nog meer armblankes hulle in stede gaan vestig het.[183] Dié resessie het sy laagste punt in 1908 bereik en het ook ʼn negatiewe uitwerking op die diamantbedryf gehad.[184] ʼn Ander uitwerking van die resessie was dat winsdeling by myne verminder het as gevolg van die invoer van Chinese arbeid na 1904. Nog ʼn resessie het Suid-Afrika van 1912 tot 1914 getref. Hierdie resessie is vererger deur ʼn mynwerkerstaking in 1913 en die staking van spoorwegwerkers in Januarie 1914.[185] Dan was daar ook

---

175 A.H. Jeeves, *Migrant Labour in South Africa's Mining Economy: The struggle for the gold Mines,* Johannesburg, 1985, p. 3.

176 A.N. Pelzer, Die armblanke in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 – 1899, p. 133.

177 G.A. Leyds, *A history of Johannesburg,* Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1946, p. 94.

178 S. Terreblanche, *History of inequality in South Africa 1652 – 2002,* p. 265; F.R.H. du Boulay, *Servants of empire, an imperial memoir of a British family,* IB Taurus, London, 2011, p. 148.; R.H Davies, *Capital, State and White labour in South Africa, 1900 – 1960,* pp. 100, 147.

179 T.J. Keagan, *Rural Transformations in Industrializing South Africa,* Macmillan Press, Hong Kong, 1987, p. 26.

180 J.A. Henry, *The first hundred years of the Standard Bank,* Oxford University Press, London 1963, p. 133.

181 T.J. Keagan, *Rural Transformations in Industrializing South Africa,* p. 26.

182 C. van Onselen, *Studies in the Social and Economic History of the Witwatersrand* 1886 – 1914, Longman, Johannesburg, 1982, p. 3.

183 R.H. Davies, *Capital, State and White Labour in South Africa 1900 – 1960,* p. 99.

184 M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa,* p. 124.

185 R.H. Davies, *Capital, State and White Labour in South Africa 1900 – 1960,* p. 99.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'n verdere resessie in 1916 wat veroorsaak is deur 'n ernstige droogte. Dit het 826 bywoner-families in Transvaal as armlastiges gelaat. 'n Verdere resessie het weereens vanaf 1920 tot 1922 voorgekom.[186]

Armblankes was oor die hele Suid-Afrika versprei, maar het veral in die droëer en afgesonderde dele van die land soos die Karoo, Oranje Vrystaat en Noord-Kaap voorgekom. Hulle kan in vier groepe ingedeel word, naamlik die plattelandse groep wat togryers met ossewaens was; die boswerkers van die Knysna-gebied; die Transvaalse bosveld- armblankes en onderontwikkelde gemeenskappe, byvoorbeeld groepe wat in afgesonderde dele van die land soos in Gamkaskloof, naby Oudtshoorn, gewoon het. Die tweede groep was die industriële groep wat die arm dorpsmense, ongeskoolde stedelinge en delwers ingesluit het. Die derde groep was die swakkelinge wat dié groep witmense was wat verarm het as gevolg van drankmisbruik, dobbelary en onwettige drankhandel. Die vierde groep was die slagoffers van rampe soos byvoorbeeld droogtes, veesiektes, plae of oorloë.[187]

1.9 Probleemstelling en fokus

Alhoewel alreeds omvattende navorsing oor die armblanke-verskynsel in Suid-Afrika gedoen is en heelwat publikasies oor die onderwerp verskyn het, is dit opvallend dat oor die voorkoms van wit armoede in Oudtshoorn nog net op Honneursvlak 'n studie gedoen is en ook nie in dieselfde tydperk van hierdie studie nie. Ander akademiese studies wat oor Oudtshoorn gedoen is, soos dié van Appel,[188] Burger,[189] Boehmke,[190] Coetzee [191]en Sieberhagen[192], fokus op ander aspekte van die dorp en distrik. In 'n meer resente studie deur Antoinette Le Roux word die fokus op die historiese ontwikkelling van die landboou geplaas met slegs 'n baie kort verwysing na bywoners. In daardie opsig is daar dus 'n leemte in die Suid-Afrikaanse historiografie en dit word deur hierdie studie aangespreek.

Die gebied wat ondersoek gaan word, is die dorpsgebied van Oudtshoorn gedurende bogenoemde tydperk, asook die landelike dele direk noord van Oudtshoorn tot en met die Swartberge (Schoemanshoek), die gebied ten ooste van die dorp wat Stolsvlakte, Van Wykskraal, Rooiheuwel en Waaikraal insluit, die gebied ten weste van Oudtshoorn wat tot by Wynandsrivier strek, asook die gebied ten suide van Oudtshoorn wat die gebied vanaf Volmoed tot by Calitzdorp insluit. Wit armoede in Oudtshoorn het in 1914 'n ernstige sigbare voorkoms

---

186 *Ibid*., p. 99.

187 J.R. Albertyn, *The poor white and society* , Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1932, pp. 3 – 18.

188 A. Appel, Die distrik Oudtshoorn tot die tagtigerjare van die 19de eeu: 'n sosio-ekonomiese studie, (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif), Universiteit van Port Elizabeth, 1980.

189 P. Burger, Die invloed van die Anglo-Boereoorlog op diesiviele bevolking van die distrik Oudtshoorn, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch), 2007.

190 M. Boehmke & S. Goldblatt, *Oudtshoorn,1689 – 1847 – 1952, Geskiedenis van Oudtshoorn,* Oudtshoorn, 1952.

192 D. Coetzee, Immigrants to citizens, Civil integration and Acculturation of Jews into Oudtshoorn Society, 1874 – 1999, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Kaapstad), 2000.

192 N. Sieberhagen, Die plattelandse skool in Oudtshoorn, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch), 1948.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gekry. Op 6 Januarie 1914 het die *Oudtshoorn Courant* berig dat die modehuise van Europa nie meer volstruisvere vanuit Oudtshoorn sou gebruik nie. Dit het tot die uiteindelike val van die volstruisveremark gelei en ŉ baie negatiewe impak op die sosio-ekonomiese lewe van die inwoners van Oudtshoorn en die distrik gehad.[193] Die studie eindig by 1937, want in daardie jaar was daar ŉ opbloei in die vraag na volstruisvere op die Europese markte wat ŉ direkte positiewe invloed op die ekonomie van Oudtshoorn gehad het. Volgens Neil Roos het wit armoede in Suid-Afrika tussen 1932 en 1939 begin afneem.[194] Armoede in Oudtshoorn het nie in 1937 plotseling tot ŉ einde gekom nie, maar baie van die armoede is wel in daardie stadium baie verlig. Die impak van armoede in die gegewe tydperk word in die evaluering van die proefskrif bespreek.

Die voorkoms van armoede is in die een-en-twintigste eeu in Suid-Afrika nog steeds sigbaar.[195] In ŉ radiogesprekprogram van 3 November 2009 het Professor Sampie Terreblanche van die Universiteit van Stellenbosch die stelling bevestig deur te noem dat daar in 1997 nog 23,7 miljoen swartmense, 1,3 miljoen bruinmense, 72 000 Asiërs en 65 000 witmense was wat as arm geklassifiseer kon word.[196] In 2013 was daar in Suid-Afrika 16,5 miljoen mense van die totale bevolking van 52,9 miljoen wat elke maand ŉ staatstoelaag ontvang het.[197]

Hierdie studie sal analities, vergelykend en verklarend van aard wees ten opsigte van die voorkoms van wit armoede in Oudtshoorn. Verskeie doelwitte sal nagestreef word. Die eerste doelwit is om die oorsake van wit armoede in Oudtshoorn en distrik te ondersoek; om te bepaal hoe byvoorbeeld natuurrampe ŉ impak op armoede gehad het; om vas te stel tot watter mate gebrekkige opleiding van witmense in Oudtshoorn ŉ bydraende oorsaak tot armoede was; watter impak die vestiging en die uitbouing van die volstruisveerbedryf deur die boeregemeenskap op die armoede in Oudtshoorn gehad het; tot watter mate die groter wordende behoefte na meer grond ŉ oorsaak van armoede was; hoe geografiese faktore, soos byvoorbeeld die standhoudendheid van riviere en die ligging van plase, tot armoede in Oudtshoorn bygedra het en of die witmense arm was as gevolg van omgewingsfaktore of omdat hulle aangebore of genetiese afwykings, soos byvoorbeeld swak verstandelike vermoëns, gehad het.

Die tweede doelwit van die studie is om die manifestasies van armoede in Oudtshoorn te ondersoek. Die studie wil onder andere bepaal watter deel van die wit inwoners van hierdie gebied verarm het; die voorkoms van bywoners, hulle vergoeding, lewensomstandighede en die sosiale diskrimminasie teenoor die bywoner; hoe die gesindheid van die meer gegoede Afrikaners jeens die armes en bywoners gedurende dié periode in Oudtshoorn was; hoe armoede onder die volwassenes en ouer persone gemanifesteer het; watter impak die manifestering van wit armoede op die interkulturele verhoudinge tussen die Afrikaners en nie-Afrikaners gehad het; of die politieke en kulturele ingesteldheid van die elite hulle dalk beïnvloed het om die armblanke-

---

193 CPNMA, *Oudtshoorn Courant*, 6 January 1914, p. 4 (Anti-plumage Kampanje).

194 N. Roos, *Ordinary Springboks, White Servicemen and social Justice in South Africa 1939 – 1961,* p. 60.

195 W. Coetzer, "Armoede in die 21ste eeu: Proaktiewe dienslewering om solidariteit, geregtigheid en selfvertroue te laat seëvier", in D. Langner *Gebroke Land*, Kraal-Uitgewers: Brandfort, 2009, p. 157.

196 Gesprekprogram oor RSG op 20 Oktober 2009. Die aanbieder was Freek Robinson en die deelnemers Drr. Danie Langner, Dirk Herman en Prof. Sampie Terreblanche.

197 *Die Burger*, 9 Julie 2013, p. 6 (M. Mbeki, Kommer oor groot hulp aan armes).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

probleem ideologies te benader en in watter dele van die distrik armoede die meeste voorgekom het, aangesien die beskikbaarheid van natuurlike hulpbronne regoor die distrik gewissel het. Om die doelwit te bereik, is daar baie sensitief met die respondente omgegaan om sodoende nie ou negatiewe ervarings te stimuleer nie.

'n Derde doelwit van die studie is om die inwoners van Oudtshoorn en die distrik se reaksie op die armoede van die tydperk wat die studie dek, vas te stel. Om hierdie doelwit te bereik, is daar onder andere vasgestel hoe die blankes wat verarm het daarop gereageer het; hoe hierdie verarmde persone by hulle nuwe maatskaplike omstandighede aangepas het; watter bydrae die kerk gemaak het om armoede in Oudtshoorn aan te spreek en wat die kerk gedoen het om die armblanke te probeer ophef; watter rol die staat gespeel het om armoed in Oudtshoorn en distrik te probeer verlig en watter impak die ingrepe van die staat op die demografie van die dorp gehad het.

Deur die manifestering van wit armoede in Oudtshoorn op te teken, kan die alledaagse bedrywighede, lewenswyse en daaglikse aktiwiteite van die armes in Oudtshoorn gerekonstrueer word.

1.10 Navorsingsmetodologie en navorsingsbronne

Met die skryf van dié studie is daar teruggegaan na 'n sekere aspek en tydperk van die geskiedenis van Oudtshoorn en die distrik, naamlik die voorkoms van wit armoede tussen 1914 tot 1937. In die verlede het baie historici oor die skryf van 'n spesifieke streek se geskiedenis gedebateer. In 1981 het Victor Skipp 'n navorsingsmetode vir die opskryf van plaaslike geskiedenis ontwerp.[198] Die Skipp-model verwys na verskillende temas wat gevolg kan word om die navorsingsproses volledig te maak. Die verskillende temas wat die model insluit, is die topografiese agtergrond van 'n streek, argeologiese agtergrond, dorpnedersetting en bestuur, politieke ontwikkeling, wetlike en militêre aktiwiteite, ekonomiese ontwikkeling, opvoedkundige ontwikkeling, gesondheidsdienste, godsdienstige aktiwiteite, kommunikasiemoontlikhede, asook sosiale aktiwiteite.

In Suid-Afrika was dit die streeksgeskiedkundige, Elize van Eeden, wat die eerste akademikus was om die model na te volg. Van Eeden sou later met 'n meer moderne en uitgebreide model van 'n navorsingsmetode vorendag kom. Volgens Van Eeden is dit nodig om eers te besluit watter tema(s) in die navorsing gebruik kan word om 'n spesifieke streek te bestudeer.[199]

Geskiedenis wat oor enige faset van 'n gebied gaan, is deel van die gebied se streekshistoriese kultuurskat. In hierdie studie word 'n vergete deel van Oudtshoorn se kultuurskat, naamlik armoede, opgeteken. Van die temas wat uit die Skipp-model gebruik gaan word, is die ekonomiese fokus die grootste, want die ekonomie was van die grootste oorsake wat ingespeel het op verarming in Oudtshoorn en die kwessie kom in al die hoofstukke na vore. Die fokus sluit goed aan by die reeds genoemde definisie van armoede waar daar na die ekonomiese

---

198 H. Finberg & VHP Skipp, *Local History. Objective and persuit,* New Abbot, England, 1985.

199 E. van Eeden, Historiographical and methodological reflections, *New Contree, No. 63,January 2012,* p. 33.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

oorsake as bydraend tot armoede verwys word. Verder het die ekonomiese insinking in Oudtshoorn aanleiding gegee tot groter sigbaarheid van klasseverskille, opvoedkundige en opleidingsverskille, die kerk se betrokkenheid by armoedeverligting, die staat se ingrepe om die boerdery te probeer red en om armoede in die streek te probeer verlig. Hierdie fokus sluit ook die drie doelwitte van die studie in.

Die tema van sosiale aktiwiteite sal ook gebruik word vir die kulturele geskiedenis van die streek en sy mense om sodoende te bepaal hoe hulle op verarming reageer het. Die tema van dorpnedersettings uit die Skipp-model word vir die studie gebruik deur te fokus op geografiese faktore soos geïsoleerdheid as gevolg van gebrekkige verbindingsweë, die onvrugbaarheid van grond en ʼn gebrek aan standhoudende watervoorsiening wat bydraend tot verarming was. Politieke ontwikkeling is ʼn verdere tema wat ook afkomstig is vanuit die Skipp-model. Die tema fokus op die impak wat die politieke veranderinge in die Unie van Suid-Afrika op die streek gehad het, te wete die Pakt-regering se "beskaafde arbeidsbeleid", asook die terug-na-die-grond-projek. Die studie word tematies-chronologies aangebied.

Mouton se riglyne vir die opstel van ʼn navorsingsvoorstel, dataversameling, die verwerking daarvan, analisering en interpretering van inligting is met groot vrug gebruik.

Die navorsing van die studie het uit ʼn groot hoeveelheid bronne gekom, juis omrede volledige navorsing oor die streek nog nie plaasgevind het nie. Daar is ook krities na ʼn verskeidenheid bronne gekyk om sodoende insiggewende perspektiewe ten opsigte van wit armoede in die studie na vore te bring en te inkorporeer. Die inligting in die eerste twee dele van die Carnegie-verslag is nuttig aangewend om konsepte soos armblanke, armoede, verstedeliking en die verhouding tussen die armblanke en swartmense te kontekstualiseer. Die navorser gebruik die term armblanke in die studie want dié term is algemeen gebruik gedurende die tydperk wat die studie dek.

Die navorser het verskeie argiewe besoek ten einde inligting rakende die onderwerp in te win. Die argivale navorsing se fokus was om ʼn agtergrond te kon skep oor faktore wat bygedra het tot verarming in die streek. In die Kaapse Argief Bewaarplek is volledige notules van die Afdelingsraad van Oudtshoorn wat die tydperk wat deur die studie gedek word, gekry[200]. Deur die oplees van dié notules is die navorser in staat gestel om inligting te verkry rakende die projekte wat die Afdelingsraad in Oudtshoorn geloods het om werkloosheid te probeer oplos, asook watter maatreëls getref is rakende die onhigiëniese toestande in die dorp. In die Provinsiale Administrasie Lêer is, benewens inligting oor armoede in Oudtshoorn, ook inligting oor armoede in aangrensende dorpe gekry. Die inligting het gehelp om armoede in Oudtshoorn met dié in aangrensende dorpe te vergelyk.

Uit ʼn religieuse oogpunt was daar met die aanvang van die studie (1914) verskeie denominasies wat reeds ʼn stewige basis in die distrik gehad het. Die Christendom was verreweg die sterkste geloof. Die belangrikste groeperings hier was die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) met sy hoofsetel op Oudtshoorn, maar ook

---

200 WCARS, Bron PAS, Vol 3/OHN, Ref 1/1/ 4 - 10. Afdelingsraadsnotules 19 Junie 1914 – 4 Augustus 1924.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kerkgeboue en eie gemeentes wat byvoorbeeld op Calitzdorp en De Rust geleë was.[201] Gedurende die tydperk wat die studie dek, was daar reeds ander gevestigde kerkgenootskappe, maar die rol van die NGK in armoedeverligting word in die studie uitgelig omdat die grootste deel van die gemeenskap arm Afrikaanssprekende witmense was wat ook lidmate van die NGK was. Die lidmaattal van die Oudtshoorn-gemeente met die aanvang van die studie in 1914 was 6000[202] teenoor die 11 243[203] wat die totale bevolking van die dorp was. Met die toestemming van die voorsitter van die kerkraad van die NGK in Oudtshoorn, dominee D Kotze, kon die navorser inligting rakende die kerk se betrokkenheid by armoedverligting in Oudtshoorn en distrik in die NGK se argief in Stellenbosch kry. Die sosio-maatskaplike toestand van die lidmate gedurende die tydperk wat deur die studie gedek word, asook die kerk se finansiële betrokkenheid by sy lidmate, kon nagevors word.

Engelssprekende inwoners het hoofsaaklik ’n tuiste in die Anglikaanse Kerk (op Oudtshoorn ook bekend as die Gemeente van St. Judes) gevind. ’n Klein deeltjie van die bevolking het aan die Rooms-Katolieke kerk behoort.[204]

Ter wille van historiese perspektief is dit nodig om ook na die geestelike bediening van die bruin gemeenskap in Oudtshoorn gedurende die tydperk wat die studie dek, te verwys. Die bruin inwoners van die dorp en distrik is hoofsaaklik deur die Independente Kerk bedien wat twee gemeentes, een op Oudtshoorn en een op Dyselsdorp, gehad het. In Mei 1898 is die Nederduits Gereformeerde Sending Kerk (NGSK) op Oudtshoorn gestig. Die gemeente se bedieningsgebied se verste punt was Matjiesrivier aan die voet van die Swartberge en die verste punt suid was Moerasrivier aan die voet van die Robinsonpas. Dié gemeente het finansieel gesukkel om te oorleef en die plaaslike NGK het ook finansieel tot die salaris van die leraar bygedra.

Die interessantste aspek van die Oudtshoornse samelewing was die groot aantal Jode, veral uit Oos-Europa, wat hulle in die dorp en distrik kom vestig het. Dogmatiese verskille sou egter daartoe lei dat twee sinagoges opgerig is.

Die Gericke Biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch[205] was van groot hulp, want MER se werke word daar bewaar. MER se roumateriaal rakende haar besoek aan Jonkersberg en Oudtshoorn om armoede te ondersoek, is met vrug gebruik.

In die Killy Campbell Africana Biblioteek van die Universiteit van KwaZulu Natal in Durban is EG Malherbe se roumateriaal nagevors.[206] Hy was lid van die Carnegie-ondersoek na wit armoede en sy bevindinge van die armblanke in Oudtshoorn word in dié biblioteek bewaar. Die inhoud van sy roumateriaal het ’n positiewe

---

201 A. Appel, “Die distrik Oudtshoorn”, p. 245.
202 NGKA GEM – K 1628, Almanak voor de Nederduits Gereformeerde Kerke in Zuid-Afrika, 1914. Rak nr 615.
203 CPNMA, M. Boehmke, Book 1, p. 35.
204 A. Appel, “Die distrik Oudtshoorn”, pp. 220 – 245.
205 JS Gericke Biblioteek, Universiteit van Stellenbosch (GBUS).
206 Killie Campbell Africana Biblioteek, Universiteit Kwazulu Natal, Durban, E.G. Malherbe Versameling (hierna KCAB, 56979), Vol 164 – 165.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bydrae gelewer tot die opskryf van onder andere onderwystoestande in Oudtshoorn, maar ook insig in die armblanke se sosio-maatskaplike lewe is verkry.

Die Afdelingsraad van Oudtshoorn het maandeliks vergader waartydens die Distriksgeneesheer verslag moes doen oor die gesondheidstoestand van die mendse op die dorp. Hierdie verslae word in die Nasionale Argief in Pretoria bewaar. Die navorser kon al die verslae deurwerk en sodoende ŉ volledige beeld vorm van die sosio-maatskaplike omstandighede waaronder armblankes in Oudtshoorn gewoon het. In dieselfde argief het die navorser ook waardevolle inligting oor bywonerbehuising in Oudtshoorn gekry, asook inligting rakende die bou van die spoorlyn tussen Oudtshoorn en Calitzdorp.

Die CP Nel Museumargief op Oudtshoorn was ŉ waardevolle bron van inligting, want al die uitgawes van die *Oudtshoorn Courant*, sowel as ŉ fotoversameling van die dorp se geskiedenis, word daar gehuisves. Van die foto's is as stawende getuienis oor gebeure wat met die studie verband hou, gebruik.

In die Landdroskantoorargief op Oudtshoorn word ŉ rekordboek gehou waarin die landdros hoogtepunte van gebeure van elke maand aangeteken het. Die landdros op Oudtshoorn was ŉ belangrike skakeling tussen die staat en die plaaslike owerheid rakende armoedeverligting. Inligting is ook uit hierdie rekordboek verkry.

Die navorser het verskeie dorpsargiewe besoek. Daar is eers met die persone in beheer van die argiewe in Lydenburg en Sabie telefonies kontak gemaak en navraag gedoen of daar relevante inligting gehuisves word. Sabie was in 1916 die hoofsentrum van die bosbounywerheid in die destydse Oos-Transvaal. Met die stigting van die Lydenburg-museum is sekere inligting vanaf die Sabie-museum na Lydenburg oorgeplaas. In die twee argiewe is inligting oor armblankes wat vanaf Oudtshoorn tydelik in die bosbounywerheid geakkommodeer is, gevind. Uit die kontrakte wat die destydse Departement van Arbeid met voornemende werkers aangegaan is, kon ŉ beeld gevorm word oor die aantal werkloses wat vanuit Oudtshoorn en distrik na Sabie verhuis het. ŉ Voorbeeld van so ŉ kontrak is in Aanhangsel B. In die Lydenburg-argief is ook verslae wat deur maatskaplike werkers oor die werknemers opgestel is, gekry. Die inligting het gehelp om ŉ vollediger beeld van die sosio-maatskaplike lewe van die armblanke in Oudtshoorn te konstrueer. Ander dorpsargiewe soos dié van Calitzdorp, George en Prins Albert is ook besoek en bruikbare inligting oor wit armoede in daardie distrikte is gevind. Die waarde van die inligting word in die evaluering uitgelig.

Die navorser het na aanleiding van navorsingsgegewens kaarte saamgestel om sodoende vir die leser wat nie met die streek vertroud is nie, ŉ geheelbeeld van Oudtshoorn en omgewing te skep. Daar is heel dikwels na die agterbuurtes in Oudtshoorn verwys, maar met behulp van ŉ kaart kan die leser ŉ beeld vorm oor waar dié dele was. Die grense van die NGK is ook op ŉ kaart aangedui en binne dié gebied het die kerk sy armoedeverligtingsprogram aangebied. Uit argivale materiaal is foto's versamel wat gebruik is om die voorkoms van armoede ook visueel aan te bied. Foto's van twee plaasskole bied aan die leser ŉ visuele beeld van hoe die digtheid van die bevolking in verskillende dele van die distrik van mekaar verskil het en hoe geografiese faktore op verarming ingespeel het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Enige studie van ŉ spesifieke streek sal onvolledig wees as daar nie onderhoude met plaaslike inwoners gevoer is nie. Onderhoude kan met gewone mense gevoer word, maar ook met leiers in die gemeenskap. Die inligting wat ingewin word, moet ŉ bydrae maak om ŉ breë beeld van die streek te skets.[207] Goeie navorsing kan nie op minderwaardige data gebou word nie en om dié rede het die navorser ook van ŉ vraelys gebruik gemaak. (Sien Aanhangsel A). Voor die aanvang van die studie het die navorser aansoek vir etiese klaring gedoen wat goedgekeur is. Vraelyste is slegs een van die metodes om inligting te bekom deur direkte of indirekte vrae op te stel. Met direkte vrae word daar van die respondent verwag om slegs ja of nee te antwoord, terwyl daar met indirekte vrae eers nagedink kon word.[208] Wendy Olsen noem nog twee vereistes vir ŉ vraelys, naamlik dat die aanbieding daarvan maklik moet kan lees en wanneer daar sensitiewe vrae gestel word die navorser die hantering daarvan baie oordeelkundig moet hanteer.[209] Mouton beklemtoon ook in sy werk dat indien persone anoniem wil bly, dit respekteer moet word.[210]

Die tipe vrae wat die navorser gestel het, is geïnspireer deur inligting wat in argivale materiaal gekry is. Die werk van EG Malherbe het baie bygedra tot die opstel van die vrae, want daardeur kon die navorser ŉ groter geheelbeeld van armoede in Oudtshoorn en omgewing kry. Deur sy argivale nalatenskap het die navorser ook bewus geraak van die migrasie van sommige armes vanaf Oudtshoorn na die ander dele van die land, maar veral na die noordelike provinsies met die oog op beter sosio-ekonomiese lewenstoestande. Die inligting het uiteindelik daartoe aanleiding gegee dat die navorser die museumargiewe van Sabie en Lydenburg besoek het en die inligting het waarde tot die skryf van hoofstuk drie en veral hoofstuk vier toegevoeg.

Na die ineenstorting van die volstruisveerbedryf in 1914 het baie inwoners van Oudtshoorn en distrik na die noordelike dele van die land getrek om daar hopelik ŉ beter heenkome te maak. Die navorser wou van dié mense ook betrek om sover moontlik ŉ getroue weergawe van die sosio-maatskaplike omstandighede van die armblankes in Oudtshoorn te kry. Om dit te bereik, is daar ŉ berig in koerante in die noordelike provinsies geplaas. Die navorser het positiewe reaksies gekry en elke respondent is opgevolg waartydens die doel van die studie en vraelys verduidelik is. Die vertroulikheid van inligting is ook aan elke persoon verduidelik. Daar is aan elkeen genoem dat hulle te eniger tyd hul deelname kon beëindig, dat dié inligting die eiendom van die navorser sou bly, nie woordeliks gereproduseer sou word nie, nie versprei sou word nie en indien hulle vrae oor hul regte as proefpersoon by die navorsing sou hê, hulle die Afdeling Navorsingsontwikkeling van die Universiteit van Stellenbosch kon skakel. Daar is ook aan elke respondent verduidelik dat alle persoonlike inligting wat verskaf word deur Wet Nr 4 van 2013, *Protection Of Personal Information* (POPI), beskerm word.

Die eerste rondte van onderhoudvoering was gefokus op reaksies wat die navorser gekry het op ŉ mediaberig wat hy in nuusblaaie van die noordelike provinsies geplaas het. In die berig het die navorser die doel van die

---

207 E. van Eeden, Regional, local, urban and rural history as nearby spaces and place: Historiographical and Methodological refelctions, *International Journal of Regional and Local History,* Vol 9, 2014, p. 28.

208 B. Gillham, *Developing a Questionnaire,* Bloomsbury Academic, London, 1965, p. 4.

209 W.Olsen, *Research and data collection,* SAGE Publications Ltd, London, 2014, p. 3.

210 J. Mouton, *Metodologie van die geesteswetenskappe, baiese begrippe*, RGN, Pretoria, 1988, p. 93.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

studie verduidelik en dat hy graag met hulle sou wou kontak maak. Vraelyste is aan ses persone gepos en almal is teruggekry. Drie persone was in Gauteng, twee in Mpumalanga en een in die Oos-Kaapprovinsie woonagtig. Daar was ook twee persone wat al té oud was om die vraelys in te vul en die navorser het hulle geskakel en hulle het die vrae mondelings beantwoord.

Die tweede rondte van insameling van inligting was na aanleiding van ŉ artikel wat die navorser oor die NGK in Oudtshoorn se armoedeverligtingsprogram in 1916 in *Die Kerkbode* van November 2015 geplaas het. Die artikel het positiewe reaksie uitgelok en twee respondente het die navorser telefonies geskakel om inligting te deel. Die doel van die studie is ook aan hulle verduidelik en is met die respondente in Oudtshoorn en George afsprake gemaak. Dieselfde proses soos voorheen beskryf, is met hulle gevolg. Alle onderhoude is met ŉ bandmasjien opgeneem. Waardevolle inligting en foto's rakende armoede in Oudtshoorn is deur ŉ oud-lidmaat van die gemeente verskaf. Twee van die foto's word in die proefskrif gebruik om sodoende die voorkoms van armoede in Oudtshoorn illustratief voor te stel. Nog ŉ oud-lidmaat van die gemeente het in ŉ onderhoud vertel hoe die uitdeel van kos deur die kerk ŉ invloed op haar as kind gehad het. Die respondente met wie daar in Oudtshoorn onderhoude gevoer is, het almal gewone posisies in die gemeenskap beklee. Daar was egter twee persone wat skoolhoofde van plaasskole in die omgewing was en hulle medelings het gehelp om ŉ geheelbeeld van die voorkoms van armoede in Oudtshoorn te kry.

Die impak van die hantering van die armblanke in Oudtshoorn gedurende die tydperk wat die studie dek, word in die evaluering bespreek.

Alle inligting wat deur middel van vraelyste, persoonlike en telefoniese onderhoude versamel is, is waar moontlik met akademiese en argivale materiaal vergelyk en ook met ander respondente getoets.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.11 Samevatting

Die armblanke het nie meer ingepas by die heersende wit bevolking se aansien nie en politici het ʼn leidende rol begin speel om die armblanke op te hef.[211] Die bestuur en hantering van *"poor whiteism"* het vir politici ʼn uitdaging begin word, want die grootste uitdaging vir die regering van Genl Louis Botha tydens die verkiesing van 1907 was wit werkloosheid. Die oorwegende invloed van wit armoede op Suid-Afrika se ontwikkeling was druk op die regering om meer betrokke te raak by die oplossing van die probleem. Elke arm manlike arm persoon het na Uniewording in 1910 stemreg gehad en die voorkoms van wit armoede het tot ʼn openbare debat tussen Afrikaners gelei oor hoe hulle op dié sosiale veranderinge in hulle gemeenskappe moes reageer. David Yudelman het die belangrikheid van ʼn beleid van regeringsbetrokkenheid by die voorkoms van wit armoede beklemtoon.[212]

Samevattend kan daar dus gesê word dat alhoewel die term *"poor whiteism"* ʼn Amerikaanse oorsprong het, die term eers ná 1890 in Suid-Afrika posgevat het. Verarming is in die meeste gevalle deur eksterne faktore veroorsaak en die term armblanke in Suid-Afrika het verskillende betekenisse gehad. Die terme bywoner en armblanke is as neerhalende en veragtende begrippe beskou en daar was ʼn verskil tussen die twee begrippe. Die verskillende bevolkingsgroepe het ʼn gemeenskaplike afhanklikheid van mekaar gehad. Armoede was onder die witmense, bruinmense en swartmense sigbaar en elke groep het vir oorlewing op mekaar gesteun.

Die term "*poor white"* is vir die eerste keer in die Kaapkolonie gedurende die vroeë 1880's gebruik toe daar in die destydse *De Gereformeerde Kerkbode* na armes as heidene en as armblankes verwys is. Daar is verskeie redes waarom armoede in die Wes-Kaap begin het, onder andere die groot getal immigrante (400 000) wat hulle tussen 1875 en 1904 in Kaapstad en omgewing kom vestig het. Die van hulle wat in die groter dorpe gaan vestig het, het besef dat die geskoolde en semi-geskoolde posisies reeds deur plaaslike of Engelssprekendes gevul is. Ander faktore was byvoorbeeld gebrekkige opleiding. Jong Afrikanerseuns wou nie hande-arbeid op die spoorweë verrig nie en baie boere het nie die nodigheid van opleiding gesien nie.

Alhoewel die studie oor die genoemde periode (1914 – 1937) strek, toe armoede vanaf die vereval duidelik sigbaar was, was verskuilde armoede reeds voor 1914 aanwesig, maar nie so duidelik met die begindatum identifiseerbaar nie. Danksy die gebeure van 1914 is dit as't ware geaksentueer. Hierdie studie ondersoek die sluimerende sosio-ekonomiese toestande van die samelewing en stel dit aan die kaak wat werklik eers fel deur die 1914-gebeure belig is. Om dit te kan verstaan, is dit ook nodig om in spesifieke gevalle, byvoorbeeld die rol van die NGK met sy verskeie hulpverleningsaksies, onderwys in die distrik en dorp en die verskeie projekte van die staat vanuit nasionale, provinsiale en plaaslike vlak, ʼn historiese konteks van armoedeverligting van voor 1914 te skets.

---

211 A.B. Teppo, "The making of a good White", p. 5.

212 D. Yudelman, *The emergence of Modern South Africa: State, Capital and the Incorporation of organized labour on the South African Gold Fields,* (1902 – 1939), Greenwood Press, London, 1984, p. 19.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Armoede was reeds in die negentiende eeu sluimerend in die Oudtshoorn-omgewing en is deur verskillende faktore beïnvloed. In 1857 was daar slegs 30 huise op die dorp, maar die skielike oorskakeling na volstruisboerdery en die finansiële voorspoed wat die nuwe bedryf tot gevolg gehad het, het die bevolkingsgroei laat toeneem. Oudtshoorn se bevolkingsgroei het in dieselfde tyd vinniger as sy buurdorp George, gegroei. In 1891 was die totale bevolking van Oudtshoorn 4386 terwyl dié van George 2385 was. In 1913, toe die volstruisveerbedryf op sy hoogtepunt was, was die wit bevolking van Oudtshoorn 11 243 en dié van George 6 426. [213] Die bevolkingsgroei het sosio-maatskaplike probleme tot gevolg gehad. Die meeste huise op Oudtshoorn het in daardie stadium rietdakke gehad en dit was vir baie inwoners nie moontlik om reënwater in tenks op te vang nie. Hulle was daarom genoodsaak om drinkwater vanuit die Grobbelaarsrivier met emmers aan te dra. Daar was 'n ongekende behuisingsnood, baie mense het in haglike omstandighede met gebrekkige sanitasie gewoon en agterbuurtes het ontstaan. Dié toestande het verarming tot gevolg gehad.[214]

Die vestiging van verskillende kultuurgroepe in die dorp het daartoe bygedra dat verskillende plekke van aanbidding gevestig is. Die Anglikaanse gemeente het in 1860 met 'n baie klein lidmaattal tot stand gekom en in 1875 is die Rooms Katolieke Kerk gestig terwyl die NGK in 1879 ingewy is.[215]

In die Wes- en Suid-Kaap was landboutoestande baie gunstig, maar die gebied is ook deur erge droogtes geteister. Die ergste droogte wat die Suid-Kaap getref het, was vanaf 1865 tot 1869. Gedurende Februarie 1869 het 'n brand in die Swartberge uitgebreek wat verwoesting gesaai het. Een van die boere het 488 skape in die brand verloor terwyl huise en tabakskure ook afgebrand het. Die droogte is op 23 Oktober 1869 gebreek toe geweldige donderstorms uitgebreek het en groot dele van die besproeiingsgrond, bome, en gesaaides weggespoel het. In baie gevalle het die vloei van die Grobbelaarsrivier verander en deur bestaande landerye 'n nuwe roete gevolg. Die toestand was ook by ander riviere in die distrik sigbaar. In sekere dele van die streek, byvoorbeeld die Klein Karoo waarin Oudtshoorn geleë is, het geografiese faktore soos die onbewerkbaarheid en swak gehalte van die grond, tot verarming bygedra.[216]

Gebrekkige opleiding was ook van die oorsake van verarming. Vanaf 1820 tot 1860 was die naaste skool in Swellendam geleë en vanaf 1820 tot 1860 was George die naaste sentrum vir onderrig. Sommige van die meer gegoede boere het privaat onderwysers op die plase gehad, maar vir die armblankes was daar in daardie stadium weining georganiseerde onderrig. Die Engelse gemeenskap het in 1865 'n *Grammar School* gestig, maar dis hoofsaaklik deur Engelssprekende leerders bygewoon. Onderwys het vir die Afrikaanssprekende leerders eers meer toeganklik begin raak toe die eerste meisieskool in 1869 en 'n seunskool in 1876 gestig is.[217]

Die afwesigheid van verbindingsweë met die buitewêreld het verarming in en om Oudtshoorn vererger, want boere kon nie van hulle produkte na markte vervoer nie en was dus hoofsaaklik op die plaaslike mark aangewese. Van die boere wat nie groot plase kon bekostig nie, het hulle in klein gemeenskappies langs die

---

213 CPNMA, Boehmke, Book 1, p. 54.
214 *Ibid,* p. 78.
215 *Ibid,* p. 138.
216 H. Giliomee, "Wretched folk, ready for any mischief"…. p.708.
217 CPNMA, Boehmke, Book 1, pp. 132 – 135.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

rivierlope gevestig (Sien Kaart 2). Van hulle het na die val van die volstruisveerbedryf na die dorp verhuis of die distrik verlaat. Boere het met ossewaens na Beaufort-Wes gery om nie-bederfbare voedsel daar te gaan koop en weer terug te bring. In 1880 het die boeregemeenskap ʼn petisie opgestel waarin hulle die regering gevra het om ʼn spoorlyn tussen Oudtshoorn en Klipplaat te bou. As motivering het hulle aangevoer dat togryers jaarliks 80 000 sakke koring, hawer en gars, 60 000 sweepstokke, 300 000 lbs droë vrugte per ossewa vervoer het en dat die situasie sou kon verbeter as daar ʼn spoorlyn gebou kon word.[218] Die spoorlyn is in 1904 voltooi wat die dienste van die togryers oorbodig gemaak het en so ook verarming in die hand gewerk het.

Daar was ook tekens van finansiële teenspoed in die afdelingsraad te bespeur en in die laaste ses maande van 1880 was daar ʼn bedryfstekort van £178 wat nie verhaal kon word nie.

In die konteks van die historiografiese bespreking oor die ontstaan van armoede in die Wes-Kaap, maar spesifiek in Oudtshoorn, word die ontwikkeling van wit armoede vanaf die val van die volstruisveerbedryf in 1914 tot en met 1937 bespreek (sien hoofsuk 3).

218 CPNMA, Boehmke, Book 1, pp. 14 – 115.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2

DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE DORP OUDTSHOORN TOT EN MET DIE VAL VAN DIE VOLSTRUISVEERBEDRYF IN 1914

2.1 Inleiding

Soos in die metodologie in hoofstuk een verduidelik, is dit ook nodig om 'n bondige historiese perspektief oor die ontstaansagtergrond van Oudtshoorn en sy distrik te verskaf ten einde die geografiese en sosio-ekonomiese dimensie waarbinne die studie resorteer, te kontekstualiseer. Die tema van dorpnedersetting uit die Skipp-model word in die hoofstuk gebruik deur te fokus op geografiese faktore van die streek soos water, verbindingsweë, geïsoleerdheid en afsetgebiede vir produkte. 'n Ander tema van die Skipp-model, die ekonomiese fokus, word ook in die hoofstuk ondersoek. [1]

Die ontstaansgeskiedenis van Oudtshoorn, die ekonomiese ontwikkeling van die dorp, die landbou en die vestiging van die kerk en die onderwys in die periode vóór 1914, het 'n baie belangrike rol in die lewe van die armblanke van Oudtshoorn gespeel. 'n Oorsigtelike kennis daarvan is derhalwe nodig ten einde die ontstaan van wit armoede in Oudtshoorn ten volle te begryp en te evalueer.

2.2 Die ontstaansgeskiedenis van Oudtshoorn

Izak Schrijver en sy ekspedisie was die eerste Europeërs wat vanaf die kus deur 'n lang en moeilike kloof in die Outeniquaberge getrek het. Hierdie kloof, die Attakwaskloof, het toegang tot die Klein Karoo verleen. Die Khoikhoi-stam, wat in hierdie gebied gebly het en na wie die kloof vernoem is, was die Attaquas. Die doel van die ekspedisie was om vee van die Attaquas te ruil– vandaar die naam Attakwaskloof.[2] 'n Onbekende dagboekskrywer, wat deel van die ekspedisie was, teken aan dat hulle op Vrydag 28 Januarie 1689 deur die Attakwaskloof getrek het. Dit was die aanloop tot die wit vesting wat ontstaan het in die distrik wat vandag as Oudtshoorn bekend staan.[3] Van toe af het al meer wit setlaars hulle in die gebied gaan vestig. Reeds so vroeg as 1765 het Ockert Olivier in die distrik van Oudtshoorn gevestig nadat hy 'n verlofbrief gekry het om op "… Armoed onder de Sandplaas dicht aan die Oliphants Rivier agter Attaquas Kloof ..." te gaan woon.[4]

---

1 H. Finberg & VHP Skipp, *Local History. Objective and persuit,* New Abbot, England, 1985.

2 G. Molsbergen, *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika,* Jan van Riebeeck, Deel III, Amsterdam, 1912, pp. 103 – 105; M. Boehmke and S. Goldblatt (eds), *Oudtshoorn 1689 – 1952*, Oudtshoorn, 1952, p.11.

3 M. Boehmke and S. Goldblatt (eds), *Oudtshoorn 1689 – 1952,* pp. 3 – 11; M.S. Greeff, *Eeufees Gedenkboek van die NG Gemeente Oudtshoorn,* Nasionale Handelsdrukkery Bpk., Elsiesrivier, 1952, p. 2.

4 home.intekom.com/oli4s/Ockert Armoed.htm 15 (accessed 10.03. 2015).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die toestemming is verleen op grond van die leenplaasstelsel van die Kaapse VOC-bewind waarvolgens boere kon aansoek doen om op 'n spesifieke stuk grond te boer en onderneem het om huur daarvoor te betaal. Die aansoek moes jaarliks hernu word.[5] Die naam Armoed is afgelei van die naam van 'n Khoikhoi-stamhoof, Armoeda, van wie dié gedeelte gekoop is en met verloop van tyd daar gevestig het.[6] Daar is geen twyfel dat die Khoikhoi van die eerste bewoners van die streek was nie, want daar is verskeie name in die gebied waarvan die oorsprong na die Khoikhoi-taal teruggevoer kan word. Voorbeelde hiervan is die naam Cannaland, of Kannaland, soos dit vandag bekendstaan. Kannaland is afgelei van die Khoi-woorde *canna, kanna of channa* wat gannabos (*Salsola aphylla*) beteken. Die woord kan ook afgelei word van die cannawortel wat deur die Khoikhoi geëet is. 'n Ander voorbeeld van 'n Khoi-woord is die woord Kango. Dié woord is afgelei van die twee Khoi-woorde, !*a-!kanub*, wat vlakte tussen die heuwels beteken. Ander woorde waarin Kango voorkom, is byvoorbeeld Kangoberg, Kangorivier en Kangogrotte.[7] Die Kangogebied is noord van Oudtshoorn, tussen die Swart- en Outeniquaberge, geleë. Volgens Boehmke is daar ook na Oudtshoorn as "Veldskoendorp" verwys omdat die dra van plaaslik vervaardigde veldskoene in Oudtshoorn die mode was. 'n Ander naam was ook "Knikspoordorp". Dis 'n naam wat ontstaan het as gevolg van die baie dwars waterslote oor die destydse mees suidelike straat, George Road, wat voertuie laat knik het as daar oor gery is.[8]

Die standhoudende Grobbelaarsrivier en vrugbare landbougrond langs die sytakke van die Olifants- en ander kleiner riviere het ideale landboutoestande vir die koloniste gebied. Die plantegroei in die distrik het goeie weiding vir diere gebied en vir die vestiging van akkerbou. Die onbegaanbare paaie, vêr afstande van 'n naaste dorp en kerk het bygedra tot die stigting van 'n eie dorp. Vir baie van die setlaars was 'n eie kerk- en geestelike leier die grootste behoefte. In 1855 is dié distrik van George afgesny en het die distrik Oudtshoorn in eie reg tot stand gekom. Die buurdorpe van Oudtshoorn is Prins Albert in die noorde, Mosselbaai in die suide en George en Uniondale in die ooste met Riversdal in die weste.[9]

2.2.1 Dorpstigting

Dorpserwe is in 1857 deur landmeter J Ford uitgelê en daar is voorsiening gemaak vir toekomstige uitbreiding. Daar was 465 erwe wat toegang tot leiwater gehad het en wat al langs die Grobbelaarsrivier uitgelê is.[10] Op

---

5 C.G. Botha, *Early Cape Land Tenure,* Cape Times Limited, Kaapstad, 1919, p. 3.

6 P. Steyl, *With the postcart through Houtteniqualand, Kannaland and the Langekloof,* CB Ads (Pty), George, 2009 p. 208; M.S. Greeff, *Gedenkboek van die NG Gemeente Oudtshoorn,* p. 3. Dit is nodig om kennis te neem van die oorsprong van die naam *Armoed*, want daar word in die studie dikwels na *Armoed* verwys.

7 P.E. Raper, *Streekname in Suid-Afrika en Suidwes,*Tafelberg, Kaapstad, 1972, pp. 53 – 54, 57; J. Reid, *Oudtshoorn under the skin,* Bowles Drukkery, Oudtshoorn, 2001, p. 1.

8 CP Nel Museum Argief Oudtshoorn (hierna CPNMA), M. Boehmke, The history of Oudtshoorn, Book 1, p. 56.

9 M. Boehmke and S. Goldblatt (reds.), *Geskiedenis van Oudtshoorn,* (g.p.), Maart 1952, pp. 21, 23.

10 H. Fransen, *Old towns and villages of the Cape,* Johnathan Ball Publishers, Kaapstad, 2006, p. 42; Nasionale Argief, Pretoria (hierna NASA), Argief van die Departement van Gesondheid, (hierna GES), Vol. 659, Ref 165/13: *Sanitation Oudtshoorn Cape Province,* 1 July 1914 – 30 June 1915, p. 10.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dié erwe is daar koring, tabak, hawer, groente, vrugte en later ook lusern verbou.[11] Die mees suidelike deel van die dorp was nie in erwe uitgelê nie en kon vir landboudoeleindes gebruik word en daar was 26 persone wat eienaars van sulke erwe was.[12] Volgens me. M Fischer, met wie 'n onderhoud gevoer is, het haar pa erwe gehuur waarop hy met groente en vrugte geboer het.[13]

Vanaf 1 Januarie 1858 is Oudtshoorn volgens Wet 12 van 1857 tot afdelingsraadgebied verklaar. Die eerste taak van die nuutgestigte afdelingsraad was om belasbare eiendom te evalueer en die tweede was die bou, verbetering en instandhouding van alle paaie, brûe en laagwaterbrûe.[14] Oudtshoorn is egter eers op 26 Augustus 1863 amptelik tot dorp verklaar. Die nuwe dorp se naam is aangegee as Oudtshoorn, ter ere van me Geesje Ernestina Johanna, gebore Van Rheede van Oudtshoorn. Sy was die kleindogter van Baron Pieter van Rheede van Oudtshoorn, wat destyds ter see oorlede is terwyl hy oppad na die Kaap die Goeie Hoop was om die goewerneurskap oor te neem.[15] Geesje se man was die toenmalige siviele kommissaris en landros van George.[16] Volgens 'n sensus van Maart 1875 was daar toe al 2 376 huise in die dorp en die verskillende groottes van die huise was soos volg: eenvertrekhuise, 1 202, twee- tot drievertrekhuise 623, viervertrekhuise 265, sesvertrekhuise 34, en huise met meer vertrekke 54, asook 198 ongespesifiseerde huise.[17]

Op ekonomiese gebied het die stigting van die dorp, die sosiale lewe, bestuurs- en kulturele gebied die middelpunt van die distrik begin word.

Algaande het meer boere hulle in die distrik begin vestig. In baie gevalle het hulle hul opstalle naby aan mekaar gebou. Sodoende het klein nedersettings, (sien Kaart 2) wat 'n winkeltjie, poskantoor en skool kon insluit, reg deur die distrik ontstaan.[18] Volgens die *Kieserslys vir die Landdrosdistrik van Oudtshoorn 1909* is die volgende gebiede voorbeelde van sulke nedersettings (die aantal boere per nedersetting word tussen hakies aangedui): Armoed (141), Rooiheuwel (56), Vlakteplaas (47), Dysselsdorp (45), Hazenjacht (39), Kammanassie (33), Van Wykskraal (23) en Langverwacht (22).[19]

---

11 H. Lückhoff, The Little Karoo, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit Kaapstad, Kaapstad), 1946, p. 256.

12 H. Fransen, *Old towns and villages of the Cape,* p. 42.

13 Persoonlike onderhoud, O. Stander – M. Fischer, Harmoniehof, Kamer 402, Sunnyside, Pretoria, 25 Maart 2013.

14 Landdroskantoor Argief, Oudtshoorn (hierna LKAO), Distriksrekordboek van Oudtshoorn, Funksies van Afdelingsraad, p. 88.

15 J. Reid, *Oudtshoorn under the skin,* p. 1; NASA, Vol. 659, Ref 165/13, S*anitation Oudtshoorn Cape Province,* 1 July 1914 – 30 June 1915, p. 10.

16 P.J. Nienaber, *Suid-Afrikaanse Pleknaamwoordeboek,* HAUM, Kaapstad, 1972, p. 311.

17 Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad (hierna NBSAK), Raknommer A12 – 1875, *Results of the Census of the Colonyof the Cape of Good Hope 1875,* Paul Solomon and Co, Printers, Kaapstad 1877, p. 13.

18 M. Boehmke en S. Goldblatt (eds.), *Geskiedenis van Oudtshoorn,* pp. 17 – 18.

19 CPNMA, *List of persons in the electoral division of Oudtshoorn 1909*, Government Printers, Kaapstad, 1910, pp. 2 – 93.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kaart 1 toon die vestiging van boere rondom Oudtshoorn voor die ekonomiese ineenstorting van die volstruisveerbedryf. Baie van die boere wat deel van die nedersettings was, het ná 1914 na die dorp verhuis in die soeke na ekonomiese oorlewing.



Kaart 1: Nedersettings rondom Oudtshoorn

In 1886 het die dorpsbestuur die goewerneur van die Kaapkolonie, Sir H Robinson, versoek om aan Oudtshoorn munisipale status te verleen. Hierdie versoek is in 1887 toegestaan en aanvanklik is daar drie strate uitgelê. Queen Street, tans Koninginstraat, wat die naaste aan die rivierloop is, loop in ’n noord-suid rigting. Oos van dié straat is High Street, vandag Hoogstraat, en oos van dié straat was Adderley Street, nou Adderleystraat.[20] Adderleystraat se naam was eers ”Back Street”, want dit was die straat wat die verste vanaf Koninginstraat was. St Johnstraat was vroeër ”Chapel Street”, want die bruin gemeenskap se kerk was in daardie straat geleë.[21] Die gebied in en om genoemde strate was ’n baie belangrike sakegedeelte wat deel uitmaak van hierdie studie. Hoogstraat is vandag die hoofstraat van die dorp en ’n groot gedeelte van die straat

20 P.J. Rootman, Die funksie en invloedsfeer van die stedelike gebied van Oudtshoorn, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch), 1970, pp. 9 – 11.

21 CPNMA, M. Boehmke, The history of Oudtshoorn, Book 1, p. 139.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

word deur die sentrale sakekern in beslag geneem.[22] Van Zyl het in sy navorsing bevind dat daar in 1888 drie baie duidelik afgebakende agterbuurtes in Oudtshoorn was, naamlik die deel tussen Noordstraat, Koninginstaat en St Saviorstraat; 'n tweede deel was tussen Adderleystraat, Jubileestraat en Voortrekkerstraat en die derde deel was tussen Voortrekkerstraat, Randstraat en Hofstraat. Die laaste deel het ook as Vaaldraai bekend gestaan.[23] Volgens die kieserslys van 1909 het die meeste mense van die laer inkomste groep in die noordelike deel van die dorp gewoon.[24]

Die ekonomiese opbloei van die gemeenskap het 'n positiewe invloed op die kerk gehad, maar met die ineenstorting van die volstruisveerbedryf was dit onder andere die kerk wat as redmiddel vir die lidmate opgetree het. In die volgende afdeling word aspekte rondom die dorp en gemeenskap bespreek ten einde die konteks waarbinne wit armoede afgespeel het duidelik te belig.

2.2.2 Die eerste Christelike gemeente

Van die belangrikste faktore wat aanleiding gegee het tot die stigting van die dorp Oudtshoorn, was die behoefte aan 'n eie kerkgebou. Hierdie behoefte is veral sterk deur die nedersetters gevoel omdat predikante van George, en later ook dié van Mosselbaai, slegs vir kort periodes in die loop van die jaar Oudtshoorn besoek het vir die hou van dienste en die bediening van die sakramente.[25]

Die inwoners van Oudtshoorn en distrik het dit aanvanklik baie moeilik gevind om eredienste in George by te woon as gevolg van die moeilik begaanbare bergpasse.[26] In 1813 het hulle 'n versoekskrif tot die kerkraad van George gerig waarin daar gevra is om 'n eie kerkgebou op te rig.[27] Soos die geval in baie ander distrikte, het die dorp Oudtshoorn rondom die vestiging van 'n Nederduitse Gereformeerde Kerk-gemeente (NGK) ontstaan.[28] In 1838 het die inwoners van die Attakwaskloof-, Kango- en Voor- en Bo- Olifantsrivier-wyke 'n kerkgebou laat oprig op die plaas Hartebeesrivier. Die eiendom het aan 'n boer, CP Rademeyer, behoort en die gebou was aan die onderpunt van George Road (tans Langenhovenweg). Op 'n kerkraadsvergadering te George op 26 Desember 1838 is 'n brief van Rademeyer voorgelê waarin hy die kerkgebou en vyf morge (4,28

---

22 P.J. Rootmann, "Die funksie in invloedsfeer ", pp. 9 – 11.

23 D. van Zyl, Natuurlike gebiede in Oudtshoorn. 'n Inleidende studie tot die Maatskaplike ekologie van 'n plattelandse dorp, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch), 1944, kaart 8, p. 148.

24 CPNMA, *List of persons in the electoral division of Oudtshoorn 1909*, Government Printers, Kaapstad, 1910, pp. 2 – 93.

25 J. Burman, *The Little Karoo,* HAUM, Pretoria, 1981, p. 100.

26 KCAB, Bron 56979, vol 164, File 476/10, Notebook 1, Oudtshoorn, 11 Maart 1929, p. 13.

27 A. Appel, Die distrik Oudtshoorn tot die tagtigerjare van die 19de eeu: 'n sosio-ekonomiese studie, (Ongepubliseerde DPhil-proefskrif, Universiteit van Port Elizabeth), 1980, pp. 220 – 221.

28 P.J. Roothmann, "Die funksie in invloedsfeer", p. 5.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hektaar)[29] grond vir die kerkraad aangebied het. Die aanbod is aanvaar en in April 1839 is die gebou ingewy.[30] Die nuwe kerk het sitplekke vir 500 lidmate gehad.[31]

Na vele onderhandelings met die Ring van Swellendam, onder wie die gemeentelede geresorteer het, het die gemeente van Oudtshoorn op Saterdag 15 Oktober 1853 tot stand gekom. Die gemeentelede het besef dat die ligging van die kerk onprakties was en op 16 Mei 1857 is daar besluit dat 'n nuwe kerk in die middel van die dorp gebou moes word. Dié nuwe kerk is op 7 Junie 1879 ingewy.[32] In daardie stadium was die bevolking van Oudtshoorn tussen 400 en 500 mense.[33] Kort na die stigting van die gemeente het die dorp begin ontwikkel en baie gou sy eie identiteit gekry met die vestiging van sakepersele, residensiële gebiede en opvoedkundige instellings.[34] Die rol wat die kerk gespeel het tot die verligting van armoede word in hoofstuk vier bespreek.



35

Figuur 1: Inwyding van NG Kerk, 7 Junie 1879

(Foto: CPNMA, 143, D3D)

29 1 morg = 0,8567 hektaar.

30 M.S. Greeff, "*Eeufees gedenkboek",* pp. 14 – 43; J. Burman, *The Little Karoo*, p. 101.

31 CPNMA, M. Boehmke, The history of Oudtshoorn, Book 1*,* p. 90.

32 M.S. Greeff, "*Eeufees gedenkboek"*, 1952, pp. 14 – 43; J. Burman, *The Little Karoo*, p. 101.

33 B.J. van de Sandt, *Cape of Good Hope Almenac and Annual Register,* J vd Sandt, Cape Town, 1848, p. 165.

34 P.J. Rootman, "Die funksie in invloedsfeer", p. 6.

35 CPNMA, Inwyding van die NG Kerk, Foto no 143, D3D.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Op religieuse gebied was die gemeenskap van Oudtshoorn gekenmerk deur diversiteit.[36] Die Christelike geloof was verreweg die sterkste geloof met die NGK as hoofsetel op Oudtshoorn, maar later is NG-gemeentes ook op Calitzdorp, Volmoed, De Hoop en De Rust gestig. Verder is daar ook gereeld buitedienste op talle plekke gehou. Buiten die dienste, katkisasie en Sondagskool wat aangebied is, was daar ook ’n aktiewe Christelike Jongeliedevereniging (CJV). Soos die Oudtshoorn-gemeente het hierdie vereniging ’n baie groot rol onder die jeug van die dorp en distrik gespeel om hulle geestelik te versterk, veral in tye van armoede.[37] Dié gemeente het ’n baie belangrike rol gespeel ten opsigte van die versorging van behoeftige lidmate. Op die eerste kerkraadsvergadering van 1914 is daar byvoorbeeld toestemming verleen om finansiële hulp aan me. J Bezuidenhoudt, Conrad van der Westhuizen en me. M Amil te gee. ’n Groot deel van die pastorietuin is vir die verbouing van lusern afgestaan. Die lusern is gedurende nagmaalnaweke as perdevoer vir die lidmate se perde gebruik.[38] Op die laaste kerkraadsvergadering van 1937 is daar besluit om 10s aan ’n behoeftige lidmaat, ene Daniël Douglas, te gee. Die kerkraad het besef dat die opvoeding van die jeug belangrik is en daarom is aan twee dames, me Hester Kuyler en me. Mary Minnie, elk £25[39] uit die opvoedingsfonds gegee vir verdere studie in 1938.[40]

Die Engelssprekende inwoners van die dorp was meestal lidmate van die Anglikaanse Kerk. Hierdie gemeente het op Oudtshoorn bekend gestaan as die Gemeente van St Judes.[41]

[42]

Figuur 2: St Judes Kerk in Oudtshoorn

(Foto: CPNMA,D3S)

---

36 A. Appel, “Die distrik Oudtshoorn”, p. 245.

37 *Ibid.*, p. 244.

38 N.G.Kerk Argief, Stellenbosch, (hierna NGKA), GEM (Gemeentes), K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 26 Januarie 1914, p. 91.

39 In die sterling-geldstelsel is bedrae hoofsaaklik is ponde (£), sjielings (s) en pennies (d) aangedui. ’n Bedrag sou tipies geskryf word as £1 6s 3d. Suid-Afrika het in 1961 na die desimale geldstelsel omgeskakel, maar met die wisselende (R) (£)-koers is dit nie prakties om in die studie £ na R om te skakel nie.

40 *Ibid.,* 9 Oktober 1937, p. 148. Die gemeente se betrokkenheid by die verligting van armoede word in Hoofstuk 4 volledig bespreek.

41 A. Appel, “Die distrik Oudtshoorn”, pp. 220 – 225. (Sien Figuur 2).

42 CPNMA, St. Judes kerk Oudtshoorn, D3S.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.2.3 Landbou

Die ontwikkeling van akkerbou aan die Kaap, kort na die stigting van die VOC-verversingspos, was uiters moeilik, want die onbewerkte grond het baie arbeid vereis en arbeid was skaars en duur. Die gebrek aan landbougereedskap en die wisselende klimaatsomstandighede het daartoe bygedra dat baie boere veeboerdery as ʼn ekstra bedryf begin beoefen het. Sodoende is veeboerdery stelselmatig aan die Kaap gevestig en was dit aan die begin van die 18de eeu reeds ʼn sterk ontwikkelde bedryf. Die onvermydelike gevolg hiervan was dat daar sedert die begin van 1703 ʼn stelsel van weiregte ingestel is. Weiregte is aan boere uitgereik om vir drie maande tot ʼn jaar op ʼn bepaalde plek te mag bly. Die nuwe vorm van grondbesit het as die leningplaasstelsel bekend gestaan en met verloop van tyd het boere die gebruiksreg verkry om die plase te bewerk. Hulle het selfs die reg verkry om deur die verkoop van hulle grond hul weiregte aan mekaar oor te dra.[43]

Die ontwikkeling van landbou in ʼn streek word bepaal deur die klimaat en die ligging van die streek en soms moet boere, ten spyte van natuurlike beperkinge en moeilike omstandighede, die boerderye uitbou om ʼn bestaan te kan maak.[44] Die eerste boere wat hulle in die Oudtshoorn-gebied kom vestig het, was nomadiese veeboere. Boerdery in Oudtshoorn het weerskante van die Grobbelaars- en Olifantsriviere ontwikkel, want die grond was vrugbaar en water was beskikbaar.[45] (Sien Kaart 2) Dit het spoedig vir die nedersetters duidelik geword dat graan daar goed aard, dat wingerde uitstekend in die ryk alluviale grond wortelskied en dat verskillende vrugtesoorte daar gedy. Teen die middel van die negentiende eeu het daar in die hele streek gevestigde en uitgebreide gemengde boerderye bestaan. Sodoende is die grondslag vir ʼn ekonomiese wisselwerking tussen dorp en distrik gelê wat grootliks tot die sosiaal-ekonomiese ontwikkeling van die gebied bygedra het. Ekonomiese kontakte en algemene kommunikasie met ander distrikte het die streek toenemend met ander dele van die kolonie betrokke laat raak.[46] Die boere het aanvanklik hulle produkte eers net na markte in George en Mosselbaai vervoer, maar dit was problematies as gevolg van die swak toestand van die paaie. Van die kleinboere was ook nie finansieel in staat om hulle produkte oor lang afstande te vervoer nie.[47] In Mei 1880 is roltabak, hawer, droë vrugte, okkerneute, huide en sweepstokke na die mark in George vervoer om daar verkoop te word.[48] Op 13 Julie 1880 is ʼn versoekskrif deur die boere opgestel vir die bou van ʼn spoorlyn tussen Oudtshoorn en Klipplaat. Klipplaat is oos van De Rust en was ʼn belangrike spoorwegaansluiting tussen

---

43 A. Appel, "Die distrik Oudtshoorn", pp. 4 – 6.

44 F. Ferreira, *Handbook for farmers in South Africa,* Government Printers, Pretoria, 1957, p. 114.

45 D. van Zyl, Natuurlike gebiede in Oudtshoorn, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch), Stellenbosch, 1944, pp. 29 – 38.

46 A. Appel, "Die distrik Oudtshoorn", p. 117.

47 Killie Campbell Africana Biblioteek, Universiteit Kwazulu Natal, Durban, E.G. Malherbe Versameling (hierna KCAB, 56979) , Vol 164, File 476/10, Notebook 2: Oudtshoorn, 11 Maart 1929, p. 13; (Die Carnegie-kommissie se taak was om navorsing oor die armoede van die witmense in Suid-Afrika te doen. Waar daar in die studie na die Carnegie-kommissie se bevindinge verwys word, moet dit teen dié agtergrond gelees word. Malherbe se geskrewe dokumentasie is in notaboeke gedoen en hulle is getitel as *Noteboook* en die reeks vir die studie, strek tot by nommer 4).

48 CPNMA, M. Boehmke, Book 1, p. 71.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Port Elizabeth en Oudtshoorn. As motivering het hulle die waarde genoem van die volgende produkte wat daardie jaar in die distrik verbou soos in Tabel 2 vervat.

Volstruisvere	£ 120 000,00
Tabak	£ 50 000,00
Hawer	£ 80 000,00
Sweepstokke van bamboes	£ 6 000,00
Brandewyn en wyn	£ 28 000,00
Droë vrugte	£ 3 750,00
Okkerneute en amandels	£ 1 800,00
Velle	£ 15 000,00
TOTAAL:	**£ 305 350,00**

[49]

Tabel 2: Waarde van produkte wat in 1880 in Oudtshoorn verbou is

(CPNMA, M. Boehmke, The history of Oudtshoorn)

Die ekonomie het positief begin groei en die belasbare inkomste uit die produkte tussen 1875 en 1880 was £16 487 00.[50] Tabel 2 illustreer die inkomste uit akkerbou, maar die boere kon nie hulle produkte vir uitvoer aanbied nie, as gevolg van gebrekkige verbindingsweë. Oudtshoorn en distrik is gereeld aan erge droogtes blootgestel. Aan die noodsaaklikheid om water in Oudtshoorn te bewaar, was daar dus geen twyfel nie. Onvoldoende gebruikmaking van beskikbare water het daartoe gelei dat periodieke droogtes in die negentiende eeu nog baie skade aan boerderye berokken het.[51] Die waarde van water deur van leivore gebruik te maak, is stadigaan besef. In Oudtshoorn is aanvanklik in dié behoefte voorsien deur die vloei van fonteine na die Olifantsrivier en sy takriviere af te lei. Water is uit dié riviere met leivore na landerye gelei.[52] Later is water ook in kleinerige plaasdamme bewaar. Op 2 November 1880 het die dorpsraad ŉ brief van die Kommissaris van Lande ontvang waarin toestemming gegee is dat ŉ dam vir drinkwater op die plaas van me Melville gebou kon word. Boehmke en Goldblatt verwys na 1896 as een van die droogste jare in die kontrei se geskiedenis. Drinkwater is vanuit die Kango, die gebied noord van die dorp, aangery en is vir ses pennies ŉ emmer verkoop.[53] ŉ Opgaardam wat drinkwater aan die dorp sou voorsien, is eers na die Anglo-Boereoorlog gebou. Die hele skema is teen ŉ koste van £80 000 voltooi.[54]

---

49 CPNMA, M. Boehmke, The history of Oudtshoorn, Book 1, p. 71.
50 *Ibid.,* p.71.
51 W.J. Steenkamp, "Die wêreld van CJ Langenhoven", Vol. 7, *Geo-Stell*, g.d., p. 6.
52 *Ibid.,* p. 33.
53 M. Boehmke en S. Goldblatt, *Oudtshoorn 1689 – 1952,* p. 24.
54 CPNMA, M. Boehmke, The history of Oudtshoorn, Book 1, pp. 71 – 72.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'n Goeie besproeiingstelsel is nodig vir water-afhanklike landbougemeenskappe en as daar nie daarvoor voorsiening gemaak word nie, kan die boerdery nadelig beïnvloed word. Die landboustreek van die Oudtshoorn-landdrosdistrik is deel van die Klein Karoo wat 'n vallei vorm tussen die Klein en Groot Swartberge in die noorde en die Lange- en Outeniquaberge in die suide. Aan die oostelike kant word die vallei deur die Kamanassieberge verdeel. Wes van Oudtshoorn, in die nabyheid van Calitzdorp, kom die Rooiberge en Gamkaheuwels voor. In die Oudtshoorn-distrik is die belangrikste riviere die Kamanassie-, Olifants- en Grobbelaarsriviere.[55] Die Olifantsrivier vloei deur die distrik en smelt wes van Calitzdorp met die Gamkarivier saam. Die Olifantsriviervallei is die hoofvallei van die streek, maar aan weerskante, na die Swartberg in die noorde en die Outeniquaberge in die suide, strek kleinere valleie met ryk alluviale grond.[56] Besproeiing sou dus maklik in die valleie kon plaasvind, want daar was volop water.[57]

Reeds in 1882 het BJ Keyter, Lid van die Volksraad (LV) in die Parlement, vir besproeiingswetgewing gepleit,[58] en in 1898 is die *Oudtshoorn Water Supply Bill* deur die koloniale parlement aanvaar.[59] Dieselfde wet is in 1904 hersien.[60]

2.2.3.1 Veeboerdery

Veeteelt is uit sy aard baie afhanklik van die natuur en sy wisselvallighede. Suid-Afrika is by uitstek 'n veeteeltland. Soos reeds genoem, het die eerste setlaars hulle as veeboere in hierdie streek kom vestig. Vandaar die verskynsel dat baie plaasname met die woord "kraal" eindig. Voorbeelde hiervan in Oudtshoorn se distrik is Bakenskraal, Dyselskraal, Waaikraal, Doringkraal en Grootkraal.[61] Volgens Appel was bokboerdery, perdeteelt en trekosse van die grootste boerdery-aktiwiteite in die eerste twee dekades van die negentiende eeu.[62] Bokke kan onder baie ongunstige omstandighede makliker oorleef as skape en daarom is daar aanvanklik met bokke geboer.[63] Mettertyd het dieselfde boere die grond langs die vrugbare riviere begin bewerk en het akkerbou stelselmatig begin ontwikkel.

Na die val van die volstruisveremark in 1914 in die Oudtshoorn-distrik het die suiwelbedryf uitgebrei en is dit meer kommersieel bedryf. Party volstruisboere het toe na melkboerdery oorgeskakel. Die bedryf het vinnig ontwikkel en in 1926 is 'n suiwelfabriek, Imperial Cold Storage (ICS), op die dorp opgerig. Die fabriek se produksievermoëns was 1 000 gellings melk per dag, maar die droogte van daardie jaar het veroorsaak dat daar

---

55 M. Leiboldt en A.P. Melck, *Ondersoek na die ekonomiese groeipotensiaal van Oudtshoorn,* Buro vir Ekonomiese Ondersoek, Universiteit van Stellenbosch, 1980, pp. 21 – 22.

56 NASA, Vol 1/2/32, Ref PM 7/14, *Farming economic conditions in the district of Oudtshoorn,* p. 2.

57 M. Boehmke and S. Goldblatt, *Oudtshoorn 1689 – 1952,* p. 41.

58 NBSAK, Raknommer A12 – 1898, *Oudtshoorn Water Supply Bill,* Paul Solomons and Co. Printers, Cape Town, 1899, pp. 1 – 43.

59 *Ibid.,* pp. 1 – 43.

60 *Ibid.,* pp. 1– 13.

61 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/10, Notebook 2: Oudtshoorn, 12 Maart 1929 p. 18.; CPNMA, M. Boehmke, The history of Oudtshoorn, Book 1, p. 54.

62 A. Appel, "Die distrik Oudtshoorn", pp. 102 – 103.

63 R. Wallace, *Farming Industries of Cape Colony,* PS King and Son, Londen, 1896, p. 323.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aanvanklik net 400 gelling[64] in 1926 gelewer is.[65] Die nuwe fabriek is vir die maak van kaas, botter, spek en vir die stoor van bederfbare plaasprodukte opgerig. Die fabriek is naby die treinstasie gebou sodat vervaardigde produkte per trein versend kon word.[66]

2.2.3.2 Akkerbou

Gemengde boerdery is teen c 1850 in die Klein Karoo begin beoefen.[67] Die grootste gedeelte van die bevolking was by landbou betrokke wat meegebring het dat gemengde boerdery min of meer eweredig oor die hele gebied versprei was.[68] Die hoë vrugbaarheid van oewergronde en die beskikbaarheid van leiwater in die distrik is deeglik benut. Teen die tweede dekade van die negentiende eeu was graanverbouing 'n gevestigde boerdery. Koring en gars het die grootste deel van die oeste uitgemaak.[69] Die Oudtshoorn-distrik het ook sedert 1820 koring aan die Britse Setlaars in die Oos-Kaap gelewer.[70] Na die ontdekking van diamante en sedert die ontginning van die goudmyne in Suid-Afrika in die tweede helfte van die negentiende eeu het daar 'n skielike toename in die verbruik van koring ontstaan. Plaaslike produksie kon nie in die totale behoefte voorsien nie sodat koring ingevoer moes word.

Sedert 1865 was tabak die belangrikste akkerbouproduk van die Klein Karoo en tussen al die skommelinge van die volstruisbedryf, het die tabakbedryf standvastig gebly.[71] Tabak was die hoofbron van inkomste vir baie kleinboere en vir die staat was dit 'n bron van inkomste in die vorm van aksynsbelasting. Ten tye van die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 was daar egter 'n algemene tekort aan tabak in Suid-Afrika. Die toenemende bevolking het veroorsaak dat die plaaslike tekort vanaf die Verenigde State van Amerika en later ook van Suid-Rhodesië aangevul moes word.[72]

Katoen is ook vir 'n kort periode in Oudtshoorn verbou en is gereeld per trein vanaf Le Roux-stasie, De Rust-distrik, na Durban gestuur. In Durban was daar 'n katoenmeule en die vraag na katoen as 'n plaasvervanger vir wol was in daardie stadium groot.[73]

---

64 1 gelling = 4,546 liter.

65 CPNMA, Aschmad-versameling, *Cape Times,* August, 1926.

66 CPNMA, *Oudtshoorn Courant,* 05 Februarie 1930, p. 12 (Totstandkoming van 'n Ko-öperatiewe Melkery).

67 A. le Roux, 'n Historiese ondersoek na die ontwikkeling van landbou in Oudtshoorn en sy distrik, 1914 – 1980, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch), 2013, p. 56.

68 A. Appel, "Die distrik Oudtshoorn", p. 104.

69 A. Appel, "Die distrik Oudtshoorn", pp. 104 – 105.

70 M. Boehmke and S. Goldblatt (eds.), *History of Oudtshoorn,* p. 39.

71 J. Burman, *Towards the far horizon,* Human & Rossouw, Cape Town, 1988, p. 108.

72 F. Ferreira, *Handbook for farmers in South Africa,* pp. 59, 67.

73 CPNMA, *Oudtshoorn Courant,* 30 November 1925, p. 14 (Oudtshoorn Cotton).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Lusern is die eerste keer in 1880 in Oudtshoorn verbou.[74] CF Scholtz, Oudtshoorn se tweede landdros, was die eerste persoon wat lusern in die dorp verbou het.[75] In Oudtshoorn is lusern stelselmatig begin verbou, want die plant het 'n groot proteininhoud en is baie voedsaam om goeie gehalte volstruisvere te produseer. [76] Die grondsamestelling van die Oudtshoorn-distrik is ideaal vir lusernbou, want dit is goed gedreineer, het 'n hoë kalkinhoud en is baie diep.[77] Ander akkerbouprodukte wat ook met groot sukses verbou is, was lusernsaad en groentesaad.[78]

2.2.3.3 Volstruisboerdery

Tydens die Izak Schrijver-ekspedisie se besoek aan die streek in 1689 het hulle groot troppe wilde volstruise waargeneem. Selfs uit die baie San-tekeninge in die grotte van die Klein Karoo kan afgelei word dat die San volstruise en die produkte van die volstruis gebruik het.[79] In 1858 is die eerste 557 pond (lb) (252,651 kg) volstruisvere uit Suid-Afrika uitgevoer. Teen 1861 het hierdie uitvoerhandel reeds £3 425 beloop en in die volgende jaar was dit £7 061. Die styging in die uitvoerhandel was te danke aan die feit dat die voëls mak gemaak is.[80]

Die jaar 1863 word deur die industrie beskou as die amptelike aanvangsdatum van die volstruisbedryf in die Oudtshoorn-distrik.[81] Die koms van die volstruisbedryf het veroorsaak dat die inwonergetalle van die dorp begin styg het en die demografie van die gemeenskap in daardie stadium was volgens die sensus van Maart 1865 soos volg: 12 077 inwoners in die dorp wat bestaan het uit 6 091 witmense, 4 846 bruinmense en 1 140 van ander rasse. Die getalle het begin groei en met die sensus van Maart 1875 was die totale bevolking 15 181 en die samestelling soos volg, 7 925 witmense, 6 037 bruinmense en 1 219 van ander rasse.[82] Dit het 'n groei van 25,07 persent getoon en die digtheid van die bevolking per vierkante myl het vanaf 6,78 persent in 1865 na 8,52 persent in 1875 gestyg.[83]

Eers vanaf 1870 het Oudtshoorn die hoofsentrum van volstruisboerdery in Suid-Afrika geword, want die klimaat was ideaal − droog en warm. Tog was daar genoegsame besproeiingswater vir die kweek van lusern

---

74 P. Buirski, Aspects of material life in Oudtshoorn 1860 – 1927, (Ongepubliseerde Hon.-tesis, Universiteit van Kaapstad), Kaapstad, 1983, p. 37.

75 E. Boemhke and S. Goldblatt, *History of Oudtshoorn,* p. 8.

76 A. Jansen, "The home of the ostrich", *Agricultural Journal of the Union of South Africa,* Vol III, (28), 1928, p. 462.

77 H. Lückhoff, *The Little Karoo,* p. 149.

78 P. Buirski, Aspects of material life in Oudtshoorn 1860 – 1927, p. 35.

79 M. Leibold en A.P. Melck, *Ondersoek na die ekonomiese groeipotensiaal van Oudtshoorn,* Buro vir Ekonomiese Ondersoek, Stellenbosch, 1980.

80 H.C. Hopkins, *Ned. Geref. Kerk Calitzdorp 1873 – 1973,* NG Kerk Uitgewers, Kaapstad, 1935, p. 129.

81 F. Goldie, *The Golden Bird,* Garnet Publication, Durban, 1964, p. 46; H. Lückhoff, The Little Karoo. p. 115.; S. van Waart, *Die Goue Kameelvoël en die verhaal van die Klein Karoo,* Edson-Clyde Press, Kaapstad, 1995, p. 5.

82 NBSAK, Raknommer A 12 – 1875, *Results of a census of the Colony of the Cape of Good Hope, 7 March, 1875,* Saul Solomon and Co Printers, Kaapstad, 1877, p. 5.

83 *Ibid.,* p.8.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

as volstruisvoer.[84] Die oorskakeling na volstruisboerdery het ʼn groot impak op die landbou in Oudtshoorn gehad. Die begin van die volstruisveerbedryf in 1863 het boere genoodsaak om heinings te span,[85] want hulle plase moes met draad toegekamp word en kampe moes aangebring word. Die hoë inkomstes wat uit die volstruisboerdery behaal is, het gelei tot hierdie groot verbeterings op plase, asook die aanlê van besproeiingskanale uit die Olifantsrivier.[86] Volstruise is hoofsaaklik op lusern gevoed en lusern was weer van besproeiing afhanklik. [87] Die oprigting van windpompe om water aan die volstruise te voorsien, het ʼn verdere verandering op die plase meegebring. Aanvanklik was dit duur om ʼn windpomp op te rig, maar met die abnormale hoë verepryse wat voor 1914 behaal is, was die boere finansieel in staat om windpompe op volstruisplase op te rig. Dit het gehelp om die impak van die herhalende droogtes teen te werk.[88]

Volstruisboerdery was reeds vanaf 1871 ook in die vrugbare valleie van die Calitzdorp-gebied, wat deel van die Oudtshoorn-distrik was, gewild.[89] Volstruisboerdery het ook na ander grensdistrikte soos Bo-Langkloof en Montagu begin versprei. In dié distrikte is wingerde en vrugteboorde uitgehaal en met lusernlande vervang. Die voorspoed en laagtepunte van die volstruisbedryf is ook in dié gebied ondervind.[90]

In 1882 was daar nagenoeg 1 000 000 volstruise in die Kaapkolonie en dit word amptelik beskou as die eerste bloeitydperk van die volstruisbedryf.[91] Teen 1883 was volstruisboerdery in groot dele van die Kaapkolonie al ʼn gevestigde bedryf. Op 7 Augustus van daardie jaar het ʼn boer, ene De Wet, die gekose komitee van die koloniale parlement meegedeel dat hy die afgelope vyf jaar in die distrik van Somerset-Oos met volstruise geboer het,[92] met ander woorde, hy het al vanaf 1878 in die oostelike deel van die kolonie met volstruise geboer. Op dieselfde dag het ene Van Rensburg van Cradock berig dat hy met tussen twee- en driehonderd volstruise geboer het en dat omtrent elke boer in daardie distrik ook met volstruise geboer het.[93] Ene Watson, vanaf Victoria-Wes, het verklaar dat hy toe reeds die afgelope tien jaar met volstruise in daardie distrik geboer het.[94] Die verslag is afgesluit met ʼn vermelding van die prokureur-generaal van die kolonie dat daar vanaf Wellington, Calitzdorp en Oudtshoorn en selfs tot in die Oos-Kaap met volstruise geboer is.[95]

---

84 L. Nel, *The Garden Route and Little Karoo,* STRUIK, Kaapstad, 2003, p. 163.; J. Reid, *Oudtshoorn under the skin,* p. 1.

85 B.J. van de Sandt, *Cape of Good Hope General Directory and Year Book,* Cape Town, 1850, p. 255.

86 CPNMA, *Oudtshoorn Courant*, 3 September 1879 (Besproeiingskanale).

87 S. Archer, ”Technology and ecology in the Karoo”, *Journal of Southern African Studies,* 26(4), 2000, pp. 120 – 121.

88 S. Archer, “Technology and ecology in the Karoo”, pp. 120 – 121.

89 H.C. Hopkins, *Ned. Geref. Kerk Calitzdorp 1873 – 1973,* p. 129.

90 H.C. Hopkins, *Ned. Geref. Kerk Calitzdorp 1873 – 1973,* p. 130.

91 S. van Waart, *Die Goue Kameelvoël en die verhaal van die Klein Karoo,* Edson-Clyde Press, Kaapstad, p. 5. Sien ook A.W. Carruthers, *Official Year Book of the Union,* No. 2, 1918 p. 430 en No 8, 1925, pp. 428, 429 waar die makmaak van volstruise bespreek word tot en met die val van die bedryf in 1914 toe die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek het. (Sien tabelle 2 en 3).

92 NBSAK, A12 – 1883, *Report of the select Committee on Domestication & Wild Ostriches,* Saul Solomon and Co Printers, 1885, Cape Town, pp. 1 – 29.

93 *Ibid.*, p. 4.

94 *Ibid.,* p. 5.

95 *Ibid.,* pp. 6 – 7.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierna het die volstruisbedryf 'n insinking beleef. In 1889 het 'n gekose komitee van die koloniale parlement in Kaapstad vergader om 'n amendement tot Wet 24 van 1875, *Domestication & Wild Ostriches,* aan te beveel. Van die lede was van mening dat daar toe, as gevolg van die insinking, baie meer volstruise wild in die veld rondgedwaal het, want daar was nie meer so 'n groot aanvraag vir volstruisvere nie omdat die pryse baie gedaal het.[96] Die persone wat voor die komitee getuig het, was almal van mening dat wilde volstruise in die veld vir hulle werkers 'n gevaar ingehou het en dat dié voëls ook hulle veld vernietig het. Die algemene gevoel was dat Wet 24 van 1875 nie genoegsame beskerming teen wilde volstruise gebied het nie en dat die genoemde wet aangepas moes word.[97]

Volstruisboerdery het voor die insinking veroorsaak dat die waarde van eiendomme op die dorp, sowel as op die plase, die hoogte in geskiet het. In 1863 was die totale waarde van eiendomme op Oudtshoorn £40 000 en in 1881 £80 640.[98] In 1879 is 400 morge (342,68 hektaar) weiveld vir £1 000 verkoop terwyl dieselfde stuk grond drie jaar vantevore vir £130 gekoop is.[99] Dié styging in die grondpryse het veroorsaak dat slegs die meer gegoede boere grond kon koop en gevolglik het die kleinboere verarm. Die feit dat volstruisboerdery grootliks 'n arbeids-ekstensiewe bedryf was, het daartoe bygedra dat baie kleinboere hulle eiendomme moes verkoop en dus verarm het. Die inkomste uit die volstruisbedryf was hoër as dié uit koring en ander landbouprodukte. Die aanvraag na die landbouprodukte het ook begin afneem en daar was nie meer 'n mark vir die produkte nie. Dié klemverskuiwing het bygedra tot verarming van kleinboere.[100] Die uitvoer van volstruisvere na Europese lande asook Amerika het begin toeneem. In 1887 was daar 'n advertensie in die Amerikaanse, *Hill's Milliners' Gazette* waarin hoede met vereversierings te koop aangebied is.[101]



96 NBSAK, A12 – 1889, *Report of the select Committee on Domestication & Wild Ostriches,* Saul Solomon and Co Printers, 1895, Cape Town, p. 2.

97 *Ibid.,* pp. 27– 29.

98 CPNMA, M. Boehmke, The history of Oudtshoorn, Book 2, p. 14.

99 CPNMA: *Oudtshoorn Courant*: 3 September 1879 (Besproeiingskanale).

100 P. Buirski, Aspects of Material life in Oudtshoorn, 1860 – 1927, p. 20; A. Le Roux, "'n Historiese ondersoek", p. 45. Die klemverskuiwing in die landboubedryf van Oudtshoorn as bydraende oorsaak tot verarming word verder in hoofstuk 3 bespreek.

101 Anon.,Hill's Milliners' Gazette, *Our spring and summer special*, Vol VI, No. 9, New York, May 1887, p. 15.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Figuur 3: Hoed getooi met volstruisvere

In die modebedryf was daar ŉ al groter aanvraag na volstruisvere en modebase soos Coco Chanel het volstruisvere gebruik vir die afronding van uitrustings.

[102]

Figuur 4: Uitrustings met volstruisvere getooi

Figure 3 en 4 illustreer die gebruik van volstruisvere deur die modeontwerpers in Europese lande, maar ook in Amerika. Dit was die toetrede van die volstruisveer tot die modewêreld wat ekonomiese voorspoed in Oudtshoorn teweeg gebring het.

Gedurende 1890 het die volstruisindustrie geleidelik die distrik se hoof ekonomiese bedryf begin word. Met die sensus van 1891 was daar 27 000 volstruise in die distrik en in 1895 was daar 35 000. Die jaarlikse inkomste

[102] www.vintagedancer.com/1900's, history and fashion, (accessed, 8.07. 2015).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

uit volstruisvere het £100 000 beloop.[103] In die Standard Bank-inspekteursverslag van 1895 is genoem dat daar in feitlik die hele distrik met lusern en volstruise geboer is. Twee jaar later (1897) is daar in die inspekteursverslag genoem dat die drie produkte wat die meeste geld in die gemeenskap ingebring het, volstruisvere (£150 000), tabak (£30 000) en brandewyn (£15 000) was.[104]

Baie van die boere het geleidelik vanaf akkerbou na volstruisboerdery begin oorskakel, want volstruisboerdery was minder arbeidsintensief. Volstruise oorleef maklik van lusern en kan ook met gemak van droë lusern oorleef. Dié skuif het veroorsaak dat baie van die boere wat voorheen in afgesonderde dele van die Klein Karoo geleef het, toe finansieel beter daaraan toe was. Sodoende het ’n nuwe soort boer in die Klein Karoo verrys, naamlik die verebaron.[105] In 1896 was die aantal volstruise in Oudtshoorn 54 663. Dit was drie maal meer as in enige ander distrik in die Kaapkolonie. Hierdie sukses kan toegeskryf word aan die suksesvolle verbouing van lusern in die distrik van Oudtshoorn. In dieselfde jaar is ’n kaart gepubliseer waarop die verspreiding van volstruise geïllustreer word.[106] Volstruisboerdery is in Oudtshoorn as ’n winsgewende boerdery gevestig en volgens JH Schoeman, die parlementslid vir Oudtshoorn, was daar in 1907 meer as tweehonderd verekopers geregistreer.[107]



Kaart 2: Grootste konsentrasie volstruise in die Unie tot 1914

Volgens kaart 2 was die grootste konsentrasie volstruise in die Unie van Suid-Afrika in die Oudtshoorn-distrik en dit word in geel aangedui. Die gebied waar die tweede meeste volstruise aangetref is, word in ligbruin aangedui en sluit die distrikte rondom Somerset-Oos in. Rondom Graaff-Reinet is die derde meeste aangetref en word in ligpers aangedui. Klimatologiese faktore soos lae reënval en droë klimaat het ’n bydraende rol gespeel tot die vestiging van volstruisboerdery oos van Oudtshoorn. In die distrikte van Calitzdorp, Ladismith

103 Standard Bank Argief Bewaarplek, (hierna SBA), Inspekteursverslag, Vol 1/1/122, 1895, p. 17.
104 *Ibid.*, Inspekteursverslag, 1897, p. 22.
105 P. Buirski, Aspects of material life in Oudtshoorn 1860 – 1927, p. 24.
106 R. Wallace, *Farming Industries of Cape Colony,* J.C. Juta, Cape Town, pp. 223, 233. (Sien ook kaart 3).
107 NBSAK, A12 – 1907, *Report of the select committee on the checking of theft of skins, hides & ostrich feathers*, Saul Solomon and Co Printers, Cape Town, p. 27.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en Van Wyksdorp is ook met volstruise geboer, maar nie in groot getalle nie. Die hoeveelheid volstruise in die verskillende distrikte is in Tabel 3 aangetoon.

DISTRIK	**SENSUS: Des 1911**	**SENSUS: Des 1913**	**SENSUS: 30 Junie 1916** 18 mde en ouer	**SENSUS:** Jonger as 18 mde	**TOTAAL**
Aberdeen	15 433	24 790	9 257	1 080	10 337
Albanie	40 432	38 792	18 158	1 222	19 380
Alexandria	21 102	24 290	12 531	531	13 062
Graaff-Reinette	26 839	28 591	14 027	1 172	15 199
Ladismith	29 450	33 564	19 328	2 713	22 041
Oudtshoorn	110 578	109 985	64 005	5 110	69 115
Riversdal	22 668	22 883	8 975	1 372	10 347
Somerset-Oos	35 547	34 437	12 411	1 640	14 051
Steytlerville	20 311	25 577	10 694	1 085	11 779
Swellendam	26 004	26 684	11 210	986	12 196
Uitenhage	38 208	43 076	18 972	2 360	21 332
Willowmore	24 425	26 531	8 154	2 763	10 917
TOTAAL	**411 597**	**439 200**	**207 722**	**22 034**	**229 756**

[108]

Tabel 3: Die verspreiding van volstruise in distrikte van die Kaapprovinsie

In Tabel 3 word die dalende volstruisgetalle in Oudtshoorn aangedui. Dit op sigself het 'n rimpeleffek op die ekonomiese oorlewing van die hele gemeenskap gehad. Dit was nie net die volstruisboere wat gesukkel het om te oorleef nie, maar ook ander sektore soos die besighede op die dorp. Die daling in volstruisgetalle in ander distrikte het nie so 'n negatiewe impak op daardie distrikte gehad nie, want daar was ook alternatiewe boerderysoorte.

Tog het die volstruisgetalle nie net in Oudtshoorn baie vinnig vermeerder nie, maar ook in ander dele van die Kaapkolonie. Tot en met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 het die boere van Oudtshoorn 17,25% van alle volstruise in die Kaapprovinsie besit.[109] en tot net voor die ineenstorting van die volstruisveerbedryf in 1914 was die volstruisgetalle in die Unie soos volg:

---

108 A.W. Carruthers, *Official Year Book of the Union,* No. 2, 1918, p. 429.

109 Union Government, (hierna U.G.,), 12 – 18, *Report on the Ostrich Feather Commission,* Government Printer, Pretoria, 1918, p. 3.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

JAAR	KAAP	NATAL	TRANSVAAL	ORANJE-VRYSTAAT	UNIE
1904	357 970	1 523	14	123	360 830
1911	728 087	4 111	5 441	9 097	746 736
1913 (31 Des)	756 923	5 081	4 591	9 718	776 313

[110]

Tabel 4: Styging van volstruisgetalle in die Unie van Suid-Afrika, 1904 – 1913

Die positiese uitwerking van volstruisboerdery op die ekonomie het ŉ landwye styging in volstruisgetalle teweeggebring. Die Kaapprovinsie het die gunstigste faktore soos byvoorbeeld droë klimaat, nabyheid van hawens vir uitvoer en die grootste konsentrasie Joodse handelaars gehad wat bygedra het dat die groei in daardie provinsie die grootste was. Klimatologiese faktore het die grootste rol gespeel in die styging van volstruisgetalle in die Kaapprovinsie. [111]

2.2.4 Ekonomiese groei van die volstruisbedryf vanaf 1878

Suid-Afrika het van 1878 tot 1882 finansiële groei beleef en in 1881 was die volstruisveerbedryf die derde grootste bron van inkomste vir die land. Volstruisboerdery het skielik ŉ florerende boerdery geword en die winste was hoër as enige ander boerdery in die landboubedryf.[112] Na die stigting van Oudtshoorn was daar aanvanklik byna geen ekonomiese groei nie, maar twee faktore het tog tot die groei van die dorp bygedra. Die eerste een was die toetrede van die volstruisveerbedryf tot die Europese modewêreld. Die volstruisveermode het vir dekades aangehou totat dit sy hoogtepunt in die Eduardiaanse tydperk (1900 – 1910) bereik het. ŉ Tweede faktor was die begin en groei van die lusernbedryf in Oudtshoorn.[113]

Volstruisboerdery in Oudtshoorn het nie onmiddellike finansiële groei tot gevolg gehad nie, maar eers toe dié boerdery groter winste begin toon het, het ook die dorp ekonomies begin groei. Die koopkrag van die plaaslike inwoners het toegeneem en besighede het oral in die dorp begin sake doen. Handelaars het hulle op die dorp begin vestig. Boere wat hulle grond as gevolg van die verandering in boerdery of deur die verkoop van hulle plase verloor het, het hulle ook op die dorp begin vestig en as arbeiders en veresorteerders begin werk.[114]

---

110 A.W. Carruthers, *Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika,* No. 14, 1931 – 1932, p. 384.

111 R. Wallace, *Farming industries of Cape Colony,* p. 233.

112 J.A. Henry, *The first hundred years of the Standard Bank,* pp. 77 – 78.

113 D. Coetzee, Immigrants to citizens, Civil integration and Acculturation of Jews into Oudtshoorn Society, 1874 – 1999, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Kaapstad, 2000), p. 1.

114 CPNMA, *Oudtshoorn Courant*, 28 Mei 1919, p. 8 (Intrekkers).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Faktore soos dié het veroorsaak dat mense verder verarm het, want toe die boere hulle op die dorp gaan vestig het, het hulle besef dat hulle opleiding vir beter besoldigde werke onvoldoende was en moes hulle met die doen van die mees eenvoudige werk tevrede wees.[115]

In 1875 het The Standard Bank of South Africa 'n tak in Oudtshoorn ge-open gevolg deur The African Banking Corporation (ABC) in 1904. In 1922 het laasgenoemde met The Standard Bank of South Africa saamgesmelt.[116] Teen 1899 was Oudtshoorn se ekonomiese lewe onlosmaakbaar met die volstruisveerbedryf verbind. Volgens Buirski was daar 'n korrelasie tussen die verdienste uit vere-uitvoere en die styging in waarde van eiendom in die Oudtshoorn-distrik. In dieselfde jaar was daar 'n geweldige aanvraag na vere en het dit een van die grootste uitvoerbedrywe in die Kaapkolonie en ook in Suid-Afrika geword.

Tabel 5 toon aan hoe die uitvoere van volstruisvere tot en met 1913 toegeneem het. Die impak van die uitvoere het die plaaslike ekonomie gestimuleer en het onder andere in die boukuns gemanifesteer. Grondpryse het ook die hoogte ingeskiet en baie grondeienaars het te veel verbande op hulle grond geneem en kon uiteindelik nie die skuld terugbetaal nie. Baie van die kleinboere kon nie hulle boerdery uitbrei as gevolg van die buitensporige pryse van grond en volstruise nie. As gevolg van die langdurige droogtes kon hulle nie finansieel oorleef nie en was hulle verplig om aan die ryker boere te verkoop. In die tabel is die opwaartse en afwaartse beweging van die opbrengste uit volstruisvere in Oudtshoorn geskets. Akkerbou is geleidelik deur volstruisboerdery vervang en sodoende het baie wit arbeiders op die plase oorbodig geraak, na die dorp verhuis of as bywoners by ander boere gaan werk. Die skielike ekonomiese groei het nie net sekere boere bevoordeel nie, maar ook 'n ander groep verarm.

---

115 CPNMA, Government Printers, *List of persons in the electoral division of Oudtshoorn in the year 1909*, pp. 2 – 60.

116 CPNMA, M. Boehmke, The history of Oudtshoorn, Book 2, p. 22.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

VOLSTRUISVERE

JAAR	GEWIG (1000 lb)	WAARDE (£)	JAAR	GEWIG (1000 lb)	WAARDE (£)
1862	7	41 608	1890	213	563 948
1863	8	66 905	1891	198	468 221
1864	17	79 857	1892	257	516 997
1865	18	65 736	1893	260	461 552
1866	15	75 116	1894	350	477 404
1867	19	73 585	1895	354	527 742
1868	15	57 725	1896	322	519 473
1869	19	70 003	1897	355	605 018
1870	29	87 074	1898	370	748 565
1871	25	150 490	1899	373	842 000
1872	27	158 024	1900	418	876 751
1873	32	159 677	1901	412	839 004
1874	37	205 640	1902	445	895 005
1875	50	304 933	1903	490	945 001
1876	60	341 020	1904	470	1 058 988
1877	65	303 406	1905	471	1 081 187
1878	81	591 859	1906	548	1 406 119
1879	97	563 756	1907	598	1 814 210
1880	163	883 632	1908	638	1 738 389
1881	194	892 241	1909	788	2 091 207
1882	254	1 093 989	1910	741	2 253 140
1883	247	931 380	1911	826	2 272 846
1884	233	966 479	1912	909	2 609 638
1885	251	585 143	1913	123 307	2 953 587
1886	289	546 220	1914	755	1 342 717
1887	269	365 427	1915	948	1 743 772
1888	260	347 633	1916	452	486 362
1889	229	365 757	1917	219	175 019

[117] Tabel 5: Jare wanneer daar ŉ rekord aanvraag na volstruisvere in Suid-Afrika was

[117] A.W. Carruthers, *Official Year Book of the Union,* No 2, 1918 p. 430 en No 8, 1925, p. 430.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die aanvraag na volstruisvere het vanaf 1862 begin toeneem totdat dit in 1913 ʼn rekordgewig en geldwaarde behaal het.

Figuur 5: Vereverkoping agter die Prince Vintcent-gebou

(Foto: CPNMA, D3/0)

Die Joodse handelaars het ʼn groot rol gespeel om die ekonomie te stimuleer. Hulle was vertroud met die Europese markte, was Engels magtig en het ʼn natuurlike aanvoeling vir koop en verkoop gehad. Die bekendste plek waar boere hulle volstruisvere verhandel het, was by die Prince Vintcent-gebou.

Teen die einde van die 19de eeu het Oudtshoorn, gemeet aan die waarde van eiendomme, meer groei getoon as die gemiddelde groei van dorpe in die hele Kaapkolonie.[118] Met die besoek van Lord Milner (Britse Hoë Kommissaris aan die Kaap, 5 Mei 1897 tot 6 Maart 1901) op 21 September 1898 aan Oudtshoorn is toenemende rykdom waargeneem. Die volgende dag het hy en sy geselskap ʼn boer, ene Schoeman van Schoemanshoek, besoek. Daarna het Milner gemeld dat dit ʼn baie vooruitstrewende gemeenskap was en dat

118 P. Buirski, Aspects of Material life in Oudtshoorn 1860 – 1927, pp. 16, 109 – 111; E.G. Malherbe, ʼn lid van die Carnegie-kommissie wat ondersoek ingestel het na die verskynsel van wit armoede, het met sy besoek aan Oudtshoorn in 1929 bevind dat die prys van ʼn morg grond van £300 tot £1 000 gewissel het. Sien KCAB, 56979, Vol, 164, File 476/10, Notebook 2: Oudtshoorn, 4 April 1929, p. 20.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die grond baie vrugbaar was.[119] Oudtshoorn het voor die aanvang van die Anglo-Boereoorlog, benewens die reeds vermelde bankgenootskappe, ook 'n baie sterk gevestigde besigheidsektor gehad wat winkels soos Prince Vintcent and Co en Edmeads Taute and Co ingesluit het.[120] Baie van die rykdom in Oudtshoorn was in die hande van 'n paar groot boere en besigheidsmanne. Hoewel die Oudtshoorn-distrik in die geheel 'n tydperk van ekonomiese voorspoed beleef het, het daar ook armoede in die distrik voorgekom.[121] Op 'n vergadering van die Afdelingsraad van Calitzdorp van 14 September 1920 is daar byvoorbeeld besluit dat tien sakke witmielies en tien sakke mieliemeel kosteloos aan behoeftige witmense in die distrik uitgedeel moes word. Alle witmense wat in die landelike gebied oos van Calitzdorp tot by Oudtshoorn gewoon het, het by die skema gebaat.[122]

Die ekonomiese voorspoed tot en met 1913 het op twee wyses in die argitektuur van die dorp en distrik gemanifesteer: enersyds is woonhuise met tipiese Victoriaanse gietysterwerk en Art Nouveau-stylkenmerke gebou en andersyds is Eduardiaanse-klassisistiese sandsteengeboue opgerig.[123] Vir die doel van die studie word daar slegs na 'n paar wonings op sommige van die plase en op die dorp verwys. Op die dorp was daar 'n groot kompetisie tussen veral drie persone, te wete AJ Foster wat 'n woning ter waarde van £28 000 laat oprig het, GC Olivier se Towers van £20 000 en Pinehurst, ETL Edmeades se huis, van £21 000.[124] Laasgenoemde woning is deur die argitek P Vixseboxse ontwerp en daar is na dié besondere woning as *"a bastion of Edwardian permanence*" verwys.[125]

Figuur 6: Pinehurst, die Edmeades-woning

119 J. Cassell, *The Milner papers (South Africa) 1897 – 1899,* Cassell & Company, London, p. 99.
120 SBA, Inspekteursverslag, Vol 1/1/122: Inspection Report on Oudtshoorn Branch, as at 7 May 1898, pp. 30 – 31.
121 P. Buirski, Aspects of Material life in Oudtshoorn 1860 – 1927, pp. 38 – 41, 113.
122 WCARS, BRON CAD, Vol 3/ CDP, Ref 1/1/1/2: Calitzdorp Council Minutes, p. 235.
123 A. Kuijers, 'n Kunshistoriese besinning oor die stylherlewingstendens in die Suid-Afrikaanse argitektuur, (Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), Potchefstroom, 1980, p. 61.
124 KCAB, 56979, Vol 164, File 476/21, Notebook 2: Oudtshoorn, 4 April 1929, p. 12.
125 D. Picton-Seymour, *Victorian buildings in South Africa,* AA Balkema, Kaapstad, 1977, p. 65.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(Foto: CPNMA D3/1)

Op die plase in die distrik, asook in die dorp, is herehuise van sandsteen uit die distrik gebou. Op Wynandsrivier in die distrik is die Lategan-woning, wat in 1906 deur die argitek Charles Bullock ontwerp is en op Rooiheuwel, suid van Oudtshoorn, is die Fourie-woning wat in 1907 deur dieselfde argitek ontwerp is. In die daaropvolgende jaar (1908) het Bullock ook die Schoeman-woning ontwerp wat vandag (2016) die kantore van die proefplaas in Oudtshoorn huisves.[126]

Ander voorbeelde van herehuise is te sien in Vergelegen, noord van Hazenjacht, en in Hazenjacht self.

Figuur 7: Volstruiswoning te Vergelegen
(Foto: O Stander)

Figuur 8: Volstruiswoning te Hazenjacht
(Foto: O Stander)

In 1909 was die boubedryf 'n baie florerende bedryf in Oudtshoorn. Volgens die kieserslys van daardie jaar was 340 wit mans werksaam in die boubedryf. In daardie stadium was daar onder andere ook sewe argitekte op die dorp werksaam. Sommige Afrikaanssprekende wit mans het as messelaars, skrynwerkers en verwers gewerk.[127] Hieruit kan daar afgelei word dat nie almal in Oudtshoorn welvarend was nie. Na die val van die volstruisbedryf het daar 'n migrasie van die plase na die dorp plaasgevind. Van die bywoners wat nie meer 'n bestaan op die plase kon maak nie het hulle in die dorp kom vestig. Boehmke noem dit dat die bevolking van die dorp tussen 1911 en 1936 met 550 vermeerder het.[128] Baie van die huise is van sandsteen gebou en daarom was daar ook, benewens die gewone messelaars, twaalf klipmesselaars werksaam.[129] Die verkoop van die sandsteen is deur die afdelingsraad beheer en op 'n vergadering van dié raad van 19 Junie 1914, is die pryse vir sandsteen genotuleer.[130] Die volstruispaleise is 'n bewys van ekonomiese voorspoed tot en met 1913, maar

126 Persoonlike onderhoud, O. Stander – G. van Schalkwyk, Proefplaas, Oudtshoorn, 23 Augustus 2014.

127 CPNMA, *List of persons in the electoral division of Oudtshoorn in the year 1909*, pp. 2 – 60.

128 CPNMA, M. Boehmke, The history of Oudtshoorn, Book 4, p. 133.

129 CPNMA, *List of persons in the electoral division of Oudtshoorn in the year 1909*, pp. 2 – 60.

130 WCARS, Bron, PAS, Vol 3/OHN, Reference, 1/1/1/4: Afdelingsraadsnotules, 19 Junie 1914, p. 336.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

soos in opvolgende hoofstukke verduidelik word, sou dit 'n jammerte wees dat baie min van die winste wat uit volstruisvere behaal is, aangewend is om landboutegnologie in die distrik te verbeter.[131]

Die ekonomiese groei het ook daartoe gelei dat die bevolking van Oudtshoorn vinnig gegroei het. In 1911 het Oudtshoorn 'n totale bevolking van 10 930 gehad en dit was die grootste bevolking van alle dorpe in die Suid-Kaap in daardie stadium.[132] Die finansiële voorspoed wat die dorp en gemeenskap beleef het, het ook 'n groot impak op die inwoners se sosiale lewe gehad. So was daar 'n groot toename in die hoeveelheid motors op die dorp. In 1914 is die Gaiety-teater op die dorp geopen, 'n groot munisipale kongres is in dieselfde jaar in Oudtshoorn gehou en 'n groot kriekettoernooi het ook daar plaasgevind.[133] Vir baie mense regoor Suid-Afrika en selfs sommiges in die buiteland is die woord "Oudtshoorn" sinoniem met "volstruis".[134] Vir buitestanders het hierdie assosiasie voorspoed en sukses geïmpliseer.[135] Die teendeel is egter ook waar, want in 2015 was daar nog enkele voorbeelde van huise waarin bywoners en armblankes in die distrik gewoon het. Dit kontrasteer sterk met die luukse wonings waarin die welvarende boere gebly het.

Figuur 9: Bywonershuis te Van Wykskraal

(Foto: O Stander)

Figuur 10: Bywonershuis te Stolsvlakte

(Foto: O Stander)

Figure 9 en 10 is voorbeelde van huise in die distrik waarin bywoners of armblankes gewoon het. In hoofstuk 3 word verarming in Oudtshoorn en distrik in diepte bespreek. Van die paar huise wat vandag nog oor is, is deur die huidige grondeienaars herbou en opgeknap. Die toestand van die huise waarin armblankes gewoon het, word in hoofstuk 5 bespreek.

2.2.5 Onderwys

Vir die opvoedkundige, sowel as die sosioloog is die algemene doel van die skoolprogram om die inherente vermoëns van die kind so te help ontwikkel dat hy 'n selfstandige individu en 'n gelukkige en bruikbare lid van die gemeenskap kan word. Om dit te kan word, moet die kind 'n begrip van sy verhouding tot die res van sy

---

131 J.F.W. Grosskopff, *Plattelandsverarming en plaasverlating,* p. 86.

132 UG., 32 - 12, Census, 1911, *Aanhangsels to't Algemene Rapport*, p. 88.

133 CPNMA, *Oudtshoorn Courant,* 6 January 1914, p. 4 (Teater open).

134 B.B. Godlonton, *Oudtshoorn and its farms,* Press Advertising & Pub. Co,Cape Town, 1921, pp. 5 – 6.

135 *Ibid.,* pp. 5 – 7.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gemeenskap en tot die wêreld as geheel ontwikkel, met ander woorde, hy moet 'n begrip kry van sy menslike en sy fisiese omgewing waarin hy hom later moet kan inpas as 'n gelukkige en bruikbare lid.[136] Dit is ook belangrik om aan onderwys in Oudtshoorn en distrik aandag te skenk, want dié baie belangrike aspek maak deel uit van die konteks om die breër prentjie van armoede in die distrik te skets.

Die heel eerste skool in die Klein Karoo was 'n sendingskool in Dysselskraal (-dorp) wat begin is deur eerwaarde John Mellvill. Sy vrou, Anne, en twee dogters het hom hiermee gehelp. Wit boere van die omgewing het hulle kinders ook hier ingeskryf. Die skool het slegs tussen 1836 en 1838 bestaan. Die eerste skool in Oudtshoorn is in Desember 1847 deur Thomas Harris op die dorp geopen. In daardie stadium het die meeste ouers skoolopleiding slegs as 'n middel vir toelating tot katkisasie gesien.[137] Die eerste onderwyser wat in die Oudtshoorn-distrik op die plase kom onderrig gee het, was ene mnr. Van der Veen. Hy het hom in Schoemanshoek gevestig en tot en met sy dood op die plaas Grootkraal gewoon.[138] In 1853 is die gemeente van Oudtshoorn gestig en vier jaar later het die eerste kerkskool tot stand gekom.[139] Die Anglikaanse Kerk en Rooms Katolieke Kerk het soortgelyke kerkskole gestig.[140] Die onderwysstelsel, met Engels as verpligte voertaal in die staatsondersteunde skole, was nie gewild op die platteland nie. In 1877 het die NG Kerk besluit om 'n seunskool met Nederlands as voertaal op te rig. Hierdie skool is in 1881 in gebruik geneem.[141] In 1882 het 'n sekere me Joubert 'n privaatskool vir meisies begin.[142] Met die opening van dié skool was daar nog geen kind in Oudtshoorn wat hoër as Standerd 4 (Graad 6) geslaag het nie.[143] Op 9 April 1907 het die meisies die seunskool betrek terwyl die seunskool na 'n klipgebou in Adderleystraat verskuif het. Vandag staan dié gebou as die Jeugherberg bekend.[144] Die ontstaan van die meisie- en seunskool was hoofsaaklik te danke aan die entoesiasme van dominees Van der Riet en Stegman van die NG Kerk-gemeente.[145] Met die heengaan van me. Joubert het die Departement van Onderwys die skool oorgeneem. Die meisieskool is in 1970 gesloop en die polisiekantoor is op die terrein opgerig.[146] In 1905 het die bekende argitek van Oudtshoorn, Charles Bullock, planne begin optrek vir die nuwe seunskool en in 1906 is met die bou van die skool begin.

Hierdie gebou is later tot nasionale monument verklaar en dit huisves tans die CP Nel-museum.[147]

---

136 N. Sieberhagen, Die plattelandse skool in Oudtshoorn, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch, 1948), p. 316.

137 P. Meyer, *Oudtshoorn – 150 jaar,* Bowles Brothers, Oudtshoorn, 2014, p. 82.;
Persoonlike onderhoud, O. Stander – P.Fourie (oud-onderwyser), Oudtshoorn, 7 Februarie 2015.

138 CPNMA, M.Boehmke, The history of Oudtshoorn, Book 1*,* p. 53.

139 Sentrum vir Bewaringsopvoeding, Wynberg, Kaapstad, (hierna SBO), "Oudtshoorn opvoedkundige Sentrum", *Rostrum*, Tydskrif van die Departement van Onderwys, Kaapstad, Vol 1, 1993, p. 9.

140 P. Meyer, *Oudtshoorn – 150 jaar,* p. 82.

141 SBO, *Rostrum*, Vol 1, 1993, p. 9 (Oudtshoorn opvoedkundige sentrum).

142 *Ibid.,* p. 10.

143 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/10, Notebook 2: Oudtshoorn, 12 Maart 1929, p. 20.

144 P. Meyer, *Oudtshoorn – 150 jaar,* p. 84.

145 *Ibid.,* p. 83.

146 *Ibid.,* p. 83.

147 SBO, *Rostrum*, Vol 1, p. 9. (Oudtshoorn, opvoedkundige sentrum); P. Meyer, *Oudtshoorn – 150 jaar,* p. 85.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die eerste voorwaartse stap in die ontwikkeling van die distriksonderwys het saamgeval met die koms van ds T van der Riet as leraar van die NG Kerk in Oudtshoorn in 1856. Deur sy belangstelling in die onderwys het hy die mense besiel met die ideaal van opvoeding en hulle aangespoor om met behulp van regeringskole die bes moontlike onderwysgeleenthede vir hulle kinders te skep. Baie boere het aan sy wens voldoen deur geboue op hulle plase op te rig en onderwysers te huur, want die plase het digter bevolk geraak as gevolg van die vinnige ontwikkeling van die landboubedryf.[148] 'n Voorbeeld van so 'n skool is dié op Waaikraal (Figure 12 en 13) wat in 1898 opgerig is. Die gebou word vandag as woonhuis gebruik.[149] Nog 'n voorbeeld van so 'n skool is dié op die plaas van Johan Du Plessis van Vergelegen. Die skool is in 1913 deur sy vader laat bou. (Figure 14 en 15). Figure 12 tot 15 is slegs twee van die oorblywende plaasskole in die distrik. Meneer P Fourie noem dit dat daar in 1914 in die gebied tussen Oudtshoorn en die warmbronne naby Calitzdorp agt plaasskole was.[150] Baie van die skole het veral ook kinders van armblankes geakkommodeer. Met EG Malherbe se besoek aan Oudtshoorn in 1929 het hy by die plaasskool in Buffelsdrif, noord van Oudtshoorn, opgemerk dat die skool veertien gesinne bedien het waarvan agt noodleniging ontvang het.[151] Die aantal kinders van die distrikskole het tussen die jare 1914 en 1918 gestyg omdat baie behoeftige dorpenaars hulle op sommige plase as bywoners gaan vestig het.[152] In die distrik was daar ook skole wat as armskole bekend gestaan het. 'n Voorbeeld hiervan is die skool by Vinknesrivier naby die Kango-grotte (Kyk foto's hiernaas).

[153] Figuur 11: Armskool te Vinknesrivier, Oudtshoorn

(Foto: CPNMA, OH2)

148 N. Sieberhagen, Die plattelandse skool in Oudtshoorn, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch, 1948), p. 13.

149 *Ibid.,* p. 10.

150 Persoonlike onderhoud, O. Stander – P. Fourie (oud-onderwyser), Oudtshoorn, 7 Februarie 2015.

151 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File 476/11, Notebook 2: Schoemanshoek, 13 Maart 1929, p. 24.

152 N. Sieberhagen, Die plattelandse skool in Oudtshoorn, p. 209.

153 CPNMA, Fotoversameling, OH2, Armskool Vinknesrivier.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Figuur 12: Skoolgebou te Waaikraal
(Foto: O Stander)

Figuur 13: Plaat aan noordekant van die skool
(Foto: O Stander)

Figuur 14: Skoolgebou te Vergelegen (1913)

(Foto: O Stander)

Figuur 15: Onderwyserswoning te Vergelegen (1913)

(Foto: O Stander)

Sedert 1897 is onderwysers in Oudtshoorn opgelei, maar die jaar 1916 word egter as die stigtingsdatum van die onderwyskollege as onafhanklike opleidingsinrigting beskou.[154] Die kollege is aanvanklik gestig met die doel om as opleidingsfasiliteit vir jongmense van die suidelike deel van die Kaapprovinsie te dien,[155] maar dit is as gevolg van rasionalisasie aan die einde van 1989 gesluit.[156]

154 N. Sieberhagen, Die plattelandse skool in Oudtshoorn, p. 12.
155 P.J. Rootmann, "Die funksie en in invloedsfeer", p. 276.
156 SBO, *Rostrum*, Vol 1, 1993, p. 9, (Oudtshoorn, opvoedkundige sentrum).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.2.6 Verbindingsweë na en van Oudtshoorn

Die geografie van die streek het daartoe bygedra dat verbindingsweë nie geredelik beskikbaar was nie en boere nie van hulle produkte na markte kon vervoer nie. Die afgesonderdheid het verder daartoe bygedra dat materiële en geestelike armoede bevorder is. Dit is dus noodsaaklik om hierdie aspek binne die breër konteks te ondersoek.

Die daarstelling van die verbindingsweë tussen Oudtshoorn en die res van die land het ŉ groot rol in Oudtshoorn se ekonomiese opbloei gespeel. Die sukses van die ekonomiese groei van die Oudtshoornse gemeenskap is beïnvloed deur die rol wat die staat gespeel het. Die ontwikkelende ekonomiese bedrywighede het daartoe gelei dat daar vroeg in die negentiende eeu ŉ behoefte aan afsetgebiede vir landbouprodukte ontstaan het. Nadat die nuwe landdrosdistrik, George, in 1811 gestig is, het baie van die boere suid van die Swartberg ekonomies bedrywig geraak.[157]

In 1816 is die Cradockpas, tussen Oudtshoorn en Mosselbaai, voltooi en is ŉ langverwagte handelsweg oopgestel.[158] In 1885, na die ontdekking van diamante in die Noord-Kaap, is ŉ spoorlyn tussen Kaapstad en Kimberley voltooi. Die eerste poging om goeie paaie uit die Klein Karoo te ontwikkel, was dus om ŉ roete noordwaarts te ontwikkel. Oor die jare is verskillende opsies ondersoek en mettertyd is besef dat ŉ pad deur Meiringspoort die goedkoopste opsie sou wees.[159] Daar was ŉ poort deur die Swartberge op PJ Meiring se plaas, De Rust. Die bekende geoloog en padinspekteur, AG Bain, het belang gestel om die pad te bou en sy seun, Thomas, het aan die padbouprojek begin werk. Die Poort is op 4 Maart 1858 vir die eerste keer amptelik oopgestel toe dit deur me. Bergh, die dogter van die Siviele Kommissaris van George, geopen is.[160] Na die voltooiing van die pas deur Meiringspoort is toegang tot die Groot Karoo verkry. Ook vir die boere van die Groot Karoo was hierdie verbinding ŉ maklike roete na die kus.[161]

Figuur 16: Tolhuis in Meiringspoort

(Foto: CPNMA: D3 M 2010.13)

---

157 S.A. Stein, *Plumes, ostrich feathers, Jews and a lost world of global commerce*, Yale University Press, Los Angeles, 2008, p. 18.

158 A. Appel, Die distrik Oudtshoorn, p. 108, M. Boehmke and S. Goldblatt, *Oudtshoorn 1689 – 1922,* pp. 11 – 12.

159 A. Appel, Die distrik Oudtshoorn, pp. 202 – 206.

160 LKAO, Meiringspoort, p. 88.

161 M. Boehmke and S. Goldblatt (eds.), *History of Oudtshoorn,* p. 4.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dit was vir die inwoners van dié streek belangrik om met ʼn hawe verbind te wees om sodoende hulle produkte te kon uitvoer. Na die suide was daar in die Outeniquaberge twee moontlikhede om die kus by Mosselbaai te kon bereik, naamlik die Cradockpas wat reeds voltooi was en die Attakwaskloofpas. Laasgenoemde was egter ʼn moeilik begaanbare roete.[162]

Nadat die koloniale sekretaris, John Montagu, ʼn inspeksie van bergpasse in die kolonie gedoen het, was dit duidelik dat ʼn meer begaanbare pas in die omgewing van George gebou moes word. Montagu het besef dat die ekonomiese potensiaal van die Kaapkolonie nooit sonder ʼn effektiewe vervoer- en kommunikasiestelsel sou ontwikkel nie.[163] Hy het vir HO Farrel aangestel om in 1844 te begin met die aanlê van nog ʼn pas na George. Dié pas is na Montagu vernoem en is op 18 Januarie 1849 geopen. In daardie stadium is die Montagupas ook gebruik om pos tussen Oudtshoorn en George te vervoer. Maar die gebruik van die Montagupas het groot geldelike eise aan die boere van die Karoo gestel. Die pas was steil en gevaarlik en dus het hulle waens baie skade opgedoen sodat dit nie maklik gebruik is om handel te dryf nie. Sodoende is ekonomiese groei gekniehalter.[164] Die Robinsonpas was die volgende pas wat op 4 Junie 1869 geopen is. Hierdie pas het Oudtshoorn met Mosselbaai verbind en goedere kon toe na die hawe aldaar vervoer word.[165] Die Swartbergpas wat toegang na Prins Albert verleen het, is op 10 Januarie 1888 geopen.[166]

Baie van die groot ontdekkers van die Klein Karoo het oor Montagu, Barrydale en Ladismith gekom en die Huisrivierpas aan die westekant van die Klein Karoo oorgesteek en dan ooswaarts in Oudtshoorn se rigting beweeg. Kaart 3 dui die vernaamste bergpasse wat Oudtshoorn met die buitewêreld verbind het, aan. Voor die daarstelling van die deurgangsroetes na Oudtshoorn was die hele gemeenskap afgesonder van ander dele van die Suid-Kaap. Die geografie van die streek het bygedra tot die geïsoleerdheid en tot verarming. Togry was aanvanklik florerend en baie boere kon ekonomies oorleef, maar met die groei van die boerderybedryf het ʼn behoefte tot groter afsetgebiede ʼn prioriteit geword.[167]

---

162 J. Burman, *Towards the far horizon,* Human & Rousseau, Cape Town, 1988, pp. 72 – 80; H. Marincowitz, *Montagupass and other passes over the Outeniqua mountains,* Bowles Printers, Oudtshoorn, 1992, p. 4; E.L.P. Stals, "Kultuuravontuur in Outeniqualand", *Die Kultuurhistorikus,* 8(1), Junie 1993.

163 A. van Huyssteen, *Van Ghoenas en Karrie tot die storie van die Langkloof,* Mega Digital Press, Paardeneiland, Kaapstad, 2008, p. 208.

164 M. Boehmke and S. Goldblatt (eds), *History of Oudtshoorn*, p. 4; *George Herald,* 20 Decemeber 2007, p. 47; *George Herald het Suid-Western*, 8 Mei 2008, p. 38, (How George was established).

165 J. Pocock, *Oudtshoorn Forty Years ago,* Bowles Drukkery, Oudtshoorn, 1942, p. 10.

166 CPNMA, *The Oudtshoorn Courant*, 12 January 1888, p. 5 (Opening of pass); M. Boehmke and S. Goldblatt (eds), *History of Oudtshoorn*, p. 14; LKAO, Swartbergpas, p. 89.

167 CPNMA, Boehmke, Book 1, pp. 14 – 115.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



168

Kaart 3: Deurgangsroetes na Oudtshoorn

Oudtshoorn was ʼn uiters vrugbare distrik en vanweë sy betreklik geïsoleerde ligging en met die gebrek aan ʼn spoorwegverbinding wat daarmee saamgehang het, is die gebied aanvanklik geredelike toegang tot aanloklike markte ontsê. Daarom was ʼn spoorwegaansluiting noodsaaklik vir die gebied se ekonomiese vooruitgang, want dan kon volstruisvere en ander landbouprodukte gouer na die hawens vervoer word.

Daar het dus ʼn behoefte aan spoorlynverbindings vanaf Oudtshoorn na hawens aan die kus ontstaan. Die gesloer met die bou van spoorlyne het die distrik se ekonomie benadeel. Groot hoeveelhede vrugte, groente en ander gewasse wat verbou is, kon aan ander plekke voorsien word, maar die afstand vanaf die markte en die probleme met transport het baie boere ontmoedig om dit grootskaals te verbou.[169] Ook was die bestaande roetes blootgestel aan verspoelings en was dit dus nie altyd maklik begaanbaar nie. Dit het die landboupotensiaal negatief beïnvloed en in sommige gevalle tot verarming bygedra.[170] Doeltreffende spoorverbindings sou die

168 H. Marincowitz, *Meiringspoort, a scenic Gorge through the Swartberg Range,* Bowles Oudtshoorn, 1990, p. 29.

169 P. Burger, Die invloed van die Anglo-Boereoorlog op die siviele bevolking van die distrik Oudtshoorn, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch), Stellenbosch, 2007, p. 183.

170 A. Appel, Die distrik Oudtshoorn, p. 203.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ekonomie sodoende kon bevorder. Baie boere langs die Nelsrivier naby Calitzdorp, kon nie hulle produkte by geskikte markte kry nie as gevolg van die afwesigheid van treinvervoer. Die boere het baie gesukkel om uit die 'n staat van armoede te kom, maar op 20 November 1924 het daar verligting gekom toe 'n treinspoor tussen Oudtshoorn en Calitzdorp geopen is.[171]

In 1896 is 'n konsessie deur die Kaapse regering aan die Grand Junction Railway Limited toegestaan vir die bou van 'n spoorlyn vanaf Klipplaat na Oudtshoorn. Hierdie lyn sou Oudtshoorn met Port Elizabeth en die noorde verbind. Die spoorlyn tussen Oudtshoorn en Port Elizabeth is op 20 Mei 1903 geopen.[172] Mosselbaai was in daardie stadium nog nie per spoor met Oudtshoorn verbind nie. Eersgenoemde dorp het 'n depressie gevrees omdat hulle transportryers nie met die spoortariewe sou kon meeding nie. Dit sou beteken dat Oudtshoorn sy voorrade eerder deur Port Elizabeth se hawe sou uitvoer wat op sy beurt weer ekonomiese aktiwiteite op Mosselbaai sou benadeel.[173] Op 5 Augustus 1913[174] is die spoorlyn tussen Oudtshoorn en George en tussen George en Mosselbaai voltooi. Hierdie lyn sou later deur die regering oorgeneem word.[175]

Die spoorweë het dus 'n baie belangrike rol in die ekonomiese vooruitgang van die dorp gespeel. Ook op sosiale gebied het die spoorverbindings ekonomiese welvaart bevorder. Volgens 'n berig in *The Oudtshoorn Courant* van daardie tyd het daar op 31 Desember 1913 930 mense per trein vanaf Oudtshoorn na Kaapstad, Port Elizabeth of Johannesburg vertrek. Besoekers het ook uit ander dele van die land na Oudtshoorn gekom. In daardie maand was die inkomste uit die verkope aan treinkaartjies byvoorbeeld £4 060.[176] Die koms van die spoorverbindings het egter ook 'n negatiewe impak op die arm witmense in die gemeenskap gehad. Baie armblankes het 'n bestaan gemaak deur tog te ry en produkte is tot in die destydse Transvaal te vervoer. Gedurende die laaste helfte van die negentiende eeu is tot 2 000 vragte die binneland ingeneem. Die koms van die spoorverbinding het veroorsaak dat transportry deur treinvervoer vervang is wat baie armblankes nog verder verarm het.[177]

2.2.7 Die Joodse gemeenskap

Die insluiting van die vestiging van 'n Joodse gemeenskap in Oudtshoorn, vorm 'n belangrike onderdeel van die studie, want baie van Jode het 'n positiewe uitwerking op wit armoede in Oudtshoorn gehad. 'n Groot groep van die Jode wat hulle in Oudtshoorn kom vestig het, was kleinhandelaars en vakmanne van beroep en het dus baie goed in die gemeenskap van Oudtshoorn gepas, want hulle kon hul kundigheid hier beoefen. Die meeste

---

171 J. Burman, *The little Karoo,* p. 84.

172 CPNMA, *The Oudtshoorn Courant*, 20 Mei 1903, p. 9 (Opening van spoorlyn).

171 CPNMA, *Het Zuid-Western,* 6 July 1903, p. 16 (Publieke Vergadering); *Het Zuid-Western* 10 August 1903, p. 9 (Veertien dagen proeftyd).

174 CPNMA, *The Oudtshoorn Courant,* 7 Augustus 1913, p. 10 (Spoorlyn feestelik geopen).

175 P. Burger, Die invloed van die Anglo-Boereoorlog op die siviele bevolking van die distrik Oudtshoorn, p. 182.

176 CPNMA, *The Oudtshoorn Courant,* 6 January 1914, p. 3 (Besige stasie).

177 G. Saron, *The Jews in South Africa, a history,* Oxford University Press, London, 1955, p. 122.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van die Jode het hulle in die distrik gaan vestig, waar ook die meeste armblankes gewoon het. In 1904 het daar 797 Jode in die distrik gewoon en die meeste van hulle het direk met baie van die armblankes geskakel deur lewensmidele tot op die plase te bring en aan die armes te verhandel. Die Joodse smous het volstruisvere op die plase opgekoop en sodoende kon die kleinboer en armblankes ook hulle vere verkoop sonder om na die dorp te gaan. [178] Die rol wat die Jode in Oudtshoorn gespeel het, vorm deel van die groter konteks van die studie.

Die sensus van 1875 het aangedui dat daar in daardie stadium slegs drie Jode in Oudtshoorn was.[179] 'n Groot aantal Jode het hulle egter vanaf 1881 vanuit Rusland, Pole en Litaue in Oudtshoorn kom vestig. Hulle was deel van die 3 000 000 Jode wat na Amerika, Engeland, Duitsland en Suid-Afrika geïmmigreer het.[180] Jode het nie net in Oudtshoorn kom vestig nie, maar in etlike ander dele vanSuid-Afrika. So word daar ook na die vestiging van Jode in Ladismith verwys. Die ekonomiese voorspoed van die dorp en distrik het veroorsaak dat baie van die Jode in Kaapstad hulle eerder in Oudtshoorn kom vestig het en nie soseer in Kimberley waar die diamantbedryf floreer het of in Johannesburg waar goud ontdek is nie.[181] Oudtshoorn was hoofsaaklik 'n landboudistrik en het, soos reeds bespreek, 'n ekonomiese opbloei beleef. Die uitvoer van volstruisvere het in die laaste deel van die negentiende eeu skielik die hoogte in geskiet.

Die meeste Jode wat hulle in Oudtshoorn kom vestig het, was afkomstig uit Litaue. Sommige families het aanvanklik eers een familielid na Oudtshoorn laat kom en dié het, soos geld beskikbaar geraak het, dit na die familie in Oos-Europa gestuur sodat hulle ook kon kom.[182] Aanvanklik was van die Jode huiwerig om na dié *heidenland* te kom.[183] Rabbi AF Ornstein van Kaapstad het berig dat met die inwyding van die sinagoge in Oudtshoorn in 1888 daar tussen 200 en 300 Jode in die dorp woonagtig was.[184] Geloofsverskille tussen die Joodse gesinne het daartoe gelei dat 'n tweede sinagoge in 1896 opgerig is.[185] In 1890 is die distrik beskryf as *"... one of the largest and most important in the Colony"* [186] en ekonomiese bedrywighede was "... *in a healthy and prosperous condition"*. [187] Gedurende die laaste helfte van die negentiende eeu het daar ongeveer 500 Joodse gesinne in die dorp en distrik gewoon. Naas die Joodse gemeenskap in Kaapstad het Oudtshoorn die grootste groepering Jode in die Kaapkolonie gehad. In 1904 het 2,62% (797) van die bevolking in Oudtshoorn

---

178 D. Coetzee, Immigrants to citizens: civil integration and acculturation of Jews into Oudtshoorn society, 1874 – 1999, p. 6.

179 NBSAK, Raknommer G42 – '76, *Results of a cencus of the Colony of the Cape*, Saul Solomon and Co Printers, Cape Town, 1875, p. 5.

180 G. Saron, *The Jews in South Africa, a history,* p. 123.

181 *Ibid.*, p. 123.

182 *Ibid.,* p. 123.

183 NBSAK, Raknommer G42 – '76, *Results of a cencus of the Colony of the Cape*, Saul Solomon and Co Printers, Cape Town, 1875, pp. 335 – 337.

184 M. Shain, *Jewry and Cape Society,* Historical Publication Society, Johannesburg, 1983, pp. 3 – 5.

185 A. Appel, Die distrik Oudtshoorn, pp. 242 – 244; G. Saron, *The Jews in South Africa,* pp. 121 – 122; D. Coetzee, Immigrants to citizens: civil integration and acculturation of Jews into Oudtshoorn society, 1874 – 1999, p. 4.

186 SBA, Inspection report, Vol 1/1/120, 1890, p. 230.

187 *Ibid.,* p. 230.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

uit Jode bestaan wat meer as die 0,81 % van die gemiddelde aantal Jode in die Kaapkolonie was.[188] Die dorp het om hierdie rede in ʼn stadium ook as Klein Jerusalem bekend gestaan.[189] Hierdie groep mense het ʼn baie groot bydrae tot die ekonomiese groei van die dorp gelewer.

Die Joodse families het hulle tussen die inwoners van die dorp gevestig. Tabel 6 illustreer hoe bekende Joodse families en inwoners van die dorp saam ingeskakel het. Dit gee ook ʼn aanduiding van die beroepe wat deur die verskillende bevolkingsgroepe gevolg is.

AFRIKANERGESINNE			**JOODSE GESINNE**		
VAN	**STRAAT**	**BEROEP**	**VAN**	**STRAAT**	**BEROEP**
Blignault, GJ	St Saviourstraat	Wamaker	Boerbeitz, M	St Johnstraat	Verekoper
Dekker, J	St Johnstraat	Grofsmid	Lazarus, G	St Johnstraat	Handelaar
Geldenhuis, JA	St Saviourstraat	Tuinier	Miller, M	St Johnstraat	Tuiemaker
Strydom, G	St Saviourstraat	Togryer	Wolf, H	St Johnstraat	Klerk
Van der Westhuizen, HP	St Saviourstraat	Haarsnyer	Weinstein, M	St Johnstraat	Spekuleerder

190

Tabel 6: Afrikaner en Joodse gesinne in een woongebied in Oudtshoorn

Volgens Tabel 6 blyk dit dat Afrikanergesinne en Joodse gesinne nie in aparte woongebiede gewoon het nie, maar saam as een gemeenskap. Die twee strate in die tabel was van die dele waar die grootste konsentrasie armblankes in die dorp gevestig was. Daar kan dus aanvaar word dat die Jode, deurdat hulle saam met Afrikaners in een woongebied gewoon het, ʼn beter begrip vir die armoede van die Afrikaner begin ontwikkel het. Die tabel bevestig ook die feit dat die Jode in Oudtshoorn deel van die gemeenskap geword het. Desnieteenstaande het hulle nie hul godsdiens en kultuur prysgegee nie, want per geleentheid was daar twee sinagoges in Oudtshoorn.

Baie van die Jode wat hulle in Oudtshoorn kom vestig het, was kleinhandelaars en ambagsmanne en hulle kon hul assosieer met die ekonomiese omstandighede in hulle nuwe omgewing.[191] In 1913 was daar in Oudtshoorn

188 D. Coetzee, Immigrants to citizens: civil integration and Acculturation of Jews into Oudtshoorn society, 1874 – 1999, p. 1.

189 A Appel, Die distrik Oudtshoorn, pp. 242 – 244; G. Saron, *The Jews in South Africa,* pp. 121 – 122; D. Coetzee, Immigrants to citizens, civil integration and acculturation of Jews into Oudtshoorn society, 1874 – 1999, p. 4.

190 CPNMA, *List of persons in the electoral division of Oudtshoorn 1909*, Government Printers, Cape Town, 1910, pp. 2 – 60.

191 *Ibid.,* p. 5.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

60 gevestigde handelaars in die dorp, maar met die val van die volstruisveerbedryf in 1914 het baie Jode die dorp verlaat en in 1918 was daar slegs 27 Joodse handelaars.[192]

Die Jode, wat hulle in die oorwegend Afrikaanssprekende gemeenskap kom vestig het, se aanpassing was grotendeels beïnvloed deur die taal wat die plaaslike bevolking gepraat het. Dit het ook 'n rol gespeel met wie hulle geassosieer het.[193] Joodse families het by verskillende organisasies in die gemeenskap betrokke geraak en baie gou het van hulle 'n leidende rol op skoolrade, die hospitaalraad en die stadsraad gespeel. Die eerste Jood op die stadsraad was Marcus Achman (1899).[194] Die sukses van die verebedryf in Oudtshoorn is hoofsaaklik bepaal deur die samewerking tussen die Jode en die plaaslike boerderygemeenskap, want sommige Jode was smouse en hulle het klein winkeltjies begin. Hierdie smouse het sodoende 'n goeie verhouding met die plaaslike bevolking opgebou, want hulle het baie gou begin besef dat die Afrikaanssprekendes hulle as mede inwoners aanvaar het.[195]

Figuur 17: N Lipschitz, 'n bekende Joodse kleinhandelaar in Oudtshoorn
(Foto: CPNMA: D5j)

Figuur 18: Joodse Verekoper/Algemene Handelaar
(Foto: CPNMA: D1j – 91/3/20)

192 CPNMA, Bron, Joodse bevolking, Leêr, J/C 13, p. 8.

193 D. Coetzee, Immigrants to citizens: Civil integration and Acculturation of Jews into Oudtshoorn society, 1874 – 1999, p. 30.

194 CPNMA, Bron, Joodse bevolking, Leêr, J/C 13, p. 9.

195 D. Coetzee, Immigrants to citizens: Civil integration and Acculturation of Jews into Oudtshoorn society, 1874 – 1999, p. 30.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die koms van die Jode na Oudtshoorn het ook die ekonomie gestimuleer. Baie van hulle was handelaars en met die vestiging van besighede in die dorp het die Joodse handelaars lewensnoodsaaklike produkte en soms ook minder bekostigbare items in voorraad gehad.

Op sommige plase het die Afrikaanssprekende boere 'n spesiale kamer vir die smous gehad waarin hy kon oorbly en daar is selfs spesiale disse vir Joodse smouse voorberei. Die Joodse smouse was vir baie van die plaaslike inwoners hulle koerant omdat die Jode nuus oor gebeure van ander plase en die dorp gebring het.[196] Die Jode vanuit Oos-Europa was Engels magtig, maar nie Afrikaans nie.[197]

Die Jode het hulle geleidelik in die Afrikaner-gemeenskap en op verskeie ander terreine begin vestig. Hulle beroepsverspreiding word dan ook in die kieserslys vir Oudtshoorn van 1909 weerspieël. Slegs die gedeelte wat op die studie betrekking het, word hier weergegee. Die eerste afdeling van die bylaag dui die huishoudelik-verwante beroepe wat beoefen is, aan. Die tweede afdeling het op finansieel-verwante beroepe betrekking. Die Jode-getalle het in laasgenoemde afdeling oorheers.

Dit word soos volg aangedui:

	AFD 1	**AFRIKANERS**	**JODE**		**AFD 2**	**AFRIKANERS**	**JODE**
1	**Voedselbedryf**				**Finansiële dienste**		
1.1	Bakker	7	61	2.1	Bestuurders	2	14
1.2	Slagter	21	8	2.2	Boekhouer	3	33
	Totaal	**28**	**69**	3.3	Handelaar	13	70
2	**Professioneel**			3.4	Kleremaker	4	16
	Medies			3.5	Klerk	41	73
2.1	Polisiedienste	18		3.6	Verekoper		80
2.2	Prokureur		18	3.7	Verkoopsman	11	20
2.3	Dokter		09				
	Totaal	**18**	**27**		**Totaal**	**76**	**306**

198

Tabel 7: Beroepe wat die meeste Jode in Oudtshoorn beoefen het

Die goeie verhouding tussen die Joodse gemeenskap en selfs die NG Kerk word in die kerkraadsnotule van 5 Desember 1931 weerspieël toe 'n tender vir die opknapping van die NG kerksaal op Matjiesrivier vir die bedrag van £375 aan die Jood, I Subbersky, toegeken is.[199] Soos genoem, het die meeste Jode klein winkeltjies regoor die distrik gehad met lewensnoodsaaklike produkte in voorraad. Armblankes het van hulle

196 V. Aschman, "Oudtshoorn in the early days" in Saron, G. & Hotz, L. (eds.), *The Jews in South Africa,* Oxford University Press, London, 1955, p. 136.

197 D. Coetzee, Immigrants to citizens, civil integration and acculturation of Jews into Oudtshoorn society, 1874 – 1999, p. 30.

198 CPNMA, *List of persons in the electoral division of Oudsthoorn, in the year 1909,* Government Printers, Cape Town, 1910, pp. 2 – 60.

199 NGKA, GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 5 Desember 1931, p. 166.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

plaasprodukte soos byvoorbeeld hoendereiers, by die winkeltjies verkoop en met dié geld weer kruideniersware gekoop. Sommige Jode was as smouse bekend en het van huis tot huis produkte verkoop of verruil. Op die manier het die Jode die armblanke gehelp om te kon oorleef. Die Jode het ʼn belangrike rol gespeel om veral die verarmde boere te help deur van hulle volsruisvere te koop en weer te probeer verkoop.[200] Bywoners kon nie lenings by die plaaslike bank bekom nie, maar die bank het aan die winkeliers lenings toegestaan. Hierdeur is die risiko op die winkelier geplaas. Die winkeliers, wat in die meeste gevalle Jode was, het op hulle beurt krediet aan die bywoners toegestaan.[201] Die Jode het self as verarmdes in Suid-Afrika ʼn tuiste kom soek en het sodoende ʼn goeie begrip vir die omstandighede van die verarmdes in Oudtshoorn gehad. Die verhouding tussen Afrikaanssprekendes en die Jode was beter as die verhouding tussen Engelssprekendes en Jode. Jode het met die Engelssprekendes slegs op formele vlak gekommunikeer terwyl die Afrikaanssprekendes en die Jode op ʼn meer informele wyse verkeer het.[202]

Na die val van die volstruisveerbedryf het baie verarmde boere hulle op alternatiewe boerderysoorte toegespits en die maklikste daarvan was lusern. Die probleem was dat daar nie ʼn behoorlike afsetgebied was nie. Max Rose, ʼn Jood, het besluit om van die lusern wat vir die volstruise bedoel was landwyd te bemark. Binne enkele jare het hy ʼn florerende bedryf op die been gebring en begin om lusernbale van die boere te koop en dit in ander droogtegeteisterde distrikte in die Unie te verkoop. [203]

2.3 Samevatting

Uit hierdie bespreking wat met dorpstigting ʼn aanvang neem en ook die ontwikkeling van die dorp insluit, val vyf groot areas dadelik op. Elkeen het ʼn bydraende rol tot wit armoede gespeel. Die areas is: die ontwikkeling van landbou met sy verskillende fasette, ekonomiese ontwikkeling, die vestiging van die kerk, die onderwys en die koms van die Jode.

Ten opsigte van landbou was ʼn klemverskuiwing van akkerbou na volstruisboerdery sigbaar. Die verskuiwing het vanaf 1863, wat as die amptelike begindatum van die volstruisbedryf in Oudtshoorn beskou word, veroorsaak dat ʼn groot groep boere begin verarm het. Die groep het nie die nodige kapitaal gehad om meer grond en volstruise te koop nie en hulle het geleidelik verarm.

Die ekonomie het begin ontwikkel, meer besighede is in die dorp gevestig, die munisipaliteit het uitgebrei en die verbeterde deurgangsroetes het die ekonomie gestimuleer. Algaande het die NGK se betrokkenheid by die

---

200 Persoonlike onderhoud, O. Stander – R. Roothmann, oud-onderwyser van Calitzdorp, Calitzdorp, 3 Augustus 2013.

201 SBA, Inspekteursverslag, Vol 1/1/119, 1884, pp. 338 – 339.

202 M. Shain, *Jewry and Cape society,* Historical Publication Society, Johannesburg, 1983, p. 4; I. Abrahams, *The birth of a community,* Cape Town Hebrew Congregation, Kaapstad, 1982, pp. 71, 72.

201 S. van Waart, *Die goue kameelvoël,* Klein Karoo Koöperasie, Oudtshoorn, 1995, p. 12.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gemeenskap toegeneem en op geestelike gebied, die onderwys, maar veral ten opsigte van armoedeverligting, het die kerk ŉ baie belangrike rol begin speel.

Die ontwikkeling van die dorp het rondom die kerk gesentreer en die kerk het sy geestelike bediening tot op die verste uithoeke van die distrik uitgebrei. Vir die kerk was die opvoeding van sy lidmate ŉ prioriteit en om daardie rede was daar kerkskole regdeur die distrik. Na die val van die volstruisveerbedryf was die instandhouding van die geboue vir die kerk ŉ finansiële las.

Gebrekkige opleiding was een van die oorsake van wit armoede in Oudtshoorn, maar die ontwikkeling van onderwys in die dorp en distrik het vir baie kinders ŉ opvoeding verskaf waardeur die lewe vir hulle oopgemaak is en kwalifikasies verkry is waarmee hulle toelating tot hoër onderwys kon kry. Die onderwyser was ook vir baie ouers ŉ vertoueling met wie hulle van hul probleme kon deel. EG Malherbe het na sy besoek aan Oudtshoorn in sy verslag genoem dat daar ŉ negatiewe gesindheid onder sommige van die boere teenoor opleiding was. Vir baie van hulle was dit belangrik dat elke seun ŉ volstruisplaas moes kry en opleiding was vir hulle relatief.[204]

Die koms en vestiging van ŉ groot Joodse gemeenskap op die dorp en distrik het ŉ totaal ander dimensie na die gebied gebring. Die Joodse gemeenskap het sy etniese identiteit behou en wat gebaseer was op die Joodse geloof en kultuur. Uiteindelik was daar twee sinagoges in die dorp. Die Joodse gemeenskap het hulleself vanaf ŉ finansieel-sukkelende gemeenskap tot ŉ gevestigde florerende finansiële bevolkingsgroep in Oudtshoorn opgehef. Dit het daartoe bygedra dat meer besoekers van omliggende kleiner dorpies die dorp besoek het en sodoende is die kwynende ekonomie gestimuleer. In 1913 was daar 60 Joodse handelaars op die dorp wat ŉ positiewe bydrae tot die ekonomie gemaak het. In die proses het van die Jode met baie van die armblankes geassosieer en ŉ positiewe bydrae tot die opheffing van die armblanke gelewer. Met die verswakkende ekonomie ná 1914 het baie Joodse gesinne moeite gedoen om betrokke te raak by die verligting van armoede in die gemeenskap.

Twee temas uit die Skipp-model, dié van dorpnedersetting en ekonomiese fokus, kom baie duidelik in hierdie hoofstuk na vore. Die ommeswaai van akkerbou na ŉ totaal ander soort boerdery, naamlik volstruisboerdery, het vir een deel van die bevolking na ongekende ekonomiese voorspoed geneem, maar ongelukkig het ŉ ander groep ekonomies verswak en totaal verarm.

Die oorsake van en manifestering van armoede in Oudtshoorn en omgewing is verder in Hoofstuk 3 bespreek.

---

204 KCAB, Bron 56979, Vol 164 - 166, File 476/11, Notebook 2: Oudtshoorn 22 Maart 1929, p.10.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3

DIE OORSAKE EN VOORKOMS VAN ARMOEDE IN OUDTSHOORN EN OMGEWING VANAF 1914 tot 1937

3.1 Inleiding

Soos in die afdeling oor metodologie in hoofstuk een verduidelik, is dit ook nodig om verarming in Oudtshoorn te kontekstualiseer deur die demografiese tendense in Oudtshoorn aan te dui. Uit die inligting kan 'n beeld van die manifestasie van armoede in al sy vorme in die distrikte rondom Oudtshoorn ondersoek word sodat verarming in Oudtshoorn binne die groter geheel verstaan kan word. In die hoofstuk word temas soos ekonomie en geografie uit die Skipp-model gebruik as oorsake tot verarming in Oudtshoorn en omgewing. Die voorkoms van armoede in Van Wyksdorp, Calitzdorp, De Rust, Klaarstroom, Uniondale, Willowmore, en Prins Albert is ook ondersoek en armoede in Oudtshoorn is binne dié breër raamwerk geplaas. Kaart 4 toon die ligging van die genoemde dorpe.



Kaart 4: Ligging van Oudtshoorn en ander relevante Klein Karoo-dorpe

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Suid-Afrika se landboutradisie strek verder as 300 jaar terug en vir die eerste twee eeue na die stigting van die Nederlandse kolonie aan die Kaap in 1652 was landbou die ekonomiese kernbedryf van Suid-Afrika. Die konstante soeke na beter weivelde het meegebring dat sommige veeboere gedurig moes rondtrek en hulle sodoende nie op een plek kon vestig nie.[1] Die soeke na beter weiveld, saam met omgewingsoorsake, het bygedra tot verarming onder ŉ groot deel van die wit bevolking. Armoede het, tesame met ander faktore, die destydse Suid-Afrikaanse samelewingstruktuur help skep.[2] Verarming is nie ŉ streekgebonde verskynsel nie en het oor die hele Suid-Afrika voorgekom. Die oorsake daarvan was gewoonlik uiteenlopend van aard en kon wissel van veediefstalle, oorloë, kapitalisme, droogtes, vee- en plantsiektes en -vrektes tot ŉ gebrek aan grond. Waar uitsonderings wel in sekere gebiede voorgekom het, kon dit gewoonlik aan eiesoortige omstandighede wat daar geheers het, toegeskryf word.[3]

Armoede in die Oudtshoorn-distrik was ŉ algemene gegewe nog voor die stigting van die dorp in 1863.[4] Grond was volop en grondeienaars het in baie gevalle aan families wat geen grond besit het nie die vergunning verleen om op hulle plase te kon woon en werk. Kort na dorpstigting het meer boere in die volstruisveerbedryf begin belê.[5] Met die oorskakeling na volstruisboerdery het baie van dié werkers oorbodig geraak en moes hulle die plase verlaat en het hulle in baie gevalle verarm.[6] Uit argivale bronne wat bestudeer is, het dit duidelik geblyk dat wit armoede op verskillende maniere in die Karoo-gebiede, wat die Oudtshoorn-distrik insluit, gemanifesteer het. Sommige het as dagloners op plase gewerk ander het weer as huurlinge op plase gewerk en daar was ook rondtrekkers en bywoners. Op sommige plase was daar ŉ kombinasie van die vier groepe teenwoordig. ŉ Boer het ŉ dagloner gebruik om heinings te span, huurlinge om watervore te maak en dan kon hy ook ŉ bywoner op ŉ meer permanente basis in diens gehad het.[7] Bennie Raubenheimer van Oudtshoorn, noem byvoorbeeld dat sy oupa, saam met ander dagloners, as huurling op ŉ plaas in Buffelsdrif gewerk het om watervore te maak.[8]

---

1 P.J. van der Merwe, *Trek,* pp. 1 – 3.
2 W.M. Macmillan, *The South African Argrarian Problem and its Historical Development,* p. 10.
3 *Ibid.,* pp. 22, 41.
4 J. Reid, *Oudtshoorn under the skin,* p. 1.
5 F. Goldie, *The Golden Bird,* p. 46; H. Lückhoff, The Little Karoo, p. 115; S. van Waart, *Die Goue Kameelvoël en die verhaal van die Klein Karoo,* p. 5.
6 J.F.W. Grosskopff, *Plattelandsverarming en plaasverlating,* p. 132.
7 R.W. Wilcocks, *The poor white*: Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1932.
8 Persoonlike onderhoud, O. Stander – B. Raubenheimer, sakeman, oud-inwoner van Oudtshoorn, George, 3 Augustus 2014.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Figuur 19: Tipiese voorbeeld van 'n dagloner in Oudtshoorn

Foto: (KCAB, 57022, Foto 19, c 1912)

Die verskuiwing as gevolg van onder andere werksgeleenthede, het die demografie van die dorp en distrik deurlopend verander en het ook die sosio-ekonomiese ontwikkeling van Oudtshoorn en sy distrik beïnvloed. Die vermindering van hulp op plase het veroorsaak sommige van die bywoners elders 'n ander heenkome moes gaan vind.[9] Die verlies aan werk en die langdurige droogtes het veroorsaak dat baie ekonomies kwesbare boere verarm het en van hulle is gedwing om die distrik te verlaat en hulle in Oudtshoorn te gaan vestig.[10] Dit het weer tot gevolg gehad dat die distrik ontvolk het en 'n verskuiwing in die bevolkingsgetalle plaasgevind het.[11] Op die dorp het baie van hierdie mense laagbesoldigde werk gedoen en nog verder verarm.[12] In 'n verslag aan die plaaslike munisipaliteit het die landdros van Oudtshoorn, William Kuys, genoem dat die demografiese verskuiwing van inwoners vanuit die distrik na die dorp veroorsaak het dat baie van die armblankes in haglike omstandighede gewoon het.[13] Die mediese superintendent van Oudtshoorn, H Wadsworth, noem in sy verslag dat tydens sy inspeksie gevind is dat ouer persone saam met kinders in tweevertrekhuisies woon of kamers huur. As gevolg van verarming het baie witmense buite die munisipale gebied in opslaanhuisies gaan woon omdat hulle nie behuising in die dorp kon bekostig nie.[14]

In sommige gevalle het van hulle, as gevolg van gebrekkige opleiding,[15] sonder vergoeding gewerk.[16] Dit het meegebring dat sommige armblankes verplig was om vir laer lone as bruinmense te werk.[17] Van die boere wat

---

9 H. Lückhoff, The Little Karoo, p. 84; KCAB, 56979, Vol 167 – 168, File 476/12, Notebook 3: De Rust, Klaarstroom en Uniondale, 22 April 1929, p. 29.

10 NASA, Bron PM,Vol 1/2/32, Ref 1 / 14: *Rapport oor die ekonomiese en landbou toestande in die distrikte Oudtshoorn, Calitzdorp en Ladismith,* pp. 1 – 3.

11 NASA, Bron STK, Vol no 7, Ref 21/065: Census 1931, District file, Oudtshoorn, Remarks, Old file 21/065, p. 6.

12 H. Lückhoff, The Little Karoo, p. 84; KCAB, 56979, Vol 167 – 168, File 476/12, Notebook 3: De Rust, Klaarstroom en Uniondale, 22 April 1929, p. 29.

13 NASA, Bron GES, Vol 659, Ref 165 / 13: Sanitation Oudtshoorn, Health report covering the period from 1st July 1914 – 30 June 1914.

14 NASA, Bron, GES, Vol 7, Ref 165/13, *Report on systematic inspection of helath and sanitary.*

15 U.G., 12 – 1914, *Legal minimum wages,* p. 43.

16 NASA, Bron ARB, Vol 1296, Ref 1049/26: *Wages Board Oudtshoorn,* p. 9.

17 U.G., 32 – 12, *Magistrate's Annual Report 1910*, p. 3.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hulle in Oudtshoorn gaan vestig het, het ook vanaf De Rust en omgewing gekom.[18] In Oudtshoorn het baie van hulle, soos WA Murray, 'n lid van die Carnegie-kommissie, dit noem, "dorpsarmes"[19] geword. Van die armblankes het ook elders in die Unie van Suid-Afrika 'n heenkome gaan vind.[20]

3.2 Die impak van die Anglo-Boereoorlog op die arbeidsituasie in Oudtshoorn en omgewing

Die Anglo-Boereoorlog, wat vanaf 1899 tot 1902 geduur het, het op verskillende terreine 'n negatiewe invloed op die gemeenskap van Oudtshoorn gehad. Dit is nie die doel van hierdie studie om in diepte daarop te konsentreer nie, maar dit is tog belangrik om 'n paar aspekte rondom hierdie oorlog, wat tot die verarming bygedra het, te belig.

Die bruin arbeider in die distrik van Oudtshoorn het in baie opsigte verskil van die bruin arbeiders in baie ander distrikte in die Kaapkolonie. Die meeste bruinmense van die Oudtshoorn-distrik het in die landelike dele gebly en was plaasarbeiders. Volstruisboerdery, wat in daardie stadium die vernaamste landboubedryf in die distrik was, was 'n arbeids-ekstensiewe boerdery. Arbeid is net benodig vir die pluk van die volstruisvere, wat sowat een keer elke agt maande plaasgevind het. Lusernlande wat voer vir die volstruise verskaf het, kon vir jare gebruik word nadat dit gevestig is en moes net natgelei word.[21] Dit het veroorsaak dat plaasarbeiders se lone laag was. Tussen 1893 en 1914 het hulle 'n gemiddelde loon van slegs twee sjielings en ses pennies per dag gekry.[22]

Die Britse weermag het vanaf 1899 arbeiders in diens geneem en dit was 'n aanloklike opsie vir Oudtshoorn se werkers omdat die militêre owerhede heelwat hoër lone as die boere betaal het. 'n Militêre agent het donkies in die Calitzdorp-omgewing kom koop en bruinmense gehuur om na die gekoopte donkies om te sien. Hulle het elkeen drie sjielings per dag ontvang.[23] Boere het groot skade gely omdat werkers soms veetroppe sommer net so in die veld gelos het as hulle vir werk by die Britse weermag gedros het, of omdat nie genoeg arbeiders gekry kon word om die oeste in te samel nie.[24]

Die oorlog, tesame met die feit dat baie arbeiders 'n heenkome gevind het deur aan die spoorlyn na Oudtshoorn wat toe onder konstruksie was, te werk, het veroorsaak dat daar 'n nypende arbeidstekort in die Oudtshoorn-distrik tydens die oorlogsjare en onmiddellik daarna ontstaan het.[25] Hierdie arbeidstekort het omtrent elke faset van die ekonomiese en gemeenskapslewe geraak. In April 1902 was daar 'n opbloei van boubedrywighede in

---

18 KCAB, Bron 56979, Vol 167 -168, File 476/12, Notebook 3: De Rust, Klaarstroom en Uniondale, 22 April 1929, p. 29.

19 W.A. Murray, *Die fysieke toestand van die armblanke,* Pro Ecclesia-drukkery, Stellenbosch, 1932, p. vi.

20 KCAB, Bron 56979, Vol 167 – 168, File 476/12, Notebook 3: De Rust, Klaarstroom en Uniondale, 22 April 1929, p. 30.

21 P. Buirski, Aspects of Material life in Oudtshoorn 1860 – 1927, p. 22.

22 *Ibid*., p. 49.

23 WCARS, Bron PAS, Vol 1/CDP, Ref 4/1/2/2: Philpott – Remouts, Oudtshoorn, 8April 1902, p. 417.

24 B. Nasson, *Abraham Esau's War, A Black South African War in the Cape 1899 – 1902*, African Studies Series, 68, Cambridge University Press, Cambridge, 1991, p. 70.

25 WCARS, PAS, Vol 3/OHN, Ref 4/1/27: *Mayor's Minute for the year ending 31 July, 1900,* p. 8.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die dorp, maar vooruitgang is in die wiele gery deur ŉ tekort aan bouers, skrynwerkers en arbeiders. Die situasie was so erg dat daar selfs deur middel van die koerante ŉ beroep op werkloses in ander distrikte gedoen is om in Oudtshoorn te kom uithelp.[26]

Teen die einde van Januarie 1901 was daar sewentien besighede wat vrywilliglik om 14:00 smiddae gesluit het sodat personeellede die oefeninge van die Town Guard kon bywoon.[27] Die verkorte ure het veroorsaak dat besighede inkomste verloor het. Die handelaars in die distrik, waarvan daar in Januarie 1901 sowat 95 was,[28] en smouse se bedrywighede is deur Krygswet beperk. In Julie 1901 is krygswetregulasies gepubliseer waarvolgens alle handelspasse en smouslisensies opgeskort is.[29] Dit het dikwels gebeur dat die verbruiker noodsaaklike lewensmiddele as gevolg van hierdie regulasies moes ontbeer. Gedurende Oktober 1901 was daar byvoorbeeld geen suiker of meel by enige winkel in Oudtshoorn te koop nie terwyl daar op Calitzdorp weer nie brood te kry was nie.[30]

Tydens die Anglo-Boereoorlog was volstruisboerdery die grootste bron van inkomste vir Oudtshoorn. Die distrik was besonder vrugbaar en kon ook produkte soos vrugte, groente, graangewasse en tabak verbou, terwyl vee soos bokke, skape en beeste ook aangehou is. In 1901 het die dorp en distrik deel van die gevegsterrein geword. Dit was veral die opkommandering van diere soos perde, muile en donkies, asook die vraag na landbouprodukte soos graan en lusern, wat landboubedrywighede die meeste in die wiele gery het.[31] Van die boere was onwillig om verder gewasse te plant uit vrees dat dit ook opgekommandeer sou word en dus net ŉ vermorsing van arbeid en geld sou wees. Hierdie situasie het ook bygedra tot verarming by sommige van die boere.[32] Hoewel die Boeremagte nie groot skade aangerig het nie, het die *Oudtshoorn Courant* toegegee dat hulle blote teenwoordigheid in die distrik groot ontwrigting in die landboubedryf veroorsaak het.[33]

Dit is baie moeilik om die direkte gevolge van die oorlog op die armes in die gemeenskap te kan bepaal, maar armoede het voortgeduur ten spyte van die algemene ekonomiese vooruitgang van die distrik.[34] Die impak van die Anglo-Boereoorlog het dus ook bygedra tot die aanloop van die verarming in Oudtshoorn wat vanaf 1914 so duidelik gemanifesteer het

---

26 CPNMA, *Oudtshoorn Courant,* 5 May 1902, p. 9 (Town Council).
27 CPNMA, *Oudtshoorn Courant,* 18 January 1901, p. 12 (The Town Guard).
28 WCARS, AGR, Vol 428, Ref 2727: Magistrate, Oudtshoorn, g.p.
29 CPNMA, *Het Zuid-Western*, 1 July 1901, p. 11 (Krijgswet Regulasies).
30 CPNMA, *Oudtshoorn Courant,* 21 Oktober 1901, p. 6 (Notes and Comments); *Het Zuid-Western,* 10 Oktober 1901, p. 11 (Kort en Zakelijk).
31 CPNMA, *Oudtshoorn Courant,* 4 Augustus 1902, p. 7 (Boerdery Aantekeningen).
32 CPNMA, *Oudtshoorn Courant*, 5 November 1901, p. 8 (Notes and Comments).
33 CPNMA, *Oudtshoorn Courant,* 5 Desember 1901, p. 12 (Ongetiteld).
34 CPNMA, *Het Zuid-Westen,* 3 Augustus 1903, p. 10 (Publieke Vergadering).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.3 Die oorsake van verstedeliking

Die sosio-ekonomiese ontwikkeling van Oudtshoorn en sy distrik het vanaf 1860 ʼn drastiese verandering begin ondergaan toe die volstruisveerbedryf geleidelik gevestig het. Soos reeds genoem, het boere minder werkers nodig gehad en sommige van die bywoners op hulle plase moes elders ʼn ander heenkome gaan vind.[35] Die verlies aan werk en langdurige droogtes het veroorsaak dat baie ekonomies kwesbare boere verarm het en van hulle was gedwing om die distrik te verlaat en in Oudtshoorn te gaan vestig.[36] Dit het tot gevolg gehad dat die distrik ontvolk het en ʼn verskuiwing in die bevolkingsgetalle plaasgevind het.[37] In die dorp het baie van hierdie mense laagbesoldigde werk gedoen en nog verder verarm.[38] In sommige gevalle het van hulle, as gevolg van gebrekkige opleiding,[39] sonder vergoeding gewerk.[40] Dit het meegebring dat sommige armblankes verplig was om vir laer lone as bruinmense te werk.[41] Dieselfde situasie word ook in die boek van Irma Joubert, *Ver wink die Suiderkruis*, [42] gevind waar die skrywer die verstedeliking van die wit Afrikaner beskryf en waar veral die plattelandse Afrikaner vir baie lae lone in die stede moes gaan werk het. Van die boere wat in Oudtshoorn gaan vestig het, het ook vanaf De Rust en omgewing gekom.[43] In Oudtshoorn het baie van hulle, soos WA Murray, ʼn lid van die Carnegie-kommissie, dit noem, ″dorpsarmes"[44] geword. Van die armblankes het ook elders in die Unie van Suid-Afrika ʻn heenkome gaan vind.[45] Die verhuising van boere na die dorp het veroorsaak dat van die eens vooruitstrewende boere tot ʻn arbeiderstand gedaal het wat weer sosio-ekonomiese gevolge gehad het. Tabel 8 toon aan hoe die demografie van Oudtshoorn verander het as gevolg van die vermeerdering van die inwonergetalle van die dorp en die vermindering van die bevolking op die plase. Dit is opmerklik dat die aantal persone wat die distrik in 1918 verlaat het 1 176 was, maar dat slegs 214 persone hulle op die dorp gaan vestig het. Vanaf 1916 het die staat gehelp om armoede te verlig deur bosbounedersettings by Jonkersberg naby George en na naby Sabie te vestig. Baie van Oudtshoorn se armblankes het na hierdie nedersettings verhuis.

---

35 H. Luckhoff, The Little Karoo, p. 84.; KCAB, 56979, Vol 167 – 168, File 476/12, Notebook 3, De Rust, Klaarstroom en Uniondale, 22 April 1929, p. 29.

36 NASA, Bron PM,Vol 1/2/32, Ref 1 / 14, *Rapport oor die ekonomiese en landbou toestande in die distrikte Oudtshoorn, Calitzdorp en Ladismith,* pp. 1 – 3.

37 NASA, Bron STK, Vol no 7, Ref 21/065, Census 1931, District file, Oudtshoorn, Remarks, Old file 21/065, p. 6.

38 H. Luckhoff, The Little Karoo, p. 84; KCAB, 56979, Vol 167 – 168, File 476/12, Notebook 3, De Rust, Klaarstroom en Uniondale, 22 April 1929, p. 29.

39 U.G., 12 – 1914, *Legal minimum wages,* p. 43.

40 NASA, Bron ARB, Vol 1296, Ref 1049/26, *Wages Board Oudtshoorn,* p. 9.

41 U.G., 32 – 12, *Magistrate's Annual Report 1910*, p. 3.

42 I. Joubert, *Vêr wink die suiderkruis,* Tafelberg, Kaapstad, 2006.

43 KCAB, Bron 56979, Vol 167 -168, File 476/12, Notebook 3, De Rust, Klaarstroom en Uniondale, 22 April 1929, p. 29.

44 W.A. Murray, *Die fysieke toestand van die armblanke,* Pro Ecclesia-drukkery, Stellenbosch, 1932, p. vi.

45 KCAB, Bron 56979, Vol 167 – 168, File 476/12, Notebook 3, De Rust, Klaarstroom en Uniondale, 22 April 1929, p. 30.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

JAAR	WITMENSE IN DORP	VERMEERDER	WITMENSE IN DISTRIK	VERMINDER	TOTAAL
1865					6 091
1875					7 925
1891					11 573
1904	4 526		10 695		15 211
1911	6 687	2161	11 809		18 496
1918	6 901	214	10 633	1 176	15 534
1921	7 271	370	8 487	2 147	15 758
1926	7 407	136	8 418	69	15 825
1931	7 137	-270	7 573	845	14 710
1936	7 001	-136	6 254	1 319	13 255

[46]

Tabel 8: Bevolkingsverhuising van inwoners in Oudtshoorn en die distrik tussen 1904 en 1936

Die meeste armblankes was langs die rivierlope van die Olifants-, Grobbelaars-, Kammanassie-, Kandelaars- en Vleiriviere gevestig waar hulle 'n bestaansboerdery gemaak het. Kaart 5 toon die rivierlope in die Oudtshoorn-distrik waar armblankes gedurende die periode van ondersoek gewoon het. Daar was ook in ander gebiede van die distrik armblankes, maar volgens die kieserslyste van 1914 tot 1935, was die gedeeltes op kaart 6 die gebiede waar veral baie van hulle as huurlinge of bywoners gewoon het.



[46] CPNMA, Boehmke, *The history of Oudtshoorn, Preliminary notes, Book 1,* p. 131.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kaart 5: Die vernaamste rivierlope rondom Oudtshoorn waar armblankes gewoon het

In die notules van die NGK is daar ook verwysings na die nedersettings gekry, want die kerk was betrokke by armoedeverligting in dié gebiede. M Boehmke meld in sy boek na dié gebiede wanneer hy na die droogtes en verbouing van landbouprodukte verwys. Dit is opmerklik dat die meeste armblankes hulle langs die rivierlope gevestig het, want water was daar meer redelik beskikbaar en die grond was meer vrugbaar.

In die dorp was die omstandighede ook nie veel beter nie. Volgens die 1875 sensus van die Kaapkolonie was daar toe alreeds dertien arm persone in Oudtshoorn wat in tente of waens gewoon het teenoor die 2 376 armblankes wat in geboude huise gewoon het.[47] Die gesondheidsinspekteur noem in sy verslag dat die meeste huise van die armblankes nie geskik was om in te woon nie en dat hulle swak geventileer was.[48] Die swak toestand van die huise is ook op 'n kerkraadsvergadering in Oktober 1921 bespreek en die kerkraad het sy bekommernis oor die huisvesting van die armblankes in die gemeente uitgespreek. [49]

Figuur 20: 'n Armblanke gesin, Oudtshoorn-distrik, c 1928

Foto: (Privaatversameling, me D. Botha, George)

47 NBSAK, Raknommer A 12 – 1875, *Results of a census of the Colony of the Cape of Good Hope on 7 March 1875,* p. 13.

48 WCARS, PAS, Vol 2/325; Ref L73C, Report of systematic inspection on 24 April, 1911, p. 2.

49 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn 15 Oktober 1921, p. 447.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.4 Ander oorsake van verarming in die landbou

Buiten volstruisboerdery was daar ook ander oorsake van verarming. Oudtshoorn, se lae reënval, min oppervlakwater, geografiese toestande, temperatuuruiterstes en langdurige droogtesiklusse, asook die wisseling van pryse in die volstruisveerbedryf, het die voorkoms van armoede onder die boerderybevolking feitlik onvermydelik gemaak. Normale produksie in die landbousektor is hierdeur nadelig geraak en het veroorsaak dat boere van alle rasse nooit permanent aan die besoekinge van die natuur kon ontkom nie, veral nie met die gebrekkige landboutegniese kennis van destyds nie.[50]

Oudtshoorn en die omliggende distrikte soos Ladismith, Van Wyksdorp, De Rust, Prins Albert, Willowmore en Uniondale is hoofsaaklik landboudistrikte. In die Van Wyksdorp-distrik het van die boere eers met vee geboer en koring gesaai terwyl sommiges wingerde aangeplant het. Met die bewuswording van die finansiële voordele wat volstruisboerdery kon inhou, is daar geleidelik van akkerbou na volstruisboerdery oorgeskakel.[51] In Calitzdorp was die toestande nie veel beter nie. Die val van die volstruisveerbedryf was nie die hoof oorsaak van verarming nie, want die meeste boere het langs die Gamkarivier geboer waar hulle akkerbou bedryf het. Die plasies was klein en het in grootte gewissel tussen 17,14 en 25,7 hektaar.[52] In dié gebied was droogtes grotendeels die hoofoorsaak van verarming. Reeds in 1905 het die plaaslike leraar van die NG Kerk, ds. Van Reenen Barry, berig dat die toestand waarin sommige lidmate verkeer het, sorgwekkend was.[53]

'n Gesonde landboustelsel word op diversivisering gebou. Sommige boere in Oudtshoorn het nie daarin geglo om meer as een soort boerdery te bedryf nie. Landbou in Oudtshoorn was te afhanklik van die elemente van die natuur asook die behoud van die vrugbaarheid van die grond. Volstruisboere het wel die vrugbaarheid van hulle grond behou deur lusernlande in 'n baie goeie toestand te hou, maar hulle het nooit besef dat as die volstruismark in duie sou stort, die inkomste uit lusernboerdery te min sou wees om al hulle finansiële uitgawes te dek nie.[54] Dié gebruik het in 1925 aan die lig gekom toe die destydse Departement van Landbou 'n ondersoek rakende volstruisboerdery in Oudtshoorn geloods het. Dié ondersoek het onder andere bevind dat baie boere nie gediversiviseer het nie. In baie gevalle is boorde en wingerde uitgehaal en in die proses is alternatiewe boerderygewasse verwaarloos. Dié praktyk het bygedra tot verarming, want daar was nie 'n alternatief toe die

---

50 NASA, Bron PM, Vol 1/2/32, Ref 7/ 14: *Rapport oor die ekonomiese en landbou toestande in die distrikte Oudtshoorn, Calitzdorp en Ladismith,* p. 3.

51 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/10, Notebook 2: Van Wyksdorp, Ladismith en Calitzdorp, 12 April 1929. p. 13.

52 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/11, Notebook 2: Van Wyksdorp, Ladismith en Calitzdorp, 12 April 1929, p. 27.

53 H.C. Hopkins, *Ned. Geref. Kerk Calitzdorp 1873 – 1973,* Nasionale Boekdrukkery, Kaapstad, p. 72.

54 NASA, Bron PM,Vol 1/2/32, Ref 7/14, Department of Agriculture, *Farming economic conditions in the district of Oudtshoorn*, p. 9.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

volstruisekonomie in duie stort nie en daar was nie voldoende fondse om boere se uitgawes te dek nie.[55] Die arm boere kon nie diversiviseer nie, want hulle het nie genoeg kontant gehad om ʼn alternatiewe boerdery te begin nie.[56]

In ander gevalle het sommige van die boere te veel vee op hul plase aangehou. Hulle het nie die aanwas verkoop en die wins gebruik om hul verbande af te los nie. Van die boere het eerder meer grond gekoop, ekstra verbande uitgeneem en sodoende het hulle skuld vermeerder.[57]

Op baie plase in die distrik was daar aanvanklik nie kampe om diere binne te hou en hulle teen jakkalse te beskerm nie. Die omheining van eiendomme is reeds in 1889 in die Kaapse Parlement bespreek toe daar ʼn debat oor die omheining van kroongrond, munisipale eiendomme en eiendomme van aangrensende boere plaasgevind het. Daar is besluit dat aangrensende eienaars die helfte van die koste moes betaal en dat hulle dit oor ʼn periode van vyf jaar kon afbetaal.[58]

In die distrik van Uniondale en Willowmore was baie van die armblankes dagloners, huurlinge op die plase, en ook bywoners.[59] In 1917 is bevind dat ongeveer honderd families, een derde van Willowmore se inwoners, as arm geklassifiseer kon word.[60] So het Jacobus Swanepoel se oudste seun as huurling op ʼn plaas in die distrik van Willowmore gewerk. Die plaaseienaars se vergoeding van wit arbeiders wat gehuur was om heinings te maak, het van eienaar tot eienaar verskil. Sommige eienaars het slegs huisvesting gebied met geen byvoordele nie terwyl ander weer afgeroomde melk en brandhout verskaf het. Die span van heinings was net ʼn tydelike oplossing en baie armblankes het na die voltooiing van graad agt die skool verlaat om op ander plekke ʼn bestaan te gaan maak. Volgens EG Malherbe, ʼn lid van die Carnegie-kommissie se ondersoek na armblankes, het van die kinders onder andere na Johannesburg gegaan om op die myne te gaan werk, ʼn ander een het as skoenmaker in Oudtshoorn gaan werk en een het in Willowmore pos afgelewer.[61] Nog ʼn voorbeeld was ʼn geval in De Rust waar ʼn sekere GD Le Roux op 7 000 morge (5996,9 hektaar) met merino's en angora's geboer het. Hy het vyf armblanke mans gehuur om draadheinings te span, en na voltooiing van die projek was daar nie verder werk vir die mans nie.[62]

Die boere het in baie gevalle wit mans in diens geneem om hulle kuddes op te pas. Met die ingebruikneming van jakkalsbestande draad het die dienste van dié witmense oorbodig geraak en die boere kon hulle kuddes goedkoper bestuur.[63] Gedurende 1923 het die staat ʼn Droogte Kommissie aangestel om ondersoek in te stel na

---

55 NASA, Bron PM, Vol 259, Ref 183/34: *Ostrich feather industry, steps taken to foster – Oudtshoorn, 12 Augustus 1925*, pp. 2, 10.

56 NASA, Bron PM, Vol 1/2/32, Ref 7/14: Department of Agriculture. *Farming economic conditions in the district of Oudtshoorn*, p. 10.

57 KCAB, Bron 56979, Vol 164 – 166, File 476/11, Notebook 2: Oudtshoorn, 22 Maart 1929, p. 9.

58 NBSAK, A12 – 1889, *Report of the select committee on fencing or enclosing of lands,* pp. 1 – 25.

59 *Ibid.,* p. 35.

60 M.J. van Rensburg, *Karoo in my bloed,* Bowles Drukker, Oudtshoorn, g.d., p. 228.

61 KCAB, Bron 56979, Vol 165 – 168, File 476/12, Notebook 3: Oudtshoorn, 28 April 1929, p. 35; M.J. van Rensburg, *Karoo in my bloed,* p. 227.

62 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File 470/ 1, Notebook 6: Uniondale, 6 Mei 1929, p. 15.

63 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File 470/ 1, Notebook 6: Uniondale, 6 Mei 1929, p. 15.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die uitwerking van droogtes op veral armblankes in die Unie van Suid-Afrika. Op baie plase is bywoners in diens geneem om as skaapwagters te werk.[64] Die omheining van kampe het veroorsaak dat minder arbeiders op 'n plaas nodig was en sodoende het bywoners nog verder verarm, want hulle moes uiteindelik die plaas en soms ook die distrik verlaat en 'n ander heenkome gaan soek. Op hierdie manier het die omheining van kampe bygedra tot verarming.[65]

Verbindingsweë was oor die algemeen swak en het verder bygedra tot die verarming van baie boere. Baie inwoners van die gebied was aangewese op ossewaens en perdekarre, maar baie van hulle het geen vervoermiddel gehad nie. Teen 1918 was verbindingsweë nog steeds onvoldoende en selfs ds. P Viljoen, leraar van die NG Gemeente op Oudtshoorn, was aangewese op treinvervoer om lidmate in die landelike gebied te besoek.[66] Met die besoek van EG Malherbe aan Oudtshoorn in 1929 het hy bevind dat van die mense in die Kandelaarsrivier-gebied, 16 km suid van Oudtshoorn, totaal geïsoleerd geleef het. Van die 23 leerders in die skool was die helfte teen daardie tyd nog nooit op Oudtshoorn nie en net 30 van die 32 volwassenes was al in die winkel, Prince Vintcent, 'n bekende voorraadleweransier op die dorp. Vir die meeste van die ouer mense was die distrik buite 'n radius van 48 km totaal onbekend. Malherbe het in dié deel van die distrik drie soorte armblankes geïdentifiseer, naamlik huurlinge, bywoners en togryers.[67] Me. L Olivier van Oudtshoorn noem dat haar pa 'n togryer was wat goedere vanaf Mosselbaai na Oudtshoorn vervoer het.[68]

Figuur 21: 'n Togryer, Oudtshoorn, c 1915

(Privaatversameling, Pieter Meyer, Baron van Rheedestraat, Oudtshoorn)

---

64 S. Archer, "Technology and Ecology in the Karoo: a century of Windmills, Wire and changing farming Practice", *Journal of Southern African Studies,* Vol 26, (4), Desember 2000, p. 685.

65 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/10, Notebook 2: Van Wyksdorp, Ladismith en Calitzdorp, 12 April 1929, p. 13.

66 P.J. Viljoen, *Ek kyk terug,* Suid-Afrikaanse Bybelvereniging, g.p., p. 124.

67 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/10, Notebook 2: Van Wyksdorp, Ladismith, Calitzdorp en Oudtshoorn, 12 Maart 1929, p. 26. Sien figuur 21 van 'n togryer in Oudtshoorn.

68 Persoonlike onderhoud, O. Stander – L. Olivier, Oud-inwoner van Oudtshoorn, Oudtshoorn,17 Maart 2012.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Togry was ŉ baie belangrike metode van oorlewing en volgens Skipp se model speel die ekonomie ŉ baie belangrike rol in dié oorlewingsstryd.

3.4.1 Klimatologiese en geografiese faktore

Die eerste verwysing na armoede in Oudtshoorn is in 1880 deur ds. GW Stegman gemaak toe hy ŉ verslag aan die kerkraad moes voorlê.[69] Die topografie van Oudtshoorn wissel van berggebiede waar water en weiding redelik beskikbaar was, tot nie-standhoudende rivierlope en dus minder vrugbare vlaktegebiede. In dié gebiede het die boederysoorte baie gewissel en sommige boere was finansieel meer suksesvol terwyl ander gesukkel het om te oorleef. Ten einde die impak van hierdie faktore op die armblankes te illustreer, word daar ook oorsigtelik na watervoorsieningsprobleme in Oudtshoorn in die periode vóór 1914 verwys.

ŉ Faktor wat onder meer bygedra het tot swak landboutoestande is die wisselvallige reënval.[70] Verarming in Oudtshoorn en die aangrensende distrikte is ook veroorsaak deur erge langdurige droogtes. Dit het beteken dat die gebrek aan voldoende water deur die jare altyd ŉ kwessie in Oudtshoorn was. Die swak watertoevoer tot die dorp het ŉ direkte invloed op baie armblankes se gesondheid gehad. In 1898 was daar 420 inwoners in Oudtshoorn wat nie ten gunste van die watervoorsieningswetsontwerp was nie. ŉ Groep afgevaardigdes wat die beswaardes van Oudtshoorn verteenwoordig het, het op Donderdag, 27 Oktober 1898 in Kaapstad ŉ gekose komitee van die Kaapse Parlement te woord gestaan. In die debat oor die voorgestelde wetsontwerp het dr. Juta, die distriksgeneesheer van Oudtshoorn, getuig dat die inwonergetal toe reeds meer as 6 000 was, maar dat die watervoorsieningstelsel aan die dorp nie vir hierdie groei voorsiening gemaak het nie. Die meer welvarende mense kon hulle water in tenks of groot houers vanaf hoërliggende gedeeltes van die rivier aanry waar die kwaliteit van die water ook beter was.[71] Arm mense moes hulle water met emmers vanaf die Grobbelaarsrivier aandra.[72] Verder was daar fonteine naby die rivier vanwaar sommige armblankes water moes aandra. Daardie water was egter nie skoon nie en het dikwels ernstige siektes veroorsaak.[73] Hierdie situasie was vir die gemeenskap onaanvaarbaar en volgens dr. Juta is daar gedurende die voorafgaande twee jaar 200 gevalle van tifuskoors, veral in armblanke en bruin huishoudings, aangemeld. Daarby het dr. Juta daarop gewys dat die water wat die gemeenskap vanuit die Grobbelaarsrivier gekry het nie geskik was vir menslike gebruik nie.[74]

Droogtes het veroorsaak dat besproeiing nie kon plaasvind nie en gevolglik het oeste gedaal of daar was misoeste wat weer verarming in die hand gewerk het. Die kleinboere is veral swaar hierdeur getref, want hulle was afhanklik van die oeste vir oorlewing.[75] In 1859 het een van die grootste droogtes Oudtshoorn en distrik

---

69 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/10, Notebook 1: Oudtshoorn, 11 Maart 1929, p. 1.

70 *Ibid.,*

71 NBSAK, Raknommer, A12 – 1883, *Report of the select committee on the Oudtshoorn Water Supply Bill*, pp. 2 – 3; J. Burman, *The Little Karoo,* p. 102.

72 NBSAK, Raknommer, A12 – 1883, *Report of the select committee on the Oudtshoorn Water Supply Bill*, pp. 2 – 3; J. Burman, *The Little Karoo,* p. 102.

73 CPNMA, M. Boehmke, The history of Oudtshoorn, Book 1, p. 55.

74 NBSAK, Raknommer A12 – 1883, *Report of the select committee on the Oudtshoorn Water Supply Bill*, p. 3.

75 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File 476/11, Notebook 4: Oudtshoorn, 28 Maart 1929, p. 10.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

getref[76] en teen 1865 was daar ernstige armoede as gevolg van die droogte. Die ergste droogte wat die distrik in die negentiede eeu getref het, het van 1865 tot 1866 geduur. Baie boere het hulle plase verlaat en as bywoners begin werk.[77] Van die armblankes het hulle ook skuldig gemaak aan veediefstal om te kon oorleef en met die sitting van die Rondgaande Hof op 3 April 1865 het van die boere voor die hof verskyn weens veediefstal.[78] Daar was ook van die armblankes wat van hongerte omgekom het en John Edmeades, die burgemeester van Oudtshoorn, het besluit om gratis voedsel aan armblankes te versprei. Langdurige droogtes tesame met die ver afstande van die markte, was van die grootste oorsake van verarming in Oudtshoorn en distrik.[79] Die droogte is eintlik eers in Oktober 1869 gebreek toe reën, wat met donderstorms gepaard gegaan het, uitgesak en groot skade aan eiendom aangerig het.[80]

Na swaar reën in 1894 en veral na ʼn donderstorm in Maart daardie jaar, het baie van die boere begin besef dat brûe oor die riviere in die distrik ʼn noodsaaklikheid geword het. Die brug oor die Olifantsrivier was toe reeds in aanbou en is in Mei van dieselfde jaar geopen.[81] Die droogste jaar sedert 1869 was 1896 en water is per ossewa vanuit die Kango-vallei in houers na Oudtshoorn vervoer. Drie jaar later in 1899 is Oudtshoorn weereens deur ʼn nog groter droogte getref en water is 18 kilometer ver na die dorp aangery. In daardie stadium het John Edmeades voorgestel dat ʼn opgaardam in die Kammanassierivier gebou moes word.[82]

Ter wille van historiese konteks word die gemiddelde reënval per jaar vir die tydperk 1900 tot en met 1913 (voor die aanvang van dié studie) soos volg aangedui:

JAAR	GEMIDDELD (Duim)[83]	Mm	JAAR	GEMIDDELD (Duim)	mm
1900	9,00	225,00	1907	9,46	236,05
1901	12,10	302,05	1908	11,13	278,25
1902	13,39	334,75	1909	9,38	234,05
1903	6,31	157,75	1910	7,24	181,00
1904	8,89	222,25	1911	10,32	258,00
1905	11,85	296,25	1912	10,11	277,75
1906	9,00	225,00	1913	7,45	186,25

[84]

Tabel 9: Reënvalstatistiek, 1900 – 1913

76 J. Burman, *The Little Karoo,* p. 102.
77 *Ibid.,* p. 103.
78 M. Boehmke and S. Goldblatt (eds.), *History of Oudtshoorn,* p. 43.
79 J. Burman, *The Little Karoo,* p. 102.
80 CPNMA, M. Boehmke, The history of Oudtshoorn, Boek 1, p. 57.
81 J. Burman, *The Little Karoo,* p. 105.
82 *Ibid.,* pp. 105, 106.
83 1 duim = 25,4 millimeters
84 CPNMA, *Oudtshoorn Courant*, 1 January 1914, p. 3 (Droogte).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tabel 9 toon dat daar reeds voor die aanvang van die studie in Oudtshoorn en distrik wisselende reënvalpatrone was wat 'n impak op verarming gehad het. Dit bevestig dat verarming reeds voor 1914 in 'n latente fase was en onder andere deur klimatologiese faktore beïnvloed is.

Die droogtes in Oudtshoorn het ook 'n negatiewe impak op die ekonomiese oorlewing van die plaaslike munisipaliteit gehad. Daar was 'n groeiende aantal belastingbetalers wat in so 'n mate verarm het dat hulle nie in staat was om dienstegelde en belastings te betaal nie wat 'n aanduiding was dat ook mense op die dorp verarm het. In die ouditeursverslag van die munisipaliteit van 1916 word die agterstand, en hoe dit oor 'n periode van nege jaar gegroei het, aangedui (Kyk Tabel 9).

In die buurdorp Calitzdorp het dit egter beter gegaan want die gemeenskap was nie totaal van volstruisboerdery afhanklik nie. Baie van die boere het gemengdeboerdery toegepas en as een deel van die boerdery finansieel swak presteer kon die ander deel bydra om die finansiële verpligtinge na te kom.

JAAR	BEDRAG	JAAR	BEDRAG
1908	£3 3s 0d	1913	£350 3s 11d
1909	£20 10s 6d	1914	£370 19s 2d
1910	£21 0s 11d	1915	£1 016 9s 10d
1911	£46 5s 3d	1916	£1 947 2s 2d
1912	£86 4s 8d		

[85]

Tabel 10: Aanduiding van armblanke agterstallige dienstegelde en belastings

In Calitzdorp, Oudtshoorn se buurdorp, was die munisipaliteit in 'n beter finansiële posisie, want die ineenstorting van die volstruisveerbedryf het nie so 'n negatiewe impak op dié dorp se gemeenskap gehad nie. Daar was ook nie so 'n groot verskuiwing van verarmdes vanuit die distrik na die dorp wat nie dienstegelde kon betaal nie.[86] Dié situasie was dus eie aan Oudtshoorn.

In die verslag word gemeld dat die stadsklerk, Walter Powrie, tot en met die einde van 1913 slegs 95% van alle belastings kon invorder, maar vanaf 1914 is hy opdrag gegee om geen persoon te vervolg wat nie meer kon betaal nie. Dit was 'n maatreël van die munisipaliteit om die armes van die dorp te help.[87] Daar kan dus afgelei word dat die vele droogtes in Oudtshoorn 'n negatiewe uitwerking op die ekonomie gehad het en verarming bevorder het.

Die *Oudtshoorn Courant* het gereeld berig oor die droogtetoestande in die dorp en distrik. Reeds op 13 Januarie 1914 het 'n berig oor die voer van volstruise op die plaas Welbedacht, wes van Oudtshoorn, verskyn.[88] Dit was die begin van 'n droogte wat vanaf 1914 tot 1916 geduur het. In dié periode het daar ook 1 130 boere in die

---

85 WCARS, PAS, VOL 2/797, Ref L73/C/13: Munisipale verslag, Oudtshoorn, 1917, p. 33.
86 CMA, Afdelingsraads notule, *Behoeftige Blanken*, 8 September 1916.
87 *Ibid.,* p. 35.
88 CPNMA, Oudtshoorn Courant, 13 Januarie 1914, p. 2 (Boere op Welbedacht moet diere voer).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Calitzdorp-distrik misoeste gehad, bankrot geraak, totaal verarm en hulle plase verlaat.[89] Volgens die reënvalverslag in die distriksrekordboek van Oudtshoorn het dit in 1914 slegs 9,39 duim (234,75 mm) gereën en in Desember en Februarie van dieselfde jaar het geen reën geval nie. Volgens JH Schoeman, die destydse Lid van die Volksraad vir Oudtshoorn, het die droogtes 'n baie groter negatiewe effek op die gemeenskap gehad as wat die val van die volstruisveerbedryf op die ekonomie gehad het. Boere in die distrik het gedurende die vroëre ekonomiese depressies nog steeds oorleef as gevolg van die verepryse, maar met die erge droogtes het hulle in totale armoede verval.[90] In 'n persoonlike onderhoud met J Schoeman, oud-inwoner van De Rust, is die uitwerking van die droogte bevestig.[91]

'n Verteenwoordiger van die Kaaplandse Administrateur, Lewis Mansergh, het die gebied wes van Oudtshoorn in die rigting van Calitzdorp gedurende November 1915 besoek. In sy verslag het hy genoem dat niemand 'n idee gehad het van hoe erg die droogte in die gebied was nie. Hy het bevind dat armblankes tot so 'n mate verarm het dat gekookte turksvyblare hulle hoofbron van voedsel was. Daar was ander families wat slegs een keer per dag geëet het, en dan ook maar net mieliepap.[92] Die langdurige droogtes het veroorsaak dat daar 'n tekort aan drinkwater ontstaan het. In 1920 het die reënval verbeter, maar dit het te laat gekom om enige positiewe invloed op die vrugtebedryf te kon uitoefen. Die boere het ook nie 'n afset vir die bietjie vrugte gehad nie en verarming het vererger.[93] In 1931 was daar 'n groot waternood vir huislike gebruik in veral in die Calitzdorp-distrik[94] en die Afdelingsraad van Oudtshoorn het gereeld versoeke gekry om drinkwater aan armblankes te voorsien. Die deel van die distrik wat die swaarste getref was, was die gebied wes van Oudtshoorn in die rigting van Calitzdorp waar die meeste armblankes gewoon het.[95]

Die aanhoudende droogtes het onder andere veroorsaak dat boere in sommige gevalle bywoners nie meer op hulle plase kon akkommodeer nie. Die water en weiding was so min dat die boer dit nie met nog iemand kon deel nie. Hierdie armblankes het as gevolg van verarming geen lewensmiddele vir hulleself gehad nie en was verplig om die distrik te verlaat of hulle op die dorp in Oudtshoorn te gaan verstig. In Oudtshoorn was daar in die meeste gevalle min of geen werksgeleenthede nie en daar het hulle nog verder verarm.[96] In Klaarstroom, die gemeenskap aangrensend tot De Rust, was die meeste bywoners mense wat hulle plase ook as gevolg van langdurige droogtes verloor het. Ene mnr. Koch was een so 'n persoon. Hy het slegs tot op dertienjarige ouderdom in Bloupunt, 'n woongebied oos van Oudtshoorn geleë aan die oewers van die Olifantsrivier, skoolgegaan en daarna saam met sy ouers gaan boer. Hy het uiteindelik as dagloner vir een sjieling per dag gewerk.[97]

---

89 P. Buirsky, Aspects of material life, p. 76.
90 U.G., SC3 – 16, *Report on the Select Committee on Drought Distress Relief,* pp. 468 – 488.
91 Persoonlike onderhoud, O. Stander – J. Schoeman, Oud-boer van De Rust, Oudtshoorn, 27 Maart 2012.
92 *Ibid.,* p. 6.
93 U.G., 8 – 28, *Jaarverslag van die Departement van Justisie vir die kalenderjaar 1920,* p. 40.
94 WCARS, PAS, Vol 2/806, Ref L75/C/21: Telegram 1645, 13 Januarie 1931.
95 WCARS, PAS, Vol 4/439, Ref A10: Calitzdorp distress in the district relief works proposed, pp. 1 – 3.
96 *Ibid.,* pp. 1 – 3.
97 KCAB, Bron 56979, Vol 167 – 168, File 476/12, Notebook 3: De Rust, Klaarstroom en Uniondale, 23 April 1929, p. 13.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verdere droogtes het in 1919, 1924 en 1927 voorgekom.[98] In 1924 was die toestand nog erger toe daar slegs 6,39 duim (173,25 mm) reën geval het met Oktober as die droogste maand.[99] In 1927 was die reënval die laagste toe dit slegs 4,53 duim (113,25 mm) gereën het. Oktober en Januarie van daardie jaar was die droogste maande.[100] Die volgende baie droë jaar was 1930, net voor die groot depressie, toe dit slegs 6,74 duim (168,50 mm) gereën het met Desember as die droogste maand.[101]

Die volgende grafiek toon die reënval gedurende die tydperk wat deur die studie gedek word en word in mm aangedui:



Grafiek 1: Reënvalsyfers in Oudtshoorn, 1914 – 1937

(Bron: LKAO)

98 LKAO, 1920, p. 4; Ibid., 1924, p. 3; Ibid., 1927, p. 1.

99 *Ibid.,* p. 215.

100 LKAO, Statistiek van reënval in Oudtshoorn, 1920, p. 1, 1924, p. 3, 1927, p. 6.

101 *Ibid.,* p. 215.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die droogtetoestande in Oudtshoorn en distrik het veroorsaak dat siektetoestande en sterftes in die gebied verhoog het. In sommige gevalle het die broodwinner gesterf en as gevolg van 'n verlies aan inkomste het verarming toegeneem. In gevalle waar die vrou in die gesin gesterf het, was die voorbereiding van kos en die higiëniese instandhouding van die huis aan die kinders of die vader oorgelaat. Die situasie het veroorsaak dat siektetoestande ontstaan het, ander lede van die gesin soms gesterf het en verarming verder vererger het. In die verslag van die distrikgeneesher, dr. H Wadsworth, verwys hy na die toestand soos volg: *"The majority of the poor dwell under unhealthy conditions which sooner or later undermine the health of the inmates."*[102]

Van die algemeenste siektes waaraan die mense gesterf het, was tifuskoors.[103] Tifuskoors is 'n term wat gebruik word om verskillende besmetlike siektes te beskryf. Dit word versprei deur luise en besmette, stilstaande water. Die siekte gaan gepaard met hoë koors en bewussynsverlies.[104] In Oudtshoorn is daar reeds vroeg in 1914 melding gemaak van aansteeklike siektes wat op die dorp aangemeld is. In al die verslae van die distriksgeneesheer vanaf 1914 tot en met 1937 word tifuskoors aangedui as dié siektetoestand waarvan die meeste persone in Oudtshoorn gesterf het.[105] Aangesien die meeste siektetoestande onder die armblankes voorgekom het, het die afdelingsraad die behandeling daarvan as 'n prioriteit beskou. Op 'n maandvergadering van die afdelingsraad op 17 Julie 1914 is besluit dat 'n tweede mediese beampte aangestel sou word om behulpsaam te wees met die ondersoek na die oorsake van die baie soorte aansteeklike siektes.[106] Op die raadsvergadering van 6 November 1914 is gerapporteer van 'n sekere huis in Oudtshoorn en is verklaar dit "… *was in a disgusting condition.*"Die raad het besluit dat die mediese beampte dadelik moes optree om die verspreiding van ernstige siektes te voorkom en om die familie te help om uit hulle haglike toestand te kom.[107]

Daar was heelwat armblankes op die dorp wat 'n bestaan gemaak het uit karweiwerk en in baie gevalle was die stalle waarin hulle diere aangehou het nie skoon nie. Dit het vlieë gelok wat weer op hulle beurt siektes versprei het.[108]

Die armblankes het, as gevolg van gebrekkige inkomstes, in baie swakgeboude huise gewoon.[109] In 1928 is gerapporteer dat daar 110 huise op die dorp was wat nie geskik vir bewoning was nie. Baie van die huise was swak geventileer en van kleistene gebou. Kleistene het baie vogtigheid behou en het veroorsaak dat die huise klam gebly en longverwante siektes veroorsaak het. In die meeste gevalle was dit armblankes wat in die huise

---

102 GES, Bron STK, Vol 659, Ref 165/13: *Sanitation Oudtshoorn*, Health report covering period from 1 July 1924 – 30 July 1925, p. 2.

103 *Ibid.,* p. 4. Ibid., 1 July 1924 – 30 July 1925, p. 3.

104 F.F. Odendaal, *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal,* CTP Drukkers, Kaapstad, 2014, p. 1180.

105 GES, Bron STK, Vol 659, Ref 165/13: *Sanitation Oudtshoorn*, Sanitation Oudtshoorn, Health report covering the period from 1st July 1914 – 30 July 1937.

106 WCARS, PAS, Vol 3/OHN, Ref, 1/1/1/2: Afdelingsraadnotule, 17 Julie 1924, p. 361.

107 *Ibid.,* p. 408.

108 GES, Bron STK, Vol 659, Ref 165/13: *Sanitation Oudtshoorn*, Health report covering period from 1 July 1925 – 30 July 1926, p. 4.

109 *Ibid.,* p.4.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gewoon het.[110] Me. E Rasmussen het in 'n persoonlike onderhoud verklaar dat sy baie goed kan onthou dat baie huise in 'n bouvallige toestand was.[111]

Dit is ook opmerklik dat met elke droogte die sterftesyfer gestyg het. Die distriksgeneesheer het dit in sy verslag van 1927 tot 1928 bevestig deur die aanduiding dat die sterftesyfer in daardie periode van 17 tot 41 persone gestyg het. Hy het dit toegeskryf aan die droogtes en gebrekkige inkomstes.[112] In baie gevalle was dit die armblankes wat die meeste geaffekteer is, want hulle kon nie betyds by 'n dokter uitkom nie en mediese sorg was ook baie duur.[113] Die kostes om gehospitaliseer te kon word, was baie hoog. Die plaaslike hospitaal kon slegs twee pasïente per saal akkommodeer en pasïente moes nege sjielings per dag betaal. Die behandeling was slegs effektief as pasïente vir 30 dae gehospitaliseer was; dus was dit vir armblankes totaal onmoontlik om gehospitaliseer te word.[114]

'n Verdere impak van die droogtes op die armblankes was dat dit ook hulle diëte nadelig beïnvloed het. Volgens die distriksgeneesheer, dr. John Jacobson, was die hoë kindersterftes op die dorp 'n direkte gevolg van die swak voedselinname van die moeders en dat mediese sorg nie vir almal beskikbaar was nie.[115] In die laaste gedeelte van die Groot Depressie (Augustus 1933) het 'n artikel in *The British Medical Journal* verskyn waarin die skrywer redes vir die hoë sterftesyfer in die Karoo-gedeeltes van Suid-Afrika aangevoer het. Hy het ook genoem dat lae reënval veroorsaak het dat daar nie genoegsame voedsame groentesoorte verbou kon word nie. Ander oorsake wat aangevoer is, was die dieet van armbalnkes wat ongebalanseerd was. Met ander woorde, te min groentes en te veel stysel en die swak voorbereiding van voedsel was ook 'n oorsaak.[116]

Die toestande waaronder armblankes in Oudtshoorn geleef het, het vanaf 1937 verbeter. Die distriksgeneesheer het in daardie jaar gerapporteer dat die gesondheidstoestande op die dorp vir die eerste keer verbeter het. Dié verbeterde toestande het hy toegeskryf aan die behuising op die dorp wat verbeter het en dat daar beter toesig en beheer was oor die gehalte van melkvoorsiening.[117]

Droogtes het ook 'n negatiewe impak op die arbeidsituasie van die dorp gehad en dit het die armblanke gesin die meeste getref. Op die dorp het baie ouers hul kinders as veresorteerders laat werk om daardeur ook die gesinsinkomstes aan te vul. Kinders is in sommige gevalle uit die skool geneem om die finansiële posisie van die gesin te help verlig. Die praktyk het in sommige gevalle slegs tydelike verligting gebring, maar die kinders

---

110 GES, Bron STK,Vol 659, Ref 165/13: *Sanitation Oudtshoorn*, Health report covering period from 1 July 1927 – 30 July 1928, p. 1.

111 Persoonlike onderhoud, O. Stander – E. Rasmussen, Huisvrou, oud-inwoner van Oudtshoorn, Oudtshoorn, 27 Maart 2012.

112 GES, Bron STK,Vol 659, Ref 165/13: *Sanitation Oudtshoorn*, Health report covering period from 1 July 1927 – 30 July 1928, p. 1.

113 *Ibid.,* p. 7.

114 *Ibid.,* Health report covering period from 1 July 1931 – 30 July 1932, p. 3.

115 GES, Bron STK, Vol 659, Ref 165/13: *Sanitation Oudtshoorn*, Health report covering period from 1 July 1929 – 30 July 1930, p. 4.

116 Anon., "The Poor White problem in South Africa", *The British Medical Journal*, 2 (3788), 12 August 1933, pp. 296 – 297.

117 GES, Vol 659, Ref 165/13: *Sanitation Oudtshoorn*, Health report covering period from 1 July 1937 – 30 July 1938, p. 7.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

het as ongeskooldes weer tot die armblanke stand verval. Die toestande waaronder die veresorteerders gewerk het, was eweneens ongunstig. Die meeste geboue was swak geventileer en die stof van die volstruisvere het in baie gevalle bygedra tot tering en ander longverwante siektes.[118] In 1914 het die distriksgeneesheer van Oudtshoorn, dr. Stusser, aanbeveel dat die indiensneming van kinders as veresorteerders gestaak moes word.[119]

In 1918 is die "Regulation of Wages, Apprentices and Improvers Act 1918" in die parlement goedgekeur. Dié wet het die werknemer beskerm deur vasgestelde lone vir verskillende beroepe te bepaal. In die tydperk voor die wet het werkgewers kinders in diens geneem en in baie gevalle het die kinders onder haglike omstandighede gewerk.[120] In 1923 het daar twee Regeringskennisgewings, naamlik No 317 van 30/4/23 en No 684 van 30/8/23, verskyn. In die kennisgewings is die lone vervat wat aan persone jonger as 18 en aan vrouens wat in winkels, store, restaurante, teekamers en as kleremaaksters in diens geneem is, betaal moes word.[121] AD Allen, die provinsiale inspekteur van die Departement van Arbeid, het vanaf 14 tot 18 Mei 1928 29 besighede in Oudtshoorn besoek om die toestande waaronder jongmense en vroue in diens geneem is te ondersoek. In sy skrywe aan die Besigheidskamer van Oudtshoorn, het hy baie interessante feite uitgelig. Van sy bevindinge wat op die studie van toepassing is, was dat die impak van die droogte op die armblankes in die gemeenskap onder meer veroorsaak het dat jongmense bereid was om vir 'n laer loon as die vasgestelde loon te werk. Hy het ook bevind dat sommige winkel- of besigheidseienaars die situasie uitgebuit het. Hy noem in sy verslag dat 'n winkelier in Oudtshoorn gesê het dat: *"A starving man or woman do not consider minimum wages, bread is the desire of such, and if they can earn it in these terrible strenuous times we should be satisfied until copious rains have fallen."* Die verslag het ook aangedui dat die langdurige droogte tot gevolg gehad het dat die boere se koopkrag afgeneem het en dit het gevolglik 'n negatiewe impak op die besighede in die dorp gehad en sodoende is verarming aangehelp.

'n Verdere bevinding was dat met die vasstelling van basiese lone in Oudtshoorn die ekonomiese toestande beter was en dat die meeste werkverskaffers die loon kon bekostig, maar toestande het verswak en dit was moeilik om dit te handhaaf. 'n Voorbeeld daarvan was dat die bestuurder van Prince Vintcent, vanaf 1918, toe die wet goedgekeur is, nog nie een nuwe aanstelling gemaak het nie, want hy kon dit nie bekostig nie. Volgens die bestuurder het eienaars van besighede in Oudtshoorn 'n skrywe van die regering ontvang waarin hulle versoek is om soveel as moontlik jongmense in diens te neem. Om daaraan te voldoen, het Prince Vintcent twee jongmense in diens geneem, maar vir minder as die voorgestelde loon van £3 10s per maand.[122] Allen noem ook in sy verslag dat ouers van jongmense winkeleienaars gesoebat het om hulle kinders, sonder enige vergoeding, in diens te neem sodat hulle nie verder in die strate moes bedel nie. Verder meld hy dat baie jongmense die dorp verlaat het om elders werk te probeer kry, maar sonder enige sukses. Die posisie is verder vererger deur die langdurige droogtes en baie mense het dorp toe getrek in die hoop om werk te kry. Dié situasie het werkloosheid net nog meer laat toeneem. Dit is ook die rede waarom 'n sekere Me. Du Plessis 'n

---

118 P. Buirski, Aspects of material life in Oudtshoorn, p. 67.
119 U.G., 34 – 14, *Feather sorting,* p. 148.
120 U.G., 34 – 14, *Feather sorting,* p. 149.
121 NASA, Bron ARB, Vol 1296, Ref 1049/26: Wages board Oudtshoorn, p. 1.
122 *Ibid.,* p. 4.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

skrywe aan ’n winkelier gerig het waarin sy gesoebat het dat die winkelier haar dogter in diens moes neem sonder om die minimumloon te betaal.[123]

Die ongenaakbare klimatologiese omstandighede wat onverbiddelike sikliese droogtes meegebring het, waarteen die destydse landboupraktyke nie kon stand hou nie en waarvoor onderontwikkelde waterbewaringsinfrastukture nie voorsiening gemaak het nie, was dus ’n belangrike omgewingsfaktor wat wit verarming gestimuleer het.

Die landbou in Oudtshoorn is ook nadelig beïnvloed deur die vrugbaarheid van die grond wat van plek tot plek gewissel het en sodoende die graad van armoede beïnvloed het. Sekere plase in die distrik was langs rivierlope geleë waar die grond vrugbaar was en water redelik beskikbaar was. In ander gevalle was plase ver vanaf rivierlope en die grondvrugbaarheid daarvan baie laag. Op sulke plase het boere baie moeilik oorleef.[124] Die afstand van die dorp en die toeganklikheid tot hulpbronne, al dan nie, het ook bygedra tot verarming. Voorbeelde hiervan is die gemeenskap langs die Kandelaarsrivier,[125] suid van Oudtshoorn, waar van die armste mense in die distrik van Oudtshoorn gewoon het.[126] Die vrugbaarheid van die grondoppervlakte in die gebied was baie laag, en soos dr. N Murray, die Sekretaris van Openbare Gesondheid in Pretoria, genoem het, was daar ’n dorbanklaag naby die grondoppervlakte wat dit moeilik gemaak het om die grond te bewerk.[127] Die mense in die gebied was baie arm, geïsoleerd en baie van hulle het min kontak met die dorp en ander gemeenskappe gehad.[128]

Met die inwoners van Schoemanshoek,[129] noord van Oudtshoorn, het dit egter beter gegaan. Met EG Malherbe en ME Rothman as lede van die Carnegie-kommissie se besoek aan Schoemanshoek het hulle bevind dat baie van die bywoners wat daar gewoon het skoolopleiding ontvang het en dat die meeste ouers intelligent was. Daar was ook families wat gedurende die groei van die volstruisveerbedryf ekonomies sterk was, maar teen 1929 as bywoners geleef het.[130] Tog was die mense in die gebied oor die algemeen beter gevoed. Van die veertien gesinne wat tydens die ondersoek daar gewoon het, was daar agt wat hulp ontvang het. Die kinders het genoeg melk en vrugte by hulle ouerhuise ontvang en almal van hulle het elke dag ’n toebroodjie skool toe gebring. Die kinders het ook die tabaklande help bewerk om sodoende sakgeld te verdien.[131]

As die gebiede van Kandelaarsrivier en Schoemanshoek met mekaar vergelyk word, kan daar afgelei word dat die ligging, onvrugbaarheid van die grond en die min beskikbaarheid van water rondom Kandelaarsrivier ’n groot rol gespeel het in die landbou om dus armoede in die eersgenoemde gebied aan te help.

---

123 *Ibid.,* pp. 5 – 9.

124 GES, Bron STK, Vol 7, Ref 165/13: Report on systematic inspection of health and sanitary conditions obtaining in the municipal area of Oudtshoorn, p. 6.

125 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/10, Notebook 2: Oudtshoorn, 12 Maart 1929, p. 26.

126 P.J. Viljoen, *Ek kyk terug,* p. 125.

127 GES, Bron STK, Vol 659, File 165/13: Sanitation Oudtshoorn, p. 6.

128 KCAB, Bron 56979, Vol 476/11, Notebook 2: Oudtshoorn, 13 Maart 1929, p. 27.

129 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/11, Notebook 2: Oudtshoorn, 13 Maart 1929, p. 28.

130 *Ibid.,* p. 30.

131 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/11, Notebook 2: Oudtshoorn, 13 Maart 1929, p. 31.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verarming in die landboubedryf is ook aangehelp deur die geografie van die distrik. Die feit dat verbindingsweë eers in die laat negentiende eeu en die begin van die twintigste eeu oopgestel is, het veroorsaak dat Oudtshoorn tot betreklik laat van die res van die Kaapprovinsie afgesluit was. Veral die distriksbevolking, en meer in besonder die mindergegoede deel, was lank onderhewig aan die nadelige gevolge van isolasie wat verarming aangehelp het.[132] Klein nedersettings het langs rivierlope en tussen bergreekse ontstaan. Volgens dominee PJ Viljoen, 'n voormalige leraar van die NG Gemeente (1914 tot 1932), kan verarming ook toegeskryf word aan die feit dat die mense van Oudtshoorn, sedert die vestiging van die eerste pioniers, baie geïsoleerd was en weinig blootstelling aan nuwe boerderymetodes gehad het. Dit het veroorsaak dat baie boere na die val van die volstruisveerbedryf nog verstok was aan ou boerderymetodes en dit was toe vir hulle baie moeilik om skielik na meer moderne boerderymetodes oor te skakel.[133] Die geïsoleerdheid van die dorp en distrik het dus veroorsaak dat baie boere min kontak met ander gemeenskappe gehad het en sodoende het baie van hulle gestagneer en dikwels nie ekonomies verbeter nie.[134] Dominee Viljoen het ondervind dat Oudtshoorn in daardie stadium meer geïsoleerd was as byvoorbeeld Willowmore, want Willowmore was op 'n hoofpad na die binneland geleë en reisigers vanuit ander dele van die Unie het gereeld daar aangedoen. Dié kontak het daartoe bygedra dat die dorp groter blootstelling aan ander gemeenskappe gekry het as Oudtshoorn. Die geïsoleerdheid het ook meegebring dat Oudtshoorn en sy gemeenskap vinniger verarm het, want die boere se produkte kon nie maklik na markte vervoer word nie en die gemeenskap was ook nie, soos genoem, aan ontwikkeling blootgestel nie.[135] Geïsoleerdheid het verder ook daartoe bygedra dat die ontwikkeling van behuising en die alledaagse leefwyse nie gemoderniseer is nie en sodoende verarming aangehelp het.[136]

Verarming wat deur onder andere isolasie veroorsaak is, het ook op sommige van die armblankes se psige 'n baie negatiewe impak gehad en in sommige gevalle het hulle voor wanpraktyke geswig. Sommige armblankes was in 'n totale staat van moedeloosheid en het geen inisiatief gehad om uit hulle staat van verarming te kom nie en gevolglik het dit 'n negatiewe invloed op die sedelike en morele lewe van die armblanke gehad. Dit het ook veroorsaak dat daar ondertrouery plaasgevind het wat tot maatskaplike probleme gelei het. Van die probleme was swak prestasie van kinders.[137] Volgens die notules van 1914 tot 1937 van die NG Kerk in Oudtshoorn, is daar byvoorbeeld tydens elke kerkraadsvergadering tyd afgestaan aan lidmate wat deur middel van kerklike tug voor die kerkraad verskyn het as gevolg van buite-egtelike verhoudings. In sommige gevalle is die hele kerkraadsvergadering aan sulke tugverhore afgestaan.[138]

---

132 N. Sieberhagen, *Die plattelandse skool in Oudtshoorn,* p. 2.

133 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/10, Notebook 2: Oudtshoorn, 12 April 1929, p. 20.; P.J. Viljoen, *Ek Kyk terug, S*uid-Afrikaanse Bybelvereniging, Kaapstad, 1949, p. 84.

134 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File 476/11, Notebook 4: Oudtshoorn, 28 Maart 1929, p. 2.

135 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File 476/10, Notebook 4: Uniondale, 6 Mei 1929, p. 2.

136 Anon., "The Poor White problem in South Africa", *The British Medical Journal*, 2, (37788) 12 August 1933, pp. 296 – 297.

137 *Ibid.,* pp. 26, 27.

138 NGKA, GEM – K 1628 – K1629, Notules, 1914 – 1937.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In die uitgestrekte Karoogebiede was plase tot 20 myl (32,18 km)[139] van mekaar geleë en het mense slegs tydens spesiale geleenthede met mekaar in aanraking gekom. In gebiede soos byvoorbeeld Van Wyksdorp, Gamkaskloof, Jonkersberg en Klaarstroom het groepe families in afsondering saam gewoon. Vir baie van die mense was die kerk al sosialiserende invloed. Met die verslegtende ekonomiese toestande het van hierdie mense nog minder kontak met hulle gemeenskappe gehad. 'n Gebrek aan voldoende inkomste het sigbaar geword in kleredrag en bydraes aan die kerk.[140] Daar was egter by baie van die mense 'n behoefte om uit te styg uit hulle staat van armoede en diesulkes het die gemeenskap verlaat.[141]

3.4.2 Die Romeins-Hollandse erfregstelsel en die onderverdeling van grond

Die Romeins-Hollandse erfregstelsel as oorsaak van verarming in die breë Suid-Afrika, is reeds in hoofstuk een van die studie bespreek, maar dié gebruik het ook 'n besondere impak op Oudtshoorn gehad. Die verdeling van 'n eiendom deur dit in 'n sekere familie te probeer hou, was 'n verskynsel wat regdeur Oudtshoorn-distrik, asook in die aangrensende distrikte voorgekom het. Dit het veroorsaak dat baie boere verarm het en uiteindelik insolvent verklaar is.[142] Dié erfregstelsel in Oudtshoorn het onbewustelik veroorsaak dat baie jonger mense verarm het, want hulle kon nie finansieel op sulke klein stukkies grond oorleef nie. Van hulle was dus noodgedwonge verplig om die distrik te verlaat.[143]

So byvoorbeeld is 'n testament van Cornelius Johannes Nortier, die eienaar van twee plase, Meidekraal en Mistkraal, op 14 Januarie 1891 opgestel. Volgens die testament moes elkeen van sy agt kinders 1/64 deel van die plaas Meidekraal en 1/32 van die plaas Mistkraal kry. Die testament het verder bepaal dat "… *onze genoemde kinderen verpligt zal zyn om gezegde aandeel grond weder aan hunnen kinderen te vermaken in gelyke dele en deze kinderen niet de recht zal hebben om de aandeel vermeld te verkopen verbinden en anderzinds te vermeerderen.*" [144]

'n Soortgelyke voorbeeld is die testament van ene Coenraad Strydom van die plaas Kruisrivier, wes van Oudtshoorn. Die plaas is na die dood van hulle pa tussen die kinders verdeel en elkeen het 1/8 van die oorspronklike eiendom gekry. Hierdie verdeling het veroorsaak dat nie een van hulle 'n leefbare inkomste kon genereer nie en het hulle uiteindelik tot bywoners verarm.[145]

Malherbe verwys ook na gevalle langs die Kammanassie- en Olifantsrivier waar eiendomme in sulke klein stukkies verdeel is en dat in sommige gevalle, neefs met niggies getrou het net om 'n groter stuk grond te kon besit. Dié ondertrouery het weer verdere negatiewe gevolge gehad. In sommige gevalle het kinders wat uit

---

139 1 myl = 1,609 kilometer

140 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/10, Notebook 2: Van Wyksdorp, Ladismith en Calitzdorp, 12 April 1929, p. 45.

141 *Ibid.,* p. 44.

142 *Ibid.,* p. 8.

143 WCARS, Bron CAD, File 1/2/18 no 15/31: Origin of poor whites, p. 1.

144 Privaatversameling, M. Jonker, Testament 119/555, Huis JJ Watson, George.

145 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File 476/10, Notebook 4: Oudtshoorn, 28 Maart 1929, p. 4.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sulke huwelike gebore is intellektuele afwykings gehad.[146] Verarming in Van Wyksdorp het ook ontstaan as gevolg van die onderverdeling van grond. 'n Voorbeeld hiervan was die verdeling van die plaas van Johannes van Wyk onder sy tien kinders. Die plaas was 101 morge (86,53 hektaar) groot. Om te kon oorleef, moes die kinders verbande op die onverdeelde stukkies grond neem, want dit was te klein om 'n bestaansboerdery daarop te maak. Hulle kon die verbande uiteindelik nie terugbetaal nie en het sodoende insolvent geraak. Daarna moes hulle as bywoners 'n bestaan probeer maak. Sommige van die kinders het die distrik verlaat en hulle in die arbeidskolonie op Olifantshoek, naby George, gaan vestig. In ander gevalle het party mans as dagloners by boere in ander distrikte gaan werk.[147]

Nog 'n geval wat in Oudtshoorn opgeteken is, was die boedel van wyle MG Janse van Rensburg wat getroud was met Francina Louisa Barkhuysen. Uit die huwelik is vier kinders gebore. Met die sterwe van Janse van Rensburg het sy testament bepaal dat "… *die nablywende van ons in die volle besit sal bly en die lewensreg sal hê en geniet van die gehele boedel van die eersterwende (sic) van ons tot op sy of haar dood. Na die dood van die langslewende van ons, sal die gehele boedel van die eersterwende (sic) oorgaan aan die kinders van die testateur op voorwaarde dat die kinders of kleinkinders slegs 'n lewensreg of vruggebruik op gesegde goed sal hê en geniet, en dat hulle nie geregtig sal wees om die gesegde goed te verkoop of verbind nie daar dat ons wil en begeerte is.*" Die implikasie van so 'n testament was dat die erfgename nooit werklik die eiendom kon besit nie, geen lening by 'n bank kon aangaan nie en gevolglik verarm het.[148]

3.5 Die volstruisbedryf en verarming

Die opkoms van die volstruisbedryf het ook 'n negatiewe impak op sommige boere in die Oudtshoorn-distrik gehad en bygedra tot verarming. Weereens word daar ook, ter wille van perspektief, oor sigtelik na voorbeelde van die volstruisekonomie vóór 1914 verwys. Tot en met einde 1913 was die volstruisbedryf baie suksesvol.[149] Gedurende 1913 was die totale bedrag waarvoor volstruisvere in Oudtshoorn verkoop is £500 000.[150] Die wêreldwye aanvraag na volstruisvere is gestimuleer deur veranderde vrouemodes. Dit het 'n geleentheid geskep dat meer en meer mense in die Oudtshoorn-distrik met volstruisvere en eiendomme begin spekuleer het.[151]

Die tekens van ekonomiese voorspoed het selfs vroeër aan die lig gekom. In 'n uiters belangwekkende hoofartikel in die *Oudtshoorn Courant* van 17 Februarie 1902 word hierdie tekens aangestip. Eiendomspryse, veral binne die dorp, was hoër as ooit tevore; tog het baie boere dorpshuise gekoop en dié wat reeds sogenaamde kerkhuise gehad het, het dit vergroot. Ook besigheidspersele is vinnig opgekoop en belangstelling

---

146 E.G. Malherbe, *Onderwys en die armblanke*, p. 45; KCAB, 56979, Vol 164, File 476/11, Notebook 3: Oudtshoorn, 27 April 1929, p. 7.

147 *Ibid.,* p. 25.

148 Millers Prokureurs, Meadestraat, George, Akte afdeling, Leêr, AV/TT/JS, George.

149 A. Le Roux, "'n Historiese ondersoek", p. 42.

150 U.G., 28 – 15, *Annual report of the Department of Justice for the calendar year 1914,* p. 61.

151 NASA, Bron PM, Vol 1/2/32, Ref 7/14: Rapport oor die ekonomiese en landbou toestande in die distrikte Oudtshoorn, Calitzdorp en Ladismith, p. 4.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van buite die distrik in sulke persele het toegeneem. Daarby was kompetisie in al die handelsektore besonder lewendig. Die berig sluit af deur te verklaar: "... *money appears to be plentiful*."[152]

Die eiendomspryse het ook die ekonomiese opswaai gereflekteer. Grondbesit was baie kompeterend en gevolglik het grondpryse kunsmatige hoë pryse behaal.[153] Oor bykans die hele distrik is eiendom met ywer gekoop en verkoop. Op Vlakteplaas, byvoorbeeld, is grond wat deur die afdelingsraad vir £1 600 gewaardeer is, vir £3 819 verkoop en 'n stuk grond van 5 morg (4,24 hektaar) vir £1 201.[154] Die ekonomiese voorspoed wat die volstruisveerbedryf gebring het, het ook veroorsaak dat grondeienaars ryker geword het.[155] Op De Rust was erwe in April 1903 ook vir aansienlik meer as drie jaar vantevore verkoop en was verskeie nuwe geboue in aanbou.[156] In Calitzdorp is die strate opgeknap en geboue, soos 'n nuwe poskantoor en skoolgebou, is opgerig, terwyl John Baldwin, 'n hoteleienaar van Oudtshoorn, ook 'n hotel op Calitzdorp wou open.[157] In Oudtshoorn het nuwe geboue ewe-eens oral opgeskiet en was verskeie erwe op Wesbank en aan die oostekant van die dorp teen baie goeie pryse verkoop.[158] In April 1903 het Carel de Jager grond wat in die noordelike buitewyke van die dorp geleë was, gekoop teen 'n rekordprys vir dorpserwe van £113 per akker[159] vir 'n totaal van £9 050.[160] Baie klein grondbesitters en ook die ondergemiddelde boer het 'n kans gewaag om vinniger ryk te word. Eiendomme in die dorp was maklik bekombaar. Banke, trusts, assuransiemaatskappye en privaat geldskieters het die aanloklike spekulasiegeleentheid aangegryp, want geld was beskikbaar en die hoë pryse van die volstruisvere het geen twyfel laat ontstaan dat hulle wel hul geld sou terugkry nie.[161] Dit was nie net volstruise wat hoë pryse behaal het nie, maar ook ander diere in die distrik. Op veilings is daar tot £24 en £24 10s vir 'n enkele muil betaal.[162]

Met die groei van die ekonomie het meer en meer grondeienaars verbande op hulle grond geneem om sodoende nog meer grond te koop. Sommige van die boere was oortuig dat die waarde van hulle eiendom verder in waarde sou toeneem en in sekere gevalle het die waarde per morg inderdaad vanaf £300 tot £1 000 per morg gestyg.[163] Na die val van die volstruisveerbedryf het die waarde van besproeiingsgrond in 1920 tot £200 per morg en die van nie-besproeibare grond tot 20s per morg gedaal.[164] Ook perde was in groot aanvraag en baie goeie pryse is betaal vir enige bogemiddelde dier. So het dr. Russel, die distriksgeneesheer, £200 vir twee perde betaal en by 'n veiling in Julie 1902 is 50 perde opgeraap vir tussen £20 en £40 elk.[165] Die verbande op

---

152 CPNMA, *Oudtshoorn Courant*, 17 Februarie 1902, p. 5 (Eyes Front).
153 *Ibid.,* p. 5.
154 CPNMA, *Oudtshoorn Courant*, 8 Augustus 1902, p. 5 (A Successful Sale).
155 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/10, Notebook 2: Oudtshoorn, 12 Maart 1929, p. 6.
156 CPNMA, *Oudtshoorn Courant*, 20 April 1903, p. 7 (Sale of Erven at De Rust).
157 CPNMA, *Het Zuid-Western*, 18 September 1902, p. 5 (Calitzdorp).
158 CPNMA, *Oudtshoorn Courant*, 26 November 1902, p. 10 (Sale of Erven on West Bank); Ibid., *Oudtshoorn Courant,* 5 December 1902, p. 9 (Sale of Munisipal Erven).
159 1 akker = 0,405 hektaar.
160 CPNMA, *Oudtshoorn Courant*, 24 April 1903 (Another Successful Land Sale).
161 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/10, Notebook 2: Oudtshoorn, 12 Maart 1929, pp. 5 – 6.
162 CPNMA, *Oudtshoorn Courant,* 24 Julie 1902, p. 7 (Sales of mules).
163 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/10: Notebook 2: Oudtshoorn, 12 Maart 1929, p. 8.
164 U.G., 36 – 20, *Jaarverslag van die Departement van Justisie vir die kalenderjaar 1920,* p. 29.
165 CPNMA, *Oudtshoorn Courant,* 24 Julie 1902, p. 9 (Horses).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sommige boere se plase het met verloop van tyd so groot geword dat dit bykans onmoontlik was om dit af te betaal.[166] Baie boere het feitlik al hulle winste weer teruggeploeg in volstruisboerdery deur nog meer voëls en plase aan te koop. Meer verbande is uitgeneem sonder dat skuld eers vereffen is en sodoende het hulle eiendomme, asook hulle skuldlas, vermeerder.[167] Daar was wel gevalle waar daar probeer is om skuld te betaal, maar met die aankoop van nog grond was die koopprys so hoog dat die boer net verder in die skuld geraak het. 'n Voorbeeld hiervan was die boer wat 'n plaas van 30 morg (25,701 hektaar), waarvan 18 morg (15,42 hektaar) veld was, gekoop het. Hy het die grond baie verbeter en sy skuld tot op £50 afbetaal. Hy het toe besluit om 3½ morg (2,99 hektaar) by te koop maar het daarvoor £1200 betaal. Die transaksie het sy skuldlas vergroot en sy finansiële posisie het verder verswak.[168] Daar was ook boere wat geen poging aangewend het om hulle skulde te probeer delg nie.[169] Sommiges het gedink dat skuldeisers op hulle besittings sou toeslaan indien hulle hulself sou verbeter en sodoende het hulle in die maalkolk van verarming beland en gebly.[170] Die volgende tabel illustreer die verbande wat op sekere plase in die Oudtshoorn-distrik geneem is. Daar is gepoog om sover moontlik voorbeelde uit die hele distrik te neem. Dit moet egter in aanmerking geneem word dat die verbande in byna al die gevalle geneem is voor die val van die veremark. Grond wat nie vir weiding gebruik is nie het bykans geen markwaarde gehad het nie en lenings is slegs op weiveld toegestaan.[171] Daar is ook soortgelyke inligting rakende boere in die Ladismith-distrik en dit vergelyk baie goed met dié van Oudtshoorn, maar vir die doel van die studie word daar slegs na Oudtshoorn verwys.[172]

	PLAAS	OPPERVLAKTE (Morge)	Oppervlakte (Hektaar)	AFDELINGSRAAD WAARDASIE	VERBAND(E)
1	Vlakteplaas	60 (bougrond) 140 (veld)	51,42 119,94	£3 750	Eerste £2 000
2	Oudtshoorn (Buffelsdrif)	128 (bougrond) 70 (veld)	109,67 59,97	£9 000	Eerste: £4 333
3	De Hoop	90 (bougrond) 1 200 (veld)	77,13 1 028,04	£10 500	Eerste: £5 000
4	Armoed	82 (bougrond)	70,25	£11 500	Eerste: £6 000
5	Matjiesrivier (Noord)	72 (bougrond) 19 (veld)	61,68 16,37	£1 000	Eerste: £2 000
6	Matjiesrivier (Suid)	14 (bougrond) 50 (veld)	11,99 42,84	£500	Eerste: £3 000

[173]

Tabel 11: Verbande op grond in Oudtshoorn en distrik

166 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/10, Notebook 2: 14 Maart, 1929, p. 9.
167 *Ibid.,* p. 5.
168 *Ibid.,* p. 6.
169 *Ibid.,* p. 10.
170 *Ibid.,* p. 11.
171 *Ibid.,* p. 7.
172 NASA, Bron PM, Vol 1/2/32, Ref 7/14: Rapport oor die ekonomiese en landbou toestande in die distrikte Oudtshoorn, Calitzdorp en Ladismith p. 26.
173 *Ibid.,* p. 7.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dié ongesonde boerderypraktyk het daartoe bygedra dat baie boere verarm het en geleidelik het armblankes hulle in die dorp begin vestig. Dominee GW Stegman noem dat daar in 1860 omtrent geen bedelaar in Oudtshoorn was nie, maar dat die getal bedelaars in die dorp met die vestiging van die volstruisbedryf begin toeneem het.[174]

In Januarie 1914 het die eerste gerugte van teenkanting teen die gebruik van die volstruisveer die gemeenskap van Oudtshoorn bereik toe John Edmeads, die destydse burgemeester van Oudtshoorn, 'n brief ontvang het waarin daar genoem is dat die volstruisvere nie meer deur die modehuise in Europa in aanvraag was nie. Daar is verder genoem dat daar in Londen 'n veldtog teen die koop van vere was aangesien die Europeërs geglo het dat volstruise geslag is om hulle vere te kan gebruik.[175] Die boikot is in Londen deurgevoer toe Henry Hobhouse, 'n lid van die Britse Parlement, 'n wet geproklameer het dat daar 'n verbod op die invoer van volstruisvere en volstruisvelle geplaas moes word omdat daar geglo is dat die voëls doodgemaak moes word om die vere te kon kry. Gevolglik het volstruisvere oornag geen verkoopswaarde meer gehad nie.[176] 'n Ander bydraende faktor tot die val van die volstruisveerbedryf was die Eerste Wêreldoorlog wat onder andere verantwoordelik was vir 'n voortdurende depressie.[177] Die belangstelling in volstruisboerdery in Oudtshoorn, maar ook regoor die Unie van Suid-Afrika, het begin afneem.

Die volgende tabel toon aan hoe die volstruisgetalle in die Unie vanaf 1916 gedaal het:

JAAR	KAAP	NATAL	TRANSVAAL	ORANJE- VRYSTAAT	TOTAAL
1916	379,427	4,259	8,927	6,415	399,028
1918	300,906	6,022	3,110	4,227	314,265
1919	273,490	1,900	2,820	3,860	282,070
1920	277,700	1,670	2,450	2,160	283,980
1921	255,661	1,468	2,840	1,859	261,828
1922	266,935	1,047	2,281	2,202	272,465
1923	241,794	745	1,769	881	245,189
1924	207,352	781	1,729	1,010	210,872
1925	162,176	627	2,543	1,473	166,819
1926	102,201	303	1,009	1,065	104,578
1930	-	-	-	-	31,618

178

174 *Ibid.,* p. 5.

175 CPNMA, *Oudtshoorn Courant,* 6 Januarie 1914, p. 5 (Volstruisvere geen waarde).

176 *The Farmers Weekly*, The Plumage Bill, 22 April 1914, p. 828. (The Plumage Bill).

177 U.G., 12 – 18, *Report of the ostrich feather commission appointed to enquire into the ostrich feather industry, including two minority reports,* p. 2.

178 J.E. Holloway, *Offisiële jaarboek van die Unie en van Basoetoland, Bechuanaland-Protektoraat en Swaziland No 12,*Die Staatsdrukker, Pretoria, p. 403; A.W. Carruthers, *Offisiële jaarboek van die Unie en van Basoetoland, Bechuanaland-Protektoraat en Swaziland, No 6,* p. 443. Volstruisgetalle is net tot 1930 beskikbaar, want daarna is volstruisboerdery nie meer as 'n belangrike nywerheid in die Unie beskou nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tabel 12: Die daling van volstruisgetalle in die Unie, 1916 – 1930

(Volstruisgetalle is nie in die 1914, 1915 en 1917 sensusse opgeneem nie.)

Tabel 12 se inligting plaas die Oudtshoorn-voorbeeld in konteks met die res van die Unie. Die daling in die volstruisgetalle het ook 'n ekonomiese impak op die ekonomie van die Unie van Suid-Afrika gehad. In 1910 was die waarde van volstruisvere wat uitgevoer is £2 272 846.[179] Die jaarlikse inkomste uit die volstruisveerbedryf in 1913 was £1 000 000, maar met die val van die volstruisveerbedryf in 1914 het dit begin daal tot by £40 000 in 1918.[180] Die tien jaar periode van, 1914 tot 1924 was die moeillikste jare vir die volstruisbedryf in Oudtshoorn, want daar was nie meer 'n aanvraag na volstruisvere nie.[181] Die volstruisgetalle in Oudtshoorn het van 110 000 in 1911 na 69 000 in Junie 1916 gedaal.[182] Die Europese markte kon nie meer die groot hoeveelhede volstruisvere verkoop kry nie.[183] Die totale waarde van volstruisvere wat uitgevoer is, het in 1935 na £28 252 gedaal. Die daling het bygedra tot werksverliese vir alle kleurgoepe op die dorp en in die distrik en baie boere met 'n groot skuldlas gelaat wat verarming in die hand gewerk het.[184] Tog het sommige boere bly glo in die volstruisbedryf en het hulle, ten spyte van die daling in die waarde van die vere en die fluktuering van die oorsese markte,[185] steeds voortgegaan met die aankoop van volstruise en hulleself sodoende nog verder verarm.[186]

Na die val van die volstruisbedryf was dit vir baie boere finansieel moeilik om te kon oorleef,[187] want hulle kon nie hulle rekeninge betaal nie en finansiële instellings wou nie meer krediet toestaan nie.[188] Sommiges was ook nie in daardie stadium finansieel in staat om waterslote te maak om hul lusernlande te kon besproei om daaruit 'n inkomste te genereer nie en hulle kon dus ook nie in ander boerderysoorte belê nie.[189] Kleinboere kon, as gevolg van die hoë grondpryse, nie hulle boerderye vergroot nie. Hulle het hul grond aan ryker boere verkoop om uit hulle skuldlas te kom en het baie gou tot die armblankestand gedaal.[190]

Die val van die volstruisveerbedryf in Oudtshoorn het ook 'n negatiewe impak op die plaaslike munisipaliteit gehad.

---

179 D.J. Seymore, *Hulpboek vir die boere in Suid-Afrika,* Departement van Landbou en Bosbou, Pretoria, g.d., p. 2.

180 J.E. Holloway, *Offisiële Jaarboek van die Unie, No. 12, 1929 – 1930,* p. 378.

181 A. le Roux, 'n Historiese ondersoek, p. 42.

182 U.G., 39 – 16, *Annual report of the Departement of Justice for the calendar year 1916,* p. 45.

183 GMA, *The George and Knysna Herald*: 25 Maart 1914, p. 2 (Oorsake van verarming).

184 D.J. Seymore, *Hulpboek vir die boere in Suid-Afrika,* g.d., p. 2.

185 *Ibid.,* p. 2.

186 GMA, *The George and Knysna Herald*, 25 Maart 1914, p. 2 (Oorsake van verarming).

187 U.G., 28 – 15, *Annual report of the Departement of Justice for the calendar year 1914,* p. 74.

188 GMA, *The George and Knysna Herald*, 25 Maart 1914, p. 3 (Oorsake van verarming).

189 In vergelyking met ander dele van die Kaapkolonie is daar in Oudtshoorn nie baie aandag aan besproeiingstelsels gegee nie en dit het 'n negatiewe effek op die boerderye na die val van die volstruisveerbedryf gehad. Sien P. Bursky, Aspects of Material Life, pp. 24, 30.

190 *Ibid.,* p. 9.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Volgens 'n ouditeursverslag van die munisipaliteit van 1917 het die bankrekening van die munisipaliteit vanaf 1913 geleidelik oortrokke geraak en het dit aan die einde van 1916 soos volg daar uitgesien:

JAAR	JUNIE	DESEMBER
1912	-	£ 2 470
1913	£ 2 490	£ 5 750
1914	£ 6 830	£13 026
1915	£ 9 936	£10 373
1916	£18 053	£17 699

[191]

Tabel 13: Finansiële posisie van die munisipaliteit, 1913 – 1916

Malherbe het bevind dat na die val van die volstruisveerbedryf die inwoners van Oudtshoorn in drie groepe ingedeel kon word, naamlik diegene met geen skuld en wat hul finansies oordeelkundig bestee het; diegene wat ongekontroleerd grond gekoop het en uiteindelik nie hul verbande kon betaal nie en derdens diegene wat totaal insolvent was.[192] Die laaste groep was dié met wie dit finansieel die moeilikste gegaan het. Die aantal bankrotskappe in Oudtshoorn vanaf 1910 tot en met 1919 word vervolgens in grafiek 2 aangedui. Die begindatum van die grafiek is 1910 om aan te dui dat 'n deel van die boeregemeenskap finansieel gesukkel het om te oorleef en uiteindelik bankrot geraak het. In 1914 het verarming akúút toegeneem toe bankrotskappe ongekende hoogtes bereik het.



[193]

Grafiek 2: Bankrotskappe in Oudtshoorn, 1910 – 1919

191 WCARS, Bron PAS, Vol 2/797, Ref L73/C/13: Munisipale verslag, Oudtshoorn, 1917, p. 33.
192 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/10, Notebook 2: Oudtshoorn, 27 April 1929, p. 22.
193 *Ibid.,* Notebook 3: 27 April 1929, p. 56.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In 1916 was daar nog steeds 25 bankrotskappe en dit was hoofsaaklik die persone wat finansieel nie kon oorleef nie. Volgens Malherbe was die bankrotskappe hoofsaaklik kleinboere en bywoners wat finansieel nie kon oorleef nie.[194] Baie van hierdie boere se kinders het werkloos geraak, want in die tye van voorspoed het van hulle geen behoefte gehad om hulleself akademies beter te bekwaam nie.[195] Na hewige reëns in Mei 1916 het ongekende vloede die distrik getref, baie landbougrond, lewende hawe, huise en waterslote is weggespoel, volstruispryse het nog meer gedaal en bankrotskappe het verder toegeneem. Die geskatte verliese was tussen £100 000 en £200 000.[196]

Tydens 'n openbare vergadering, gehou in Augustus 1903 om voorkeurtariewe op die nuwe spoorlyn tussen Oudtshoorn en Klipplaat te bepleit, het John Edmeades bevestig dat baie van die armstes in die distrik, beide witmense en bruinmense, baie swaar gekry het en soms net koffie en brood gehad het om te eet om te kon oorleef.[197] Die plaaslike landros het in 1914 in sy verslag genoem dat die getal oortreders as gevolg van dronkenskap drasties verminder het en dit kon toegeskryf word aan 'n gebrek aan geld.[198]

Uiteindelik was die val van die volstruisveerbedryf van die grootste oorsake van verarming en die impak daarvan het onmeetbare letsels gelos op baie van die inwoners se psige en menswees. Dit het geblyk uit die persoonlike onderhoude wat die navorser met 'n paar persone gevoer het. Daar was van hulle wat nie oor die onderwerp wou uitbrei nie, maar daar was ook diegene wat duidelik te kenne gegee het dat die verarming hulle selfbeeld nadelig beïnvloed het. Die koms van die volstruisbedryf na Oudtshoorn het die boerderygemeenskap dus finansieel in twee groepe verdeel: diegene wat finansiële sukses behaal het en diegene wat totaal verarm het.

3.5.1 Die oorsake van agterbuurtes en die sosio-ekonomiese gevolge daarvan

Van die meer gegoede boere het ook huise in die dorp gekoop waarvandaan hulle sake bedryf het. Dit het 'n woningnood, veral onder armblankes, veroorsaak. Dié groep was genoodsaak om hulle in die noordelike deel van die dorp, waar huisvesting goedkoper was en waar alle rasse saam gewoon het,[199] te vestig.[200] Oudtshoorn-noord, asook die woongebied tussen St Johnstraat en St Saviourstraat, het baie gou as 'n agterbuurt ontwikkel.[201] Hier het baie verarmde witmense hulle saam met bruinmense begin vestig. Reeds op 1 Januarie 1914 het die *Oudtshoorn Courant* berig dat 'n familie onder Maleiers gaan woon het en dat die sinode van die

194 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/10, Notebook 2: Oudtshoorn, 12 Maart 1929, p. 25.
195 *Ibid.,* p. 8.
196 U.G., 39 – 16, *Annual reportof the Departement of Justice for the calendar year 1916,* p. 36.
197 CPNMA, *Het Zuid-Westen*, 3 Augustus 1903, p. 10 (Publieke Vergadering).
198 U.G., 28 – 15, *Annual reportof the Departement of Justice for the calendar year 1914,* pp. 38, 42.
199 CPNMA, Boehmke, *The history of Oudtshoorn, Preliminary notes, Book 1,* p. 129.
200 NBSAK Raknommer A12 – 1883, *Report of the select committee on the Oudtshoorn water supply bill*, p. 2.
201 *Ibid.,* p. 3.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

NG Kerk moes toesig hou oor die blootstelling van die Afrikanergesin aan "… *ongeloof, onsedelikheid en onmatigheid*." [202]



Kaart 6: Die gebied in Oudtshoorn-noord waar ’n agterbuurt ontwikkel het

(Bron: G Henning, Tekenaar, George)

Die gesondheidsinspekteur van Oudtshoorn het in sy verslag aan die Afdelingsraad in 1926 die gebied, soos aangedui in kaart 7, as ’n “slum”-area uitgewys.[203]

Die verskuiwing het ook sosio-maatskaplike probleme, soos byvoorbeeld verhoogde werkloosheid, toenemende siektetoestande en uiteindelik ’n stygende sterftesyfer veroorsaak.[204] In sommige gevalle was die huise in dié deel van die dorp nie geskik vir bewoning nie. Soos reeds genoem, was vertrekke swak geventileer en lig en lug kon nie genoegsaam in die vertrekke inkom nie.[205] Volgens Boehmke, ’n dosent aan die voormalige Onderwyserskollege en navorser, was die meeste van die huise in die agterbuurtes oorbevolk en met swak boumateriaal opgerig. Baie families moes sanitêre geriewe met ander families deel.[206] Die swak toestand van die huise in die agterbuurte was ook ’n kwessie wat die plaaslike gesondheidsinspekteur elke jaar

202 CPNMA, *Oudtshoorn Courant*, 1 Januarie 1914, p. 3 (*Familie verval*).

203 GES, Bron STK, Vol 659, File 165/13: *Gesondheidsverslag vir die tydperk 1 Julie 1925 – 30 Junie 1926*, p. 3.

204 P. Buirski, Aspects of material life in Oudtshoorn, p. 76: CPNMA, *Boehmke, The history of Oudtshoorn, Preliminary notes, Book 1,* p. 130.

205 GES, Bron STK, Vol 659, File 165/13: *Gesondheidsverslag vir die tydperk 1 Julie 1924 – 30 Junie 1925*, p. 4.

206 CPNMA, Boehmke, *The history of Oudtshoorn, Preliminary notes, Book 1,* p. 130.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

in sy verslag aangeroer het.[207] Die plaaslike owerheid het probeer om van die huise in die gebiede te verbeter, maar die beskikbare boumateriaal was swak en die mure het gou begin verkrummel.[208]

Volgens die distriksgeneesheer, dr. LJ Jacobson, was dit onmoontlik om tuisverpleging in sulke swak huislike omstandighede te doen en dit het verder bygedra tot die verhoogde sterftesyfer in Oudtshoorn. In die verslae van 1914 tot en met 1937 word longverwante siektes as die hoofoorsaak van sterftes onder armblankes in Oudtshoorn genoem.[209]

'n Groot bron van kommer vir die distriksgeneesheer was die watersloot wat noord van die dorp uit die Grobbelaarsrivier ontspring en die kontoere tot in die suidelike deel van die dorp gevolg het tot by Bloemstraat waar die water met 'n pyp herlei is om weer in die Grobbelaarsrivier uit te mond. Volgens Pieter Boshoff, 'n landmeter van Oudtshoorn, was dit aanvanklik 'n oop grondsloot, maar soos die dorp ontwikkel het, is die water onder geboue deur in pype herlei tot waar dit in die rivier uitmond.[210]

Gedurende die somermaande was daar baie staande waterpoele in die sloot. Baie huishoudings in die oostelike deel van die dorp het ook hulle afvalwater in die sloot gestort. 'n Voorbeeld hiervan was die aansoek van ene Meneer Achman in Van der Rietstraat waarin hy versoek het dat sy huis se badwater in die sloot kon uitloop. Die versoek is goedgekeur,[211] maar sulke toestande was ideaal vir die ontstaan van tifuskoors. Soos reeds genoem, was dié siektetoestand een van die grootste oorsake van sterftes op die dorp.[212] Kinders het ook in die watersloot gespeel en sodoende in kontak gekom met die besmette water.[213] Met elke afdelingsraadsvergadering het die distriksgeneesheer aanbeveel dat die sloot gesementeer moes word, maar dit is nooit gedoen nie.[214] Baie van die inwoners op die dorp het varke, beeste en bokke op hulle erwe aangehou. Dit het baie vlieë gelok en sodoende is ook baie aansteeklike siektes versprei. In Januarie 1919 is daar op die maandvergadering van die afdelingsraad die kommer uitgespreek oor die stalle van 'n sekere Spies van Kloofstraat wat nie skoon was nie. In die destydse George Road, op erf nommer agt, het Peter Brown weer varke aangehou en die gesondheidsinspekteur het sy kommer uitgespreek oor die higiëniese toestand op die erf.[215]

Volgens die sterfteregister van die munisipaliteit van Oudtshoorn[216] was die meeste armblankes wat tussen 1914 en 1937 gesterf het in die dele woonagtig soos in kaart 8 aangetoon. Die meeste armblankes het hulle tussen 1914 en 1937 in die oostelike deel van die dorp gevestig. Behuising in daardie area was meer beskikbaar

---

207 GES, Bron STK, Vol 659, File 165/13: *Gesondheidsverslag vir die tydperk 1 Julie 1914 – 4 Julie 1937,* p. 5.

208 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File 476/11, Notebook 3: Oudtshoorn, 28 Maart 1929, p. 105.

209 *Ibid.,* p. 5.

210 Persoonlike onderhoud, O. Stander – P. Boshoff, (landmeter in Oudtshoorn), Oudtshoorn, 12 Junie 2015.

211 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File 476/11, Notebook 3: Oudtshoorn, 28 Maart 1929, p. 342.

212 WCARS, PAS, Vol 3/OHN, Ref 1/1/1/6: Notule van Afdelingsraadsvergadering, 9 April 1924, p. 482.

213 GES, Bron STK, Vol 659, Ref 165/13: *Sanitation Oudtshoorn*, Health report covering period from 1 July 1925 – 30 July 1926, p. 4.

214 *Ibid.,* p. 5.

215 WCARS, PAS, Vol 3/OHN, Ref, 1/1/1/5: Notule van Afdelingsraadvergadering, 27 Januarie 1919, p. 45.

216 CPNMA, Sterfteregister Oudtshoorn, pp 1 – 60.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en bekostigbaar.[217] EG Malherbe, 'n lid van die Carnegie-kommissie, het ook na die oostelike deel van die dorp verwys as die gebied waar die meeste armblankes gewoon het. [218] Blok een is die deel met die hoogste sterftesyfer van 329, blok twee het 288 sterftes gehad en in blok drie het 270 armblankes gesterf. Die watersloot, wat ook 'n groot oorsaak van aansteeklike siektes was, word ook aangetoon.

Baie van die inwoners, en veral kinders, het aan tifuskoors gesterf en baie van die armblankes was finansieel nie daartoe in staat om vir behandeling te betaal nie. Die uitgestrektheid van die distrik het die bekamping van tifuskoors ook bemoeilik. Die gesondheidsinspekteur het aanbeveel dat mediese beamptes se bedieningsgebied na die distrik uitgebrei moes word.[219]



Kaart 7: Watersloot in Oudtshoorn, asook drie gebiede waar die meeste sterftes voorgekom het (1914 – 1937)

217 GES, Bron STK, Vol 659, Ref 165/13: *Sanitation Oudtshoorn*, Health report covering period from 1 July 1914 – 30 July 1937.

218 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File 476/11, Notebook 3: Oudtshoorn, 28 Maart 1929, p. 342.

219 GES, Bron STK, Vol 659, Ref 165/13: *Sanitation Oudtshoorn*, Health report covering period from July 1925 – 30 July 1926, p. 5.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(Bron: Tekenaar, G Henning, George)

Die sterfteregister van Oudtshoorn toon baie belangrike tendense, naamlik dat dit tydens of net na 'n groot droogte gestyg het. Net na die droogte van 1914 het die sterftesyfer van 39 (in daardie jaar) na 41 in 1915 gestyg. Die tydperk 1924 tot 1926 toon die volgende stygings: 1924 tot 1925 49 sterftes; 1925 54 en 1926 60 sterftes.[220] Die getalle sluit persone van alle ekonomiese klasse in en was 'n bron van groot bekommernis vir die distriksgeneesheer. Hy het die aangeleentheid jaarliks in sy verslag aan die afdelingsraad genoem, maar daarvan is slegs kennis van geneem.

Op 4 Julie 1937 het die destydse gesondheidsinspekteur in sy verslag gemeld dat daar toe nog steeds 'n groot getal armblankes in haglike omstandighede in die dorp gewoon het. Die lae inkomste van die armes, asook die onaanvaarbare hoë sterftesyfer onder hulle, het kommerwekkend toegeneem. Kindersterftes was onaanvaarbaar hoog en tifuskoors, tuberkulose en witseerkeel was besig om, veral onder die armblankes, toe te neem.[221] Veral witseerkeel (difterie) was die siekte wat die meeste onder die armblankebevolking van Oudtshoorn gemanifesteer het. Dié aansteeklike bakteriële siekte word versprei deur direkte kontak met 'n besmette persoon of objek. Die uiterste armoede op die dorp het tot gevolg gehad dat baie van die armblankes in onhigiëniese toestande gewoon het waar hulle aan die siektes blootgestel was.[222] Soos reeds genoem, het baie inwoners in die dorp beeste aangehou, en witseerkeel is onder meer versprei deur besmette gereedskap wat vir die verwerking van suiwelprodukte gebruik is.[223] Die toenemende armoede in die gemeenskap, onvoldoende mediese dienste en die feit dat armblankes dit nie kon bekostig om gehospitaliseer te word nie, was dus van die vernaamste redes waarom die sterftesyfer onder hulle so hoog was.

Die distriksgeneesheer, dr. Garnet Nel, het in sy laaste verslag in 1937 sy kommer uitgespreek oor die toenemende aantal kinders wat dood gebore is, die hoë sterftesyfer onder kinders jonger as tien jaar en die feit dat daar nie genoeg klinieke en inligtingsessies oor die verspreiding van tuberkulose en veneriese siektes vir armblankes gehou is nie. Hy het sy verslag afgesluit deur te noem dat droogtes 'n bydraende faktor tot die hoë sterftesyfer in die gemeenskap was.[224] Die gebrek aan water het veroorsaak dat behoorlike higiëne nie toegepas kon word nie. Die watersloot was nie meer standhoudend nie en die staande waterpoele het besmet geword en sodoende het mense wat daarmee in aanraking gekom het, tifuskoors opgedoen.

---

220 CPNMA, Sterfteregister Oudtshoorn, pp. 1 – 60.

221 GES, Bron STK, Vol 659, File 165/13: *Gesondheidsverslag vir die tydperk 1 Julie 1936 – 4 Julie 1937*, pp. 4 – 8.

222 https://en.wikipedia.org/wiki/Diphtheria, accessed, 14.08. 2015.

223 E. Newton, *The home physician and a guide to health,* Pacific Press Publishing Association, California, 1931, pp. 518, 519.

224 GES, Vol 659, File 165/13: *Gesondheidsverslag vir die tydperk 1 Julie 1936 – 30 Julie 1937*, p. 12.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.6 Ander oorsake van verarming

3.6.1 Die gebrek aan en negatiwiteit teenoor opvoeding

Dominee GW Stegman[225] het reeds so vroeg as 1880 opgemerk dat daar 'n groot onkunde en ongeletterheid onder die inwoners van Oudtshoorn geheers het.[226] Malherbe het met sy besoek aan Oudtshoorn as lid van die Carnegie-kommissie tot die gevolgtrekking gekom dat die distrik bevolk was met waarvan sommiges se onderwyspeil te laag was om van enige praktiese waarde te wees vir die proses van aanpassing by hulle bestaande lewenseise.[227] Daar was selfs van die welgestelde boere wat nie ten gunste van die opleiding van hulle kinders was nie. Sommige het onderwys as 'n bedreiging gesien, want in baie gevalle het hulle kinders die plaas verlaat sodra hulle skoolopleiding ontvang het en die boer sou sodoende van sy arbeidsmag verloor.[228] Malherbe het tot 'n verdere gevolgtrekking gekom dat selfs die kultuur en ontwikkeling wat die Jode en Engelse na die gemeenskap gebring het nie 'n verandering van ingesteldheid teenoor opleiding onder baie van die boere meegebring het nie.[229] Voor die koms van plaasskole is baie kinders op die plase deur hulle ouers onderrig. Hierdie opleiding het hoofsaaklik in baie elementêre onderwysbehoeftes voorsien.[230] Sommige boere het ook nie die nodige rekenkundige kennis gehad nie en kon dus nie met oorleg hulle boerdery bestuur nie.[231] Dit het veroorsaak dat baie arm boere nie ekonomies kon verbeter nie en nog verder verarm het.[232] Alhoewel daar van die jonger boere was wat 'n bietjie opleiding gehad het, het onvoldoende opleiding gevolglik veroorsaak dat baie kinders hulle nie verder kon bekwaam nie. Sodoende kon hulle nie tred hou met nuwe boerderymetodes nie en dit het tot verarming gelei.[233] Baie kinders het dan na die voltooiing van standerd ses (graad agt) die ouerhuis verlaat.[234]

3.6.2 Die bou van die spoorlyn

Die spoorlyn tussen Oudtshoorn en George is in 1913 voltooi. Wamakery en transportry as 'n bron van inkomste, het afgeneem. Van die mense moes hulle sake-ondernemings sluit en was gevolglik werkloos en het verarm. Togryery na George het tot 'n totale stilstand gekom. Togryers het onder andere geelhout vir balke in huise vanaf George na Oudtshoorn vervoer en vanaf Oudtshoorn is onder meer riet vir die gebruik van plafonne

---

225 Stegman was leraar van die NG Kerk in Oudtshoorn vanaf 24 Julie 1880 tot en met 17 November 1891. Sien M.S. Greeff, *Eeufeesgedenkboek van die Ned. Geref. Kerk Oudthoorn,*1952, p. 48.

226 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/10, Notebook 1: Oudtshoorn, 11 Maart 1929, p. 4.

227 *Ibid.,* p. 5.

228 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File 476/10, Notebook 2: Oudtshoorn, 12 Maart 1929, p. 2.

229 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File 476/10, Notebook 5: Oudtshoorn, 7 Mei 1929, p. 4.

230 M.A. Sieberhagen, *Die plattelandse skool in Oudtshoorn,* p. 1.

231 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File 476/10, Notebook 5: Oudtshoorn, 7 Mei 1929, p. 8.

232 R. Wallace, *Farming Industries of the Cape Colony,* JC Juta, Cape Town, 1896, p. 21.

233 CPNMA, M Boehmke, The history of Oudtshoorn, Book 1, p. 53.

234 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File 476/11, Notebook 4: Oudtshoorn, 28 Maart 1929, p. 28.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

in huise vervoer. Togryers het ook in die Oudtshoorn-distrik boumateriaal vervoer. So het baie togryers tot die armblanke stand gedaal. Figuur 22 toon die gebruik van riet vir plafonne van huise in die distrik van Oudtshoorn.[235]

Volgens die kieserslys van 1909 was daar 11 persone wat as wamakers en 23 wat as grofsmede besighede bedryf het. In die distrik was daar twee wamakers in Armoed en ook grofsmede in De Rust, Armoed, Matjiesrivier en Rietvlei.[236] Met die koms van die spoorlyn na Oudtshoorn het hierdie persone se inkomstes uit hulle bedryf verminder en het hulle verarm.

Figuur 22: Riet wat deur togryers vervoer is

(Foto: O Stander)

3.6.3 Bywoners

'n Ander tipe wit Afrikaner wat as gevolg van verskeie oorsake van verarming die Oudtshoorn-voorbeeld oorheers het, was die bywoner. Om die konsep in perspektief te plaas, is dit nodig om dit binne 'n historiese konteks te plaas.

3.6.3.1 Die voorkoms van bywoners

In die Boere-republieke en aan die oosgrens van die Kaapkolonie was daar aanvanklik geen klasseverskille tussen Afrikaners nie, maar die Afrikaner se sosiale lewe, tesame met sy familiebande, het begin verander as gevolg van ekonomiese differensiasie en die opkoms van sosio-ekonomiese klasse binne die Afrikanergemeenskap. Volgens Bottomley het dit veroorsaak dat daar 'n klasseverskil tussen Afrikaners begin ontstaan het. Die voortdurende toename in werkloosheid en die feit dat so baie Afrikaners tot 'n laer sosio-ekonomiese vlak in die samelewing gedaal het, het die klasseverskille verder aangehelp. [237]

---

235 CPNMA, M Boehmke, The history of Oudtshoorn, Book 3, p. 57.

236 CPNMA, *List of persons in the electoral division of Oudtshoorn in the year 1909*, Government Printers, Kaapstad, 1910, pp. 2 – 92.

237 J. Bottomley, "Public policy and white rural poverty in South Africa 1881 – 1924", p. 250 – 251; P.J. van der Merwe, *Trek, studies oor die mobiliteit van die pioniersbevolking aan die Kaap,* p. 6. noem dat in die pioniersgemeenskap witmense mekaar as gelykes gesien het en was dit as vernederend beskou as 'n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dié voorkoms van bywoners het veral in die destydse Transvaal begin manifesteer.[238] Sommige van die boere wat as gevolg van ekonomiese redes, natuurrampe en die Anglo-Boereoorlog, nie meer op hulle plase kon aanbly nie, is gedwing om as bywoners by ander boere te gaan werk.[239] Ryk boere was in baie gevalle die oorsaak dat arm boere hulle grond verloor het omrede die ryk boere finansieel daartoe in staat was om kleinboere se grond te koop toe laasgenoemde begin verarm het.[240]

Baie Afrikaners het ook 'n inkomste begin genereer deur transport te ry of om waens te maak, maar met die uitbreiding van die spoorweë in 1870 in die Kaapkolonie en die koms van die vragmotor in 1920 het hulle verder verarm en moes hulle noodgedwonge as bywoners gaan werk.[241] Daar was gevalle waar seuns van grondeienaars eers as bywoners by ander boere gaan werk het om sodoende hulle eie finansiële posisie te verbeter en om uiteindelik hulle eie grond te bekom.[242] Die bywoner was afhanklik van die grondeienaar vir sy voortbestaan en sodoende kon sommiges geleidelik uit 'n staat van armoede beweeg. [243]

Aanvanklik was die meeste grondeienaars se houding een van omgee en hulpverlening omdat grond redelik beskikbaar was. Mettertyd het grondpryse gestyg en het grond moeiliker bekombaar geword. Party boere het finansiële voorspoed beleef[244] en die meer vooruitstrewende boere het hulle bywoners gelas om hulle vee te verminder of om hulle plase te verlaat.[245] Die bywoner en sy gesin het skielik nie meer gelyke behandeling gekry nie en moes by die kombuisdeur aanklop om hulp en sy vrou en dogter het in baie gevalle as bediendes in die plaaseienaars se huise gewerk. Volgens Patterson het die onsimpatieke houding van die plaaseienaars en die minderwaardige behandeling die bywoners soms laat voel asof hulle op dieselfde vlak as bruin werkers of swart werkers was.[246]

Die verhouding tussen bywoner en grondbesitter in Suid-Afrika het ook van streek tot streek verskil. Eienaars van groot veeplase het bywoners op hulle plase toegelaat om hulle nog 'n kans te gee en vir sulke bywoners was dit nie so moeilik om 'n deel van hulle wins af te staan nie. In gebiede waar daar hoofsaaklik akkerbou toegepas is, was dit vir die grondeienaar moeiliker om bywoners te akkommodeer, want die winsmarge was nie so groot nie.[247] Verder het bywoners ook geen verteenwoordigende liggaam soos 'n vakbond gehad waarop hulle hul kon beroep as 'n onreg teenoor hulle gepleeg is nie. In die Parlement het daar ook geen stem opgegaan

---

witmens hom aan 'n ander witmens verhuur het.

238 T.J. Keagan, *Rural Transformations in Industrializing South Africa,* p. 21.

239 M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa,* p. 455.

240 A.N. Pelzer, "Die armblanke in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 – 1899", p. 128; T.J. Keagan, *Rural transformations in Industrializing South Africa,* pp. 58 – 59. In sy werk beskryf Keagan die voorkoms van bywoners in Suid-Afrika.

241 T.J. Keagan, *Rural Transformations in Industrializing South Africa,* p. 23.

242 H. Giliomee, *Die Afrikaners,* p. 25.

243 A. Grundlingh, *Die "Hensoppers" en "Joiners",* Protea Boekhuis, Menlopark, Pretoria, 1999, p. 286; W.M. Macmillan, *The South African agrarian problem and its historical development,* p. 69.

244 S. Patterson, *The last trek. A study of the Boer people and the Afrikaner nation,* pp. 250 – 251.

245 H. Giliomee, *Die Afrikaners,* p. 331.

246 S. Patterson, *The last trek. A study of the Boer people and the Afrikaner nation,* pp. 250 – 251. Sien ook T.J. Keagan, *Rural Transformations in Industrializing South Africa,* pp. 22 – 25, aangaande die klasseverskil tussen *bywoners* en grondeienaars.

247 R.W. Wilcocks, *The poor white problem in South Africa,* pp. 64 – 65.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vir die lot van onbeskermde bywoners van die platteland nie.[248] Dié verskynsel word in die gevallestudie oor Oudtshoorn aangespreek.

3.6.3.2 Vergoeding en produktiwiteit van die bywoner

Die vergoeding van die bywoners het ook van streek tot streek en van eienaar tot eienaar gewissel. Skrywers maak melding van die feit dat bywoners in baie gevalle slegs twee derdes van ʼn oes ontvang het, maar daar word nie vermeld vir watter addisionele uitgawes die bywoner ook moes betaal nie. Sekere plaaseienaars het bywoners in diens geneem om ″om ʼn deel″ te boer. Die ″deel″ was in die meeste gevalle twee derdes van die oes en in ander gevalle die helfte van die oes. Die tipe boerdery het die vergoeding bepaal. Bywoners op veeplase het in baie gevalle slegs ʼn deel van hul lammeroes afgestaan. Daar was ook gevalle waar die bywoner ʼn sekere hoeveelheid dae vir die grondeienaar moes werk. Van die grootste leemtes van dié sisteem was dat daar nie altyd ʼn geskrewe kontrak was nie en dat die bywoner se pligte nie baie duidelik gedefinieer was nie. Dit het veroorsaak dat die eienaar die bywoner baie keer gedreig het met afsetting van sy grond. Die deel wat vir hulle as ʼn loon gedien het, het gewissel van óf ʼn deel van die oes, óf ʼn deel van die vee,[249] met ander woode, *in natura* betaling. In ʼn telefoniese onderhoud met me. Marie Kruger van Kimberley het sy bevestig dat sommige bywoners in Oudtshoorn slegs 15s per dag as vergoeding ontvang het.[250]

Wat die produktiwiteit van bywoners betref, kan daar nie veralgemeen word nie, want bywoners het nie altyd ʼn positiewe bydrae tot boerdery gelewer nie as gevolg van ʼn fisiese ongesteldheid en soms ook ʼn onwilligheid om te werk.[251]

In 1920 het landdroste van die Vrystaat berig dat grondeienaars bywoners met swart arbeiders vervang het. Swart arbeiders was meer produktief, met laer lone tevrede en die boer het minder uitgawes ten opsigte van huisvesting en kos gehad.[252] Volgens Giliomee kon sommige boere nie meer ʼn bestaansloon vir armblankes betaal nie en dit was goedkoper om ʼn swartmens in diens te neem.[253]

Uit die geraadpleegde akademiese bronne was dit slegs Grosskopff, ʼn lid van die Carnegie-kommissie, wat na kontrakte tussen werkgewer en bywoner in Oudrshoorn-distrik verwys het. Volgens hom was daar uit ʼn totaal van 95 slegs vier gevalle waar daar van geskrewe kontrakte sprake was.[254] Daar kon geen definitiewe verwysings na die inhoud van kontrakte[255] tussen bywoners en grondeienaars in Oudtshoorn opgespoor word

---

248 H. Giliomee, *Die Afrikaners*, p. 293; W.M. Macmillan *The South African agrarian problem and its historical development,* p. 69.

249 S. Patterson, *The last trek, a study of the Boer people and the Afrikaner nation*, p. 138.

250 Telefoniese onderhoud, O. Stander – M. Kruger, Oud-inwoner van Oudtshoorn, George, 12 Maart 2012.

251 H. Giliomee, *Die Afrikaners,* p. 264.

252 *ibid.,* p. 264.

253 H. Giliomee, *Die Afrikaners,* p. 264; T.J. Keagan, *Rural Transformations in Industrializing South Africa,* p. 30.

254 J.F.W. Grosskopff, *Plattelandsverarming en plaasverlating,* Pro-Ecclesia Drukkers, Stellenbosch, 1932, p. 122.

255 H. Giliomee, *Die Afrikaners,* p. 292.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nie, maar daar is slegs genoem dat bywoners ″om ’n deel” geboer het.[256] ’n Bywoner het slegs ″’n deel″ van die oes ontvang waarmee hy alle uitgawes moes betaal. In ’n persoonlike onderhoud met me. L Olivier het sy bevestig dat haar pa as bywoner gewerk het en dat hy verantwoordelik was vir die aankoop van die saad, asook die betaling van lone uit die deel wat hy van die oes ontvang het.[257]

In argivale dokumente is daar wel kontrakte met verwysings na vergoeding en behuising gevind. Die voorwaardes in die kontrakte het van plaas tot plaas verskil en in sekere gevalle was daar geen kontrakte nie. Dit het daartoe gelei dat baie grondeienaars verarmde wit boere se dienste tot hulle eie voordeel benut het en die bywoners kon as gevolg van swak vergoeding dus nie uit hulle staat van armoede beweeg nie.[258]

Bywoner Willem du Plessis, wat op Armoed by Willem Gerhardus Olivier gewoon het, moes ″om die helfte werk”. Hy was verantwoordelik om alle uitgawes van die boerdery te betaal. Die eienaar het vir Du Plessis geen hulp ten opsigte van saad, gereedskap, arbeid, vervoermiddels of diere gegee nie.[259] ’n Soortgelyke geval was dié van bywoner Pieter le Roux wat op Nehemia Lipschitz se plaas gewerk het. Le Roux het ook geen hulp van Lipschitz ontvang nie, het ″om die helfte” geboer, moes self werkers in diens neem en betaal en was ook verantwoordelik vir die vereffening van alle uitgawes.[260] In ’n persoonlike onderhoud met me. B Jordaan het sy vermeld dat haar pa ook as bywoner gewerk het en dat hy self verantwoordelik was vir alle uitgawes rakende die boerdery. Daar was dus geen moontlikheid om sy staat van armoede te ontkom nie en hy was gevolglik altyd afhanklik van die grondeienaar se toestemming om by hom as bywoner te werk.[261] Uit Grosskopff se navorsing word situasies soos dié bevestig. Hy het 75 bywoners in Oudtshoorn besoek en almal het die helfte van die oes ontvang, maar hulle was self verantwoordelik vir die uitgawes van die boerdery.[262]

Die akademikus, RE Seavoy, noem in sy boek, *Subsistence and economic development,* dat bywoners wat by wit groendeienaars gewoon het en wel implimente en trekdiere besit het, ’n minimale bydrae tot arbeid op die plase gemaak het. In die meeste gevalle het hulle op die hulp van die grondeienaar se arbeiders gesteun.[263] In die geval van bywoners in Oudtshoorn het die studie bevind dat daar tog gevalle was waar die grondeienaar die bywoner gehelp het om uit sy staat van armoede te kom om weer selfonderhoudend te kon funksioneer. W Grundlingh van Wynandsrivier het ’n bywoner, Gert Rheeder, in diens geneem. Rheeder was getroud met ses kinders. Die bywoner se loon was twee sjielings en ses pennies vir elke dag wat hy gewerk het. Hy kon die gereedskap van die eienaar gebruik en het een sak koring vir eie gebruik ontvang. Hy kon die vervoermiddels,

---

256 *Ibid.,* p. 293.

257 Persoonlike onderhoud, O. Stander – L. Olivier, Oud-inwoner van Oudtshoorn, Oudtshoorn, 17 Maart 2012.

258 GES, Bron STK, Vol 659, File 165/13: *Gesondheidsverslag vir die tydperk 1 Julie 1936 – 30 Julie 1937.*

259 NASA, Bron VWR, Vol 24, Ref B645/63/6: Aansoek deur plaaseienaar W.G. Olivier, Oudtshoorn, Armoed, vir bywoner W. du Plessis.

260 NASA, Bron VWR, Vol 24, Ref B645/63/1: Aansoek deur plaaseienaar N. Lipschitz , Oudtshoorn, Welgeluk, vir bywoner P. le Roux.

261 Persoonlike onderhoud, O. Stander – B. Jordaan, Pensionaris, oud-inwoner van Oudtshoorn, Randburg, 15 Oktober 2013.

262 J.F.W. Grosskopff, *Plattelandsverarming en plaasverlating,* 1932, p. 122.

263 R.E. Seavoy, *Subsistence and economic development,* Greenwood Publishing Group Inc., Westport, 2000, pp. 160, 161.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wa en perdekar, asook van die trekdiere van die eienaar, gebruik. Verder het hy ook grond vir tuinmaak gekry, maar moes sy eie arbeiders in diens neem en vergoed.[264]

Die huise waarin bywoners op plase gewoon het, was, soos in die geval van Oudtshoorn, oor die algemeen baie swak en in baie gevalle half onbewoonbaar. Die swak huisvesting het by baie van die armblankes 'n nog groter minderwaardigheidsgevoel laat ontstaan.[265] Die eerste amptelike verwysings na die swak behuisingstoestande van bywoners kom na vore nadat die Unie-regering in April 1934 die *"Bywoners Farm Overseers and Farm Assistants' Rehabilitation Scheme"* ingestel het. Die doel van die skema was om die behuisingstoestande van bywoners te verbeter en daarvolgens kon 'n grondeienaar aansoek doen vir 'n eenmalige toelaag van £50.[266] Op die aansoekvorm moes die grondeienaar die toestand van die huis volledig beskryf voordat die aansoek oorweeg kon word. Inligting rakende die huise is gevind. Volgens Wynand Breytenbach van die plaas Uitvlucht het sy bywoner in 'n platdakhuis met twee kamers,'n sitkamer, eetkamer en 'n kombuis gewoon, maar die huis was in 'n bouvallige toestand.[267] Dieselfde is gevind in die verslag van Chris Nortier rakende sy bywoner, Barend Spies, toe hy genoem het dat sy bywoner se huis "… erg bouvallig en in 'n benarde toestand" was.[268] Uit die inligting kan daar dus afgelei word dat sommige van die bywoners in uiters haglike omstandighede gewoon het. In die meeste gevalle is genoem dat die enigste bron van water 'n watersloot was wat naby die huis verby gevloei het. Die watersloot was ook nie altyd standhoudend nie.[269]

In die Oudtshoorn-distrik was daar wel bywoners wat die vermoë en die wil gehad het om bokant hulle omstandighede uit te styg. Party het met verloop van tyd hulle eie grond bekom en 'n groot sukses van hulle boerdery gemaak.[270] Me. R du Plessis het 'n persoonlike onderhoud verklaar dat haar pa as bywoner in Calitzdorp gewerk het. Haar pa, ene Fourie, het begin om sy eie stukkie grond te koop, dit later uitgebrei, en uiteindelik as 'n baie suksesvolle boer afgetree.[271] Daar was ook diegene wat die moontlikhede om hulleself te verbeter, raakgesien het deur na ander dele van die land te verhuis. Met die bou van die Hartebeespoortdam in 1921 het 30 armblankes die distrik verlaat om met die bou van die dam te gaan help. Na die voltooiing van die dam in 1923 het hulle hulself daar gevestig, begin boer en 'n groot sukses van hul boerderye gemaak.[272]

3.7 Samevatting

---

264 NASA, Bron VWR, Vol 24, Ref B645/63/7: Aansoek deur plaaseienaar W. Grundlingh , Oudtshoorn, Wynandsrivier, vir bywoner G. Rheeder.

265 J.F.W. Grosskopff, *Plattelandsverarming en plaasverlating,* p. 132.

266 U.G., 15 – 40, *The bywoner-housing Scheme,* p. 112.

267 NASA, Bron VWR, Vol 24, Ref B645/63/8: Aansoek deur W.C. Breytenbach vir bywoner A. Breytenbach, p. 8.

268 NASA, Bron VWR, Vol 24, Ref 645/63/10: Aansoek deur C.J. Nortier vir bywoner B.D. Spies, p. 10.

269 U.G., 15 – 40, *The bywoner housing scheme,* p. 112.

270 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File, 476/11, Notebook 4: Oudtshoorn, 18 April 1929, p. 6.

271 Persoonlike onderhoud, O. Stander – R. du Plessis, Onderwyseres en oud-inwoner van Oudtshoorn, Tulbagh, 16 Januarie 2016.

272 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File 476/11, Notebook 3: 24 Maart 1929, p. 12.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In hierdie hoofstuk is die voorkoms van armoede in Oudtshoorn en distrik uitgelig deur onder andere ook na toestande in die aanloop tot 1914 te verwys. Van die vroegste oorsake van verarming was onder meer die oorskakeling van akkerbou na volstruisboerdery. Voor die vestiging van die volstruisveerbedryf het sommige grondeienaars witmense in diens geneem om hulle met die boerdery te help. Soos van hulle na volstruisboerdery oorgeskakel het, het sommige van die witmense oorbodig geraak en moes hulle na die dorp verhuis om ʼn beter heenkome te soek. In die dorp het hulle verder verarm. Sommige van die verarmdes is deur boere in ander dele van die land plaaswerk aangebied. In die tydperk wat deur die studie gedek word, was die val van die volstruisbedryf een van die grootste oorsake tot verarming. Groendeienaars het oornag groot ekonomiese krisisse beleef en was nie in staat om hulle skuld te betaal nie. Verarming is verder deur ʼn sameloop van omstandighede veroorsaak, byvoorbeeld periodieke droogtes en die kontantvloeiprobleem van groendeienaars wat hulle verhinder het om voer vir hulle diere te kon koop. Soms is die droogtes gebreek deur donderstorms, maar dan het die onverwagte watermassa weer skade aan landerye en wonings veroorsaak.

Verarming het in Oudtshoorn op drie vlakke voorgekom. Die eerste groep armblankes het verarm as gevolg van omstandighede buite hulle beheer, maar van hulle het weer uit die staat van armoede na ʼn onafhanklike lewenswyse beweeg. Dit was die groep wat onmiddellik na alternatiewe boerderysoorte oorgeskakel het. Van hulle het langs die Grobbelaarsrivier, waar water volop was, as kleinboere begin vestig. Die gebied was binne bereik van die plaaslike mark en hulle kon hul produkte gemaklik na die mark vervoer. ʼn Tweede groep was diegene wat nie kon verbeter nie en hulle het na laer lewenstandaarde gedaal. Dié groep het hoofsaaklik in die gebied wes van Oudtshoorn, waar water baie skaars was, grond onvrugbaar was en afstande van die dorp baie vêr was, gewoon. Dié omstandighede het veroorsaak dat baie van hulle nie uit hulle staat van armoede kon kom nie. Die derde groep was diegene wat nóg verder verarm het en tot die laagste vlak van armoede gedaal het. Dit was die groep wat deur die staat, kerk, barmhartigheidsorganisasies, familie en vriende onderhou moes word. Hulle was die doodarmes (*dirt poor whites*) van die gemeenskap.[273] Dit was nie moontlik om die aantal bywoners in ʼn spesifieke tydsgleuf in Oudtshoorn te bepaal nie, want daar was altyd ʼn verhuising vanaf die plaas na die dorp of ʼn verlating van die distrik met mense op soek na werksgeleenthede en beter lewensomstandighede. Die verskuiwing is gestimuleer deur die staat se ingrepe deur die skepping van nuwe werksgeleenthede op ander plekke.

Gedurende die tydperk van ondersoek, het die navorser bewus geword dat daar toestande van uiterste kontraste was. Sommige gesinshoofde was groot grondbesitters terwyl daar ander persone was wat geen grond besit het nie.[274] Verder is daar ook bevind dat daar groot rykdom naas geweldige armoede was. Daar was ook ʼn klasse-onderskeid tussen rykes en armes wat moontlik nie in baie ander dele van die Unie so sigbaar was nie.

Die gevolge van verarming in Oudtshoorn het ʼn negatiewe uitwerking op die maatskaplike, ekonomiese en sosiale lewe van die gemeenskap, maar veral op dié van die armblankes, gehad. Op maatskaplike vlak het

---

273 WCARS, PAS, Vol, 4/439, Ref, A10: Calitzdorp distress in the district relief works proposed, p. 3.

274 CPNMA, *List of persons in the electoral division of Oudtshoorn in the years 1909, 1917, 1919, 1935.* Volgens die kieserslyste was daar ʼn baie groot verskil tussen die aantal persone wat grond besit het en die aantal wat geen grond besit het nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gesinne as gevolg van armoede in haglike omstandighede gelewe. Vir baie was verarming, en daarmee saam die daling na ŉ laer sosiaal-maatskaplike vlak in die samelewing, ŉ groot vernedering, want hulle was nie daaraan gewoond nie. Die skielike afhanklikheid van gunste en gawes was vir baie gesinshoofde baie moeilik om te verwerk. Op sosiaal-maatskaplike gebied het verarming ook ŉ letsel gelaat, want verarmdes het in sommige gevalle geweier om eredienste in die kerk by te woon as gevolg van hulle karige kleredrag teenoor dié van die ryker gemeentelede. Verarming het in baie gevalle ŉ vernederende uitwerking op sekere gesinne gehad.

Die studie bewys dat sommige van die negatiewe persepsies oor bywoners nie korrek is nie. Volgens John Bottomley is daar op sosiaal-ekonomiese gebied geen verskil tussen ŉ bywoner en ŉ *poor white* nie. [275] Die navorser van hierdie studie verskil van dié mening, want soos reeds genoem, het die term bywoner ŉ minagtende en diskriminerende konnotasie gehad en het baie van die mense uit hulle staat van armoede probeer kom. In baie gevalle het ŉ *poor white* reeds so vêr verarm dat dit onmoontlik was om daaruit te kan ontsnap. Op sosiale gebied was daar in Oudtshoorn ŉ groot verskil tussen ŉ bywoner en ŉ *poor white*. Die historikus, WM Macmillan, ondersteun ook in sy werk dié siening.[276] ŉ Ander verkeerde persepsie van bywoners word deur die skrywer Seavoy gehuldig deurdat bywoners slegs ŉ toesighoudende rol oor die arbeiders van die plaaseienaar gehad het, min moeite gedoen het om te boer en min moeite gedoen het om hulleself te verbeter.[277] Die navorser stem egter ook nie hiermee saam nie, want in die meeste gevalle het bywoners in Oudtshoorn geen besittings gehad nie en moes hulle sonder enige hulp self die lande bewerk.

Die swak vergoeding van die bywoners in Oudtshoorn het onder andere daartoe bygedra dat hulle nie ekonomies uit hulle staat van armoede kon beweeg nie. Die sosiale diskriminasie het op die lange duur ŉ gevoel van minderwaardigheid by die armblanke laat ontwikkel wat in baie gevalle ŉ lewenslange uitwerking op hulle psige en menswees gehad het.

Gelukkig was daar instansies wat betrokke was by die verligting van armoede en so ŉ instansie was die NG Kerk in Oudtshoorn. Die kerk se rol word in Hoofstuk vier bespreek.

HOOFSTUK 4

DIE NG KERK SE POSISIE EN ROL IN ARMOEDEVERLIGTING NA 1914

---

275 J. Bottomley, "Public policy and white rural poverty in South Africa 1881 – 1924", p. 34.

276 W.M. Macmillan, *The South African agrarian problem and its historical development,* p. 68.

277 R.W. Seavoy, *Subsistence and economic development,* Greenwood Publishing Group Inc., Westport, 2000, p. 161.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.1 Inleiding

Vir die doel van die studie word met die term kerk 'n georganiseerde gemeenskap van Christelike gelowiges bedoel wat deur ampsdraers verteenwoordig word.[278] In hierdie hoofstuk word daar hoofsaaklik na die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) in Oudtshoorn verwys, aangesien dit sedert die stigting van die dorp die geestelike tuiste van die meeste Afrikaanssprekende, witmense in Oudtshoorn was. Dit was die kerk wat, onder andere, omgesien het na die armblankes van die gemeenskap. Soos in die metodologie in hoofstuk een verduidelik, is dit ook nodig om 'n historiese perspektief oor die kerk se armoedeverligting te gee. Die NGK het regoor Suid-Afrika van die armoedeprobleem bewus geraak en verskeie aksies geloods om die lidmate uit die armoedesiklus te probeer red.

4.2 Die NGK se betrokkenheid by armoedeverligting

Ten einde die NGK se werksaamhede ten opsigte van armblankes in die Oudtshoorn-distrik na behore te begryp, word daar eers 'n breër historiese agtergrond geskets van die kerk se betrokkenheid by wit armoede in Suid-Afrika. Benewens die kerk se geestelike roeping, het die NGK ook sosio-ekonomiese motiewe vir sy betrokkenheid by armoedeverligting gehad. As die kerk die armes net so gelos het, was die vrees dat hulle tot sedeloosheid en dalk selfs tot rassevermenging sou "verval". Die sosio-ekonomiese probleme het groter begin word, want onder die landelike bevolking het die aantal armblankes vermeerder; hulle het na die stede verhuis waar baie van hulle in uiterste armoede geleef het. Saam met die verstedeliking het baie swartmense ook na die stede begin verhuis en dit het daartoe gelei dat die kerk betrokke begin raak het.[279] Uit die NGK se historiografie blyk dit dat die kerk reeds vanaf 1880 toenemend op sinodale vlak by armsorg betrokke was. Werkkolonies vir armes is ingestel, kinderhuise vir arm kinders is ingerig, asook inrigtings vir persone met spesiale behoeftes.[280]

4.2.1 Kongresse en konferensies

Die eerste NGK predikant wie se roeping dit was om wit armoede aan te spreek, was ds. BPF Marchand. Hy was verantwoordelik vir die konferensie oor wit armoede wat in Desember 1892 in Kaapstad gehou is.[281] Die destydse voorsitter van die sinode, ds. Andrew Murray, het voorgestel dat 'n konferensie in 1893 in Stellenbosch gehou moes word om die armblanke-situasie te bespreek. Die fokus van die konferensie was hoofsaaklik om beter onderwys te bevorder en die oprigting van werkkolonies om werk aan die baie

---

278 W.F. Botha, *Woordeboek van die Afrikaanse Taal,* Dertiende deel, Buro van die WAT, Stellenbosch, 2009, p. 247.

279 J.F.W. Grosskopff, *Rural impoverishment and rural exodus,* p. 19.

280 T.N. Hanekom, *Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk, gedenkboek by ons derde eeufees 1952,* NG Kerk Uitgewers, Kaapstad, 1952, p. 274; R.C. Lindeque, *Gaan maak jy ook so: die maatskaplike werk van die Ned. Geref. Kerk.,* NG Kerkboekhandel, Pretoria, 1985, p. 56.

281 H.C. Hopkins, *Kakamas – uit die wildernis 'n lushof,* Nasionale Boekdrukkery, Elsiesrivier, Kaapstad, 1987, pp. 16 – 18.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

werkloses te verskaf.[282] Op die Stellenbosch-konferensie is daar ook besluit dat spesiale aandag aan die kind van die arm gesin, asook aan die verarmde ouer persoon, gegee moes word.[283]

In die tweede dekade van die twintigste eeu het die kerk se betrokkenheid by wit armoede meer georganiseerd begin ontwikkel. In 1915 het die algemene sinode die sogenaamde *Inwendige Zending Kommissie* gestig. Hierdie kommissie het in 1919 *Die Algemene Armesorg-Kommissie* geword.[284] Die kerk se betrokkenheid by die armblanke kwessie was sigbaar in ʼn reeks konferensies wat voor die groot kongres van 1934 gehou is. Die bewuswording van wit armoede op sinodevlak was ook in die NGK van Oudtshoorn se bemoeienis met die armblankes sigbaar.

Die eerste groot konferensie van die twintigste eeu het op 22 en 23 November 1916 in Cradock plaasgevind met *Die landelike nood en trek na die stede* as tema.[285] Tydens die konferensie is die term armblanke (*poor white*) gedefinieer as ʼn persoon met min materiële besittings en wat akademies ook nie ver ontwikkel het nie.[286] Die konferensie is deur 225 afgevaardigdes bygewoon. Van die afgevaardigdes was sy edele, oud-president FW Reitz, die redakteur van *Die Burger*, dr. DF Malan, verteenwoordigers van die NGK in Transvaal, Vrystaat en Natal, asook afgevaardigdes van die Gereformeerde en Hervormde kerke.[287] Die doel van die konferensie was om oor die volgende kwessies te besin, naamlik die begrip ″armblankes”, die omvang van die vraagstuk, die oorsake van die vraagstuk, die beleid of redmiddele en die beginsels van die maatskaplike sorg van die kerk.[288]

Die konferensie het ook aandag gegee aan die redes vir die ontstaan van die armblanke kwessie, sowel as moontlike oplossings vir die probleem. Die konferensie is afgesluit met ʼn treffende lesing deur ds. HP van der Merwe van die NGK Robertson. In sy aanbieding het hy onder andere daarop gewys dat van die armblankes kerklos geword het omdat hulle nie meer moed en hoop gehad het nie en omdat hulle nie meer die kerk as ʼn vriend beskou het wat in hulle belang gestel het en hulle wou help om weer uit hul ellende te kon opstaan nie.[289]

Die konferensie wat vanaf 15 tot 18 Junie 1922 in Stellenbosch gehou is,[290] is deur die Sinodale Kommissie vir die Algemene Armsorg byeengeroep en die tema was ″*Hoe om die arm kind te red en hom ʼn nuttiger burger te maak*.” Tydens die konferensie is bekend gemaak dat daar op daardie tydstip (1922) 823 kinders in Kaapland

---

282 P.B. Van der Walt, *Die Neder Duitse Gereformeerde Kerk 1905 – 1975,* NG Kerkboekhandel, Pretoria, 1980, pp. 91, 92.

283 H.C. Hopkins, *Kakamas – uit die wildernis ʼn lushof.* Nasionale Boekdrukkery, Kaapstad, 1987, pp. 16 – 19.

284 R. Vosloo, ″The Dutch Reformed Church and the poor white problem in the wake of the first Carnegie Report (1932)″, *Studia Historiae Ecclesiastica*, 37 (2), September 2011, p. 68.

285 Gericke Biblioteek, Universiteit Stellenbosch (hierna GBUS), *Die Burger*, 23 November 1916 (Het arme blanken kongres).

286 R. Vosloo, ″The Dutch Reformed Church and the poor white problem in the wake of the first Carnegie Report (1932)″, *Studia Historiae Ecclesiastica*, 37 (2), September 2011, p. 68.

287 L.L.N. Botha, *Die maatskaplike sorg van die N.G. Kerk in Suid-Afrika (1928 – 1953)*, Paarlse Drukpers, Paarl, 1956, p. 155.

288 L.L.N. Botha, *Die maatskaplike sorg van die N.G. Kerk in Suid-Afrika (1928 – 1953)*, p. 156.

289 *Ibid.,* p. 169.

290 GBUS, *Die Burger*, 19 Junie 1922, p. 5 (Die Opvoedingskongres).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

in industriële skole was.[291] Daar is ook volledig verslag gedoen oor die stand van skole wat onder beheer van die kerk was. Die konferensie het ook bekend gestaan as die Opvoedingskongres.[292] Die Stellenbosse konferensie het die klem laat val op die noodsaaklikheid van landbou-onderwys in Suid-Afrika. Verder het dit ook ten doel gehad om wetenskaplike kennis op te doen oor die armblanke-vraagstuk om sodoende maatskaplike sorgprogramme op te stel.[293]

Die kerk het nog steeds geglo dat daar na 'n oplossing vir die armblanke-vraagstuk gesoek moes word. Die kongres in Bloemfontein wat vanaf 4 tot 5 Julie 1923 gehou is, was bekend as *Die gesamentlike kongres*, want dit is bygewoon deur verteenwoordigers van die NGK in Transvaal, Vrystaat en Kaapland, verteenwoordigers van die Nederduits Hervormde Kerk, die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, verteenwoordigers van vroueliggame, asook die staat. Die kongres se doel was om al die kongresgangers te laat besef dat hulle die armoede moes kon aanvoel, kon sien en iets daaraan moes doen.[294] Generaal Hertzog het in sy toespraak daarop gewys dat die staat jaarliks £100 000 vir die onderhoud van die armes geskenk het. Dr. DF Malan het in sy toespraak daarop gewys dat in 'n jong land soos Suid-Afrika, daar verwag kon word dat die landelike bevolking sou groei, maar net die teenoorgestelde het plaasgevind. Volgens statistieke van die staat het die stedelike bevolking van 1911 tot 1920 met 28% gegroei en dié van die landelike met slegs 9%. Jaarliks het daar 7 000 mense na die stede getrek. Die stad, Port Elizabeth, se inwonertal het met 30% vermeerder, dié van Kaapstad met 31% en Bloemfontein s'n met 31,5%.[295]

Op die kongres het dit vir die staat vir die eerste keer duidelik geword wat die kerk alreeds gedoen het om die armblanke-probleem aan te spreek. Ds. AD Lückhoff, sekretaris van die Armsorgkommissie van die NGK in Kaapland, het in sy toespraak verwys na die gebiede waarop die staat en kerk saamgewerk het, maar ook aangedui waar die staat totaal onbetrokke was. Hy het verklaar dat die staat betrokke was by die opheffing van die plattelandse, armblanke kind deur koshuise, weeshuise en industriële skole te stig. By die opheffing van die huisgesin het die staat en die kerk heeltemal verskil. Die kerk was van mening dat die armblanke-vraagstuk opgelos kon word deur gesinne op nedersettings te hervestig. Voorbeelde daarvan was die arbeidskolonies by Kakamas, asook Olifantshoek en Jonkersberg by George. Die kerk was van mening dat die armblanke wat reeds te ver in ellende weggesak het, nie sonder dwang gered kon word nie. Die staat se mening was dat die armblanke weer op die platteland op plase hervestig moes word en weer moes begin boer.[296] Op die kongres is daar sterk aanbeveel dat daar 'n georganiseerde en wetenskaplike ondersoek na armblankes in Suid-Afrika gedoen moes word.[297]

---

291 L.L.N. Botha, *Die maatskaplike sorg van die N.G. Kerk in Suid-Afrika (1928 – 1953)*, p. 171.

292 R. Vosloo, "The Dutch Reformed Church and the poor white problem in the wake of the first Carnegie Report (1932)", *Studia Historiae Ecclesiastica*, 37 (2), September 2011, p. 68.

293 *Ibid.,* p. 176.

294 *Ibid.,* p. 178.

295 *Ibid.,* p. 179.

296 L.L.N. Botha, *Die maatskaplike sorg van die N.G. Kerk in Suid-Afrika (1928 – 1953)*, pp. 182, 183; G. Hofmeyer, *NG Kerk 350 Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652 – 2002,* Paarl Print, Kaapstad, 2002, p. 166.

297 *Ibid.,* p. 187.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In die jare 1929 tot 1932 is daar gevolglik, danksy ruim finansiële steun van die Amerikaanse Carnegie Korporasie van New York,[298] 'n omvattende ondersoek hieroor geloods. Een van die voorwaardes vir die toekenning van die geld was dat daar samewerking met die NGK moes wees, aangesien die kerk op daardie stadium alreeds baie gedoen het om die probleem te probeer oplos.[299] Die vyfledige verslag het veral gefokus op die armblanke se ekonomiese posisie,[300] sielkundige aspekte,[301] onderwysvoorsiening,[302] mediese toestande,[303] samelewingskonteks,[304] en gesinsverband.[305] Die NGK in Oudtshoorn is ook by die ondersoek betrek met die besoek van drs. EG Malherbe en RW Wilcocks en me. ME Rothmann.[306]

Die Carnegie-verslag het veral drie mites oor armblankes blootgelê. Eerstens was dit onwaar dat arm mense immuun was teen enige maatskaplike opheffing. Tweedens is armoede nie primêr bevorder deur die klimaat van die land nie. Derdens is dit bewys dat armoede nie deur 'n genetiese afwyking veroorsaak is nie. Die kommissie het bevind dat die intellektuele vermoëns van armblanke kinders gunstig vergelyk het met dié van die res van die bevolking.[307]

Na die publisering van die Carnegie-verslag in 1932 het die NGK drie studiegroepe aangestel om die aanbevelings van die verslag te bestudeer met die oog op uiteindelike voorlegging aan die Volkskongres van 1934. Die drie studiegroepe was onder leiding van prof. RW Wilcocks, ds. JR Albertyn en dr. HF Verwoerd.[308] Professor Wilcocks moes verslag doen oor die sielkundige en opvoedkundige deel van die Carnegie-verslag, terwyl ds. JR Albertyn oor die maatskaplike en godsdienstige deel van die verslag moes rapporteer. Dr. Verwoerd moes oor die sosiologiese en ekonomiese deel van die verslag rapporteer.[309] Die Volkskongres is vanaf 2 tot 5 Oktober 1934 in Kimberley gehou. Dr. WM Nicol het as voorsitter opgetree[310] en tussen 400 en 500 persone het dit bygewoon.[311] Die Minister van Arbeid, mnr. APJ Fourie, het in sy openingsrede genoem dat die aantal armblankes sedert die konferensie in Cradock (22 tot 23 November 1923) tot in daardie stadium

---

298 J.E. Holloway, *Offisiële jaarboek van die Unie van Suid-Afrika,* Staatsdrukker, Pretoria, 1931, p. 206. In 1927 het drs. Keppel en Bertram, verteenwoordigers van die Carnegie Korporasie van New York, Suid-Afrika besoek. Na hulle besoek het die Korporasie die bedrag van £4 000 beskikbaar gestel om ondersoek in te stel na die armblanke-vraagstuk in die Unie.

299 *Ibid.,* p. 206.

300 J.F.W. Grosskopff, *Plattelandsverarming en Plaasverlating*.

301 R.W. Wilcocks, *Die Armblanke, psycologiese verslag*.

302 E.G. Malherbe, *Onderwys en die Armblanke*.

303 W.A. Murray, *Die Fysieke Toestand van die Armblanke*.

304 J.R. Albertyn, *Die Armblanke en die Maatskappy*.

305 M.E. Rothmann, *Die Moeder en Dogter van die Arm Gesin.*

306 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/10, Notebook 2: Oudtshoorn, April – Mei 1929.

307 H. Giliomee, *The Afrikaners*, pp. 345 – 346, verwys na N.P. van Wyk Louw se essays in *Die Huisgenoot,* 19 Mei en 15 September 1933. Sien ook D. Joubert, *Toe Witmense Arm Was*, Tafelberg, Kaapstad, 1972.

308 R. Vosloo, "The Dutch Reformed Church and the poor white problem in the wake of the first Carnegie Report (1932)", *Studia Historiae Ecclesiastica*, 37 (2), September 2011, p. 9.

309 NGKA, *Volkskongres oor die armblanke vraagstuk,* Raknommer 305.569, Vol 8, Diamond Fields Advertiser, Limited, 1934, pp. 9 – 17.

310 L.L.N. Botha, *Die maatskaplike sorg van die N.G. Kerk in Suid-Afrika (1928 – 1953)*, 1956, p. 192.

311 G. Cronje, *Mens en gemeenskap,* Academia, Pretoria, 1969, pp. 11 – 12.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vanaf 80 000 tot 250 000 toegeneem het.[312] In dieselfde toespraak het hy ook gevra dat die klem vanaf blote armsorg na welsynskepping verskuif moes word.[313]

Ander belangrike aanbevelings wat tydens die kongres gemaak is, was dat alle maatskaplike werk onder die Departement van Arbeid moes ressorteer.[314] Gaandeweg het die kerk tot die besef gekom dat al die volksaktiwiteite in belang van maatskaplike sorg deur 'n aparte staatsdepartement verteenwoordig en behartig moes word. Hierdie gedagte is op die Volkskongres van 1934 te Kimberley bespreek en so is 'n aparte Departement van Volkswelsyn, wat deur die staat behartig sou word, op 28 April 1935 gestig.[315] Die ideale van die Kimberley-kongres het in verskeie inisiatiewe in die praktyk neerslag gevind, byvoorbeeld die stigting van die Spoorbond in 1933, die totstandkoming van 'n eie handelsbank onder leiding van JJ Bosman, naamlik Volkskas, asook die stigting van Uniewinkels in Pretoria.[316]

Die Volkskongres is opgevolg deur 'n kerkkonferensie op 6 – 7 Oktober van dieselfde jaar, ook in Kimberley. Sowat 600 persone het die konferensie bygewoon, waar veral ds. P du Toit, dr. HF Verwoerd en adv. EG Jansen sterk na vore getree het.[317] Hierdie konferensie kan gesien word as die eerste poging van die kerk om sy ingesteldheid teenoor die armblankes in die Unie van Suid-Afrika te prioritiseer en te re-organiseer.[318] Na die Kimberley-konferensie het daar vyf baie duidelike verwagtinge van die kerk na vore gekom, naamlik dat 'n meer wetenskaplike benadering ten opsigte van die hantering van die armblanke gevolg moes word en dat daar 'n dringendheid ten opsigte van die armoede-probleem moes wees. Daar moes ook 'n onafhanklike nasionale Departement van Volkswelsyn ingestel word. Die armblanke-probleem en die armoede van die bruin en swart gemeenskappe moes gesamentlik aandag kry en daar moes nouer samewerking tussen kerk en staat wees.[319]

Die Volkskongres en die kerk-konferensie in 1934 kan gesien word as 'n historiese baken in die geskiedenis van die kerk in die Unie van Suid-Afrika ter verligting van die armblanke-probleem.[320]

4.2.2 Projekte waarby die kerk betrokke was

Ook in hierdie afdeling word voorbeelde van die NGK se betrokkenheid by wit armoede weergegee, sommige afsonderlik, en andere in verband met Oudtshoorn, ten einde die omvang van die kerk se verbintenis tot

---

312 GBUS, *Die Burger*, 3 Oktober 1934, p. 5 (Volkskongres begin met sy beraadslaging).

313 P. Du Toit (samesteller), *Verslag van die Volkskongres oor die Armblanke vraagstuk gehou te Kimberley, 2 – 5 Oktober 1934,* Nasionale Pers, Kaapstad, 1934.

314 GBUS, *Die Burger*, 3 Oktober 1934, p. 6 (Volkskongres begin met sy beraadslaging).

315 J.R. Albertyn, *Kerk en Staat,* Pro Ecclesia-Boekhandel, Stellenbosch, p. 345; U.G. 61 – 1937, p. 9.

316 E.P. du Plessis, *'n Volk staan op,* Human & Rousseau, Kaapstad, 1964, pp. 89 – 92.

317 G. Hofmeyer, *NG Kerk 350, Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652 – 2002,* Paarl Print, Kaapstad, 2002, p. 166.

318 L.L.N. Botha, *Die maatskaplike sorg van die N.G. Kerk in Suid-Afrika (1928 – 1953),* p. 216.

319 R. Vosloo, "The Dutch Reformed Church and the poor white problem in the wake of the first Carnegie Report (1932)", *Studia Historiae Ecclesiastica*, 37 (2), September 2011, pp. 12 – 14.

320 W. Nicol, *Met toga en troffel: die lewe van 'n stadspredikant,* NG Kerk Uitgewers, Kaapstad, 1958, p. 316.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

armoedeverligting te illustreer. Die kerk was hoofsaaklik by drie soorte nedersettings betrokke naamlik, arbeidskolonies, bosbounedersettings en besproeiingskemas.[321] 'n Vierde aspek waarby die kerk betrokke was, was dié van kerkkoshuise.[322] Vir die doel van die studie gaan daar slegs kortliks na van die belangrikstes verwys word.

Tydens die konferensie van die NGK in Stellenbosch in Maart 1893 is besluit dat landboukolonies gestig moes word sodat verarmde Afrikaners kon leer om hulleself te kon onderhou.[323] Die inisiatief van die kerk was om 'n barmhartigheidsdiens te skep om verarming, verstedeliking, gesinsverbrokkeling en morele verval teen te werk en armblanke gesinne te rehabiliteer.[324] Die hoofdoel van hierdie projekte was om die armes te help om weer 'n menswaardige bestaan in die samelewing te kon maak en om hulle van agteruitgang te red. Die kerk het ook geglo dat die armblanke weer tot selfstandigheid en selfrespek opgehef kon word deur hulle as boere te hervestig[325] en ekonomies en geestelik te rehabiliteer.[326] Dit was ook vir die kerk 'n roepingstaak om sy lidmate deur opvoeding te bemagtig om sodoende armoede aan te spreek.[327]

Die arbeidskolonie op Kakamas kan beskou word as die grootste en belangrikste onderneming van die kerk in die opheffing van wit armes.[328] Reeds in 1886 het ds. BP Marchand, destyds van Knysna,[329] by die Kaapse Sinode vir die stigting van die arbeidskolonie gepleit.[330] Hy het verder voorgestel dat erwe van ses morg (5,1402 hektaar) elk langs die Oranjerivier uitgegee moes word, dat die mense finansieel gehelp moes word om gereedskap te bekom en dat die huurders 'n jaarlikse huurgeld moes betaal. Die grond sou die kerk se eiendom bly en sodoende is daar voorsorg getref dat rykes nie die grond kon koop nie, dat skuldeisers nie op die eiendom beslag kon lê nie en dat die grond vir hergebruik deur ander armblankes gebruik kon word. Sodra gesinne bewys het dat hulle selfstandig kon funksioneer, kon hulle die nedersetting verlaat en elders in die land op hulle eie gaan boer.[331] In Oktober 1897 het ds. BP Marchand aangekondig dat die Minister van Landbou, Sir Pieter H Faure, die plase Soetap en Kakamas ten gunste van die NGK geoormerk het en dat die staat die kerk met £2 500 vir besproeiingswerk sou subsidieer. Die amptelike opening van die projek het op Maandag 4 Julie 1898 plaasgevind en is met 250 koloniste begin.[332]

Die ander arbeidskolonie waarvan die distriksgrense aan dié van Oudtshoorn grens, was die een naby George. Paul Gerber, 'n inwoner van Olifantshoek naby George, het in samewerking met die destydse parlementêre

---

321 L.L.N. Botha, *Die maatskaplike sorg van die N.G. Kerk in Suid-Afrika (1928 – 1953)*, p. 318.
322 M. du T. Potgieter, Die Nederduitse Gereformeerde kerk en die onderwys van Blankes in Kaapland sedert die eerste sinode (1824), p. 106.
323 P.B. van der Walt, *Die Neder Duitse Gereformeerde Kerk 1905 – 1975,* Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1979, p. 93.
324 N. Roos, "Work colonies and South African historiography", *Social History,* 36, 1, February 2011, p. 56.
325 CPNMA, *Het Zuid-Westelike Nieuws,* 13 Oktober 1916, p. 5 (Die Arme Blanken).
326 N. Roos, "Work colonies and South African historiography", *Social History,* 36, 1, February 2011, p. 56.
327 CPNMA, *Het Zuid-Westelike Nieuws*, 18 Februarie 1916, p. 5 (Die Arme Blanke Kwestie en hoe om dit te verhelp).
328 L.L.N. Botha, *Die maatskaplike sorg van die N.G. Kerk in Suid-Afrika (1928 – 1953)*, p. 145.
329 *Ibid.,* p. 6.
330 L.L.N. Botha, *Die maatskaplike sorg van die N.G. Kerk in Suid-Afrika (1928 – 1953)*, p. 146.
331 *Ibid.,* p. 22.
332 *Ibid.,* pp. 25 – 26.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verteenwoordiger van George, J Currie, generaal Louis Botha versoek om die plaas Olifantshoek beskikbaar te stel vir die vestiging van armblankes.[333] Na die besoek van generaal Botha aan George is daar in Junie 1913 ŉ resolusie aanvaar dat Olifantshoek aan die kerkraad van die NGK George oorgedra moes word. Die resolusie is met ingang 1 Januarie 1915 in werking gestel. In 1916 het die Algemene Armesorg Kommissie van die NGK in George die plaas Olifantshoek aan 25 families beskikbaar gestel. Die huur sou 25c per morg per jaar wees.[334] Die kerk se uitgangspunt was dat ŉ "terug-na-die-grond"-benadering die beste manier was om wit Afrikanergesinne te rehabiliteer.[335] Die stadsraad van George het in daardie stadium ŉ advertensieveldtog geloods waarin spesifiek Wildernis en Olifantshoek bemark is. Die projek is egter nie sonder teenstand van stapel gestuur nie en in die plaaslike streekskoerant, die *George Herald,* het ŉ groep inwoners hulle ten sterkste teen die projek uitgespreek. Volgens hulle sou die vestiging van armblankes in dié gebied ŉ negatiewe uitwerking hê, want voornemende kopers sou nie in ŉ gebied waar armblankes woon, wou belê nie.[336]

Die projek is egter nie gestop nie en die plaas, Wildernis, is deur die kerkraad vir £6 954 gekoop. Die staat het ingestem dat die winste wat op die Olifantshoek-plaas gemaak sou word vir die ontwikkeling van die Wildernis-plaas gebruik kon word.[337] Die plaaslike leraar, ds. Andries Beyers, het die kerkraad oortuig om toestemming te kry om tien morge (8,567 hektaar) grond van die Olifantshoek-plaas te verkoop om sodoende die hele projek verder te verbeter.[338] Die voltooiing van die spoorlyn tussen George en Knysna op 30 November 1928 het baie daartoe bygedra om die projek te laat slaag, want die boere kon toe hulle produkte per trein na die markte vervoer.[339] Die bou van dié spoorlyn was ŉ werkskeppingsprojek[340] vir baie armblanke mans. Bywoners vanuit Oudtshoorn het na die val van die volstruisveerbedryf en aanhoudende droogtes ŉ uitkoms by die werkskeppingsprojek gekry.[341] Die kerk het voortgegaan met die vestiging van die arbeidskolonies en in 1928 was daar reeds 79 huisgesinne in Olifantshoek en 58 gesinne in Wildernis gevestig.[342] Die meerderheid van die nedersetters wat daar ŉ heenkome in hulle armoede gaan soek het, is uit hulle armoede gerehabiliteer deur selfwerksaamheid en kon daarin slaag om die behoeftigheid en die slagoffermentaliteit af te skud en aan hulle kinders ŉ behoorlike bestaan na te laat. Daar was ŉ sterk drang onder die nedersetters om aan hulle kinders ŉ beter ter lewe te gee.

---

333 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/18, Notebook 6: George, 16 Maart 1929, p. 36.

334 P. Rixom, *The history, scenery and geology of the Hoekwil area,* Eden District Municipality, George, 2002, p. 3.

335 H. Giliomee, *Die Afrikaners ŉ biografie,* p. 320.

336 GMA, *George Herald*, 17 Junie 1914, p. 5 (The poor white settlement at Olifantshoek and the ebb and flow at Wilderness).

337 L.L.N. Botha, *Die maatskaplike sorg van die NG Kerk in Suid-Afrika (1928 – 1953)*, p. 319.

338 D.M. de Jager, *175 jare van genade,* HAUM, Kaapstad, p. 94; KCAB, 56979, Vol 193 – 194, File 476/18, Notebook 3: Oudtshoorn, 11 Maart 1929, p. 36.

339 GMA, *George Herald Het Suid-Western,* 2 Oktober 1928, p. 8 (Railway links George to the outside world).

340 U.G., 14 – 26, *New railwayline,* p. 105.

341 TFRMA, *Railway News, George-Knysna fact sheet*, April 2013, p. 4.

342 KCAB, Bron 56979, Vol 193 – 194, File 476/18, Notebook 3: Oudtshoorn, 11 Maart 1929, p. 38.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Figuur 23: 'n Tipiese sooimuurhuisie in Olifantshoek, c 1929

(Foto: KCAB, Lêer, 57024)

Figuur 24: 'n Tipiese armblanke gesin

in Olifantshoek, c 1928

(Foto: F. Stander, Johannesburg, privaatversameling)

Bosbounedersettings was die inisiatief van die staat, maar die geestelike versorging van armblankes op sulke nedersettings, was die verantwoordelikheid van die kerk. Een so 'n nedersetting was Jonkersberg, naby George. Baie armblankes het Oudtshoorn verlaat en op Jonkersberg 'n nuwe begin gaan maak.[343] In 'n persoonlike onderhoud met Theo Stehle, 'n afgetrede bosbouwetenskaplike wat op Jonkersberg werksaam was, het hy vermeld dat die armblankes wat hulle vanaf Oudtshoorn op die bosboustasie kom vestig het, baie hardwerkend was.[344] Daar was ook ander bosbounedersettings, maar die bespreking daarvan word in Hoofstuk vyf hanteer.

Dit was nie die kerk se verantwoordelikheid om besproeiingskemas op te rig nie, maar die kerk het baie nou saamgewerk met die staat deur verantwoordelikheid te neem vir die geestelike versorging van die werkers op sulke skemas. Een so 'n projek was die bou van die Kammanassiedam in die Oudtshoorn-distrik in 1919.[345] Die projek het binne die grense van die kerk geval en ds. P Viljoen, die destydse leraar van die gemeente, het die geestelike bearbeiding van die werkers hanteer. Die kerk het ook jaarliks 'n basaar by die bouprojek gehou.[346]

Die kerk het ook 'n groot rol gespeel by die oprigting van kerkskole en kerkkoshuise. Die kerk het hom baie vroeg tot die lot van minderbevoorregte kinders soos weeskinders, armes, verwaarloosde en buite-egtelike kinders geroepe gevoel. 'n Spesiale fonds, die diakoniefonds, is in die lewe geroep om onder andere in die behoeftes van sulke kinders te voorsien. Dié kinders is van skoolgeld vrygestel. Hierdie kindersorgwerk van die kerk is in samewerking met die Weeskamer, die eintlike verantwoordelike regeringsliggaam, onderneem.

---

343 L.L.N. Botha, *Die maatskaplike sorg van die N.G. Kerk in Suid-Afrika (1928 – 1953)*, p. 318.

344 Persoonlike onderhoud, O. Stander – T. Stehle, oud-bosbouwetenskaplike, Knysna, 6 November 2012.

345 J. Burman, *The Little Karoo,* p. 110.

346 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 5 Februarie 1921, p. 405.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dit was nog ŉ voorbeeld van samewerking tussen die staat en die kerk.[347] Die kerk het ook besef dat kosskole slegs ŉ geringe gedeelte van die bevolking met onderwys sou kon bedien as gevolg van groot afstande en die yl bevolking. Daarom kon huisonderwys nie uitgeskakel word nie.[348]

In 1916 het daar ŉ berig in die destydse *Het Zuid-Westelike Nieuws* verskyn waarin die oprigting van koshuise bepleit is sodat die kinders van armblankes in koshuise geplaas kon word waar hulle beter opvoeding kon kry. Volgens die skrywer was opvoeding die grootste middel tot die oplossing van die armblanke probleem.[349] Die samewerking tussen staat en kerk is in 1917 begin met die oprigting van kerkkoshuise op die platteland waardeur kinders toegang tot skole en onderwys kon kry. In 1917 is gerapporteer dat daar reeds 68 koshuise opgerig is waarin 2 018 kinders gehuisves is.[350] Die Administrateur, Sir Frederick de Waal, het in die Kaapprovinsie ŉ baie belangrike rol in dié verband gespeel. De Waal het die saak vanaf die staat se kant gedryf. Die kerk het die koshuise geadministreer en die geboue verskaf terwyl die staat met die finansiering gehelp het. In 1919 het 5 210 behoeftige kinders deur middel van koshuise toegang tot skole gehad. Van die 175 koshuise het 161 onder toesig van die kerk gestaan.[351] Die kerkrade het streng toesig gehou oor die bywoning van leerlinge by kosskole en waar nodig opgetree.[352]

Die armblankes het verskillend gereageer op die daarstelling van kerkkoshuise. In Uniondale kon van die koshuiskinders byvoorbeeld vir die eerste keer saam met die dorpskinders rugby speel. Die dorpskinders het voorheen neergesien op die arm koshuiskinders, maar met die saamspeel het hulle ontdek dat die arm kinders nie ŉ bedreiging vir hulle ingehou het nie en dat hulle derhalwe met daardie kinders kon sosialiseer. Aan die ander kant het die ouers van die koshuiskinders weer geredeneer dat hulle die skool en koshuis ŉ guns bewys het deur hulle kinders daarin te plaas, want toe kon die skool langer voortbestaan en die onderwyser was van sy salaris verseker.[353] ŉ Grondeienaar van dieselfde distrik was van mening dat kerkkoshuise nie ŉ goeie instelling was nie, want op dié manier het kinders van die ouerhuis vervreemd geraak en is hulle gedwing om Sondae kerk toe te gaan. Daardeur het kinders ŉ renons in die kerk ontwikkel en wanneer hulle die ouerhuis verlaat het, het hulle ook die kerk verlaat.[354]

Daar is reeds vroeg in die twintigste eeu op verskillende maniere na oplossings gesoek om die toenemende verarming teen te werk en om die heersende nood te verlig. Die eerste amptelike organisasie wat hom beywer het vir die verligting van armes se nood was die *Zuid Afrikaansch Christelijke Vrouwen Vereeniging* wat op 1 September 1904 in Kaapstad gestig is. Later sou dit as die Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging (ACVV)

---

347 P.S. Du Toit, *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652 – 1795*, Kaapstad, 1937, pp. 36 – 38.

348 *Ibid.,* p. 51.

349 CPNMA, *Het Zuid-Westelike Nieuws*, 18 Februarie 1916, p. 5 (*Die Arme Blanke Kwestie en hoe om dit te verhelp*).

350 M. du T. Potgieter, Die Nederduitse Gereformeerde kerk en die onderwys van Blankes in Kaapland sedert die eerste sinode (1824), p. 106.

351 GBUS, *Die Kerkbode,* 23 November 1927, p. 751 (Die bydrae van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tot die onderwys in Suid-Afrika).

352 ` P.S. Du Toit, *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie,* p. 51.

353 KCMA, Bron 56979, Vol 164, File 476/10, Notebook 2: Oudtshoorn, 12 Maart 1929, p. 13.

354 *Ibid.,* p. 18.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bekend staan.[355] Dié organisasie sou hoofsaaklik gemoeid wees met die oplossing van die armblanke-probleem. ME Rothmann (MER), ʼn lid van die Carnegie-kommissie, het haar by die ACVV aangesluit en ʼn groot bydrae gelewer tot die oplossing van die armblanke-probleem.[356] Om die verskillende liefdadigheidswerksaamhede van die kerk te koördineer, is in 1915 besluit om ʼn kommissie bekend as *De Synodale Commissie voor die Inwendige Zending* te stig. Lede van dié kommissie het ook op die bestaande kommissies van die kerk, soos De Arbeids Kolonie Commissie, De spoorweg Zending Commissie, De Commissie voor Hulpbehoewende Gemeenten en De Commissie voor Industriële Inrichtingen in verband met onze Kerk, gedien.[357] In 1933 is die Armsorgkommissie in samewerking met die Departement van Arbeid gestig. Die NGK se Diens van Barmhartigheidsaksies het in samewerking met die Departement van Arbeid gefunksioneer. Die kerk se taak was onder andere om in die plattelandse gebiede ondersoek in te stel na werkloosheid en dit te assesseer.[358] Hierdie soort inisiatiewe het ook die armblankebevolking van Oudshoorn en distrik voordelig beïnvloed en het uiteindelik aanleiding gegee tot die stigting van die ACVV in Oudtshoorn, asook ʼn Armsorgkomitee. Die stigting van die Armsorgkomitee word in afdeling 4.3.5 van dié hoofstuk bespreek.

4.3 Die kerk en armoedeverligting in Oudtshoorn

Die kerk in Oudtshoorn se bemoeienis met armblankeskap het vóór 1914 ʼn historiese aanloop gehad. Waar daar in die studie na *kerk* of *gemeente* verwys word, word daarmee die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) van Oudtshoorn bedoel. Die studie fokus slegs op die genoemde kerk se betrokkenheid by armoedeverligting aangesien die meeste armblankes in Oudtshoorn lidmate van dié kerk was. Dit impliseer nie dat die ander kerkgenootskappe op die dorp nie in hulle gemeentes by armoedeverligting betrokke was nie. Om die kerk in Oudtshoorn se bydrae in konteks met ander kerke te plaas, gaan die NGK se rol in armoedeverligting in twee aangrensende gemeentes, naamlik Calitzdorp en Prins Albert ook kortliks ondersoek word.

Die eerste verwysing na kerkgrense was in 1838 toe daar na die wyke Attaquaskloof, Cango en Voor- en Bo-Olifantsrivier verwys is.[359] Geen spesifieke beskrywings van byvoorbeeld waar presies Voor- en Bo-Olifantsrivier was, kon egter gevind word nie. Tydens ʼn sinodesitting van die NGK in Kaapstad, op 1 September 1853, is goedkeuring verleen aan die stigting van die gemeente Oudtshoorn. Die nuwe gemeente word op 15 Oktober 1853 van die gemeente George afgestig. Die grense het vanaf Spitskop in die Swartberge tot by Paardekop in die Outeniquaberge gestrek. Tussen Oudtshoorn en George het die grens vanaf Oudtshoorn tot by Mistkraal gestrek. Vanaf Mistkraal het dit tot by Leeublad en daarvandaan tot by Doornkraal naby die

---

355 H.C. Lamprechts, *Vrouevolksdiens, Die werk van die Afrikaanse Christelike Vroueverenigingg,* HAUM, Kaapstad, 1959, p. 12.

356 *Die Huisvrou*, 50, (9), Januarie 1972, p. 5. (Die rol van M.E.R. in die Afrikaanse Letterkunde).

357 H.C. Lamprechts, *Vrouevolksdiens*, p. 12.

358 Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Pretoria (hierna NBSAP), Raknommer OP (S) 41, 1932 – 1934: *Unemployment and relief matters*, Pretoria, 1934, p. 6.

359 M.S. Greeff, *Eeufees Gedenkboek,* p. 14.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Swartberge gestrek. Die gebied het die wyke Cango, Wynandsrivier en Olifantsrivier ingesluit.[360] Die oostelike bedieningsgebied het die plaaswyke Rooiheuwel, Van Wykskraal, Waaikraal, Kammanassie en Draaihoek ingesluit. In die suide het die gemeentegrense verby Bakenskraal tot by Kandelaarsrivier gestrek. Die westelike deel van die gemeente het tot by Vleirivier gestrek en Volmoed ingesluit.



Kaart 8: Gemeentegrense na die stigting van die gemeente in 1853

Die gemeente is deur verskeie leraars bedien en die volgende persone was van 1914 tot 1937 daar werksaam: ds. PJ Viljoen, (22 Februarie 1914 tot 6 Februarie 1932), ds. CV Nel, (14 Julie 1914 tot 25 Julie 1925), ds. WN van der Merwe, (6 Februarie 1926 tot 22 Maart 1930) en ds. JS Theron, (11 April 1932 tot 1945).[361]

In die vorige hoofstuk is daar reeds genoem dat armoede en voorspoed in Oudtshoorn en die aangrensende dorpe parallel met mekaar geloop het en beide verskynsels het alle terreine van die geskiedenis in Oudtshoorn beïnvloed. Die meeste mense verteenwoordigend van die twee groepe, naamlik ryk en arm, was ook lidmate van die plaaslike gemeente.

360 NGKA GEM K 1628, *De Gereformeerde kerkbode in Zuid-Afrika,* 17 September 1853, No 19, p. 377.

361 KCAB, Bron 56979, Vol 164 File 476/10, Notebook 2, Oudtshoorn, 12 Maart 1929, p. 9.; M.S. Greeff, *Eeufees Gedenkboek van die NG Gemeente Oudtshoorn,* pp. 1 – 89.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Armoede het ŉ negatiewe impak op die kerklike lewe van die armblanke in Oudtshoorn gehad. Nog voor die afstigting van die NG gemeente in Oudtshoorn van die gemeente in George het een van die lidmate van die destydse Gamka-wyk (die teenswoordige Calitzdorp), Gert Rademeyer, ŉ brief aan die NGK in George gerig waarin hy verklaar het dat hy, as gevolg van ŉ tekort aan geld, nie meer sy broer kon versorg nie.[362] Na afstigting van George het ds GW Stegmann tydens sy verblyf in Oudtshoorn (1880 – 1891) reeds in sy *Verslagen van den Staat der Godsdienst in de Gemeente van Oudtshoorn sedert 1880,* genoem dat daar groot armoede onder die lidmate geheers het. Dit het veroorsaak dat sommige lidmate nie eredienste kon bywoon nie en in baie gevalle dit ook nie wou bywoon nie, want hulle kleredrag was nie na wense nie. Verder het geografiese faktore ook ŉ rol gespeel in verarming en het dit ŉ negatiewe impak op die gemeente gehad. Volgens ds. Stegman kon baie lidmate as gevolg van geografiese afstande nie gereeld bereik word nie.[363] Vervoermiddele was ŉ baie groot probleem en die kerkraad het eers op 3 Februarie 1917 toestemming verleen dat geld bewillig kon word sodat daar vir die leraar ŉ kar en perde gekoop kon word.[364] In die Stegman-verslag is genoem dat tot 500 lidmate die Sondagoggend-eredienste bygewoon het en dat die bywoning van aanddienste deur Engelssprekendes tot 180 vermeerder het omdat die getal Skotte wat hulle in Oudtshoorn kom vestig het, vermeerder het. Verder het die verslag vermeld dat, ten spyte van armoede en erge droogtes, die gemeente steeds alle finansiële verpligtinge ten opsigte van armoedeverligting en salarisse kon nakom.[365]

In Oudtshoorn het daar ŉ bevolkingsverskuiwing vanaf die landelike gebied na die dorp plaasgevind wat ŉ invloed op die kerk se versorging van armblankes gehad het. Die toename in lidmaatgetalle vanuit die distrik het die druk op die kerk se maatskaplike betrokkenheid verhoog en die kerkraad moes pogings aanwend om die nood aan te spreek. Die volgende tabel illustreer die verskuiwing vanuit die distrik na die dorp.

	1911	**1918**	**1921**
Stedelik	6 687	6 901	7 271
Landelik	11 902	10 633	9 730
Totaal	18 589	17 534	17 001

[366] Tabel 14: Bevolkingsverskuiwing van landelike na stedelike gebiede

362 A. Appel, "Die distrik Oudtshoorn", p. 114.

363 CPNMA, G.M. Stegmann, *Verslagen van den Staat der Godsdienst in de Gemeente van Oudtshoorn sedert 1879,* p. 6.

364 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 3 Februarie 1917, p. 209.

365 CPNMA, G.M. Stegmann, *Verslagen van den Staat der Godsdienst in de Gemeente van Oudtshoorn sedert 1879,* p. 11.

366 CPNMA, Boehmke, Book 4, p. 6.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Teen 1912 was die grootste deel van Oudtshoorn se bevolking nog nie verstedelik nie[367] en in 1918 was die totale bevolking 18 406 waarvan daar 6 606 in die dorp gevestig was en 11 800 nog in die landelike gebied.[368]

Die kerk in Oudtshoorn, met sy verskillende armoedeverligtingsaksies, is 'n tipiese voorbeeld van betrokkenheid by armoedeverligting in die dorp en omliggende distrik.

4.3.1 Kerkeiendomme en die kerk se finansiële situasie

Om 'n ware beeld van die gemeente soos met die aanvangstydperk van die studie te kry, is dit nodig om kennis te neem van die vaste bates (geboue) en finansiële situasie van die gemeente en watter invloed dit op armoede in die gemeente gehad het.

Kort na die vestiging van die volstruisveerbedryf in Oudtshoorn in 1863[369] is die NGK-gebou in 1879 ingewy.[370] Die ekonomiese groei wat deur die opkomende volstruisveerbedryf gestimuleer is, het 'n positiewe invloed op die NGK se finansiële posisie gehad. Daar was voorbeelde van waar dit met die NGK in die hele gebied, afstigtings ingesluit, goedgegaan het. As gevolg van die groeiende lidmaatgetalle het die gemeente De Rust reeds in 1899 van die gemeente Oudtshoorn afgestig en De Hoop in 1911.[371] In daardie stadium (1911) was sommige van die boere in die gemeenskap se finansiële posisie nog kerngesond en het dit 'n positiewe uitwerking op die vooruitgang van die kerk in Oudtshoorn gehad.[372] Voorbeelde van dié vooruitstrewendheid was die kerksaal op die plaas Welgeluk, in die Armoed-wyk, wat deur OJ Olivier gebou is. Die saal is deur die lidmate van dié wyk vir wyksbyeenkomste en gedurende Pinkster gebruik. Armoed is 'n gebied suid van Oudtshoorn en was deel van die NGK.

---

367 U.G., 50 – 19, *Census of the European or White Races of the Union of South Africa, 1918,* Government Printers, Cape Town, 1919, p. 10.

368 CPNMA, *Census of the European or White races of the Union of South Africa, 1918, Part 1,* Government Printers, 1919, Cape Town, p. 28.

369 F. Goldie, *The Golden Bird,* Garnet Publications, Durban 1964,p. 46.

370 M.S. Greeff, *Eeufees gedenkboek,* 1952, p. 14.

371 M.S. Greeff, *Eeufees gedenkboek van die NG Gemeente Oudtshoorn,* pp. 62, 67 en 152.

372 D.J. Seymore, *Hulpboek vir die boere in Suid-Afrika,* Departement van Landbou en Bosbou, Pretoria, g.d., p. 2.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Figuur 25: Welgeluk-kerksaal

(Foto: Privaatversameling, O Stander)

In die Armoed-wyk het WC Olivier uit eie fondse 'n kerkgebou laat oprig. Die hoeksteenlegging van die kerk was op 16 Mei 1910. Na voltooiing van die gebou het Olivier dit as geskenk aan die NGK in Oudtshoorn aangebied, maar as gevolg van onenigheid onder die lidmate en die kerkraad is afstigting uitgestel. Die kerk is wel gebruik om eredienste in te hou en op 24 Augustus 1921 het die kerkraad goedkeuring vir afstigting verleen.[373] Die afstigting is op 29 November 1921 deur die ring van Oudtshoorn aanvaar en die naam van Armoed[374] is na Volmoed verander.[375] Die kerkraad het besluit om die salaris van die leraar tot einde April 1922 te betaal en daarna nog £175 in drie paaiemente van £100, £50 en £25 in 1923, 1924 en 1925, onderskeidelik, aan die gemeente te betaal.[376]

373 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 26 Januarie 1914 – 24 Augustus 1918 en 15 Oktober 1921, p. 446.

374 P. Steyl, *With the postcart through Houtteniqualandt, Kannaland and the Lange Kloof,* CBS Ads (Pty) Ltd, George, 2009, p. 208. Meneer Ockert Olivier het van 1765 tot 1791 op die Erfpag-plaas in Armoed gewoon. Dié grond het aanvanklik aan Armoeda, 'n Khoi-Khoi hoofman, behoort. Na afstigting in 1921 was die gevoel dat dit nou 'n volwaardige gemeente was en dat die nuwe naam Volmoed moes heet.

375 NGKA, *De Kerkbode,* Deel XVII, No 1115, Desember 1921, p. 1508.

376 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 26 Januarie 1914 – 24 Augustus 1918 en 15 Oktober 1921, p. 447.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

De Heer en Mevrouw Olivier
en familie
hebben de eer u en familie uit te
noodigen ter bijwoning van
De Hoeksteenlegging
van de
N. G. Kerk, te Armoed.
door
Ds. G. Murray en A. M. Mc Gregor
op Maandag, den 16den Mei, 1910
om 10 uur 's voormiddags.

Figuur 26: Uitnodiging na die hoeksteenlegging van die Armoed-gemeente

(Foto: Privaatversameling, O Stander)

Figuur 27: Hoeksteen van NG Kerk Armoed

(Foto: Privaatversameling, O Stander)

Figuur 28: NG Kerk Volmoed

(Foto: Privaatversameling, O Stander)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die lidmaatgetalle van die Oudtshoorn gemeente het bly groei en in 1937 was dit nodig om in Adderleystraat 'n saaltjie met 400 sitplekke teen 'n bedrag van £1 059 op te rig.[377] Teen September 1916 was die lidmaattal van die gemeente 6 125.[378] Met hierdié navorsing word geïllustreer dat dit juis die kerk was wat, te midde van al die faktore wat armblankeskap veroorsaak of bevorder het, uiteindelik materieel daartoe in staat was om aan allerhande armoede-verligtingsprojekte en –inisiatiewe te kon deelneem.

Die NG Kerk van Oudtshoorn was grotendeels verantwoordelik vir die onderwys in die dorp en distrik en kon, as gevolg van die finansiële posisie, plaasskole en later ook die industriële skool op die dorp bou. In baie gevalle het die kerk selfs onderwyserswonings gebou. Van die meer welvarende boere in die gemeenskap het uit eie fondse skoolgeboue help oprig.[379] Met die koms van dominee G Stegman na die gemeente, is die onderwysbehoeftes van die minder-gegoedes aangespreek en kon die arm bywoners ook hulle kinders na die plaasskole stuur.[380] Na die val van die volstruisveerbedryf in 1914 was die kerk derhalwe daartoe in staat om die nood van sy armes te help verlig en op die oog af het dit finansieel relatief goedgegaan. Dit word gïllustreer aan die hand van die administratiewe en instandhouding van 'n aantal kerkeiendomme, ook in die distrik. Volgens argivale rekords, soos in Tabel 15 uitgewys, het die gemeente op 23 Januarie 1915 die volgende geregistreerde eiendomme gehad:

Skoolgebou, Rooiheuwel	Transportakte 87 en 8041, Lot 43
Skoolgebou, Draaihoek	Transportakte 7574, Lot P van Lot 4
Skoolgebou, Hottomskloof	Transportakte 3109, Lot 1 van Lot II
Skoolgebou, Hazenjacht	Transportakte 843, Lot P
Skoolgebou en onderwyserswoning, Armoed	Transportakte 8114, Lotte 2199 en 2200
Skoolgebou, Wesbank, Oudtshoorn (dorp)	Transportakte 7124, Lot 44
Skoolgebou, Noordeinde, Oudtshoorn (dorp)	Transportakte 1204, Deel erf no CVI
Die kerkgebou, Oudtshoorn (dorp)	Transportakte 63, Erf 184 en deel erf 185, Lot 8
Bankgebou, Oudtshoorn (dorp)	Transportakte 429, Lotte 1039 en 150
Kerkplein	Transportakte 65, Erf 194 en deel erf 193
Markplein	Transportakte 64, Erf 225 en deel erf 266
Hoogstraatpastorie	Transportakte 429, Lotte 1039 en 150
Pastorie van tweede predikant	Transportakte 4772, Erf nr C 188.

[381]

Tabel 15: Eiendomme van die gemeente

377 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 20 Maart 1937, p. 129.

378 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 16 September 1916, p. 188.

379 N. Sieberhagen, Die plattelandse skool in Oudtshoorn, p. 10.

380 *Ibid.,* p. 11. Die kerk en staat se rol ten opsigte van wit armoede in Oudtshoorn word in hoofstuk 5 bespreek.

381 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 23 Januarie 1914, p. 112.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die NGK in Oudtshoorn het met die ekonomiese vooruitgang van die gemeenskap finansieël gebaat en was derhalwe in staat om geboue, maar veral ook skole en onderwyserswonings op te rig. In baie gevalle was van die skole met fondse van 'n grondeienaar gebou, maar die instandhouding daarvan was die verantwoordelikheid van die kerk. Met die ineenstorting van die volstruisveerbedryf het die finansiële posisies van die gemeente egter verswak en het sy las groter geword.

Behalwe dié geboue het die gemeente ook verbande ter bedrae van £1 103 op drie erwe gehad en polisse ter waarde van £9 600.[382] In daardie stadium was die eiendomme vir die gemeente 'n finansiële las, want dit moes in stand gehou word. Die geboue wat die meeste aandag geverg het, was die kerkgebou van De Hoop, die kerkgebou in Oudtshoorn en ook die kerkgebou, pastorie en onderwyserswoning op Armoed. De Hoop was van meent af aan 'n finansiële las. Die proses om die kaart en transport vir die nuwe gemeente te kry, het baie lank geneem en intussen was die instandhouding van die nuwe gemeente se pastorie, skoolgebou en onderwyserswoning die verantwoordelikheid van die kerk in Oudtshoorn. Die oordrag van transportering van die skoolgebou te Nooitgedacht vanaf die gemeente in Oudtshoorn na die nuwe gemeente is eers tydens die kerkraadsvergadering van 21 November 1921 goedgekeur.[383] Met die verswakkende ekonomiese toestand van die gemeenskap het die instandhouding van die kerk se geboue 'n nog groter finansiële las geword.[384] Een van die baie voorbeelde van instandhoudingsprobleme waarmee die gemeente te doen gehad het, was die opknapping van die kerkgebou op die dorp. Tydens die kerkraadsvergadering van 23 Januarie 1915 is besluit dat die kerkgebou in Oudtshoorn van binne opgeknap moet word en van meer lig en lug voorsien moet word. Daar is goedkeuring verleen dat die argitek, Wynand Louw, die kerkraad moes adviseer en die totale koste vir die voltooiing van die werk was £1 821.[385]

Die instandhouding van die kerk en kerkgeboue van Armoed was tot en met afstigting 'n groot finansiële las vir die Oudtshoorn-gemeente. In 1921 is 'n aansoek voor die kerkraad gebring vir reparasies aan die pastorie van Armoed[386] en die versoek is met die vergadering van Maart daardie jaar goedgekeur.[387] 'n Verdere uitgawe was dié van die onderwyserswoning. Op die kerkraadsvergadering van 19 Maart 1921 is £600 aan JJ Mulder bewillig vir reparasies.[388] In Julie van dieselfde jaar is toestemming verleen dat die gebreekte vensters van die kerkgebou vervang kon word.[389] Die kerk se skoolgebou in Hottomskloof is in Oktober 1937 deur Jurgens Schoeman opgeknap en die bedrag van £13 10s is aan hom uitbetaal.[390] Die kerk het benewens die instandhouding van die geboue ook baie gedoen om sy eiendomme so te bestuur dat dit tot voordeel van die gemeente en lidmate was.

---

382 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 10 Januarie 1915, p. 107.
383 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 21 November 1921, p. 452.
384 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 26 Januarie 1914 – 24 Augustus 1918.
385 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 23 Januarie 1914, p. 134.
386 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 5 Februarie 1921, p. 405.
387 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 19 Maart 1921, p. 414.
388 *Ibid.,* p. 415.
389 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 23 Julie 1921, p. 429.
390 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 9 Oktober 1937, p. 148.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Sekere van die eiendomme is met verloop van tyd verkoop en sodoende is die finansiële las van die gemeente ietwat verlig. Voorbeelde hiervan was die skoolgebou by Draaihoek, langs die Kammanassierivier, wat in 1922 aan die Kammanassie Besproeiingsraad vir £220 verkoop is. Die skool was langs die Kammanassierivier geleë en as die watervlak van die nuutgeboude Kammanassiedam sou styg, kon dit die skool beskadig het.[391]

Maar ten spyte van sy relatiewe gesonde finansiële posisie, sou die faktore wat wit armoede veroorsaak het, ook nie die kerk se finansies ongeskonde laat nie. Vanaf die begin van 1914 het die verswakkende ekonomie van die gemeenskap ook op die kerk se finansies begin impakteer. Omstandighede buite die beheer van die kerk, soos die reeds genoemde instandhoudingswerke, die langdurige droogtes en die val van die volstruisveerbedryf, het daartoe bygedra dat die kontantvloei van die gemeente baie verswak het. Die swak ekonomiese omstandighede van die gemeenskap en die toenemende getal armblankes in die gemeente het ŉ baie groot druk op sy kontantvloeisituasie van die gemeente geplaas. So vroeg as 21 Februarie 1914 is daar verslag gedoen dat die uitgawes van die gemeente die inkomste met £155 oorskry het. Die kerk was genoodsaak om ŉ lening van £500 teen 5% rente by Standard Bank aan te gaan.[392] Die situasie het vererger en ŉ verdere lening van £112 19s 5d moes by die bank aangegaan word. Die kerkraad het gevolglik met daardie vergadering besluit dat daar nie verder vir instansies buite die gemeentegrense gekollekteer sou word nie.[393]

Die situasie het egter aanhoudend versleg en in Aprilmaand was die kerk £461 4s 10d oortrokke.[394] Teen Junie was die skuld van die gemeente £1 924.[395] Die gemeente het ŉ basaar gehou en die finansiële posisie het ŉ bietjie verbeter, maar teen Julie van dieselfde jaar was die kerk steeds £244 oortrokke.[396] Met die eerste kerkraadsvergadering van 1915 is daar weer melding gemaak van die oortrokke bankrekening van £3 100.[397] In 1916 het die finansiële posisie van die kerk nog verder versleg en is daar by twee geleenthede by lidmate geld geleen. Ouderling P Dreyer het byvoorbeeld £150 aan die kerk teen 5 persent rente per jaar geleen[398] en die kerk het by lidmaat MJ Keller van die Kliprivier-wyk ook £500 teen 5 persent rente per jaar geleen.[399] Gedurende die twintigerjare het droogtes en in die begin van die dertigerjare ŉ ekonomiese depressie die hele Suid-Afrika in ŉ wurggreep gehad. Die situasie het dus bygedra tot die swak ekonomiese toestand van die kerk en vir die Oudtshoorn gemeente was dit ŉ tydperk van geldnood en ontberings. Die NGK in Oudtshoorn was onlosmaaklik deel van die finansiële voorspoed wat die gemeenskap aanvanklik beleef het, maar met die ineenstorting van die volstruisveerbedryf, tesame met ander faktore was die kerk die enigste hoop en uiteindelik ook ŉ redmiddel vir baie armblankes.

4.3.2 Pogings om die finansiële posisie te verbeter

---

391 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 28 Januarie 1922, p. 457.
392 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 21 Februarie 1914, p. 14.
393 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 21 Maart 1914, p. 103.
394 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 25 April 1914, p. 107.
395 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 6 Junie 1914, p. 112.
396 NGKA GEM – K 1728, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 14 Julie 1914, p. 116.
397 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 23 Januarie 1915, p. 135.
398 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 18 Maart 1916, p. 168.
399 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 29 Mei 1916, p. 173.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die kerk was verplig om innoverend te wees, ander bronne van inkomstes te gaan soek en om sy eiendomme tot finansiële voordeel om te skakel sodat hy nog steeds vir die armes tot hulp kon wees.

Intussen het ander instansies in Oudtshoorn en op naburige dorpe ook finansiële hulp aan die kerk begin verleen. Die nuus van die ineenstorting van die volstruisveerbedryf en die nood waarin die gemeente as gevolg daarvan verkeer het, het spoedig na omliggende dorpe in die Klein Karoo versprei en baie gou is hulp uit verskillende oorde ontvang. Die kerk het 'n noodlenigingsfonds gestig en bydraes is vir die fonds gestuur. Die *George and Knysna Herald* het berig dat die meisieskool in George 'n konsert gehou het en die bedrag van £5 is vir die noodlenigingsfonds in Oudtshoorn ingesamel.[400] Dieselfde koerant het ook berig dat die hokkieklub van George 'n spesiale hokkiewedstryd gereël het en die toegangsgeld van £1 1s is aan die fonds gestuur.[401] 'n Spesiale veiling van slagskape is in Prins Albert gehou en die pryse van die skape het gewissel van £4 3s tot £10 per skaap. Die opbrengs is vir die noodlenigingsfonds gestuur.[402] Die hospitaalraad van Oudtshoorn het 'n spesiale kollekte gereël en die bedrag van £22 13s 7d is ingesamel.[403] Daar is verder besluit dat die kerkraad die plaaslike munisipaliteit en afdelingsraad om finansiële hulp moes nader.[404]

Met die finansiële posisie van die gemeente wat op 'n laagtepunt was, het die behoeftes van die armes ook al meer geword. Die kerkraad het toe begin om drastiese pogings aan te wend om sy finansiële posisie te probeer verbeter. Om te kon oorleef, het die kerkraad geen ander uitweg gehad as om die salarisse van die evangelis, kassier, koster en orrelis vanaf Oktober 1915 met 15 persent te verminder nie.[405] Die kerk het nog steeds 'n tekort van £803 gehad en het besluit om, waar moontlik, van sy eiendomme te verhuur. Die kerkraad het gevolglik 'n skrywe aan die skoolraad van George gerig waarin gevra is om die skoolgebou te Draaihoek, wat 'n kerkeiendom was, teen £1 per maand te huur.[406] In April van dieselfde jaar het die kerkraad berig dat die skoolraad die versoek gunstig oorweeg het en bereid was om £15 te betaal vir die agterstallige huur en daarna £1 per maand. Op dieselfde vergadering is gerapporteer dat die kerk 'n oortrokke bankrekening van £1 040 gehad het, dat die inkomste £1 597 per jaar was en dat die vaste uitgawes £2 507 per jaar bedra het.[407] Op 29 Mei 1915 is 'n basaar te Armoed gehou en dit het 'n positiewe uitwerking op die finansiële posisie van die gemeente gehad. Op die volgende kerkraadsvergadering is verklaar dat die oortrokke bankrekening slegs £650 bedra het.[408]

Nog 'n gebou wat vir verhuring aangebied is, was die skoolgebou in die Wesbank-woongebied. Die gebou is vir £2 10s per maand verhuur.[409] Ongelukkig was die notulering van sekere besprekingspunte van die kerkraad nie volledig nie en in baie gevalle is daar slegs vermeld dat 'n gebou verhuur is. Op die kerkraadsvergadering

---

400 GMA, *George and Knysna Herald*, 17 Junie 1914, p. 5 (Meisieskool samel geld in).
401 GMA, *George and Knysna Herald*, 16 September 1914, p. 2 (Hokkieklub in George help).
402 CPNMA, *Oudtshoorn Courant*, 8 Mei 1928, p. 5 (Spesiale veiling).
403 CPNMA, *Oudtshoorn Courant,* 6 Januarie 1915, p. 110 (Hospitaalraad ondersteun finansieel).
404 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 21 Februarie 1914, p. 97.
405 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 12 Oktober 1915, pp. 112, 115.
406 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 23 Januarie 1915, p. 134.
407 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 17 April 1915, pp. 143 – 144.
408 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 12 Junie 1915, p. 148.
409 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 25 April 1914, p. 108.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van 18 Maart 1916 is toestemming verleen aan me. A Pocock om die Christelike Jeugliede Vereniging-saal (CJV) vir haar vereniging, wat 'n leeskring was, se maandelikse vergadering te huur. Daar is ook besluit dat die Nasionale Party die CJV-saal vir vergaderings kon huur. Die kerkraad het op die volgende tariewe besluit: twee sjielings en ses pennies vir gebruik gedurende die dag en tien sjielings in die aand, want saans is ook elektrisiteit gebruik.[410] Die kerkraad het besluit om die markperseel aan die stadsraad vir 'n periode van 25 jaar teen £15 per jaar te verhuur. Die stadsraad kon geboue oprig, maar die waarde daarvan moes nie minder as £2 000 wees nie en die stadsraad moes ook elke jaar die belastings betaal.[411] Op 'n kerkraadsvergadering van 5 Mei 1917 is daar besluit dat die eetsaal van die ou skoolgebou agter die CJV-saal aan die Christelike Studente Vereniging (CSV) verhuur kon word vir die gebruik van 'n werkklas en aandskool.[412] Die gemeente het ook 'n saal in hulle skoolgebou in die Wesbank-woonbuurt gehad. In 1918 is daar besluit dat die saal aan die Heilsleër en ACVV verhuur kon word.[413] Die tydperk van verhuring en die bedrag betaalbaar, is ongelukkig nie vermeld nie.

Daar is ook jaarliks in die verskeie wyke basaars gehou. Basaars is op Matjiesrivier, Hottomskloof en Armoed gehou. Daar is ook besluit dat die basaar in Hottomskloof so na as moontlik aan die terrein waar die Kammanassiedam gebou is, moes wees. In 1921 was die bou van die dam in volle swang en die hou van 'n basaar naby die bouperseel sou die opbrengs positief beïnvloed.[414]

Die kerk het met gevolglik kreatiewe inisiatiewe daarin geslaag om homself uit die finansiële krisis te bestuur om uiteindelik aan die armblankes in die gemeente hulp te kon verleen.

4.3.3 Die versorging van armblankes in die gemeente

Die Klein Karoo, waarvan Oudtshoorn en aangrensende dorpe deel is, is regdeur die tydperk wat deur die studie gedek word deur droogtes geteister. Na die ineenstorting van die volstruisveerbedryf in 1914 het baie lidmate in totale armoede verval. Al hierdie faktore het 'n negatiewe uitwerking op die lidmate van die kerk gehad en die verskillende gemeentes het hulle lidmate se armoede probeer verlig.

Die versorging van die kerk se lidmate, en dan spesifiek die armblankes, het op twee terreine plaasgevind, naamlik die geestelike versorging van die lidmate en die fisiese versorging van die armblanke.

Demografiese faktore, soos onder andere die uitgestrektheid van die gemeente, het die kerkraad genoodsaak om Sondagskole regdeur sy geografiese gebied te stig. Die byeenkomste is Sondae in plaasskole of kerksale gehou. In sommige wyke van die gemeente het jongmense eie inisiatief geneem om byeenkomste te reël. Een so 'n geval was 'n skrywe wat die kerkraad van die voorsitter van die Jeugliede-vereniging, CJ Nortier van die

410 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 18 Maart 1916, p. 170.
411 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 22 Julie 1916, p. 180.
412 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 5 Mei 1917, p. 212.
413 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 7 Maart 1931, p. 153
414 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 21 Februarie 1921, p. 410.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wyk Hottomskloof, ontvang het. In die skrywe het Nortier die leraars versoek dat hulle moes help om meer Jeugliede verenigings in die gemeente te stig.[415] Die CJV het ook koorkompetisies gehou, maar aangesoen baie lede armblankes was, het dit sosiale diskriminasie veroorsaak dat van die armer lede nie die vrymoedigheid gehad het om spontaan deel te neem nie.[416]

Die kerkraad het 'n wakende oog oor die geestelike aktiwiteite van die kerk gehou. Daar is tydens elke kerkraadsvergadering volledig verslag gedoen rakende die stand van die geestelike versorging van die jeug. Dit was die werk van die ouderling van die bepaalde wyk om die verslag voor te dra.[417] Die fisiese versorging van die armblanke in die gemeente het in die vorm van alimentasie geskied. Die begrip alimentasie verwys na die onderhoud of toelaes uit die kerkkas aan behoeftiges.[418] Alimentasie kan ook gesien word as hulp aan behoeftiges.[419] Laasgenoemde definisie is egter meer omvattend en fokus nie net op aksies wat vanuit kerklike kringe kom nie, maar ook uit die hele gemeenskap.

In 1916 was daar in Calitzdorp 'n ongekende droogte wat 'n ingrypende impak op mens en dier gehad het. Die kerk in Calitzdorp het in Maart daardie jaar besluit om 260 sakke mielies, drie sakke koring en drie sakke aartappels aan armblankes langs die Olifantsrivier uit te deel. Die gebied langs die Olifantsrivier was dié deel waar die meeste armblankes gewoon het. In 1917 het die kerk besluit om ook 'n opvoedingsfonds te stig sodat belowende kinders van die gemeente aansoek kon doen vir verdere studie.[420] Daarby het die gemeente besluit om 'n werkskeppingsprojek vir armblankes te begin. Hulle moes gate rondom die kerk maak sodat bome daarin geplant kon word. Die kerkraad het tien pond vir die projek bewillig. Die geld is toe verdeel onder die lidmate wat by die projek betrokke was en sodoende is die finansiële behoeftes van daardie lidmate verlig.[421]

In Prins Albert was die toestande nie veel beter nie. Tussen 1903 en 1912 was daar 62 lidmate aan wie die kerk finansiële hulp verleen het. Vanaf 1913 tot 1922 het die getal armblankes tot 122 gestyg. Die toestande het mettertyd verbeter, maar daar was tot en met 1937 armblankes wat deur die kerk ondersteun is. In 1937 was daar 91 lidmate aan wie alimentasie uitgedeel is.[422] Die kerk in Prins Albert, het net soos in die geval van Oudtshoorn, 'n armskool (Figuur 29) vir behoeftige kinders begin.[423] Daar was wel projekte waarby armblankes betrokke was, maar dit word in hoofstuk 5 bespreek.

Die kerk in Oudtshoorn het besef dat die oplossing vir armoede op twee vlakke lê. Aan die een kant was dit die opvoeding van sy jeug, wat bestaan het uit finansiële hulp wat 'n langtermyn investering was. Tweedens was dit alimentasie deur middel van die uitdeel van kontantgeld, voedselbriefies, kospakkies en ook later die

---

415 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 25 November 1914, p. 131.
416 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/10, Notebook 2: Oudtshoorn, 29 April 1929, p. 20.
417 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 26 Januarie 1914 – 24 Augustus 1918.
418 F.F. Odendaal, *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal,* Perskor Uitgewers, Kaapstad, 2000, p. 41.
419 C.V. van der Merwe, *Tweetalige definiërende woordeboek vir maatskaplike werk,* Staatsdrukker, Pretoria, 1984, p. 3.
420 H.C. Hopkins, *Ned. Geref. Kerk Calitzdorp 1873 – 1973*, Nasionale Boekdrukkery, Elsiesrivier, 1973, p. 73.
421 *Ibid.,* p. 73.
422 P.J. Botes, *Gemeente onder die Swartberg, 1842 – 1992,* Mills Litho, Kaapstad, 1992, p. 88.
423 *Ibid.,* p. 65.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

stigting van 'n Armsorgfonds. As die jeug hulleself wou bekwaam, moes die kerk eerstens skoolgeboue voorsien en dit ook instandhou. Die kerk het 'n wakende oog oor die akademiese vordering van die kinders gehou. In 1915 het die kerkraad hom ten sterkste uitgespreek oor die baie kinders wat nie skool bygewoon het nie.[424]

Die kerk het besef dat opvoeding 'n belangrike faktor in die verligting van armoede was en juis daarom was die instansie altyd bereid om aan die behoeftige kinders van sy lidmate geld beskikbaar te stel. Om die eerste doelwit te kon bereik, is 'n gemeentelike opvoedingsfonds gestig sodat behoeftige kinders finansieel gehelp kon word. Reeds in 1914 is daar besluit dat die eerste Sondag van elke maand se kollekte geallokeer sou word aan die gemeente se opvoedingsfonds.[425] Regdeur die tydperk van hierdie studie is daar bevind dat gelde uit die gemeentelike opvoedingsfonds beskikbaar gestel is sodat arm kinders hulleself beter kon bekwaam. Gert Puren was die eerste lidmaat wie hierby gebaat het toe daar in 1914 £25 vir een jaar se studie aan hom toegeken is.[426] Die volgende toekenning van geld vir studiedoeleindes was vir twee jongmense vanuit die wyke Kandelaarsrivier en Armoed.[427] In 1917 is daar besluit om geld aan me. Daisy Massyn te voorsien om haar as onderwyseres te bekwaam en aan SJ Schoeman om hom as sendeling te bekwaam.[428] In Februarie 1921 is verdere hulp van £12 per jaar uit die opvoedingsfonds aan Fredrick Muller toegestaan. Die kerkraad het ook toestemming gegee dat JE Baird, me. S Zaayman, Nicolaas Botha, Gert Nel en Maria Wolmarans se aansoeke in samewerking met die finansiële kommissie afgehandel moes word.[429] Op die volgende vergadering, gehou op 19 Maart 1921, is daar gerapporteer dat die aansoek van me. Zaayman afgekeur is omrede sy nie die vorige jaar haar eksamen geslaag het nie. Die ander aansoekers se versoeke is wel goedgekeur en aan elkeen is 'n bedrag van £12 per jaar toegeken.[430] Die kerkraad het in 1936 besluit dat aansoekers om finansiële hulp voortaan 'n getuigskrif en hulle skoolrapporte saam met die aansoek moes inhandig.[431] Die gemeente was ook bevoorreg om 'n erflating van J Schoeman van Rooiheuwel te kry vir die gebruik vir verdere studie deur behoeftige jongmense.

Met die vergadering van Maart 1936[432] het die volgende persone (soos in Tabel 16) hulp uit die fonds ontvang:

Gemeentelike opvoedingsfonds			**Schoeman-opvoedingsfonds**		
Christo du Toit	Vergelegen	£0 15s 9d	Thomas Chamberlaine	Hoopstraat	£2 1s 9d
Hester Keyter	Schoemanshoek	£3	Matthys du Preez	Mistkraal	£3

424 *Ibid.*, 6 Maart 1915, p. 139.
425 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 21 Februarie 1914, p. 98.
426 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 21 Februarie 1914, p. 98. Sien ook Kerkraadsnotule van 6 Junie 1915, p. 117 waar besluit is om drie gemeentekinders te ondersteun om hulle as onderwysers te bekwaam.
427 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 8 Februarie 1919, p. 281.
428 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 3 Februarie 1914, p. 208.
429 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 21 Februarie 1921, pp. 404, 405.
430 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 19 Maart 1921, p. 413.
431 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 1 Februarie 1936, p. 100.
432 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 14 Maart 1936, p. 103.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Maria Minnie	Uniestraat	£2 8s 1d	Christo du Toit	Vergelegen	£2 6s 1d
Louis Serfontein	Hottomskloof	£1 10s 4d	Hendrik Fourie	St Johnsstraat	£4 18s 9d
Johannes Strydom	Adderleystraat	£3	Anna Geyser	Georgeweg	£3
Jan Stander	Birdstraat	£1 6d	Gert Raubenheimer	Georgeweg	£10
			Elsabe Schoonees	Georgeweg	13s 3d
			Jacobus Serfontein	Voorbedacht	£2 10s

[433]

Tabel 16: Toekennings uit die gemeentelike opvoedingsfonds en Schoeman-opvoedingsfonds

Die aanvraag uit die fonds het tot in 1937 voortgeduur. In daardie jaar is tien jongmense ten bedrae van £30 3s 8d befonds.[434]

Teen 1926 was daar ŉ landswye toename in die aantal wit leerlinge wat skoolopleiding ontvang het. Volgens die Carnegie-verslag was daar in 1912/13 179 000 leerlinge in Suid-Afrikaanse skole en in 1925/26 was daar 384 000 leerlinge.[435] Die groei was ook in die Oudtshoorn-gemeente sigbaar deurdat daar ŉ toenemende aantal aansoeke om finansiële hulp was.

Die kerk het nie net finansiële steun aan die jeug gegee nie, maar dit was ook ŉ prioriteit om na die instandhouding van die skoolgeboue om te sien asook om nuwe skole op te rig. Dit was vir die kerk belangrik dat die jeug van die gemeente, spesifiek die arm kinders, voldoende skoolopleiding moes kry.[436] Een so ŉ skool was die Armskool by Vinknesrivier. Die skool was noord van Oudtshoorn, aan die voet van die Swartberge, geleë.

Daar was baie kinders, wat as gevolg van armoede nie hoërskoolopleiding kon ondergaan nie en om dié kinders te akkommodeer, het die kerk besluit om ŉ industriële skool vir seuns te bou. Die skool het drie ambagte, naamlik meubelmakery, wa-makery en smedery aangebied.[437] Die eerste verwysing na finansiële steun aan dié skool kom voor in die notule van die kerkraadsvergadering van 21 Februarie 1914 toe daar besluit is om geld aan die skool te skenk.[438] Tydens die vergadering van 6 Junie 1915 is daar ook besluit dat geld aan die leerlinge van die industriële skool gegee kon word vir hulle opleiding.[439] Die skool se naam het met die oorname deur die staat in 1928 na ŉ ambagskool verander. Daar is op elke kerkraadsvergadering verslag gedoen rakende die welvaart van die leerlinge en daar is op ŉ gereelde basis kollektes vir die skool gehou.[440]

---

433 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 14 Maart 1936, p. 104.
434 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 20 Maart 1937, p. 128.
435 E.G. Malherbe, *Education and the Poor White: Report of the Carnegie Commission,* p. 43.
436 M.S. Greeff, *Eeufees-gedenkboek,* p. 119.
437 M.S. Greeff, *Eeufees-gedenkboek,* p. 120.
438 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 21 Februarie 1914, p. 98.
439 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 6 Junie 1915, p. 132.
440 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 1914 – 1937.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die skool het tot en met 1988 as 'n tegniese skool vir seuns gefunksioneer, maar daarna met die Hoër Handelskool geamalgameer en vanaf 1989 as Langenhoven Gimnasium bekendgestaan.[441]

Die tweede vlak van versorging van die armes was deur alimentasie in die gemeente. Voor 1914 was die kerk reeds betrokke by die versorging van armes in Oudtshoorn. In 1814, toe Oudtshoorn nog onder die NGK van George geressorteer het, is daar vir die eerste keer ondersteuning aan hulpbehoewendes in Oudtshoorn verleen. So is daar byvoorbeeld toestemming verleen om een riksdaalder per week aan R Lindeque te betaal as gevolg van sy siektetoestand. In 1815 het Lindeque die kerkraad meegedeel dat sy toestand verbeter het en dat hy nie meer die kerk se ondersteuning nodig gehad het nie en onafhanklik kon funksioneer.[442]

Tydens ds. P Viljoen se dienstydperk as predikant het die NGK in Oudtshoorn die grootste bedrag geld in die hele land aan alimentasie bestee.[443] Die kerk het sy noodlenigingsprogram baie goed bestuur en die leraar was aan die hoof van die aksie. Daar is op gereelde basis terugvoering oor die welstand van elke geval gegee. Volgens die notule van 24 Januarie 1914 was daar versoeke van finansiële hulp wat wel uitbetaal is.[444] Toestande het versleg en in Februarie 1914 is genotuleer dat die alimentasie aan me. Elsie Wolmarans vanaf vyf sjielings na twaalf sjielings en ses pennies per maand verhoog sou word.[445] Die kerk het ook baie gou besef dat lidmate gehelp moes word om self verantwoordelikheid te neem om uit hulle staat van armoede te beweeg om uiteindelik selfonderhoudend te funksioneer. Daar is by verskeie geleenthede finansiële hulp aan me. Dolly Swart verleen, maar op die kerkraadsvergadering van 21 Februarie 1914 is verdere hulp gestop, want die kerkraad was van mening dat me. Swart haar handwerk kon aanwend om self vir haar 'n inkomste te genereer. Op dieselfde vergadering is daar ook genoem dat geen verdere finansiële hulp aan J Mol gegee sou word nie, want hy het uit sy staat van armoede beweeg.[446]

Die armoede-vraagstuk het groter geword en om seker te maak dat hulp slegs aan die mees behoeftiges verleen word, is daar op 'n kerkraadsvergadering, gehou op 2 September 1916, opdrag gegee dat alle kerkraadslede 'n deeglike evaluasie van elke behoeftige gesin se welstand in hulle wyke moes doen, want die kerk kon slegs hulp verleen waar die behoefte die grootste was.[447] In 1916 het die NGK vir die bedrag van £551 hulp aan 338 armblankes verleen. Die kerk het ook verder 200 sakke meel aan behoeftige lidmate uitgedeel.[448] Op 'n kerkraadsvergadering van 28 September 1918 is daar spesifiek opdrag gegee dat die kerkraadslid vir die wyk waarin Draaistraat geval het, ondersoek moes instel na die welstand van die lidmate in daardie straat.[449] In 'n

441 Persoonlike onderhoud: O. Stander – R. Roothman, Oud-onderwyser, 7 Februarie 2015.
442 M.S. Greeff, *Eeufees -gedenkboek van die NG Gemeente Oudtshoorn,* p. 12.
443 KCAB, Bron 56979, Vol 164, Lêer 476/11, Notebook 5: Oudtshoorn, 16 Maart 1929, p. 6.
444 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 26 Januarie 1914, pp. 97.
445 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 21 Februarie 1914, p. 98.
446 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 21 Februarie 1914, p. 100.
447 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 21 Februarie 1914, p. 188.
448 U.G., 39 – 16, *Annual report of the Departement of Justice for the calendar year, 1916,* p. 58.
449 NGKA GEM – K 1628, Notule van die NGK Gemeente Oudtshoorn, 28 September 1918, p. 270.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

telefoniese onderhoud met me. M Fischer het sy bevestig dat die NGK kospakkies aan armblankes uitgedeel en dat in die pakkies daar ook meel en kerse was.[450]

Veranderde negatiewe omstandighede in die gemeente, soos die Groot Griep in 1918, het veroorsaak dat alimentasie in die gemeente begin toeneem het. Die sterftesyfer het alreeds in 1917 begin styg toe daar 76 lidmate in daardie jaar oorlede is. In die daaropvolgende jaar is 54 lidmate as gevolg van die griepepidemie oorlede.[451] In Oudtshoorn-noord alleen het daar gedurende die tydperk wat deur die studie gedek word 329 lidmate van die kerk gesterf.[452] As gevolg van die griepepidemie is baie kinders wees agtergelaat en op die kerkraadsvergadering van September 1918 is die versoek om finansiële hulp vir die versorging van griepwesies goedgekeur.[453] Oor die stand van weeskinders in die gemeente is daar egter baie min gerapporteer. Daar is slegs verwys na die versorging van die wesies,[454] dat die weeskinders van C du Plessis van Klein Le Roux-rivier na 'n weeshuis gestuur moes word[455] en dat me. C Barnard van Georgeweg twee weeskinders versorg het.[456] Die plaaslike leraars het ouers van groot gesinne geadviseer om eerder hulle kinders na 'n weeshuis te stuur om sodoende finansieel te kon oorleef. Me. M Marais, een van nege kinders, kan nog baie goed haar ouers se afkeuring van dié voorstel onthou.[457]

In die lig van verslegtende omstandighede het die kerkraad besluit dat alimentasie slegs verhoog sou word as die diaken kon bevestig dat die nood in die wyk waarvoor hy verantwoordelik is, verhoog het. Daar is ook besluit dat geen alimentasie aan mense buite die gemeentegrense gegee sou word nie omdat die nood in die gemeente self drasties toegeneem het. Die toename in alimentasiegevalle volgens die notules van die kerkraad gedurende die eerste sewe maande van 1918 was soos volg. 9 Februarie, 11, 15 Junie, 16 en 24 Augustus 24.[458]

Dit was nie net die kerk in Oudtshoorn wat eers deeglike ondersoek ingestel het na die werklike staat van armoede nie, maar dit was ook die beleid van die plaaslike ACVV. Volgens die nasionale en plaaslike beleid moes lede van die plaaslike tak elke geval tuis gaan evalueer om te bepaal of mense werklik so behoeftig was en of daar geen ander manier was om te oorleef nie.[459] Die ACVV en die kerk se uitgangspunt tot

---

450 Telefoniese onderhoud, O. Stander – M. Fischer, Afgetrede verpleegster, oud- inwoner van Oudtshoorn, George, 14 Maart 2012.

451 CPNMA, Sterfteregister van die Oudtshoorn munisipaliteit 1911 – 1967, pp. 1 – 60.

452 CPNMA, Sterfteregister van die Oudtshoorn munisipaliteit 1911 – 1967, pp. 1 – 60.

453 NGKA GEM – K 1628, Notule van die NGK Gemeente Oudtshoorn, 28 September 1918, p. 270.

454 NGKA GEM – K 1628, Notule van die NGK Gemeente Oudtshoorn, 13 September 1932, pp. 273 – 283.

455 NGKA GEM – K 1628, Notule van die NGK Gemeente Oudtshoorn, 8 Januarie 1932, p. 4.

456 NGKA GEM – K 1628, Notule van die NGK Gemeente Oudtshoorn, 6 Mei 1933, p. 11.

457 Persoonlike onderhoud, O. Stander – M. Marais, JJ Watson, Huis vir Bejaardes, George, 18 Maart 2014.

458 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 9 Februarie 1918, pp. 231 – 236; Ibid., 13 April 1918, pp.237 – 244; Ibid., 15 Junie 1918, pp. 245 – 248. 'n Soortgelyke versoek van Eerwaarde Smith vir die bearbeiding van passasiers op die trajek tussen Klipplaat en Mosselbaai is ook afgekeur. Sien Ibid., 8 Februarie 1919, p. 281.

459 M. du Toit, "Die bewustheid van armoede; The ACVV and the construction of Afrikaner identity, 1904 – 1928", *Social dynamics,* 18 (2), 1992, p. 9.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

armoedeverligting was dat die armblanke aangemoedig moes word om nie net van ondersteuning afhanklik te wees nie, maar om onafhanklik te probeer funksioneer.

Daar was ook gevalle waar aansoeke om finansiële steun nie toegestaan is nie soos in die geval van me. CJ Stander, wie se versoek op die kerkraadsvergadering van 24 Januarie 1922 afgekeur is. Alimentasie in al sy vorme was nie net tot die dorp beperk nie, maar is ook aan mense in die plaaswyke verleen. Met die toenemende droogtes was die kerk genoodsaak om meer lidmate in die distrik finansieel te ondersteun. Op die kerkraadsvergadering van 1 Desember 1918 is daar besluit dat die kerkraadslid van die plaaswyke Van Wykskraal en Bakenskraal die lidmate moes gaan besoek en oor hulle fisiese welstand moes rapporteer.[460] In die notule van 1919 is daar ook na behoeftige lidmate in die wyke Kandelaarsrivier, Armoed en Schoemanshoek verwys. Die verslegtende omstandighede op die plase het veroorsaak dat daar in 1922 versoeke van Abraham Fourie van die Kammanassie-wyk en Annie Blignault van die Van Wykskraal-wyk voor die kerkraad gedien het.[461] In 1922 is die kerkraad versoek om weer ondersoek te gaan instel na lidmate se finansiële posisie.[462] So het dit gebeur dat me. S du Plessis se alimentasie gestaak is, want sy het uit haar staat van armoede beweeg.[463]

Kontantgelde is tot en met 1937 aan behoeftige gemeentelede uitbetaal, want die behoeftes van lidmate in die distrik was steeds groot. Daar was sommige van die armblankes in die gemeente wat nie die verstandelike vermoë gehad het om hulle finansies te bestuur nie. So is daar op die kerkraadsvergadering van 20 Maart 1937 besluit om aan ouderling A Greeff geld te gee om in sy wyk vir diesulkes te gebruik. Hy het vyf sjielings per week vir die koop van voedsel en twee sjielings per week vir toekenning gekry.[464] In die notule van 4 September 1937 is vermeld dat aan ’n gesin van Stolsvlakte tien sjielings uitbetaal is.[465]

Die kerk se hulpverlening moes baie goed bestuur word om dit volhoubaar te kon maak en vanaf 1916 is ’n alternatiewe manier van hulpverlening, naamlik die uitdeel van voedselbriefies, ingestel. Aansoekers moes aan verskeie vereistes voldoen. Hulle moes lidmate van die gemeente wees, die eredienste moes gereeld bygewoon word en hulle moes aan gemeente-aktiwiteite deelneem. Lidmate moes dan ’n skriftelike versoek tot die kerkraad rig en die diakens moes elke geval evalueer en dan kon die versoek by die kerkraad aanbeveel word. Indien die kerkraad die aansoek goedgekeur het, kon die lidmaat die briefie na Prince Vintcent, ’n plaaslike algemene handelaar, neem waar die voedsel aan hom of haar oorhandig sou word.[466] Die volgende produkte kon aangekoop word, naamlik meel, suiker, rys, koffie, seep, sout, vuurhoutjies, kaas, vet, boontjies, ertjies, mielies, aartappels, patats, pampoen, wortels en paraffien.[467]

---

460 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 1 Desember 1918, p. 270.
461 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 1 Desember 1918, p. 457.
462 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 26 November 1921, p. 452.
463 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 29 Mei 1916, p. 134.
464 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 20 Maart 1937, p. 128.
465 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 4 September 1937, p. 143.
466 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 29 Mei 1916, p. 175.
467 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 29 Mei 1916, p. 172; Ibid., 25 Oktober 1916, pp. 195 – 196.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die finansiële posisie van die gemeenskap en die materiële nood van die armes het as gevolg van die droogtes en die ineenstorting van die volstruisveerbedryf verder versleg en in September 1919 het die kerkraad verneem dat Prince Vintcent nie verder kon tender vir die voorsiening van voedsel nie as gevolg van markskommelinge. Om die nood te probeer verlig, is op dieselfde vergadering besluit om 'n noodlenigingsfonds van £30 te stig.[468] Voedselaansoeke sou dan uit hierdie fonds voorsien word. Gedurende die depressie wat in 1931 begin het, is daar by byna elke kerkraadsvergadering aansoek gedoen om die aantal voedselbriefies te vermeerder.[469] Die uitdeel van briefies vir die aankoop van voedsel het regdeur die tydperk wat die studie dek, gestrek. In 1932, tydens die depressie, het die aanvraag na ondersteuning van die kerk toegeneem, maar die kerk het die uitdeel van voedselbriefies baie streng beheer. Op die eerste kerkraadsvergadering van 1932 is daar byvoorbeeld besluit dat 'n voedselbriefie van £5 vir slegs twee maande aan weduwee Gerber gegee sou word en daarna moes die geval weer geëvalueer word.[470]

Hierdie stelsel was teen 1936 nog steeds in gebruik, want op die kerkraadsvergadering van 2 Mei is toestemming verleen dat 'n voedselbriefie van tien sjielings aan SJ Schoonees gegee kon word.[471] Die finansiële ondersteuning het nog voortgeduur en op die kerkraadsvergadering van 24 Julie 1937 is toestemming verleen dat aan me. B Jacobs sewe sjielings en ses pennies per maand vir voedsel gegee kon word. Die versoek van A Fourie is ook aangespreek toe daar 'n kombers aan hom uitgereik is en 'n rolstoel aan A Olivier geleen is.[472] Die laaste aantekening van armoedeverligting is in die kerkraadsnotules van 4 September en 9 Oktober 1937 gevind toe daar versoeke om voedselhulp ingedien en goedgekeur is.[473]

---

468 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 20 September 1919, pp. 323, 325.
469 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 4 November 1933, p. 25.
470 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 28 Januarie 1932, p. 4.
471 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 2 Mei 1936, p. 108.
472 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 24 Julie 1937, p. 136.
473 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 4 September 1937, p. 143 en 9 Oktober 1937, p. 148.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Figuur 29: Prince Vintcentgebou, 1890

(Foto: CPNMA, 86/6)



Figuur 30: Prince Vintcentgebou, c 2012

(Foto: CPNMA, 88/159(i))

Daar was ook welvarende lidmate wat die gemeente materieel ondersteun het en die kerkraad het met dank kennis geneem van die sestig sakke mielies wat W Thomas aan die kerk geskenk het vir die verspreiding onder die armes.[474] Die omstandighede in die gemeente het met verloop van tyd versleg en in Mei 1928 het die *Oudtshoorn Courant* berig dat daar elke eerste Vrydag van die maand 'n kosuitdeeldag by die kerk sou wees. Ds. Viljoen, die plaaslike leraar en die saakgelastigde van die kerk, het die oorhandiging van kos behartig. Daar is eers aan die behoeftiges wat buite die dorpsgrense gewoon het kos uitgedeel en daarna het die lidmate op die dorp aan die beurt gekom. Daar is vir gemiddeld 250 gesinne kos uitgedeel. Die meeste lidmate het meel, mieliemeel, vleis en vet benodig. As bereken word dat een huisgesin gemiddeld vyf persone verteenwoordig het, is daar vir nagenoeg 1250 mense kos voorsien.[475] Volgens me. A Langenhoven kan sy onthou dat hulle meel en kerse by die kerk gekry het.[476]

474 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 29 Mei 1916, p. 175.

475 CPNMA, *Oudtshoorn Courant*, 8 Mei 1928, p. 34 (Uitdeel van kos).

476 Persoonlike onderhoud: O. Stander – Me A. Langenhoven, Pensionaris Oudtshoorn, 6 Maart 2012.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Figuur 31: Uitdeel van kos by NG Kerk Oudtshoorn

(Foto: CPNMA, X1522/24)

Figuur 32: Uitdeel van kos by NG Kerk-pastorie
(Foto: CPNMA X1522/28)

Die kerk was verplig om meer kreatief te begin dink as net die uitdeel van voedselbriefies en finansiële ondersteuning. Die moontlikheid van werkskepping is raakgesien toe ’n gedeelte van die groot erf waarop die Hoogstraat-pastorie gebou is aan ’n lidmaat, F Kleyn, beskikbaar gestel is met die uitsluitlike doel om dit vir

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

een jaar te bewerk om perdevoer, teen betaling, aan ander lidmate te verskaf.[477] Op dié manier was dit ŉ werkskeppingsprojek van die kerk.

Die kerk in Oudtshoorn was vir sy lidmate nie net ŉ instelling wat hulle geestelike nood aangespreek het nie, maar ook ŉ tuiste waarheen die armblanke met sy nood kon gaan. ŉ Voorbeeld hiervan was toe me. Jacoba Muller tydens die kerkraadsvergadering van 15 Oktober 1921 die vergadering onderbreek het om haar tot die kerkraad om hulp te wend vir hulp. Sy het dit aan die vergadering gestel dat sy geen familielid gehad het wat haar kon help nie, dat sy geen heenkome gehad het nie en dat sy boonop ook ŉ teringlyer was. Die kerkraad het toe besluit dat ouderling HA Conradie alles in sy vermoë moes doen om die "*arme blanke*" (Jacoba Muller) na die beste van sy vermoë te versorg.[478]

4.3.4. Geestelike en morele ondersteuning

Die kerk in Oudtshoorn het nie net na die materiële welstand van sy lidmate omgesien nie, maar ook na hulle geestelike en morele welstand. Regdeur die tydperk wat deur die studie gedek word, is daar by bykans elke kerkraadsvergadering verslag gedoen oor die sedelike lewe van die lidmate. Die buite-egtelike verhoudings onder sommige van die lidmate was ŉ bron van kommer en waar moontlik, is lidmate opgeroep om voor die kerkraad te verskyn.[479] Die kerkraad het nie net ŉ teregwysende rol gespeel nie, maar het ook ŉ helpende hand na diesulkes uitgesteek. Op die kerkraadsvergadering van 16 Januarie 1914 is besluit om ŉ lidmaat finansieel te ondersteun met haar reis na en verblyf in die Magdalena-tehuis vir ongehude moeders in Wynberg, Kaapstad.[480] Soortgelyke hulp is ook in 1932 aan twee lidmate verleen wat per trein na die Groote Schuur-hospitaal in Kaapstad moes reis.[481]

Die kerkraad was bekommerd oor die verkoop van alkoholiese drank op die dorp en het Minister JC Smuts versoek om te help met die inkorting van die verkoopsure van drank in Oudtshoorn,[482] asook met die voorsiening van treinvervoer op Sondae na en van Oudtshoorn.[483] Die minister kon wel behulpsaam wees met die eerste versoek. Die toenemende armoede en verstedeliking van die kerk se lidmate het die kerkraad genoop om ook die hulp van die sinode in te roep, want daar was groot bekommernis oor die vestiging van gesinne in die dorp se agterbuurtes en die kinders se blootstelling aan onsedelikheid.[484]

---

477 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 21 Februarie 1919, p. 97.
478 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 14 Oktober 1921, p. 446.
479 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 26 Januarie 1914 – 18 Augustus 1918.
480 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 26 Januarie 1914, p. 91.
481 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 19 April 1932, p. 179.
482 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 25 November 1914, p. 129.
483 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 25 November 1915, p. 116.
484 CPNMA, *Oudtshoorn Courant*, 1 Januarie 1914, p. 3 (Agterbuurtes).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.3.5 Samewerking tussen kerk en staat om armoede te verlig

Soos wat die toestand van armoede in die gemeente toegeneem het, het die druk op die kerk om hulp te verleen ook groter geword. Reeds in 1921 is daar 'n Armsorgvereniging in die gemeente gestig. Op die kerkraadsvergadering van Oktober 1921 is daar besluit dat 'n skrywe aan die Administrateur van die Kaapprovinsie gerig moes word waarin daar gevra is dat die helfte van die uitgawes ten opsigte van armsorg in 1920 deur die Administrateur op 'n pond-vir-pond-basis aan die kerk terugbetaal moes word. Die uitgawe vir 1920 het £519 18s 5d bedra.[485]

Die kerkraad het op die laaste vergadering van 1921 besluit om 'n bedrag van £849 vir die gebruik aan armsorg in 1922 goed te keur.[486] Armoede het in omvang toegeneem en teen 1923 het die kerk besef dat daar spesiale pogings aangewend sou moes word om die probleem te probeer verlig. Daar is toe besluit om 'n Armsorgfonds te stig en om die fonds in stand te hou, is daar op 27 November 1926 besluit om 'n Armsorgfees te hou.[487] Verder is daar besluit dat 75 persent van die opbrengs van die fees aan die Armsorgfonds oorgedra moes word en 25 persent aan die plaaslike ACVV.[488] In daardie stadium het die ACVV reeds 'n gevestigde tak in Oudtshoorn gehad. Die ACVV was veral betrokke by die hou van sopkombuise vir armblankes in die gemeente. In 1928, met die besoek van MER aan Oudtshoorn, het sy bewus geraak van die toestand van wit armoede op die dorp en aanbeveel dat die staat die plaaslike ACVV finansieel moes ondersteun.[489]

Na die depressie van 1931 tot 1933 het ds. AD Lückhoff, sekretaris van die Armsorgkommissie van die NGK in die Kaapprovinsie, leraars en kerkraadslede van Oudtshoorn toegespreek en 'n versoek gerig dat die kerk in Oudtshoorn met die staat moes saamwerk om die armblanke vraagstuk te probeer oplos.[490] Die doel van die komitees was om armblankes op 'n pond-vir-pond-basis te help. Dit het beteken dat vir elke £1 wat die kerk sou spandeer, die staat 'n soortgelyke bedrag sou gee. Verder was die Armsorgkomitee hoofsaaklik vir die uitdeel van voedsel en ander benodigdhede aan armblankes verantwoordelik.[491] Die staat het in samewerking met kerke in verskeie dorpe begin om Armsorgkomitees te stig. In Oudtshoorn is daar dadelik met die stigting van 'n Armsorgkomitee voortgegaan en die skriba van die kerk is as sekretaris aangestel. Dié voorwaartse stap het begin vrugte afwerp en in Maart 1934 het die gemeente die eerste tjek van £25 vanaf die Armsorghoofkantoor in Kaapstad ontvang. Dit was vir werk onder die armblankes.[492]

Die armoede in die gemeente het steeds vererger en die kerk het besef dat die staat 'n groter bydraende rol sou moes begin speel. Op 30 April 1936 het die plaaslike Armsorgkomitee ontbind en vanaf 1 Mei 1936 is daar met die staat saamgewerk. Die nuwe komitee het as die Welvaartkomitee bekend gestaan. Dit het uit vyf leraars bestaan en ook mnr. Eddie Terblanche van die plaaslike gemeente ingesluit. Die ACVV het twee lede op die

---

485 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 14 Oktober 1921, p. 444.
486 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 26 November 1921, p. 452.
487 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 7 Julie 1923, p. 2.
488 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 7 November 1926, pp. 71, 81.
489 GBUS, Africana kamer, MER Versameling, Lêer M.I.K. 10: Brief van die skrywer MER, 19 Junie 1928.
490 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 4 November 1933, p. 26.
491 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 2 Mei 1934, p. 108.
492 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 17 Maart 1934, p. 39.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

komitee gehad en D Meyer en H Olivier het die staat verteenwoordig.[493] Op 'n kerkraadsvergadering van November 1936 is daar besluit om by die staat om hulp aan te klop en 'n spesiale petisie is deur die lidmate van die kerk opgestel en na die Unie-parlement gestuur. In die petisie is gevra dat die staat pogings moes begin aanwend om die armblanke-vraagstuk in Oudtshoorn te help oplos.[494] Die staat het op dié versoek gereageer en die ingryping word in die volgende hoofstuk bespreek.

4.4 Samevatting

Uit die studie oor die kerk in die algemeen en die Oudtshoorn-gemeente in die besonder se rol in armoedeverligting het dit duidelik geblyk dat die gemeente, ten spyte van 'n aanvanklike gunstige finansiële posisie, eventueel maar geldelik swaar gekry het as gevolg van droogtes, die val van die volstruisveerbedryf, die Groot Griep en die depressie wat in die vermelde tydperk ondervind is. As gevolg van die uitgestrekte bedieningsgebied van die gemeente en daarmee saam die gemeente se opvoedingstaak deur middel van onderwys, is kerkskole gebou. Die geboue se instandhoudingswerk het ná 1914 'n finansiële las vir die gemeente geword en in sommige gevalle is van die eiendomme verkooop. Die kerkskool wat op die verste punt in die gemeente gebou was, naamlik die een by Daskop, was van die eerstes wat verkoop is. Ander geboue wat 'n groot finansiële las vir die gemeente was, was die skool en onderwyserswoning op Volmoed. Om finansiële hulp aan armes te kon verleen, moes die kerk dus ook innoverend dink en beplan. Die gemeente het elke moontlike geleentheid aangegryp om sy finansiële posisie te probeer verlig. Tydens die verskillende kongresse wat deur die NGK gehou is en wat deur afgevaardigdes van die gemeente in Oudtshoorn bygewoon is, is daar voorstelle gemaak om armoede te probeer verlig. Die gemeente het van die voorstelle begin toepas. As dit nie vir die kerklike bystand en die hulp van die staat vanaf 1936 was nie, sou die sosio-ekonomiese ellende wat in die Oudtshoorn-omgewing as gevolg van die vermelde redes ontstaan het, waarskynlik baie groter en meer traumaties gewees het. Vanuit die geraadpleegde argivale materiaal, asook ander bronne, kan daar gestaaf word dat die armblankes in die gemeente ten spyte van gebrekkige paaie, lomp vervoermiddele, groot geldnood, depressie en droogtes eerstens hulle hulp by die plaaslike gemeente gaan soek het. Die gemeente se versorging van die armes was 'n prioriteit en die kerk se betrokkenheid by die armblanke is deur groot waardigheid, deernis en begrip gekenmerk. 'n Voorbeeld hiervan was in Oktober 1918 toe 'n behoeftige lidmaat die kerkraadsvergadering onderbreek het en haar nood aan die kerkraad uitgespel het. Die kerkraad het gevolglik 'n ouderling aangewys om haar te ondersteun.

Die staat het eers in 1936 begin toetree om die kerk tot 'n geringe mate te help. Die ingrypende rol wat die staat gespeel het om armoede op te los, word in Hoofstuk vyf bespreek.

---

493 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 2 Mei 1936, p. 107.

494 NGKA GEM – K 1628, Notule van NGK Gemeente Oudtshoorn, 24 November 1936, p. 35.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5

DIE STAAT SE BYDRAE OM ARMOEDE TE VERLIG NA 1914

5.1 Inleiding

Verarming in die Unie van Suid-Afrika het sedert die aanbreek van die twintigste eeu so toegeneem dat dit vir die kerk en plaaslike owerhede nie meer moontlik was om die probleem sonder staatshulp te probeer oplos nie. In dié hoofstuk word die vorme van staatsbystand en staatsprojekte om die armoedeprobleem te probeer oplos, aangespreek. In dorpe en stede moes rolspelers soos byvoorbeeld die ACVV en Armsorgkomitees begin saamwerk om sodoende tot 'n gesamentlike oplossing te kom.[1]

Die werkloosheid van die armblanke en die gepaardgaande verstedeliking was vir die staat 'n probleem. Die armblankes se verval tot leeglêery, sosiale vermenging met swartmense en die verkoop van drank aan swartmense was vir die wit heersersklas 'n verdere probleem. Politici was bekommerd dat armblankes hulle pro-wit standpunte sou prysgee, dat hulle deur die swart gemeenskap geassimileer sou word, dat hulle hul by millitante swartmense tydens sosio-politieke konflikte sou skaar en dat die politici die armblanke se steun sodoende sou verloor.[2]

Die feit dat so baie van die stedelike armblankes reeds by kriminele aktiwiteite betrokke geraak het en die feit dat politici die politieke steun van dié groep witmense nodig gehad het, het die politici laat besef dat onderdrukking van die armblanke nie 'n oplossing sou wees nie. Die oplossing vir die probleem sou daarin lê dat die armblankes op die platteland, asook dié in die stede, getransformeer moes word tot 'n groep witmense wat die staat sou ondersteun. Om die konsep te laat realiseer, moes armblankes tot die besef gebring word dat die staat besig was om pogings aan te wend om hulle maatskaplike toestande te verbeter. Sodoende sou hulle weer deel van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag kon word en gevolglik onafhanklik kon funksioneer. Die staat het nie op al die finansiële eise van die armblanke gereageer nie, want hy was gekant teen die uitdeel van aalmoese. Deur net aalmoese uit te deel, sou daar nog niks gedoen gewees het om die armblanke se menswaardigheid uit te bou nie.[3]

Volgens die ekonoom, SP Viljoen, was Suid-Afrika 'n baie arm land. In 1925 het die landbousektor byvoorbeeld slegs 21 persent en die mynboubedryf slegs 16,2 persent tot die nasionale ekonomie van die land bygedra. Suid-Afrika het tot die middel 1930's 'n arm land gebly.[4]

---

1 Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek, Pretoria (hierna SANBP) OP (S), 1932 – 1934, *Unemployment and relief measures,* p. 16.

2 H. Davies, *Capital, state and White labour in South Africa 1900 – 1960,* p. 100.

3 *Ibid.,* p. 101; E.L.P.Stals, *Afrikaners in die Goudstad, Deel 1, 1886 – 1924*, p. 55.

4 S.P. Viljoen, "The Industrial Achievement of South Africa", *South African Journal of Economics,* 51,1, 1982, g.p., p. 31.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die staat het die term armoedeverligting geïnterpreteer as die voorsiening van hulp aan ŉ individu of ŉ groep persone, byvoorbeeld ŉ familie, om sodoende hulle basiese behoeftes aan te spreek. Ongelukkig was daar probleme met die aanvanklike definiëring van die begrip "basiese behoeftes".[5] Die uitdeel van kos, geld, klere en ander lewensmiddele aan die armblanke kon ŉ nadelige invloed op sy karakter hê. Dit kon by die armblanke ŉ verwagting skep dat dit die staat se verantwoordelikheid was om in sy behoeftes te móés voorsien.[6] Tog het persone wat nie vir hulleself kon sorg nie, vir die staat ŉ prioriteit gebly en dit was ŉ doelwit om diesulkes moreel en ekonomies weer op te bou.[7] Dié opbou kon slegs plaasvind as die oorsake van verarming verwyder kon word en as verstedeliking gestop kon word.[8]

Die staat was van mening dat rehabilitasie die belangrikste aspek van alle vorme van armoedeverligting moes wees. Een van die amptenare van die Departement van Arbeid, EJ Scholtz, het in sy verslag van 1919 drie aspekte van rehabilitasie genoem, naamlik opleiding aan volwassenes, die verbetering van mediese dienste aan die jeug en daarmee saam die nodige opleiding en die daarstelling van permanente werksgeleenthede soos byvoorbeeld besproeiingskemas wat weer die ekonomie kon stimuleer. Scholtz was van mening dat bosbounedersettings ook een van die redmiddels kon wees.[9]

Ook in Oudtshoorn en sy distrik sou verskillende vorme van staatsbystand as armoedeverligting geïmplementeer word.

5.2 Vorme van staatsbystand

Volgens die *Financial Relations Act* (No 10 of 1913) is die magte van die staat na die provinsies afgewentel en elke provinsie in die Unie van Suid-Afrika kon armoedeverligting op provinsiale vlak hanteer.[10] Die wyse van armoedeverligting was in Ordonnansie No 8 van die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop uiteengesit, naamlik, gewone bystand aan armes, addisionele bystand aan armes en spesiale bystand aan armes.[11]

5.2.1 Gewone bystand aan armes

Gewone bystand aan armes op plaaslike vlak is deur ŉ landdros gedoen deur die verspreiding van rantsoene aan behoeftige persone en families. Die befondsing van die projekte is ondersteun deur die provinsiale

---

5 U.G., 61 – 37, *Report of the Inter Departemental Committee on Poor Relief and Charitable Institutions,* p. 3.

6 *Ibid.,* p. 3.

7 *Ibid.,* p. 3.

8 U.G., 14 – 25, *Report of the economic and wage commission* (1925), p. 106.

9 D.Berger, White poverty and government policy in South Africa: 1892 – 1934, (Ongepubliseerde DPhil-proefskrif, Universiteit van Temple) 1982, p. 216.

10 U.G., 61 – 37, *Report of the Inter Departemental Committee on Poor Relief and Charitable Institutions,* p. 6.

11 T.G. Duncan, *Ordonnansies van die Kaap die Goeie Hoop, 1911 – 1951,* Juta en Kie. Bpk., Kaapstad, 1952, p. 453.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

administrasie.[12] Dié hulpverlening was op plaaslike vlak 'n groot hulp vir armblankes. Dit was vir die staat onmoontlik om almal van werk te voorsien en as gevolg van die toenemende droogte van die 1930's in groot dele van die Unie het baie boere na die stede verhuis. Werkloosheid het in September 1933 'n hoogtepunt bereik toe daar 50 345 werklose mans was. Van dié groep was 33 187 op gesubsidieerde staatskemas werksaam en die res, oftewel 17 158, was totaal werkloos.[13] Teen 1934 het die langdurige droogtes veroorsaak dat baie boere verplig was om hulle plase te verlaat en werk te probeer kry op gesubsidieerde werkskeppingsprojekte soos besproeiingskemas, padwerke en die spoorweë.

Die toestroming na die skemas het toegeneem en rantsoene is aan duisende uitgedeel.[14] Die staat se hulp aan dié verarmde witmense het jaarliks toegeneem. Armblankes wat nie vanaf die plase kon verhuis nie, byvoorbeeld siekes en ouer persone, was aangewese op die rantsoene wat deur die plaaslike landdros uitgedeel is. 'n Voorbeeld hiervan was toe die staat in 1935 500 000 lb (226 796 kg) botter aan die ouers van behoeftige leerlinge teen 8d per pond te koop aangebied het. Behoeftige leerlinge het elkeen ook 'n half pint (0, 284ml) melk per dag by hulle skole ontvang. Die totale projek wat gedurende die depressie van die 1930's geloods is, het die staat £90 000 gekos.[15]

Die armblankes ter sprake in hierdie studie wat die meeste van staatshulp afhanklik was, het in die landelike gebied van Oudtshoorn en Calitzdorp gewoon. Op plaaslike vlak was hulpverlening die verantwoordelikheid van die landdros, selfs in die jare vóór 1914. Reeds op 20 Mei 1899 het die landdros, John Stapleton, 'n brief aan Langham Dale, Koloniale Sekretaris (1895 – 1903), gerig waarin om hulp gevra is. In daardie stadium het die landdros met die hulp van die veldkornet, J Mulder, 'n lys van 29 wit en vyf bruin families opgestel wat hulpbehoewend was. Die families het in die gebied wes van Oudtshoorn gewoon wat Wynandsrivier, Armoed, Nooitgedacht, Jan Fourieskraal en Gamkavlakte ingesluit het. [16]

Baie van hierdie mense kon, as gevolg van ouderdom en fisiese gebreke, nie meer werk nie en het totaal verarm. Die mees algemene siektetoestande wat daar voorgekom het, was swak sig, tering en longverwante siektes. Die aantal verarmdes het bly toeneem en toe Stapleton dieselfde lys op 25 Mei 1899 opgedateer het, het hy 34 gesinne geïdentifiseer.[17] In dieselfde jaar het hy 'n telegram vanaf Langham Dale ontvang waarin hy byvoorbeeld meegedeel is dat 1½ lb (0,683kg) meel aan ene me S Gysman uitgedeel kon word.[18] Die afdelingsraad het op 13 Junie 1899 toestemming verleen dat rantsoene aan 43 armblanke mans uitgedeel kon word. Die mans kon nie meer vir hulleself sorg nie as gevolg van onder andere ouderdom en die heersende

---

12 *Ibid.,* p. 454.

13 U.G., 43 – 34, *Unemployment and relief measures,* p. 7.

14 U.G., 43 – 34, *Unemployment and relief measures,* p. 14.

15 GMA, *George Herald,* 24 April 1935, p. 2 (Gratis botter en melk aan laerskoolleerlinge).

16 WCARS, Bron CO, Vol 7627, Ref 1108/1: Oudtshoorn relief of distress, p. 4. 'n Veldkornet was 'n belangrike amptenaar in die plaaslike bestuur gedurende die negentiende eeu en was ondergeskik aan die landdros. Hy het administratiewe, regterlike en militêre magte gehad en kon die landdros behulpsaam wees met uitvoering van sekere take. Met die aanvang van die studie was die rang gelykstaande aan dié van 'n kaptein.

17 WCARS, Bron CO, Vol 7627, Ref 1108/1: Oudtshoorn relief of distress, p. 5.

18 WCARS, Bron CO, Vol 7627, Ref 1108/2: Telegramnommer F 2346/1108.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

depressie. Stapleton het ook in ŉ skrywe aan Langham Dale sy kommer uitgespreek oor die verlaging van die algemene vlak van vooruitgang in die distrik en gesê dat drastiese pogings aangewend sou moes word om die armoede te stop.[19]

Kaart 9: Gebied wes van Oudtshoorn waar die grootste konsentrasie armblankes gewoon het

Die gebied tussen Oudtshoorn en Calitzdorp wat Armoed, Welbedacht, De Hoop en Jan Fourieskraal insluit, was die deel waar die meeste armblankes gewoon het. Dié deel van die distrik was hoofsaaklik van water uit die Olifantsrivier afhanklik, maar omdat dit nie ŉ standhoudende rivier is nie, was hulle deur droogtes geteister. Ander faktore soos swak verbindingsweë en die onvrugbaarheid van grond was bydraende faktore tot verarming.

ŉ Verteenwoordiger van die Kaaplandse Administrateur, Lewis Mansergh, het die gebied in die rigting van Calitzdorp gedurende November 1915 besoek. In sy verslag het hy genoem dat niemand ŉ idee kon hê hoe erg die droogte in die gebied was nie. Hy het bevind dat armblankes in so ŉ mate verarm het dat gekookte turksvyblare hulle hoofbron van voedsel geword het. Daar was ander families wat slegs een keer per dag geëet

19 WCARS, Bron PWD, Vol 5205, Ref 2/5/317: Distress in Oudtshoorn division: proposed relief by construction of a road, p. 3.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

het, en dan ook maar net mieliepap. In die Welbedacht-gebied was daar 90 families wat toe alreeds staatshulp ontvang het. Hy het ook genoem dat 'n petisie vanuit die gemeenskap aan die destydse Eerste Minister gestuur is waarin hulle by die staat om hulp aangeklop het.[20] Die landdros van Calitzdorp het in sy verslag van 26 Oktober 1915 gemeld dat 128 wit en bruin families, wat toe deel van die padbouprojek gevorm het, finansiële hulp van die staat gekry het.[21]

Hy landdros het sy uiterste bes gedoen om, met die finansiële bystand van die staat, verligting van armoede in die distrik te bring. In sy verslag van 26 Oktober 1915 het hy 'n skrywe aan die Provinsiale Sekretaris in Kaapstad gerig waarby 'n rekening van £42 3s 5d ingesluit was vir die betaling aan die firma Orkin Brothers in Pretoria vir die aankoop van 100 sakke mielies en mieliemeel wat vir verspreiding onder armblankes al langs die Olifantsrivier tot by Oudtshoorn gebruik is.[22] In dieselfde skrywe het hy gemeld dat die opsie van werk aan wit mans elders in die land met die Direkteur van Blanke Arbeid in Pretoria bespreek is. Die behoefte sou wel slegs tydelik van aard wees en daarom sou die finansiële uitgawe daarvoor nie die moeite werd gewees het nie. Die mans was almal plaaswerkers en indien dit sou reën, sou die verplasing nie haalbaar gewees het nie.[23]

Teen 1920 het die omstandighede in die distrik egter nog steeds nie verbeter nie. Die staat het finansiering vir tien sakke witmielies en tien sakke mieliemeel voorsien sodat dit kosteloos aan werklik behoeftiges uitgedeel kon word. Die mielies is van J Chanock in Bloemfontein aangekoop.[24] Die verslegtende omstandighede het die landdros verplig om geld en kos van die staat vir die bedrag van £1 500 onder armblankes te versprei. Verarming in Calitzdorp en Oudtshoorn het ongekende afmetings aangeneem en hulp ten bedrae van £100 is ook vanuit die Administrateursfonds ontvang. Verder is hulp van die Afrikaanse Dameskring uit Pretoria ontvang en die landdros het die geld bestuur.[25]

In dorpe aangrensend tot Oudtshoorn was daar ook projekte wat deur die staat befonds is. Die ekonomiese insinking en die gepaardgaande droogte vanaf 1914 het byvoorbeeld ook 'n impak op die armblankes van Ladismith gehad. Op 27 Mei 1915 het 'n boer van Ladismith, ene Bekker, 'n telegram aan die Minister van Blanke Arbeid in Pretoria gestuur waarin hy om hulp gevra het, want in dié distrik het toe alreeds twee kinders aan hongersnood gesterf. Van die boere was al gevonnis omdat hulle volstruise vir slagdoeleindes gesteel het om sodoende te kon oorleef.[26]

---

20 WCARS, Bron CO, Vol 7627, Ref 1108/1: Oudtshoorn relief of distress, p. 6.

21 WCARS, Bron PWD, Vol 5205, Ref 2/5/320: Distress in Oudtshoorn / Calitzdorp division: proposed relief by construction of a road, p. 1.

22 WCARS, Bron PAS, Vol No. 4/439, Ref A10: Calitzdorp, (Late district of Oudtshoorn). Distress in the district relief works proposed, p. 13.

23 *Ibid.,* p. 14.

24 *Ibid.,* pp. 228 – 235.

25 U.G., 39 – 16, *Annual report of the Departement of Justice for the calendar year 1916,* p. 59.

26 WCARS, Bron PWD, Vol 2/ 5 /320, Ref E6: Oudtshoorn / Ladismith Municipal water supply, p. 2.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In 1931 is die Oukloofdam in die Sandrivier naby Prins Albert teen 'n koste van £110 000 gebou.[27] Die befondsing van dié dam is ook deur die staat bewillig om sodoende die boeregemeenskap met watervoorsiening te help. Kinders kon geld verdien deur klein klippies op te tel en dit teen 6d per sak te verkoop. Die klippies is gemaal om by die maak van die sement gebruik te word.[28]

In Oudtshoorn en sy onmiddellike distrik het verarming ook sy tol geëis en was die hulp van die staat eweneens vóór 1914 dringend nodig. Die landdros het op 29 Junie 1899 'n versoek aan Dale gerig waarin hy finansiële ondersteuning vir armblankes in die gebied suid van die dorp gevra het. Die twee persone wie se nood die hoogste was, was JHJ le Roux van die plaas Rooiheuwel en die weduwee Elizabet Gilbert. Le Roux was baie arm en vir hulp van sy bure afhanklik, maar hulle kon hom nie meer verder finansieel ondersteun nie. Me. Gilbert het weer geen kinders of familie gehad om haar te ondersteun nie.[29] Armoede het algaande oor die hele distrik versprei. Landdros J du Preez het op 30 Mei 1900 aansoek gedoen om hulpverlening aan twee persone in Matjiesrivier, noord van Oudtshoorn. Hulle was afhanklik van die ondersteuning van hulle bure. Die landdros het met die hulp van die veldkornet die saak bevestig en daar kon om finansiële hulp aansoek gedoen word. [30]

'n Ander deel van die gemeenskap waar armoede baie intens was, was Armoed. Op 30 Oktober 1900 het veldkornet FS Mulder 'n skrywe aan die landdros van Oudtshoorn gerig waarin hy toestemming gevra het om mieliemeel aan die armblankes in die gebied uit te deel.[31] Hier het armoede oor 'n langer periode gestrek. By twee geleenthede, naamlik 28 Augustus en 22 September 1903, het AR Olivier 'n skrywe aan die landdros gerig waarin hy toestemming gevra het om daagliks rantsoene aan die volgende persone uit te deel: Isabella en Piet Olivier 3 lb (1,36 kg) meel, Maria Rheeder en haar drie kinders 2 lb (0,907 kg) meel, Hester en Frederick Strydom, 2 lb (0,907 kg) meel en vir Fortuin Booysen 1 lb (0,453 kg) meel per dag.[32]

Die staat het ook geld aan die munisipaliteit van Oudtshoorn gegee sodat die landdros dit onder armblankes kon versprei. So het die staat in 1914 geld beskikbaar gestel vir uitbetaling deur die landdros aan ses armblankes.[33] In 1915 is die volgende bedrae uitbetaal: April £36 6s 6d, Mei £40 12s 9d, Junie £4 117s 2d en Augustus £49 1s 6d.[34] Die landdros van Oudtshoorn het op 30 Desember 1915 'n telegram aan die Provinsiale Administrateur gestuur waarin hy om finansiële hulp aansoek gedoen het sodat 100 sakke mielies onder armblankes langs die Olifantsrivier versprei kon word. Armoede in dié gebied was baie erg en daar was ouer

---

27 J.E. Holloway, *Offisiële jaarboek van die Unie van Suid-Afrika no 8,* Staatsdrukker, Pretoria, 1932, p. 369.

28 Fransie Pienaar Museum Argief Prins Albert (hierna FPMA), Anon., *Prins Albert, aan die voet van die Swartberge,* Prins Albert, 1996, p. 56.

29 WCARS, Bron CO, Vol 7627, Ref 1108: Oudtshoorn relief of distress, p. 46.

30 *Ibid.,* p. 47.

31 *Ibid.,* p. 49.

32 *Ibid.,* p. 52.

33 U.G., 28 – 15, *Annual report of the department of Justice for the calendar year 1914*, p. 74.

34 WCARS, Bron PWD, Vol 2 / 5/ 320, Ref 01: Oudtshoorn municipal water supply, p. 2.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

persone wat oor geen bronne van inkomste beskik het nie.[35] In 1916 was daar 51 armblankes aan wie die landdros finansiële hulp verleen het.[36]

Verder is pogings aangewend om hulp vanuit ander dele van die land te kry. In 1926 was dit baie droog, want slegs 5.79 duim (146,066mm) reën is vir die jaar gemeet.[37] Daar is toe 300 sakke mielies uit die Vrystaat en die destydse Transvaal ontvang. Hierdie mielies is tussen vier wyke in die distrik verdeel.[38] Die armblankes van die distrik het mekaar waar moontlik, gehelp. Me. JW Cloete het vertel dat haar ouma, me. Annie Smit, tussen 1900 en 1930 die vroedvrou van die gemeenskap was. Wanneer sy ontbied is, het sy ook die armes op materiële gebied gehelp deurdat sy toegesien het dat daar genoeg voedsame kos in hulle huise was.[39]

Armoede het gedurende die depressie, wat in 1931 begin het, nog groter afmetings aangeneem toe daar nie net ŉ tekort aan voedsel was nie, maar ook ŉ skaarste aan drinkwater. Die destydse landdros van Oudtshoorn, MF Lambrechts, het op 13 Januarie 1931 toestemming verkry dat drinkwater gratis per trein vanaf Oudtshoorn-stasie na Kruisrivier-stasie vir huislike gebruik vervoer kon word.[40] Tydens die munisipale raadsvergadering van 6 Mei 1932 het raadslid F Diggeden versoek dat daar aan die inwoners van Vleirivier ook drinkwater verskaf moes word. Die versoek is na die Spoorwegadministrasie verwys en die nodige goedkeuring is verkry.[41] In 1935 was daar weer ŉ versoek aan die raad gerig, maar dié keer was dit vir die inwoners by Welbedacht en De Hoop. Die raad het die aansoek goedgekeur en daar is besluit dat 3000 gallon (11356,24 ℓ)[42] water per week met die trein na die twee gebiede vervoer kon word.[43]

5.2.2 Addisionele bystand aan armes

Addisionele bystand is deur geregistreerde organisasies, soos die Armsorgkomitee, gedoen. Indien die nood in ŉ gebied baie hoog was en die organisasie nie genoeg hulp kon verleen nie, kon die plaaslike landdros addisionele hulp verleen. Die landdros kon ook die advies van die distriksgeneesheer en plaaslike veldkornette inwin en die kostes van sodanige hulp is dan van die Provinsiale Administrasie verhaal.[44]

Om hulp aan die armes op ŉ gestruktureerde wyse te laat geskied, is duidelike afbakeningsgebiede, rolspelers en verenigings geïdentifiseer. ŉ Plaaslike owerheidsgebied was dié deel van die distrik wat onder die jurisdiksie van die munisipaliteit of afdelingsraad geressorteer het. Die plaaslike owerheid was die

---

35 WCARS, Bron PAS, Vol 2/806, Ref L75 /C /21: Telegram 1763, 30 Desember 1915.

36 U.G., 39 – 16, *Annual report of the department of Justice for the calendar year 1916*, p. 58.

37 LKAO, Distriksrekordboek, Reënval in Oudtshoorn, p. 219.

38 *Ibid.,* p. 219. Me. J.W. Cloete, (Gebore 29 Oktober 1919), bevestig die droogte van 1926 in haar skriftelike antwoord op die vraelys.

39 Persoonlike onderhoud, O. Stander – J.W. Cloete, Oud-inwoner van Calitzdorp, Randburg, 20 Mei 2012,

40 WCARS, Bron PAS, Vol 2/806, Ref L75/C/21: Telegram 1645, 13 Januarie 1931.

41 WCARS, Bon PAS, Vol 3/OHN, Ref 1/1 /1/5: Afdelingsraadnotule 6 Mei 1932, p. 90.

42 1 gallon = 3,785 liter.

43 *Ibid.,* Afdelingsraadnotule, 31 Januarie 1935, p. 458.

44 *Ibid.,* p. 455.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verantwoordelike bestuur oor die gebied en was dit gewoonlik die plaaslike munisipaliteit. 'n Geregistreerde vereniging was 'n vereniging of inrigting wat binne die afbakeningsgebied gefunksioneer het en wat by die staat geregistreer was.[45] In die geval van Oudtshoorn was dit die Armsorgkomitee van die dorp. In die Kaapprovinsie was Oudtshoorn en George twee dorpe waar die provinsiale Armsorgkomitee se streekkantore gevestig was.[46] Die Armsorgkomitee het op plaaslike vlak 'n ondersteunende en adviserende rol vir die provinsiale regering gespeel. Van die take wat uitgevoer moes word, was die inwin van statistiek vir toekomstige hulpverlening om, in samewerking met plaaslike rolspelers, werklose armblankes weer in die arbeidsmag op te neem, die verskillende diensorganisasies te koördineer en om die Departement van Arbeid rakende projekte op plaaslike vlak van raad te voorsien.[47] In Oudtshoorn en distrik het offisiere van die plaaslike burgermag 'n adviserende rol vir die landdros gespeel, want hulle het in die distrik tussen die armblankes gewoon en was op hoogte van watter gesinne in armoede verkeer het.[48]

Addisionele bystand is ook deur die landdros verleen indien die plaaslike diensorganisasies nie in staat was om sekere projekte te finansier nie. Die landdros kon dan hulp of finansiering vanaf die staat verkry het. 'n Voorbeeld van sodanige hulpverlening was in 1916 nadat die Oudtshoorn-distrik deur groot vloede getref is. Die landdros het aanbeveel dat die staat 'n tydelike bydrae moes maak. Bankrotskappe het toegeneem en die armblankes se moraal was baie laag.[49]

In 1933 is plaaslike Armsorgkomitees, in samewerking met die NGK, in die ergste geteisterde gebiede van die land tot stand gebring. Hierdie komitees moes drie funksies verrig, naamlik die aanbeveling van staatsubsidies vir dringende plaaslike projekte, hulle moes plaaslik geskikte werksgeleenthede identifiseer het en as plaaslike werkverskaffingsburo's dien. Hulle het goed gefunksioneer in dorpe soos byvoorbeeld Oudtshoorn waar die nood baie hoog was.[50]

5.2.3 Spesiale bystand aan armes

Die laaste soort bystand, naamlik spesiale bystand aan armes, het geskied in gevalle waar daar aardbewings, brande, vloede en ernstige siektes voorgekom het. Die finansiële uitgawe vir spesiale verligting is om die helfte deur die provinsie en plaaslike owerhede gedra.[51]

Die nasionale verstedeliking van die armblanke en die gepaardgaande sosio-maatskaplike toestande het ook in Oudtshoorn gemanifesteer. Arbeidstoestande in Oudtshoorn en distrik was haglik en groot getalle witmense was werkloos. Die aanvraag na ongeskoolde arbeid het van seisoen tot seisoen gewissel. Gedurende plant- en

---

45 *Ibid.,* p. 453.
46 U.G., 43 – 34, *Unemployment and relief matters,* p. 15.
47 *Ibid.,* p. 15.
48 U.G., 61 – 37, *Report of the Inter Departemental Committee on Poor Relief and Charitable Institutions,* p. 10.
49 U.G., 39 – 16, *Annual report of the department of Justice,* 1916, p. 42.
50 T.G. Duncan, *Ordonnansies van die provinsie die Kaap die Goeie Hoop*, p. 454.
51 U.G., 43 – 34, *Unemployment and relief matters,* p. 14.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

oestyd was die aanvraag na arbeid groter en die werk is hoofsaaklik deur armblankes gedoen, maar daarna was hulle weer sonder werk.[52] Die verswakkende ekonomiese omstandighede in 1925 het instansies in Oudtshoorn soos byvoorbeeld die NGK, die ACVV en die Armsorgkomitee, laat besef dat die armblankevraagstuk nie meer sonder die hulp van die staat opgelos kon word nie. Daar het vanuit verskillende vlakke van die samelewing oproepe gekom dat pogings aangewend moes word om armoede in Oudtshoorn en distrik te verlig. Selfs in die gedrukte media het versoeke tot hulpverlening verskyn. In 1916 het daar in *Het Zuid-Western Nieuws* 'n berig verskyn waarin gevra is dat die staat, die NGK en elke landsburger moes saamwerk om die materiële en morele welstand van die armblanke aan te spreek. Die staat moes die onderwys, die ontwikkeling van industrieë en landbou stimuleer.[53]

Ook uit kerklike kringe het daar in Oudtshoorn 'n stem opgegaan dat die staat betrokke moes raak by armoedeverligting.[54] In 1926 het die Besigheidskamer van Oudtshoorn 'n verslag aan die Departement van Arbeid rakende die swak toestande op die dorp gestuur. Droogte het toe reeds vir drie jaar geheers en baie werkloses het na die dorp gestroom, maar sonder enige sukses om werk te kon bekom. Jongmense wat die skool verlaat het, kon geen werk kry nie. Alhoewel baie besighede eintlik al personeel moes verminder het, het hulle egter, ten einde die armes te help, geen afdankings gedoen nie. In die distrik het dit nog slegter gegaan. Boere kon nie meer hulle skulde vereffen nie, die tabakbedryf het as gevolg van oorproduksie gesukkel, die kaasfabriek kon, as gevolg van die droogte, nie verder funksioneer nie en die boubedryf is tot 'n totale stilstand gedwing.[55] Die arbeidstoestande was abnormaal[56] as gevolg van onder andere langdurige droogtes, vloede, veeverliese en ekonomiese depressies. Dit het daartoe bygedra dat die proses van verarming meer intens geword het.[57] In die lig van hierdie omstandighede was Oudtshoorn en distrik nog meer van die staat se hulp afhanklik.

Spesiale bystand aan armblankes het deur sekere werkverskaffingsprojekte binne die plaaslike owerheidsgebied geskied. In baie gevalle is die projekte deur die staat gefinansier, maar daar was gevalle waar die staat en kerk saam aan projekte gewerk het en ook waar die staat 'n plaaslike owerheid gefinansier het om projekte te loods.[58] In hierdie afdeling word eerstens aan die staat se betrokkenheid by dorpe aangrensend aan Oudtshoorn aandag gegee, daarna word die staat se betrokkenheid by werkverskaffing in Oudtshoorn self bespreek. Laastens word die staat se direkte finansiering van groter projekte bespreek.

---

52 U.G., 39 – 16, *Annual report of the Departement of Justice for the calendar year 1916,* p. 63.

53 CPNMA, *Het Zuid Westen Nieuws,* 18 Februarie 1916, p. 3 (*De Arme Blanke kwestie en hoe om dit te verhelp*).

54 KCAB, Bron 56979, Vol 164, File 476/10, Notebook 2: Oudtshoorn, April – Mei 1929.

55 NASA, Bron ARB, Vol 1296, Ref 1049/26: Oudtshoorn Chamber of Commerce, Brief C.T. 4838/1, pp. 1 – 5.

56 U.G., 14 – 25, *Report of the economic and wage commission* (1925), p. 105.

57 U.G., 61 – 37, *Report of the Inter Departemental Committee on Poor Relief and Charitable Institutions,* p. 6.

58 T.G. Duncan, *Ordonnansies van die provinsie die Kaap die Goeie Hoop,* Juta en Kie, Kaapstad, 1952, p. 457.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Nadat ’n gedeelte van Meiringspoort in 1932 weggespoel het, het die staat £10 000 bewillig vir die heropbou daarvan.[59] Dit was ’n werkskeppingsprojek vir armblankes van Prins Albert en omgewing. Vir baie van die armblankes was dit ’n groot finansiële uitkoms, want die daaglikse loon was 3s 6d.[60] Die arbeiders moes die pad deur die poort op sekere plekke hoër bou sodat dit nie so maklik weggespoel kon word nie.[61] In ’n persoonlike onderhoud met Johan Diedericks van die plaas De Puts, Prins Albert, het hy verklaar dat sy pa, Hennie Diedericks, in 1932 deel van die werkskeppingsprojek in Meiringspoort was en dat hy 15s per week ontvang het.[62]

In die gebied oos van Calitzdorp, in die rigting van Oudtshoorn, het droogtes ernstige afmetings aangeneem en moes die staat spesiale bystand verleen deur werkskeppingsprojekte vir armblankes te finansier. Volgens H Sinclair, die Kommissaris van Openbare Werke in Kaapstad, was die oplossing vir die werkloosheidsprobleem dat soveel as moontlik van die armblankes op die paaie moes gaan werk. Dié tipe werk het onder andere die span van heinings langs die paaie, die maak van afvoerslote en die herstel van die padoppervlaktes behels.[63] Soos reeds genoem, het die meeste armblankes in die gebied tussen Oudtshoorn en Calitzdorp gewoon en daar is verskeie pogings aangewend om die mans by padwerke te laat inskakel. Die gebruik van armblankes om op die paaie in die distrik en in die dorp te werk, was ’n algemene verskynsel. Dit was ’n groot poging deur die afdelingsraad om aan armblankes werk te verskaf.[64]

Die Afdelingsraad van Calitzdorp het byvoorbeeld op sy raadsvergadering van 14 Augustus 1914 besluit om John Manuel tydelik as voorman vir die padinspekteur, teen ’n vergoeding van 4s per dag, aan te stel. Daar is ook besluit om tien arm wit mans teen 2s per dag aan te stel. Die mans se taak was om heinings aan weerskante van die pad, wat in die rigting van die Nelsrivier gegaan het, te maak. Tydens die vergadering van 12 November 1915 is besluit dat die daaglikse loon van wit arbeiders verhoog kon word na 2s 3d en dié van ’n voorman na 3s 6d per dag.[65] Werkloosheid in die gebied het egter toegeneem en in Maart 1916 is daar besluit dat ’n verdere 87 wit mans in diens geneem kon word. Hulle lone is uit die Liefdadigheidsfonds van die afdelingsraad betaal. Op dieselfde vergadering is ook besluit dat die salaris van die padinspekteur na £15 per maand verhoog kon word.[66] Dit was vir die afdelingsraad ’n prioriteit dat werk vir armblankes geskep moes word. Daar is aanbeveel dat armblankes se arbeid gebruik moes word om die Buffelskloofpad te repareer en dat lone uit die Liefdadigheidsfonds betaal moes word. Op dieselfde vergadering is ook gerapporteer dat die gehuurde armblankes se loon na 2s 6d per dag verhoog sou word.[67] In Julie 1916 het die padinspekteur gerapporteer dat

---

59 H. Marincowitz, *Meiringspoort,* Bowles Drukkery, Oudtshoorn, 1990, p. 9.
60 *Ibid.,* p. 10.
61 FPMA, *Prins Albert, aan die voet van die Swartberge,* p. 57.
62 Persoonlike onderhoud, O. Stander – J. Diedericks, seun van wyle Hennie Diedericks, Die Puts, Prins Albert, George, 5 Maart 2016.
63 WCARS, Bron PWD, Vol 2/5/317, Ref U 25: Distress in Oudtshoorn division: proposed relief by construction of a road, p. 3.
64 *Ibid.,* pp. 368.
65 Calitzdorp Museum Argief (hierna CMA), Afdelingsraad notule: Behoeftige Blanken, pp. 88, 94.
66 CMA, Afdelingsraad notule: Behoeftige Blanken, p. 96.
67 *Ibid.,* p. 108.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

daar in daardie stadium 79 wit mans in diens was en dat die vorige maand £181 19s 9d uit die Liefdadigheidsfonds vir hulle lone betaal is.[68] Toestande in die distrik het geensins verbeter nie en tydens die vergadering van 8 September 1916 is genotuleer dat daar toe 112 armblankes in diens was.[69]

In 1919 het dit slegs 5.16 duim (152,599 ml) gereën[70] en die hele gemeenskap het onder die droogte gebuk gegaan.[71] Op 11 Julie 1919 het die afdelingsraad besluit dat die sekretaris 'n skrywe aan die regering moes rig waarin daar om finansiële hulp gevra moes word. Die raad het ook alle lede van die raad, die kerkraad en veldkornette versoek om met hulpverlening aan die armes behulpsaam te wees. Dit het ook onder die aandag van die raad gekom dat bejaardes langs die Olifantsrivier finansieel baie swaar gekry het. Die afdelingsraad het by die Provinsiale Administrasie om hulp van £100 aan dié bejaardes aansoek gedoen.[72]

Daar is ook voorgestel dat, afhangende van die beskikbaarheid van fondse, die dienste van armblankes gebruik moes word vir die instandhouding van die pad tussen Calitzdorp en Oudtshoorn, andersins sou die projek gestaak moes word.[73] In September 1919 is aan die raad gerapporteer dat daar £133 2s 6d uitbetaal is vir werk gedoen aan paaie by Warmwater, Gamka-wes, Buffelskloof, Buffelsvlei, Kruisrivier en Langverwacht, asook vir die aankoop van tien sakke mielies en meel wat aan armes uitgedeel is. Tydens daardie vergadering is daar vir die eerste keer ook na die armoede van bruinmense verwys. Die raad het toestemming gegee dat verarmde bruinmans ook vir padwerke in diens geneem kon word. Baie van hulle omstandighede was erger as dié van die witmense.[74] Die versoek van die raad tydens die September-vergadering het vrugte afgewerp, want in Desember 1919 is gerapporteer dat die Administrateur bedank moes word vir die £100 wat ontvang is, asook vir die £1 600 wat van raadslid J Potgieter ontvang is.[75]

Oudtshoorn is vanaf 1 Januarie 1858, volgens Wet 12 van die Kaapkolonie, as afdelingsraadgebied geproklameer. Die grootste verantwoordelikheid van die afdelingsraad was die bou en instandhouding van paaie, passe en brûe in die afdelingsraadgebied terwyl die staat met befondsing van sekere projekte gehelp het.[76] In Oudtshoorn het werkskeppingsprojekte reeds in die laaste deel van die negentiende eeu begin toe die afdelingsraad in 1896 besluit het dat herstelwerk aan die pad tussen Oudtshoorn en die Robinsonpas as *"Relief*

---

68 *Ibid.,* p. 109.

69 CMA, Afdelingsraad notule, 8 September 1916: Behoeftige Blanken, p. 115.

70 LKAO, Distriksrekordboek, Reënval in Oudtshoorn, p. 119.

71 M.J. Cloete, Skriftelike mededeling. Me. Cloete het vertel dat van die mense groot ondergrondse watertenks gebou het. As daar genoeg water in was, is daarvan aan armblankes teen 3d per blik verkoop. Die verkoop van water aan armblankes is reeds in 1899 deur dr. Juta genoem toe hy voor die *Select committee on the Oudtshoorn Water Supply Bill* (NBSAK, A121883 pp. 12.) verskyn het.

72 *Ibid.,* p. 189.

73 *Ibid.,* p. 203.

74 *Ibid.,* p. 204. Me. J.W. Cloete noem in haar skriftelike antwoord dat die meel vanaf die landdroskantoor versprei is. Sommige armblankes wou dit nie hê nie, want dit het, volgens hulle, nie goed gesmaak nie.

75 WCARS, Bron PAS, Vol 3/OHN, Ref 1/1 /1/8: Behoeftige Blanken, p. 213.

76 CPNMA, M. Boehmke, The development of civilization depends very largely on good roads, g.d. Toespraak gelewer tydens die honderdjarige (1858 – 1958) bestaan van die Afdelingsraad van Oudtshoorn.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

work" hanteer moes word.[77] Die val van die volstruisveerbedryf in 1914 het veroorsaak dat baie mense die dorp en distrik verlaat het om elders 'n heenkome te gaan soek om te kon oorleef. Werk was baie skaars en baie armblankes, selfs gegradueerdes, het as dagloners van werkskeppingsprojekte op die paaie gewerk.[78]

Tydens die afdelingsraadvergadering van 12 Augustus 1914 het raadslid Williams voorgestel dat Hoogstraat in Oudtshoorn met Noordstraat verbind moes word en dat die projek geoormerk moes word vir werkverskaffing aan armblankes.[79] Op 26 Augustus is 'n telegram van die Provinsiale Administrasie ontvang waarin daar meegedeel is dat armblankes 2s 6d per dag vir padwerke kon ontvang, maar voorkeur moes aan getroude mans gegee word.[80]

Die ongekende vrese vir verarming na die val van die volstruisveerbedryf in Oudtshoorn in 1914, het die afdelingsraad genoop om met ingang 1 September van daardie jaar die amptenare se salarisse met 10 persent te verlaag. Nadat die raad in komiteesitting gegaan het, is daar egter besluit dat alle amptenare se salarisse nie met net 10 persent verlaag moes word nie, maar eerder met 12,5 persent.[81] In dieselfde maand het die afdelingsraad besluit om 'n telegram aan die Eerste Minister te stuur waarin daar spesiale hulp gevra moes word vir die verligting van armoede op die dorp en in die distrik.[82]

Armoede in Oudtshoorn het vir die plaaslike owerheid 'n probleem gebly en werkloosheid het toegeneem. Meneer J Ludorf, die verteenwoordiger van die Departement van Arbeid, het die afdelingsraad op 21 November 1924 toegespreek. Hy het verklaar dat daar uit Oudtshoorn 42 getroude mans en 38 ongetroude werklose mans by die departement geregistreer was. Ludorf het die afdelingsraad versoek om die mans iewers te akkommodeer, aangesien dit vir die staat onmoontlik was om alle werkloses van werk te voorsien. Die afdelingsraad het ingestem tot projekte op dié voorwaarde dat die staat met die finansiering moes help. Daar is goedkeuring verleen dat £250 bewillig sou word vir werkverskaffing aan die mans.[83] Tydens die volgende vergadering van die afdelingsraad is besluit dat 'n werkskeppingsprojek van agt weke geloods sou word. Daar sou 15 getroude mans en tien enkellopende mans vir dié tydperk in diens geneem word.[84]

In 'n onderhoud wat op 6 Mei 1929, met van die armblankes wat op paaie gewerk het, gevoer is, is daar bevind dat instandhoudingswerk ook 'n baie negatiewe invloed op die armblanke se menswaardigheid gehad het. Daar moet in gedagte gehou word dat van dié persone eens op 'n tyd finansieel onafhanklik was en deur

---

77 WCARS, Bron PWD, Vol 2/5/317, Ref U 25: Distress in Oudtshoorn division: proposed relief by construction of a road, p. 2.

78 *Ibid.,* p. 5.

79 WCARS, Bron PAS, Vol 3/OHN, Ref 1/1/1/8: Behoeftige Blanken, pp. 369 – 370.

80 WCARS, Bron PAS, Vol 4/439, Ref A10: Calitzdorp distress in the district relief works, p. 4.

81 WCARS, Bron PAS, Vol 3/OHN, Ref 1/1/1/4: Salarisaanpassings, 21 Augustus 1914, p. 372.

82 CMA, Afdelingsraad notule, 14 Augustus 1914: Behoeftige Blanken, pp. 89, 91.

83 WCARS, Bron PAS, Vol 3/OHN, Ref 1/1 /1/10: Afdelingsraadnotule 4 Augustus 1924, p. 135.

84 WCARS, Bron PAS, Vol 3/OHN, Ref 1/1 /1/ 10: Afdelingsraadnotule 4 Augustus 1924, p. 147.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

omstandighede buite hulle beheer tot armoede gedoem was. Van hulle is deur mede-Afrikaners verkleineer, hulle het hul selfrespek verloor en ʼn minderwaardigheidsgevoel begin ontwikkel.[85]

Baie mense het as dagloners gewerk, maar dié tipe werk was slegs ʼn tydelike uitkoms. Gevolglik het baie van hulle eiendomme nog verder verwaarloos.[86] Werkloosheid in Oudtshoorn het ʼn realiteit gebly. Op 6 April 1934 het landdros EG Halse die afdelingsraad se maandvergadering toegespreek. By die vergadering het hy toe aangekondig dat die staat mense op ʼn ″pond vir pond″ basis sou help. Die staat was bereid om ʼn werkskeppingsprojek van die afdelingsraad met £20 te subsidieer terwyl die afdelingsraad ook £20 sou bydra. Die staat was ook verder bereid om een dag se rantsoene te voorsien terwyl die afdelingsraad dieselfde sou doen. Die projek het aan 30 werkloses werk verskaf.[87] Werkverskaffing op paaie was dus vir baie armblankes ʼn groot uitkoms en gedurende die tydperk 1931 tot 1932 is daar in die Kaapprovinsie alleen vir 1 266 mense werk op provinsiale paaie voorsien.[88]

Na die depressie van 1932 het armoede in Oudtshoorn en distrik in so ʼn mate toegeneem dat pogings aangewend is om armblankes tydelik na ander dele van die Unie vir werk te stuur. Lewis Mansergh, die Provinsiale Sekretaris in Kaapstad, het die landdros van Oudtshoorn per telegram verwittig dat ʼn boer, H Mostert van Van Rhynsdorp, asook sommige van sy vriende, aangebied het om die situasie in Oudtshoorn te help verlig. Hulle was bereid om 30 getroude arbeiders en hulle families vir twaalf maande lank in diens te neem. Huisvesting sou verskaf word en ʼn loon van 15s per maand is aangebied. Al vereiste was dat hulle gesond moes wees. Van hulle take was die maak van waterslote en die natlei van landerye.[89]

Spesiale bystand aan armblankes is in verskillende vorme in die Unie van Suid-Afrika toegepas en in Oudtshoorn was die staat se finansiële hulp by projekte vir baie armblankes ʼn tydelike verligting. Na die ineenstorting van die volstruisveerbedryf in 1914 het baie boere na tabakboerdery oorgeskakel, maar uiteindelik het die aanbod die aanvraag oorskry. Gevolglik het die staat ingegryp en die oorskot opgekoop.[90] Die staat het verder gehelp om groot hoeveelhede perde en muile vir die bedrag van £20 000 te koop wat in die oorloggeaffekteerde gebiede aangewend sou word.[91]

5.2.4 Die terug-na-die-grond-projek

Behalwe gewone, addisionele en spesiale bystand van die staat was daar ook ander bystands-projekte wat die staat geloods het om armoede te probeer verlig. Een so ʼn bystandsprojek was die terug-na-die-grond-projek. Die doel van hierdie projek was om armblankes weer in kontak met die landbousektor te bring sodat hulle

---

85 KCAM, Bron 56979, Vol 165, File 476/11, Notebook 4: Uniondale, 6 Mei 1929, p. 32.
86 KCAM, Bron 56979, Vol 165, File 476/11, Notebook 4: Uniondale, 6 Mei 1929, p. 33.
87 WCARS, Bron PAS, Vol 4/439, Ref A 10: Werkskepping vir armblankes, pp. 341, 342.
88 A.W. Carruthers, *Offisiële jaarboek van die Unie van Suid-Afrika No 14,* Staatsdrukker, Pretoria, 1933, p. 179.
89 WCARS, Bron Pas, Vol No. 4/439, Ref A 10: Werkskepping vir armblankes, p. 13.
90 U.G., 28 – 15, *Annual report of Justice for the calendar year 1914,* p. 55.
91 U.G., 28 – 15, *Annual report of Justice for the calendar year 1914,* pp. 61, 94.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

uiteindelik weer as selfstandige en onafhanklike boere kon funksioneer. Die armblankes wat na die dorpe en stede verhuis het, is in baie gevalle as onwelkome indringers beskou. Hulle sedelike verval was vir die staat 'n groot bekommernis en daarom was die projek van nasionale belang.[92] Daar was ook gevalle waar armblankes nie na die plase wou teruggaan nie, want vir sommiges was die dorpslewe vir hulle sosiaal-maatskaplik beter. In die dorpe was skole en kerke was makliker bereikbaar en die vrouens kon by die plaaslike ACVV inskakel waar hulle geestelik en intellektueel gestimuleer kon word.[93]

Om die projek van stapel te kon stuur, is daar regoor die land vergaderings gehou waartydens die hele projek bespreek is.[94] Die staat het 'n kommissie aangestel om landboutoestande in Oudtshoorn te ondersoek en vergaderings met boere te belê. Die doel van die vergaderings was onder andere om die boere weer op hulle plase terug te kry.[95] Toestande in die distrik het verder versleg as gevolg van langdurige droogtes vanaf 1922 tot 1924.[96]

In Augustus 1925 het 'n senior ekonoom van die Departement van Landbou in Pretoria, AR van der Post, Oudtshoorn besoek om 'n ondersoek na landboutoestande in dié gebied te loods.[97] Menere I Tribolet, hoof van die Afdeling Tuinbou by die plaaslike munisipaliteit en Victor Olivier, katoen- en tabakdeskundige in Oudtshoorn, het by hom aangesluit.[98] Tribolet was 'n spesialis op die gebied van die aanplant van en versorging van vrugtebome.[99] Die doel van die afvaardiging was ook om so veel as moontlik inligting rakende ander tipes boerdery in Oudtshoorn in te win sodat daar uiteindelik 'n verslag aan die parlement voorgelê kon word. Om hulle doel te bereik, het hulle twee keer per week met boere vergaderings gehou en ook onderhoude met die plaaslike landdros gevoer, asook met prokureurs, winkeleienaars en ander persone wat gewillig was om hulle menings oor die landboutoestande in Oudtshoorn te gee.[100]

Die afvaardiging het hulle werksaamhede in die gebied oos van Oudtshoorn begin en tydens die eerste vergadering op 12 Augustus 1925 op die plaas, De Brug, van G le Roux was 100 boere teenwoordig. Die afvaardiging het die boere oor die moontlikheid van sitrusboerdery toegespreek. Daarna het hulle J Wannenburg besoek en ook advies rakende die aanplant van sitrusbome gegee. Op die plaas Snyberg was daar reeds perske-, appelkoos- en amandelbome aangeplant. Van der Post en sy afvaardiging het ook moeite gedoen

---

92 S. Pauw, *Die beroepsarbeid van die Afrikaner in die stad,* pp. 191 – 196.

93 M. du Toit, "Die bewustheid van armoed: The ACVV and the construction of Afrikaner identity, 1904 – 1928", *Social Dynamics*, 18(2) 1 – 25, 1992, p.6. Die vestiging van armblankes in agterbuurtes in Oudtshoorn is reeds in hoofstuk 3 bespreek.

94 S. Pauw, *Die beroepsarbeid van die Afrikaner in die stad,* p. 4.

95 NASA, Bron PM, Vol 1/2/32, Ref 7/14: *Rapport oor die ekonomiese en landboukundige toestande in Oudtshoorn,* pp. 1 – 35.

96 NASA, Bron LDB, Vol 257, Ref R183/34: Ostrich feather industry. *Steps to be taken to foster, Oudtshoorn,* p. 1.

96 NASA, Bron PM, Vol 1/2/32, Ref 7/14: *Rapport oor die ekonomiese en landboukundige toestande in Oudtshoorn,* p. 1.

98 NASA, Bron PM, Vol 1/2/32, Ref 7/14: *Department of Agriculture. Farming economic conditions in the district of Oudtshoorn,* pp. 1 – 2.

99 www.sZa3.org.z./bio/Biograph_final.php?serial=2870, (accessed 11.01.2015).

100 NASA, Bron PM, Vol 1/2/32, Ref 7/14: *Departement of Agriculture.Farming economic conditions in the district of Oudtshoorn,* p. 1.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

om veral aan die arm boere leiding te gee rakende die aanplant en behandeling van vrugtebome.[101] Hy het die hele Oudtshoorn-distrik deurreis en, waar moontlik, advies gegee. Van die boere was reeds besig met die aanplant van vrugtebome. Die ander gebiede wat Van der Post besoek en waar hy demonstrasies gegee het, was Wynandsrivier, Klipdrif, Armoed, Buffelsdrif, Matjiesrivier en Kango-vallei. Die afvaardiging het in hulle verslag genoem dat een boer baie suksesvol was met hoenderboerdery en dat okkerneute en vrugte met groot sukses in Kango-vallei verbou kon word. In Matjiesrivier was daar ŉ boer wat jaarliks ŉ inkomste van tussen £600 en £700 uit okkerneute behaal het.[102] Daarna is daar vergaderings op Calitzdorp en Van Wyksdorp gehou.[103]

Volgens Van der Post het die distrik van Oudtshoorn die potensiaal gehad om tot een van die rykste landboudistrikte in die land te ontwikkel as daar standhoudende water kon wees en as boere die nodige hulp en leiding kon kry.[104] Sommige van die arm boere het nie die nodige kapitaal gehad om na ŉ ander tipe boerdery oor te skakel en om byvoorbeeld jong sitrusbome aan te koop om daarvan ŉ bestaan te maak nie. Dié boere was reeds verarm en wou nie nog ŉ kans waag nie. Die afvaardiging het egter ook bevind dat daar ook ŉ groep armblankes was wat net eenvoudig te lui was om te werk.[105] ŉ Paar jaar na sy besoek aan Oudtshoorn, het EG Malherbe in sy bevindinge ook genoem dat daar pogings aangewend moes word om die armblanke-boere en bywoners leiding en opleiding te gee sodat hulle op die plase kon bly en uiteindelik ŉ selfstandige bestaan kon maak.[106]

Die Van der Post-kommissie was van mening dat die hele gemeenskap by die ondersoek moes baat, want verarming het geen kleur geken nie en deur ook aan bruin boere leiding te gee, sou die hele distrik bevoordeel kon word. Op 24 Augustus 1925 is ŉ vergadering aan huis van J Spies van Matjiesrivier gehou waar mense van beide gemeenskappe teenwoordig was. Die kommissie het bevind dat die samewerking tussen die wit en bruin gemeenskap goed was. [107]

Na ŉ deeglike ondersoek het Van der Post en sy kommissie tot die gevolgtrekking gekom dat die distrik van Oudtshoorn oor die vrugbaarste grond en die gesondste klimaat in die Klein Karoo beskik het[108] en dat daar nie van die staat verwag kon word om betrokke te raak by die persoonlike skuld van boere nie, maar om eerder aan hulle leiding te gee ten opsigte van alternatiewe soorte boerdery. Deur dié maatreëls toe te pas, kon dorpsverhuising gestuit word en kon boere wat reeds in die dorp in haglike omstandighede gewoon het, terug

---

101 *Ibid.,* p. 2.

102 NASA, Bron LDB, Vol 257, Ref R183/34: *Ostrich* feather industry.*Steps to be taken to foster, Oudtshoorn,* pp. 3 – 4.

103 NASA, Bron PM, Vol 1/2/32, Ref 7/14: *Rapport oor die ekonomiese en landboukundige toestande in Oudtshoorn,* p. 1.

104 *Ibid.,* p. 3.

105 NASA, Bron LDB, Vol 257, Ref R183/34: *Ostrich* feather industry. *Steps to be taken to foster, Oudtshoorn,* p. 4.

106 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File 476/11, Notebook 2: Oudtshoorn, 13 April 1929,p. 8.

107 NASA, Bron LDB, Vol 257, Ref R183/34: *Ostrich* feather industry. *Steps to be taken to foster, Oudtshoorn,* Bylaag III, pp. 32 – 33.

108 NASA, Bron PM, Vol 1/2/32, Ref 7/14: *Departement of Agriculture. Farming economic conditions in the district of Oudtshoorn,* p. 3.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

na hulle plase gaan of as bywoners gaan boer het om sodoende uit hulle staat van armoede te kom.[109] Daar kon met groot sukses oorgeskakel word na die verbouing van vrugte deur die mees produktiewe aanwending van die beskikbare waterbronne, die aankoop van die regte variëteite, korrekte snoeimetodes, bespuiting, hantering, verpakking en die uitvoer daarvan.

Verder sou dit wenslik gewees het as 'n kwekery gevestig kon word. 'n Kwekery sou nie net vrugtebome kon verskaf nie, maar ook werk aan werkloses. Die uitvoer van droë vrugte kon tot 'n lonende bedryf ontwikkel word.[110] Van die belangrikste aanbevelings van die kommissie was dat arm boere op die plase gehou moes word sodat hulle nie verder kon verarm nie. Die plaaslike owerheid moes toesien dat 'n hortoloog, 'n veearts en kundiges op die gebied van tabak- en katoenboerdery leiding aan die boere moes gee.[111] Die kommissie het ook aanbeveel dat daar 'n koöperasie gestig moes word wat die koop en verkoop van volstruisvere kon beheer. Die gevaar daaraan verbonde was dat daar weer terugbeweeg sou word na 'n eenprodukboerdery.[112] Dié aanbevelings, saam met voorligting aan die boere, het tot 'n groot mate begin vrugte afwerp, want teen 1935 was daar 25 wit mans wat as tabaksorteerders gewerk het.[113] Nog 'n aanbeveling was dat die suiwelbedryf gestimuleer moes word,[114] want daar was genoeg lusern en hooi om van die bedryf 'n sukses te kon maak.[115] Die aanbevelings het vrugte afgewerp en 'n suiwelfabriek, Imperial Cold Storage (ICS), is in 1926 op Oudtshoorn opgerig.[116] Die fabriek se kapasiteit was 1 000 gellings (264,172 liter) melk per dag, maar die droogte het veroorsaak dat daar slegs 400 gellings (105,669 liter) in 1926 gelewer is.[117]

5.3 Staatsprojekte as armoedeverligting

Staatsprojekte as hulpverlening aan armblankes was ook net tydelik van aard en net genoeg sodat die behoeftiges daagliks kon oorleef. Die broodwinner het geen geleentheid gehad tot ekonomiese onafhanklikheid of om permanent selfonderhoudend te word of homself sosiaal te verbeter nie.[118] Die staat se hulpprogramme het 'n onderskeid gemaak tussen landelike en stedelike werkloosheid. Die werklose armblankes op die platteland is werk op die spoorweë, bosbou en padwerke aangebied. Die stedelike hulpprogramme was hoofsaaklik daarop gefokus om armblankes weer in hulle belangstellingsveld terug te plaas.[119] Dié toestand van armoede was ook in Oudtshoorn waarneembaar, want baie armblankes op die plase en in die dorp kon net-

---

109 *Ibid.,* p. 21.
110 *Ibid.,* p. 57.
111 NASA, Bron LDB, Vol 257, Ref R183/34: *Ostrich* feather industry. *Steps to be taken to foster, Oudtshoorn,* pp. 6 – 8.
112 *Ibid.,* p. 24.
113 CPNMA, *Voters' list. 1935, Electoral division of Oudtshoorn,* Staatsdrukker, Pretoria, 1935, pp. 9 – 29.
114 U.G., 39 – 16, *Annual report of Justice for the calendar year 1918,* p. 53.
115 *Ibid.,* p. 56.
116 A. le Roux, 'n Historiese ondersoek na die ontwikkeling van landbou, p. 143.
117 CPNMA, Acmad-versameling, *Cape Times,* August 1926.
118 U.G., 15 – 40, *Rural rehabilitation and housing scheme,* p. 112.
119 D. Berger, "White poverty and poverty policy", p. 226.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

net oorleef. Daar was vir hulle baie min geleenthede om weer ekonomies onafhanklik te kon bestaan. Vir baie armblankes was selfs die eenvoudigste werk 'n uitkoms. In 1935 was daar in Oudtshoorn byvoorbeeld 122 wit mans wat as gewone arbeiders gewerk het.[120]

Die armblanke-probleem het tot groot werkloosheid in die Unie bygedra wat op sy beurt weer veroorsaak het dat mense tot bedelary verval het. Werkverskaffing deur die staat kon die probleem help oplos, maar aanhoudende droogtes en die depressie het die toestand vererger. Die Departement van Arbeid was verantwoordelik vir die daarstelling en administrasie van verskeie werkskeppingsskemas.[121]Die vernaamste projekte waarby die staat betrokke was en wat op die studie betrekking het, was besproeiingskemas, die spoorweë, bosbounedersettings, onderwys, die weermag en bywonerbehuising. Dit is nie die doel van die studie om 'n in diepte ondersoek van bogenoemde aspekte te doen nie, maar slegs te verwys na die relevansie tot verarming in Oudtshoorn gedurende die periode 1914 tot 1937.

5.3.1 Armblankes en die Pakt-regering se "beskaafde arbeidsbeleid"

In die periode 1914 tot 1924 het die Smuts-regering begin om werk aan witmense by staatsprojekte soos die spoorweë en besproeiingswerke te verskaf,[122] maar na die algemene verkiesing van 1924 het genl. JBM Hertzog, tesame met kol. FHP Creswell van die Arbeidersparty die sogenaamde nuwe Pakt-regering gevorm.[123] Die Pakt-regering het deeglik ondersoek ingestel na die oorsake van wit armoede en van die bevindinge was dat sommige witmense verarm het as gevolg van faktore buite hulle beheer.[124] Die nuwe regering het probeer om die armblanke-vraagstuk aan te spreek deur meer werksgeleenthede vir die armblankes te skep.[125] Hulle het daarop gefokus om die wit werker se posisie te verskans. Uit hierdie omstandighede het die sogenaamde "beskaafde arbeidsbeleid" voortgevloei. Hierdie begrip, tesame met die begrip "onbeskaafde arbeid", is in een van die eerste amptelike stukke van die Hertzog-regering in die Eerste Minister se Omsendbrief No 5 van 31 Oktober 1924 aan al die toenmalige staatsdepartemente gedefinieer. Dit het bepaal dat die aanwending van 'n hoër klas werknemer in alle soorte werk, ekonomies en sosiaal gesien, voordeliger sou wees; dat elke departement moes probeer om sodanige werksgeleenthede te skep; dat waar moontlik, van jeugdige wit arbeid gebruik gemaak moes word; dat voorstelle in verband met die skep van permanente loopbane vir jeugdiges by die Departement van Arbeid ingedien moes word en dat 'n verslag oor die vordering van die skema aan die einde van elke finansiële jaar aan die Eerste Minister voorgelê moes word.[126]

---

120 CPNMA, *Voters' list, 1935. Electoral Division of Oudtshoorn.* Staatsdrukker, Pretoria, pp. 9 – 29.

121 *Ibid.,* p. 111.

122 H. Giliomee, *Die Afrikaners,* p. 285.

123 A.M. van Schoor, *Notes from my diary,* Makro Books, Kaapstad, 1979. p. 79.

124 U.G., 14 – 25, *Report of the Economic and Wage Commision* (1926), p. 105.

125 J.A. Tayler, Aspects of social welfare and poor white rehabilitation in South African Railways and Harbours, 1914 – 1952, p. 29.

126 J.E. Holloway, *Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, No 10,* p. 156.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dié beleid van "beskaafde arbeid" het dus gepoog om witmense teen swart mededinging te beskerm en maatskaplike sorg is uitgebrei om te verhinder dat armblankes verder verarm en sodoende in die groot dorpe en stede met swartmense vermeng.[127] Om dié doelwitte te kon bereik, is daar besluit om eerder wit werkers in die privaatsektor en staatsdiens in diens te neem.[128] Die toenemende groei in die aantal armblankes het 'n gunstige klimaat vir die indiensneming van witmense in dié soort werk geskep wat voorheen as swart arbeid beskou is. Groot politieke druk is op die Hertzog-regering geplaas om wit werkloosheid en armoede te bekamp. 'n Uitvloeisel van dié beleid was dat blanke mans op 'n permanente basis op die spoorweë in diens geneem is om te help met die bou van nuwe trajekte.Wanneer so 'n trajek klaar gebou is, het die mans na ander bouprojekte verskuif.[129] Om die Pakt-regering se beleid meer stroombelyn te maak, is alle moontlike werkers in 'n "A", "B" of "C" groep volgens intelligensie, moraal en fisiese toestand ingedeel. Die "A" groep was alle werklose mans wat hulle werk verloor het as gevolg van natuurlike oorsake soos droogtes, depressie en die vermindering van werkers. Die "B" groep was diegene wat moontlik geskik was vir besproeiingskemas of bosbounedersettings. Die "C" groep was diegene wat te oud was vir enige opleiding of dié wat fisies ongeskik was.[130] Die Pakt-regering se beleid van "beskaafde arbeid" het werksgeleenthede aan witmense beskerm en sodoende teen ander rassegroepe op werksvlak gediskrimineer. Desnieteenstaande is die armblanke-probleem nie opgelos nie.[131]

5.3.2 Besproeiingskemas

Na die verskillende kongresse wat die kerk gehou het, was daar versoeke aan die staat om meer betrokkenheid by die armblanke-kwessie in die Unie.[132] 'n Deel van die staatsprojekte wat tot armoedeverligting moes bydra, was die finansiering van besproeiingskemas in verskillende dele van die Unie en dit was deel van die rehabilitasiebeleid.[133] Dit het onder andere werkskeppingsprojekte, soos die bou van damme en kanale en op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak behels. Dié projekte is deur die staat gesubsidieer. Sulke projekte was belangrik vir die stimulering van landbou en die finansiële verbetering van armblankes[134] om sodoende tydelike verligting vir hulle armoede te bring.[135]

Die bou van die Hartebeespoortdam en sy kanale was van die eerste projekte van die staat om werk aan armblankes te verskaf. Die bou van die dam het in Augustus 1916 begin en het op twee maniere tot die

---

127 J.R. Albertyn, "The poor white and society", *Report of the Carnegie Commission V* Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1932, pp. 106 – 107.

128 J.E. Holloway, *Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, No 8,* p. 208.

129 D. Berger, "White poverty and government policy" p. 234.

130 *Ibid.,* p. 241.

131 D. Yudelman, *The Emergence of Modern South Africa*, pp. 239 – 243.

132 F. Ferreira, *Handbook for farmers in South Africa,* Government Printers, Pretoria, p. 188.

133 U.G., 30 – 32, *Report of the Unemployment Investigation Committee,* 1932, pp. 15 – 19.

134 F.J. van Biljon, *State Interference in the Economy of South Africa,* Westminster, London, 1939, p. 115.

135 H.G. Andrews, The Hartebeespoort Irrigation Scheme with side-lights on Land Policies, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Suid-Afrika), Pretoria, 1931, p. 15.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verligting van die armblanke-vraagstuk bygedra, naamlik werkverskaffing gedurende die bou van die dam en die vestiging van armblankes op ŉ meegaande besproeiingsnedersetting. Teen die einde van 1922 het meer as 2 500 wit arbeiders op die skema gewerk.[136] Vanuit die Oudtshoorn-distrik het daar ook mense na Brits gegaan om met die bou van die dam en die kanale te help. Ene Pretorius het in 1926 per trein saam met sy ouers vanaf Oudtshoorn na Sonop, naby Brits, vertrek waar sy pa met die bou van die kanale by die Hartebeespoortdam gehelp het.[137]

In Oudtshoorn het ŉ verskeidenheid probleme in die landbou, byvoorbeeld die langdurige droogtes, donderstorms wat vrugbare grond en in sommige gevalle landerye weggespoel het,[138] asook die val van die volstruisveerbedryf, die boeregemeenskap laat besef dat daar begin sou moes word met die opgaar van water vir landboudoeleindes. Die boerderygemeenskap het gevolglik besluit dat ŉ opgaardam gebou moes word.[139] Alreeds in 1903 het die destydse Direkteur van Besproeiing van die Kaap-Kolonie, WB Gordon, die voorgestelde plek vir die bou van die dam besoek, maar niks was gedoen voordat FE Kantback, Gordon se opvolger, die Oudtshoorn-distrik besoek het nie. Hy het aanbeveel dat daar eers baie deeglike navorsing gedoen moes word om die mees geskikte plek te bepaal.[140] Die volgende riviere is as moontlikhede geïdentifiseer om as geskik gevind te word vir die bou van ŉ opgaardam, naamlik Moerasrivier, Saffraanrivier, Doornrivier, Kammanassierivier, Towerwaterpoort, Meiringspoort, Nelsrivier en Kliprivier. Daar is uiteindelik besluit dat die Kammanassierivier se water opgedam sou word.[141] Die plek waar die Kammanassiedam gebou moes word, is in 1912 deur die landmeter, RB Oakden, opgemeet en volgens sy berekeninge sou die hele projek £200,000 kos.[142] ŉ Afvaardiging vanuit die boeregemeenskap het op 4 Mei 1916, volgens artikel 80 van die Besproeiings- en Bewarings Wet van 1912, ŉ petisie aan die Minister van Landbou, Sir Thomas Smart, in Kaapstad oorhandig waarin versoek is dat daar so spoedig moontlik begin moes word met toetse vir die grawe van die fondasie van die dam. Die Minister het homself daarvan vergewis en Oudtshoorn in Junie 1916 besoek.

Ter motivering het die boere veral drie sake onder sy aandag gebring, naamlik dat die dam sou help om baie van die boere wat na die ineenstorting van die volstruisbedryf verliese gely het, weer uit hulle staat van armoede te help; dat die voorsiening van water die boere wat besluit het om na akkerbou oor te skakel, sou help en dat die boere wat groot verliese gely het, weer op die been gebring sou word.[143]

Die versoek is goedgekeur en die Kammanassie Besproeiingsdistrik is volgens Proklamasie No 48 van 1917 gestig. Op 4 Februarie 1918 het die *Oudtshoorn Courant* berig dat ingenieurs reeds besig was met opmetings van die terrein om die nodige inligting te kon bekom waarvolgens die Kammanassie Besproeiingsraad ŉ finale

---

136 *Ibid.,* p. 67.
137 SMA, Lêer m6/1: pamflet no 3, p. 14.
138 U.G., 39 – 16, *Annual report of the Departement of Justice,* 1916, p. 42.
139 U.G., 29 – 17, *Reports on various irrigation projects,* 31 March 1918, p. 10.
140 E. Fincham, *Souwenier van Besproeiingswerke onder konstruksie vir die Kammanassie Besproeiings Distrik,* g.p., Maart 1925, p. 3.
141 U.G., 29 – 17, *Reports on various irrigation projects*, 31 March 1918, p. 10.
142 U.G., 29 – 17, *Reports on various irrigation projects*, 31 March 1918, p. 12.
143 *Ibid.,* p. 13.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

besluit moes maak.[144] Tydens die Parlementsitting van 1919 is die hele skema goedgekeur en daar is in Junie 1919 met bouwerk begin.[145] Die bedrag van £360 000 is deur die Minister van Landbou goedgekeur[146] en die projek was onder sy direkte toesig.[147] Volgens Proklamasie No 48 van 1917, het die Kammanassie Besproeiingskema die distrikte Oudtshoorn en Calitzdorp ingesluit.[148]

Die projek was 'n werkskeppingsgeleentheid vir werklose armblankes van die distrik. Daar is ook dadelik met die bou van 'n tydelike dorp met 'n skool, poskantoor, ontspanningsaal en 'n tennisbaan vir die 30 gesinne en 30 enkellopende wit mans begin.[149] Die werk aan die dam wat deur die hoofingenieur, IT Patterson, opgestel is, is volgens skedule gedoen.[150] In 1920 is met die bou van die kanale met 'n lengte van 70 myl (112,65 km) begin en aan die einde van 1925 is die hele projek voltooi.[151] Die bou van die Kammanassiedam in die Oudtshoorn-distrik het vir sommige van die werklose armblankes tydelike werksgeleenthede geskep. Die winkel en skool, wat die werkers bedien het, het ook werk geskep. Plaaslike arbeiders het die sand wat vir die aanmaak van sement nodig was, per donkiewa aangery en 'n bedrag van 2s per kubieke meter sand is betaal.[152]



Figuur 33: Bou van die Kammanassiedam
CPNMA, 78/132 (7)

Figuur 34: Wal van die Kammanassiedam
CPNMA, 78/132 (9)

144 CPNMA, *Oudtshoorn Courant*, 4 Februarie 1918, p. 4 (The Kamnatie Dam).

145 J.E. Holloway, *Offisiële jaarboek van die Unie van Suid-Afrika,* No 12, Staatsdrukker, Pretoria, 1935, p. 371.

146 NASA, Bron URU, Vol 402, Ref 1193: Irrigation loan to the Kamanassie irrigation board, in the division of Calitzdorp and Oudtshoorn, Cape Province, p. 1.

147 E. Fincham, *Souwenier van Besproeiingswerke onder konstruksie vir die Kammanassie Besproeiings-Distrik,* g.p., Maart 1925, p. 1.

148 NASA, Bron URU, Vol 343, Ref 3123: Issue of a proclamation proclaiming the boundaries of the Kamanassie irrigation district, division of Calitzdorp and Oudtshoorn, p. 1.

149 L. van Vuuren, *In the footsteps of the giants, Kamanassie Dam,* Pretoria, 2012, p. 4.

150 *Ibid.,* p. 4.

151 E. Fincham, *Souwenier van Besproeiingswerke onder konstruksie vir die Kammanassie Besproeiings Distrik,* g.p., Maart 1925, p. 7.

152 F.T. Patterson, "Kammanassie irrigation works", *S.A. Irrigation magazine,* 1, (2), January 1922, p. 269.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.3.3 Die Spoorweë

Die spoorweë was een afdeling van die staatsdiens waar duisende ongeskoolde of halfgeskoolde armblankes in diens geneem is. In 1909 is daar in die Parlement aan PO Sauer, destydse Kommissaris van Openbare Werke, 'n versoek gerig dat hy die moontlikheid van indiensneming van armblankes op die spoorweë moes oorweeg.[153] Sauer het die Parlement verseker dat armblankes wel op die spoorweë in diens geneem kon word. In dié periode was daar meer as 30 000 ongeskoolde wit mans in die plek van swart mans op die spoorweë in diens geneem.[154]

Die bou van spoorlyne in Suid-Afrika het gedurende die eerste drie dekades van die twintigste eeu vinnig toegeneem en die voltooide afstande was soos volg:

1900	1910	1920	1935	1937
3 052 myl (4 911,72 km)	6 991 myl (11 122,18 km)	11 586 myl (18 645,86 km)	11 713 myl (18 850,25 km)	11 727 myl (18 872,78 km)

[155]

Tabel 17: Lengtes van spoorlyne in die Unie van Suid-Afrika

Tot en met 1920 het die uitbou van 'n spoorwegnetwerk in die Unie toegeneem deels as gevolg van die werkskeppingsprogram van die staat en deels as gevolg van die groeiende ekonomie van die land. Dié groei het ook in die Klein Karoo plaasgevind waar daar 'n groot behoefte aan spoorverbinding tussen Oudtshoorn en sy buurdorpe was. Met die besoek van generaal JBM Hertzog aan Calitzdorp in 1912 het die boeregemeenskap hom genader vir die bou van sodanige spoorlyn tussen die twee dorpe sodat die boere hulle vars produkte vinniger na hawens vir uitvoerdoeleindes kon stuur.[156]

Daar het al groter steun uit die gemeenskap vir die bou van 'n spoorlyn opgegaan en in 1918 het 'n voormalige volstruisboer, Max Rose, hom ook oor die behoefte vir die bou van 'n spoorlyn uitgespreek. Volgens Rose kon 'n spoorlyn baie help om die vervoerkoste van lusern en vrugte te verminder.[157] Die boere het die idee gesteun, want na voltooiing sou die spoorlyn 11 665 morge (9 993,405 hektaar) landbougrond kon bedien en daar sou na skatting 39 900 ton (361 196 671 kg) landbouprodukte vervoer kon word.[158] In Junie 1923 is daar met die bou van die spoorlyn begin[159] en met die ingenieur, FE Bromley, se effektiewe werksmetodes is daar £20 000 bespaar. Die bou van die trajek het aan 421 armblankes werk verskaf, elkeen is 4s 9d per dag betaal en die

---

153 WCARS, Bron KAB, Vol CGR, File 2/1/46, *House of assembly*, p. 10.
154 D.W. Krüger, *The making of a nation,* Macmillan, Johannesburg, 1969,p. 142.
155 G. Bosman, *The industrialization of South Africa,* W.G. Den Boer, Rotterdam, 1938,p. 31.
156 J. Burman, *The little Karoo,* p. 83.
157 U.G., 12 – 18, *Report of the ostrich feather commision appointed to enquire into the ostrich industry, including two minority reports,* p. 14.
158 TFRMA, *South African Railway and Harbour, Oudtshoorn – Calitzdorp,* 1919, p. 99.
159 NASA, Bron SAS, Vol 1008, Ref EC 4904/41: Oudtshoorn – Calitzdorp line, Minute 1153, p. 128.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

totale bedrag aan lone het £15 982 beloop.[160] Die destydse Minister van Spoorweë, CW Malan,[161] het die nuwe spoorlyn op 14 November 1924 geopen.[162] In sy toespraak het hy genoem dat dit nie die taak van die staat was om armblankes te onderhou nie, maar eerder om hulle te help om hulle eie bronne te ontgin sodat hulle uiteindelik onafhanklik kon funksioneer.[163]

Figuur 35: Minister van Spoorweë, CW Malan (1924 – 1933)

(Foto: TNFRM, Johannesburg)

Politici se ingryping om armoede te verlig, het met die Pakt-regering se bewindsaanvaarding in 1924[164] ook ŉ positiewe invloed op armoede in Oudtshoorn gehad. Met die bou van die spoorlyn tussen George en Knysna in 1926 het Eerste Minister Hertzog besluit om werklose wit mans uit die Oudtshoorn-distrik vir die projek in diens te neem. Me. IH Steenkamp se pa was ŉ boer in die Ladismith-distrik wat as gevolg van langdurige droogtes nie langer ŉ leefbare inkomste uit die boerdery kon maak nie. Haar pa is toe tydelik op dié projek in diens geneem. Sy kon nog baie goed onthou dat die moeders en kinders een keer per maand die mans op die projek kon gaan besoek. Hulle gesin het per bus na die stasie by Ruigtevlei, naby Wildernis, gegaan om haar pa daar te besoek.[165] Na die voltooiing van die projek het baie van hierdie armblanke mans na Kaapstad verhuis waar hulle gehelp het met die bou van die Groote Schuur-hospitaal.[166]

Die spoorweë het aan ŉ groot deel van die armblankes in die Unie van Suid-Afrika werk verskaf en uiteindelik het baie van hulle permanent in diens van die spoorweë gebly. In die boekjaar 1933 −1934 het die spoorweë byvoorbeeld 62 verskillende spoorwegskemas aan die gang gehad wat werk aan 7 000 mans verskaf het.[167] Na voltooiing van die spoorlyn tussen Oudtshoorn en George in 1913 en die spoorlyn tussen Oudtshoorn en Calitzdorp in 1924, het die aantal witmense wat op die spoorweë betrokke was aansienlik gestyg. Teen 1935

---

160 H.C. Hopkins, *Ned. Geref. Kerk Calitzdorp* 1872 – 1973, p. 128.

161 J.C. Burman, *The Little Karoo,* p. 85; M. Roux, *Piet Strydom, die wêreld en nalatenskap van ŉ Calitzdorpse bouer,* p. 83.

162 NASA, Bron SAS, Vol 1008, Ref 165/67: Weekly Notice, No 1513, *Opening of Oudtshoorn Calitzdorp line for public traffic,* p. 1.

163 CPNMA, *Oudtshoorn Courant,* 21 November 1924, p. 4 (The biggest crowd on record gather to see the event).

164 J.R. Albertyn, *Kerk en stad,* p. 40.

165 Persoonlike onderhoud, O. Stander – I.H. Steenkamp, Pensionaris, oud-inwoner van Ladismith, Somerset-Wes 28 November 2014.

166 P. Phillips, "Treating White poverty in interwar South Africa, Civilised labour and the construction of Groote Schuur Hospital 1926 - 1938" *South African Journal of Economic History,* 20 (2), 2005, p. 115.

167 U.G., 43 – 34, *Unemployment and relief matters,* p. 10.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

was daar 30 wit mans op die verskillende trajekte werksaam en hulle het almal in die suidelike deel van Oudtshoorn gewoon.[168] Daar kan dus aanvaar word dat die spoorweë as staatsinstelling, aan witmense werk verskaf het en sodoende bygedra het om die werkloosheidsprobleem in Oudtshoorn te help verlig.

5.3.4 Bosbounedersettings

Werkskepping in die bosboubedryf kan teruggevoer word na so vroeg as 1893 toe daar 'n brief in die *George and Knysna Herald* verskyn het waarin die skrywer met voorstelle gekom het hoe om die seuns van arm boswerkers in die Knysna-gebied op te lei sodat hulle in die toekoms as volwaardige bosbouers aangewend kon word.[169]

In die twintigste eeu is daar drastiese pogings aangewend om armblankes in die bosbounywerheid te vestig. In Julie 1914 het J Leisk, die Sekretaris van Finansies in die Unie, 'n voorstel aan CE Legat, die Hoof van Bosbou, gemaak dat daar pogings aangewend moes word om *"... the class of people known as poor whites ..."* te akkommodeer. In 1916 het die Departement van Bosbou £25 000 geoormerk vir werkskepping aan armblankes in die bosboubedryf. Die aanbeveling het uiteindelik 'n beleid van die Unieregering geword wat ten doel gehad het om verarmde families te rehabiliteer. Nedersettings is na die Eerste Wêreldoorlog gestig as werkskeppingsprojekte vir stedelike werkloses en armblankes, wat onder andere as gevolg van droogtes verarm het. Mans is hoofsaaklik vir die maak van paaie en die voorbereiding van grond vir verdere aanplantings gebruik.[170] Die eerste plasing van armblankes op regeringsgrond was by La Motte waar 5 000 morge (4283,5 hektaar) naby Franschhoek vir bosbou uitgesit is. In 1916 is die tweede bosboustasie by Jonkersberg, naby George, gestig om werk aan armblankes vanuit die Karoo te verskaf.[171] Armblankes vanuit ander dele van die Unie,[172] byvoorbeeld van Prins Albert, Willowmore, Carnarvon, Riversdal en Knysna,[173] asook arm boere en bywoners uit Oudtshoorn-distrk, het daar 'n heenkome gevind.[174] Werkloosheid en verarming in Oudtshoorn en aangrensende distrikte het toegeneem nadat die spoorlyn tussen George en Oudtshoorn in 1913 voltooi is, want karweiwerk met wa en osse tussen die twee dorpe en omliggende gebiede het doodgeloop. Vir dié togryers was Jonkersberg se nedersetting 'n uitkoms.[175] Die nedersetting het vinnig aangegroei en teen 31 Maart 1917 was daar reeds twintig huise. Dit was almal drievertrek huise met sooimure

---

168 CPNMA, *Voters' list, 1935. Electoral Division of Oudtshoorn,* Staatsdrukker, Pretoria, pp. 9 – 29.

169 WCARS, Bron AGR, Vol AGR, 204, Ref 1477: Poor white's schemes, p. 1.

170 A. Grundlingh, *God het ons arm mense die houtjies gegee. Woodcutters in the Southern Cape Forest area c 1900 – 1939,* Africana biblioteek, Universiteit van die Witwatersrand, 1987, p. 3.

171 C.C. Robertson, " The forests of South Africa", *Empire Forestry Journal*, 3, (1), July 1924, p. 115.

172 Persoonlike onderhoud, O. Stander – me L. Terblanche, oud-inwoner van Jonkersberg, George, 3 Maart 2013.

173 T.R. Rauch, The White labour forest settlement programme in South Africa 1917 – 1938, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van die Witwatersrand), Johannesburg, 1989, pp. 263 – 270.

174 W. Olivier, *There is honey in the forest,* STD Drukkers, Pretoria, g.d., p. 78.

175 H.J.E. Uys, Nasionale bosboubeleid in Suid-Afrika, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch), Stellenbosch, 1979, p. 67.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en riet dakke en is teen ʼn bedrag van £46 per huis gebou.[176] Die doel van die nedersetting was ook, soos die vorige een, ʼn werkskeppingsprojek vir armblankes. By die Jonkersberg-nedersetting moes ook dwarslêers vir die bou van nuwe spoorlyne aan die spoorweë voorsien word.[177]

Die staat het sy betrokkenheid by armoedeverligting verder uitgebrei en in 1920 ʼn Werkloosheidskommissie aangestel om werkloosheid te ondersoek.[178] In afwagting op die kommissie se verslag is daar aan die einde van 1920 besluit om nog meer tydelike werksgeleenthede op regeringskemas soos byvoorbeeld bosbounedersettings te skep. Op dié manier is talle armblankes deur middel van regeringsbosbouskemas van werk voorsien.[179] Die nedersettings het bygedra tot die opheffing van die arm Afrikaner.[180] Die werwing, keuring, vervoer van die setlaars, dissipline en hulle algemene maatskaplike toestande was die verantwoordelikheid van die Departement van Arbeid.[181]

Lede van die Carnegie-kommissie het Jonkersberg op 31 Maart 1929 besoek en daarna het MER haar kommer uitgespreek oor die verskuiwings van setlaars na ander nedersettings[182] wat op sý beurt ʼn negatiewe uitwerking op die skolastiese vordering van die kinders gehad het.[183] Jonkersberg het aan baie armblankes werk verskaf en gedurende die periode 2 Junie 1926 tot en met 9 Februarie 1930 was daar gemiddeld 160 werkers op die nedersetting werksaam.[184] In 1937 is bevind dat die sooihuise by Jonkersberg, naby George, totaal ongeskik vir menslike gebruik was en is hulle met steenhuise met sinkdakke vervang.[185]

Die toename in werkloosheid, verarming en die vermeerdering van bywoners het die Departement van Arbeid genoop om meer armblankes in bosbounedersettings op te neem. In 1925 was daar 1074 armblanke families, personeel uitgesluit, op sodanige nedersettings.[186] Uiteindelik is daar 22 nedersettings geskep en gevestig.[187] Van die armblankes en bywoners van Oudtshoorn het ʼn nuwe tuiste in dié nedersettings gevind.[188]

Van die bekendste nedersettings in die Laeveld was dié naby Sabie in Mpumalanga. Sommige armblankes van Oudtshoorn het eers by Jonkersberg gaan werk en is later na die nedersettings naby Sabie verskuif. ʼn Voorbeeld hiervan was die Jordaan-familie wat as bywoners in Oudtshoorn gewerk het.[189] Daar was ook diegene wat direk vanaf Oudtshoorn na Sabie verhuis het. Antonie de Ridder het tot op die ouderdom van 33 as bywoner

---

176 U.G., 15 – 40, *Rural rehabilitation and housing scheme,* p. 126.
177 C.C. Robertson, *The forests of South Africa,* p. 114.
178 A.W. Carruthers, *Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, No 6,* p. 308.
179 *Ibid.,* p. 312.
180 SANBP, OP(S), 41, 1932 – 1934, *Unemployment and relief matters,* p. 16.
181 U.G., 15 – 40, *Rural rehabilitation and housing scheme,* p. 126.
182 GBUS, Africana Kamer, MER Versameling, J.B. 17, Brief aan Sekretaris van Landbou, Pretoria, 31 Maart 1929.
183 WCARS, Bron PAE, Vol, 657, Ref G56/200/ER: *Jonkersberg primary school, inspection report,* p. 3.
184 T.R. Rauch, The White labour forest settlement programme in South Africa 1917 – 1938, p. 271.
185 U.G., 15 – 40, *Rural rehabilitation and housing scheme,* p. 125.
186 SMA, Bron BOS, Lêer 6/1, Pamflet no 3, *Setlaars in nedersetting,* p. 1
187 R.T. Rauch, White Labour Forest Programme in South Africa 1917 – 1938, p. 1.
188 *Ibid.,* p. 18.
189 SMA, Lêer 6/1, Pamflet no 3, p. 13.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

in die Oudtshoorn-distrik met lusern en tabak geboer. In 1927 het hy na Sabie verhuis en is 'n kontrak met hom gesluit.[190] Die bywoner van Pietie Olivier van Oudtshoorn, Jacob Douglas, het die distrik as gevolg van droogte verlaat. Hy het op 27 September 1928 by dieselfde nedersetting gearriveer.[191] Vanaf April 1927 tot Februarie 1932 het 214 armblankes hulle by die nedersettings naby Sabie gevestig.[192] Die nedersettings het aan baie armblankes en bywoners werk verskaf en hulle getalle het jaarliks toegeneem.



Figuur 36: Boswerkers besig om jong boompies by 'n Sabie-nedersetting te versorg

(Foto 37: LMA, B/25, 1928)

Die volgende tabel toon hoe die bosbounedersettings oor 'n periode van 16 jaar gegroei het:

	1917	**1933**
Aantal nedersettings	2	17
Aantal huise	66	1421
Aantal werkers (mans)	37	1367
Aantal vroue	37	1364
Aantal kinders onder 18	111	3859
Aantal kinders bo 18	0	33
TOTAAL	185	6623

[193]

Tabel 18: Die toename van werkers op bosbounedersettings

Reeds so vroeg as 1922 is daar gevind dat bosbounedersettings die mees suksesvolle program van armoedeverligting vir veral die landelike arm persoon was. Volgens die Departement van Arbeid was dié werkverskaffingsprojekte van die geslaagstes, want die staat het finansieel daarby gebaat en vir baie het dit 'n

190 SMA, Lêer 92, Hoofkantoornommer 10025, *Evaluering van setlaars vir plasing*, p. 3.
191 SMA, Lêer 92, Hoofkantoornommer 10742, *Evaluering van setlaars vir plasing*, p. 4.
192 *Ibid.,* p. 5.
193 *Ibid.,* p. 127.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

mate van werkspermanensie ingehou.[194] Aanhangsel B is ʼn voorbeeld van die aansoekvorms wat deur die Departement van Arbeid gebruik is om belangstellendes te keur. Tabel 20 toon die groeiende belangstelling in die bosbou as hulpverleningsmaatreël.

Die nedersettings was vir baie armblankes uit die Oudtshoorn-distrik ʼn uitkoms. Korrespondensie is in argivale bronne in die Sabie- en Lydenburg Museum-argiewe gevind waarin daar na opnames van armblankes uit Oudtshoorn en distrik verwys word. Hierdie mense was, as gevolg van armoede, van hulle menswaardigheid gestroop, maar op die nedersettings is hulle menswaardigheid tot ʼn groot mate weer herstel. Die Departement van Bosbou het ʼn holistiese benadering tot die heropbou van die armblankes gevolg. Op die nedersettings het die inwoners gratis mediese dienste gekry. Daar was skole vir die kinders, vrouens het naaldwerk- en kookkunslesse ontvang en die setlaars is aangemoedig om blom- en groentetuine aan te lê.[195]

5.3.5 Onderwys

Hierdie studie fokus ook op die staat se bydrae om armoede deur middel van onderwys te probeer verlig. Ter wille van kontinuïteit en om die historiese ontwikkeling van wit armoede en onderwys in die Oudtshoorn-omgewing ten beste te illustreer, is dit nodig om kortliks na onderwysomstandighede vóór 1914 te verwys.

Die finansiële welvaart wat die volstruisveerbedryf gebring het, het onder andere veroorsaak dat skoolopleiding vir sommige grondbesitters nie van belang was nie, maar slegs die finansiële voordeel wat hulle uit dié bedryf kon kry.[196] Baie grondbesitters was van mening dat dit belangriker was vir hul kinders om ʼn volstruisplaas te kon besit as dat hulle skoolopleiding moes kry.[197]

Die geskiedenis van onderwys in Suid-Afrika is so ineengeweef met dié van die NGK dat die een haas nie sonder verwysing na die ander volledig behandel kan word nie. Die kerk en die onderwys se aandeel en bydrae tot die opheffing van die armblanke het van tyd tot tyd gewissel. Soms het hulle saamgewerk en dit as ʼn gemeenskaplike taak aangepak en soms het die een dit op sy eie aangepak met uitsluiting van die ander en dit het tot botsings gelei en soms ʼn stryd laat ontstaan.[198]

Gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu was onderwys in die Kaapkolonie uiters onbevredigend en het dit min bygedra tot die proses van aanpassing by ʼn ontwikkelende ekonomie en min gehelp om agteruitgang te stuit.[199] Tot aan die einde van die negentiende eeu was onderwysgeleenthede vir die armer deel

---

194 I. Abedian en B. Standish, Poor Whites and the role of the state: Theevidence, *South African Journal of Economics,* Vol 35, (2), 1985, p. 100.

195 U.G., 43 – 34, *Unemployment and relief measures,* pp. 15 – 17.

196 *Ibid.,* p. 8.

197 N. Sieberhagen, Die plattelandse skool in Oudtshoorn, p. 39.

198 M. du Toit Potgieter, Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Onderwys van blankes in Kaapland sedert die eerste sinode, p. 1.

199 J.F.W. Grosskopff, *Plattelandsverarming en plaasverlating,* p. viii.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van die plattelandse bevolking besonder gebrekkig. Tog is die opleiding van die armblanke deur privaat kapitaliste as 'n noodsaaklikheid vir die oplossing van die probleem gesien.[200]

Teen die einde van die negentiende eeu het die kerk en onderwysliggame besef dat 'n groot deel van die witmense besig was om ekonomies agteruit te gaan omdat hulle tot 'n groot mate uitgesluit was van die industriële terrein. Pogings is toe aangewend om industriële onderwys in te voer as 'n middel om die armblanke probleem te probeer oplos. Met die toepassing van die Kinderbeskermingswet (1896) is hierdie praktiese vorms van onderwys eerder met swaksinnigheid en misdadigheid geassosieer en met armoede in verband gebring. Die Industriële skole het dus 'n konnotasie met armoede en minderwaardigheid gehad en as gevolg daarvan het baie privaat instansies nie leerlinge wat in dié skole onderrig ontvang het in diens geneem nie.[201] Sommige privaat besighede was huiwerig om armblankes in diens te neem, want hulle was van mening dat die armblankes, wat opleiding in die industriële skole ontvang het, van die mees agterlike Afrikaners was.[202] Die armblanke was sodoende uitgesluit van die werksmag en het dit dus moeilik gevind om homself finansieel te verbeter.

Voor 1893 was dit vir armblankes finansieel moeilik om vir hulle kinders selfs die mees elementêre onderwysonderrig te laat kry, want die ″pond-vir-pond″-stelsel[203] van die staat was vir hulle nie haalbaar nie. Dit het veroorsaak dat die staat 'n nuwe tipe ″armskool" regdeur die land ingestel het. Die staat het slegs die salaris van die onderwysers betaal en gratis onderrig is tot standerd 4 (graad ses) aan die leerlinge gebied.[204] Die instandhouding van skoolgeboue was die verantwoordelikheid van die gemeenskap. Teen 1899 was daar 277 sulke skole in Suid-Afrika.[205] Die skole het besonder goeie werk gelewer, maar ongelukkig was die bywoning swak. Die term ″armskool" was vir baie armblankes 'n vernederende term en dit het hulle minderwaardigheidsgevoel verder versterk.[206]

Wat die Klein Karoo betref, is daar in 1896 'n ″armskool″ in Prins Albert gebou wat gratis onderwys aan kinders van armblankes voorsien. Baie ouers was egter nie daarvoor te vinde dat hulle kinders in hierdie skole onderrig moes ontvang nie. Hulle wou eerder vir hulle kinders by die ″publieke skool" aansoek om gratis onderwys doen, want die term ″armskool" het die stigma rondom hulle armoede nog verder beklemtoon.[207]

Dit was 'n probleem om geskikte lokale vir ″armskole″ te vind en daarom moes hulle gereeld van standplaas verwissel.[208] In Oudtshoorn het hierdie skole dieselfde probleem ondervind. In die Oudtshoorn-distrik was daar byvoorbeeld 'n ″armskool" by Vinknesrivier aan die voet van die Swartberg naby Matjiesrivier.[209] Die

---

200 *Ibid.,* p. ix.
201 J.F.W. Grosskopff, *Plattelandsverarming en plaasverlating,* p. xvi.
202 *Ibid,* p. 103.
203 P.J. Botes, *Gemeente onder die Swartberg,* p. 65. Volgens die ″pond-vir-pond″-stelsel het die staat 'n gedeelte betaal en die ouers was verantwoordelik om dieselfde bedrag te betaal.
204 SBO, *Diary of Iris Vaughan,* Juvenrilia Press, Sydney, 2010, p. 98.
205 SBO, *Rostrum*, Vol 1, 1988, pp. 3132 (Schools for the poor).
206 *Ibid.,* p. 32.
207 P.J. Botes, *Gemeente onder die Swartberg,* Mills Litho Kaapstad, 1992, p. 66.
208 SBO, *Rostrum*, Vol 1, 1988, p. 3132 (Schools for the poor).
209 Sien Figuur 29 in hoofstuk 4.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

NGK in Oudtshoorn het reeds in 1877 besluit om ʼn seunskool met Nederlands as voertaal op te rig. Die skool is in 1881 in gebruik geneem, maar was alombekend as die Armskool.[210] Daar was nog twee sulke skole op die dorp wat in Oudtshoorn-noord en in Adderleystraat geleë was. Dié twee skole het ook alle oortollige voorraad soos ou banke en boeke van ander skole op die dorp ontvang.[211] Die staat het hierdie tipe skole vanaf 1915 geleidelik begin uitfaseer, want die vernederende term ″armskool" het veroorsaak dat omtrent geen kinders van armblankes dié skole bygewoon het nie.[212] Die skole is toe na A3 openbare skole verander.[213]

Met die besoek van EG Malherbe aan Oudtshoorn in 1929 het hy bevind dat die skole in Oudtshoorn-noord en in Adderleystraat in die volksmond nog steeds as ″armskole″ bekend gestaan het. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die leerlinge van hierdie skole ondervoed was, dat hulle huislike dissipline swak was en dat die leerlinge se verskuiwing na die ″armskole″ hulle akademiese vordering nadelig beïnvloed het. Malherbe het ook bevind dat die staat slegs die salaris van die onderwyser betaal het.[214] Verder het hy gemeld dat agt gesinne in Schoemanshoek deur die staat se noodlenigingshulpskema gevoed is.[215]

Vanaf ongeveer 1890 het veranderings in die landboustelsel in Oudtshoorn tot gevolg gehad dat baie wyke digter bevolk geraak het. Uit hierdie tydperk dateer ook die vinnige opbloei van die volstruisveerboerdery wat ʼn omvangryker bevolkingsgroei in die distrik teweeg gebring het en gevolglik die stigting van plaasskole van meer permanente aard moontlik gemaak het.[216] Baie van die plaasskole het hulle ontstaan aan die inisiatief van die boere te danke gehad. Voorbeelde hiervan was die skool op Waaikraal,[217] wat in 1898 deur AJ Fourie gebou is, die skool te Armoed, wat in 1910 deur WC Olivier gebou is asook die skool in Vergelegen[218], wat in 1913 deur die plaaseienaar, J Du Plessis gebou is.

Baie van die plaasskole het, wat opleiding betref, wel ʼn groot verligting vir baie armblankes gebring. In die distrikte van Oudtshoorn en Calitzdorp was daar teen 1906, toe ʼn Skoolraad ingestel is, 55 plaasskole. Die Skoolraad het toe beheer oor al hierdie skole geneem. Figuur 38 is ʼn foto van die plaasskool te Nooitgedacht, langs die Olifantsrivier. In dié gebied was die grootste konsentrasie armblankes. Figuur 39 toon die plaasskool wat in die distrik wat op die verste punt vanaf Oudtshoorn geleë was. Dié twee plaasskole se leerlinge het ook gebaat by die staat se voedselvoorsieningsprogram.[219] ʼn Deel van die funksies van die skoolraad was die

---

210 SBO, *Rostrum*, Vol 1, 1988, p. 9 (Oudtshoorn opvoedkundige sentrum).

211 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File 476/10, Notebook 2: Oudtshoorn, 12 Maart 1929, p. 12.

212 SBO, *Rostrum*, Vol 1, 1988, p. 3132 (Schools for the poor).

213 N. Sieberhagen, Die plattelandse skool in Oudtshoorn, p. 21. Dit was die gebruik om skole volgens die aantal leerlinge te gradeer en daarvolgens is die salarisse van die personeel bepaal. ʼn A3 skool se leerlingtal het van tien tot 80 gewissel en die salaris van die skoolhoof het van £100 tot £240 gewissel. ʼn A2 skool se leerlingtal moes van 90 tot 250 strek en die onderwysersalaris het van £250 tot £400 gewissel.

214 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File 476/10, Notebook 2: Oudtshoorn, 12 Maart 1929, p. 20.

215 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File 476/11, Notebook 2: Oudtshoorn, 13 Maart 1929, p. 8.

216 N. Sieberhagen, Die plattelandse skool in Oudtshoorn, p. 14.

217 Sien Figuur 12 in hoofstuk 2, p. 65.

218 Sien Figuur 14 in hoofstuk 2, p. 66.

219 Persoonlike onderhoud, O. Stander – D. Botha, oud-inwoner van Oudtshoorn, George, 5 Maart 2016

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

heffing en invordering van skoolgeld. Armblankes kon die skoolgeld nie bekostig nie en hulle kinders was gevolglik verplig om na die ″armskole″ te gaan.[220]

Figuur 37: Plaasskool te Nooitgedacht langs die Olifantsrivier, c 1928

Foto: Privaatversameling, O Stander

Figuur 38: Plaasskool te Daskop, oos van Oudtshoorn, c 1928

Foto: Privaatversameling, D Botha, George

Leerlinge van twee plaasskole in die gebiede waar die meeste armblankes gewoon het

Die staat het sy finansiële betrokkenheid by armoedeverligting na skoolrade in die verskillende dele van die land afgewentel deur hulle te bemagtig om voedselvoorsiening aan armblankes te finansier. Skoolrade was ook verantwoordelik vir die administrasie van voedselskemas by die skole. In die distrik van Prins Albert was daar onder andere so ʼn projek by die Slachterspoortskool. In die distrik van Oudtshoorn was dit ook ʼn algemene gebruik om by die skole kos uit te deel. Me Meiring kan nog baie goed onthou dat hulle by die skool in Buffelsdrif deel van die voedingskema was.[221]

220 N. Sieberhagen, Die plattelandse skool in Oudtshoorn, p. 20.

221 Persoonlike onderhoud, O. Stander – H. Meiring, Pensionaris, oud-inwoner van Oudtshoorn en De Rust, Oudtshoorn, 17 Maart 1012.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Mnr. J. M. Steinmyer
Brandkraal
P.K. Prins Albert

SKOOLRAAD ★ SCHOOL BOARD
3 - SEP. 1927
PRINCE ALBERT

Ek het die eer U in kennis te stel dat die Departement nou kostoelae van £12 per jaar goedgekeur het vir die volgende kinders vanaf 1 April 1927:
① Johannes ② Slachtersport ③ Skool.
Ek moet u daarop wys dat die kinders gereld die skool moet bywoon want die Departement sal vir elke dag meer as 7 dae wat die kind afwesig is ongeveer 3/3 aftrek. Die kind moet die eerste dag en die laaste dag van elke kwartaal seker tenwoordig wees anders word daar meer afgetrek.
Die uwe,
Sekretaris.

Figuur 39: Kennisgewing van voedselvoorsiening by Slachterspoortskool

(Dokument: Privaatversameling, O. Stander)

Vir die doel van die studie word daar slegs na die grootste plaasskool verwys, naamlik die skool te Armoed, in die suidelike distrik van Oudtshoorn. Die skool is in 1920 met 173 leerders geopen. Die meeste van die leerders se ouers was armblankes. In 1924 het die leerdertal tot 152 gedaal. Dit kon veral aan twee faktore toegeskryf word naamlik, dat die vooruitstrewende grondbesitters finansieel in staat was om meer en groter plase te koop en daardeur wit bywoners se dienste met goedkoper bruin arbeid vervang het, asook die knellende droogte wat daartoe bygedra het dat armblankes die gebied verlaat het.[222]

Die ambagskool in Oudtshoorn was 'n voorbeeld van die staat se betrokkenheid om armoede te verlig. Die skool is in 1911 tot stand gebring met die uitsluitlike doel om armblanke seuns 'n ambag te leer. Die kerk was vir die instandhouding van die skool verantwoordelik. Die staat het 'n subsidie van £21 per jaar per kind betaal.[223] Daar was aanvanklik 50 kinders en een onderwyser.[224] Die leerders het gratis onderrig ontvang, want hulle ouers was armblankes en bywoners.[225] Die Departement van Onderwys het op 1 April 1927 beheer van die skool oorgeneem en in daardie stadium was 75% van die leerders se ouers bywoners, terwyl die ander 25% leerders van verarmde boere vanuit dorpe aangrensend tot Oudtshoorn was. Daar was 'n groot belangstelling in die skool, want die behoefte aan praktiese opleiding was groot.[226] Volgens die kieserslys van 1935 was daar

222 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File 476/11, Notebook 4: Oudtshoorn, 28 Maart 1929, p. 6.
223 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File 476/10, Notebook 2: Oudtshoorn, 12 Maart 1929, p. 11.
224 U.G., 28 – 15, *Annual report of the Departement of Justice for the calendar year 1914*, p. 89.
225 KCAB, Bron 56979, Vol 165, File 476/12, Notebook 4: Oudtshoorn, 28 Maart 1929, p. 5.
226 *Ibid.*, p. 8.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

in Oudtshoorn 22 persone wat as skrynwerkers en twintig wat as timmermanne gewerk het.[227] Daar kan aanvaar word dat van die mans na alle waarskynlikheid opleiding by die ambagskool gekry het.

Wat Oudtshoorn betref, is die opleiding van kwekelingonderwysers in 1897 deur die plaaslike Hoër Meisieskool gedoen. Die volgende belangrike stap het in 1915 plaasgevind toe die afdeling van die Hoër Meisieskool wat vernatwoordelik was vir die opleiding van kwekelingonderwysers tot 'n onafhanklike "opleidingskool" met sy eie toelatingsvereistes ontwikkel het. Die staat het ook 'n finansiële bydrae gemaak tot die oprigting van 'n onderwyserskollege in Oudtshoorn. 'n Afvaardiging, onder leiding van Senator CJ Langenhoven, het die destydse Administrateur van die Kaapprovinsie, Sir Frederic de Waal, in Kaapstad gaan spreek oor die bou van sodanige kollege. Die kollege sou aan die armblanke kinders van Oudtshoorn en die omliggende dorpe die geleentheid bied om hulleself as onderwysers te bekwaam sonder om na ander dorpe vir opleiding te gaan. £10 000 is benodig vir die oprigting van die gebou.[228]



Figuur 40: Personeel en studente, Onderwyserskollege Oudtshoorn, 1928

(Foto: SBO, Wynberg, Kaapstad)

De Waal het die afvaardiging die versekering gegee dat die nodige fondse vir die bou van die kollege deel van die provinsiale begroting van 1919 sou wees.[229] Die kollege is uiteindelik op 13 Augustus 1924 geopen.[230] Baie van die studente het uit baie arm huishoudings gekom. Volgens beëdigde inkomstestate het baie van die studente se ouers nie meer as £20, £30 of £40 per jaar verdien nie, maar hulle het geen moeite ontsien om hulle kinders die geleentheid te bied om hulleself as onderwysers te laat kwalifiseer nie. Die opgeleide armblanke

227 CPNMA, *Voters' list, 1935. Electoral Division of Oudtshoorn.* Staatsdrukker, Pretoria, pp. 9 – 29.
228 CPNMA, *Oudtshoorn Courant,* 14 January 1918, p. 8 (Our local Training School).
229 CPNMA, *Oudtshoorn Courant*, 14 January 1918, p. 2 (Our local Training School).
230 SBO, *Oudtshoorn training college magazine,* Growth of our college, 1926, p. 11.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

student het meer geld verdien as sy ouer en kon sodoende 'n bydrae maak tot die verbetering van die sosio-ekonomiese omstandighede van sy ouerhuis en van sy nuwe gemeenskap. [231]

Onderwys in Oudtshoorn het 'n baie belangrike rol gespeel in die verligting van armoede in die gemeenskap deur aan die armblanke toegang te gee tot opvoeding deur middel van skoolopleiding en deur dat kinders hulle as onderwysers kon bekwaam sonder om die gemeenskap te verlaat om elders opgelei te word. In 1925 het die Departement van Landbou in alle skole waar Landbou- en Huishoudkunde as vak aangbied is 'n landbouklub gestig. In Oudtshoorn is die skool deur sekere dele van die gemeenskap as 'n onpersoonlike staatsinstelling gesien en daar is selde gepraat van "ons" skool en "ons" onderwysers. Met die daarstelling van 'n landbouklub aan die opleidingskollege vir onderwysers in Oudtshoorn het dosente en studente egter genoegsame geleentheid gekry om die verhouding tussen skool en gemeenskap reg te stel deur betrokke te raak om in verskeie wyke van Oudtshoorn ook landbouklubs te stig. Die doel van die klubs was om die kinders van arm en minderbevoorregte ouers in hul vrye tyd besig te hou en om hulle nuttige vaardighede aan te leer ten opsigte van naaldwerk, houtwerk, sementwerk, velwerk en veral ook tuinbou. Die projek was 'n groot sukses en het die studente en leerlinge geleer om selfonderhoudend te funksioneer en om hulle vaardighede na die res van die gemeenskap uit te dra.[232] Teen 1926 was die Opleidingskollege Oudtshoorn se studentetal 141 en het dit 'n groei van 141% getoon. Die groei in studentegetalle was die grootste van alle onderwyserskolleges in die land. Vir die personeel van die Opleidingskollege was opvoeding van die jeug 'n prioriteit want vir hulle het ..."die sleutel van die armblankevraagstuk in die doodkis van onkunde gelê".[233] Hierdie opleiding het ook gehelp om die armblanke selfonderhoudend te maak en het sodoende 'n bydrae gelewer tot die herstel van baie armes se menswaardigheid. In 1935 was daar reeds 45 wit mans in Oudtshoorn by onderwysverwante beroepe betrokke.[234]

5.3.6 Die weermag

Daar kon geen bewyse gevind word dat die weermag voor 1913 pogings aangewend het om armoede te probeer verlig nie. Maar in 1913 is daar wel 'n nuwe regiment onder die nuwe Verdedigingswet van 1912 gestig en 600 mans vanuit Oudtshoorn en distrik het daarby aangesluit. Oudtshoorn was die amptelike hoofkwartier en het die dorpe Beaufort-Wes, Ladismith, George, Knysna en Riversdal bedien.[235] Die regiment het werk verskaf aan wit mans vanuit die genoemde distrikte. Daar is gereeld kampe in Riversdal en Uitenhage gehou waartydens opleiding aan die mans gegee is. Tydens die opleiding het die mans ook 'n soldy ontvang wat hulle finansieel gehelp het. Daar is volgens die Verdedigingswet van 1912 is daar ook 'n toelaag betaal aan diegene

---

231 CPNMA, *Oudtshoorn Opleidingskollege Kwarteeufees 1925 – 1950,* Bowles Drukkers, Oudtshoorn, p. 23.
232 *Ibid,* p. 54.
233 CPNMA, *Oudtshoorn Opleidingskollege Jaarblad, 1926,* Bowles Drukkers, Oudtshoorn, p. 11.
234 CPNMA, *Voters' list, 1935. Electoral division of Oudtshoorn,* Staatsdrukker, 1935, pp. 9 – 29.
235 Suid-Afrikaanse Militêre Argief, Pretoria, (hierna SAMA), Bron DC 4, Ref 52514, Transfer of headquaters to Oudtshoorn, p. 4.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wat bereid was om perde aan te hou en beskikbaar te stel aan die regiment.[236] Met die beëindiging van die Eerste Wêreldoorlog in 1918 het die getal werkloses as gevolg van terugkerende soldate toegeneem. Die regering het dadelik begin om 'n indiensnemingsprogram onder bevel van kolonel J Stanford in te stel. Gedurende 1919 het die regering van dié soldate in verskillende staatsprojekte soos besproeiingskemas, die bosboubedryf en die spoorweë begin opneem. In 1920 was 2 270 van die soldate in die spesiale indiensnemingsprojekte opgeneem. [237]

5.3.7 Bywonerbehuising

Die vestiging van baie bywoners en armblankes in dorpe soos Oudtshoorn, het veroorsaak dat hulle werk buite hulle arbeidsveld moes verrig. Van hulle moes as stoormanne, stuurmanne, arbeiders, smouse, tuiemakers, skoenmakers, tuiniers en briewebestellers gaan werk.[238]

Die staat het besef dat die werkverskaffing op die verskillende werkskeppingskemas nie volhoubaar was nie, maar slegs tydelik van aard was. In baie gevalle was daar net vir die mans werk en moes hulle vroue en die gesinne agterbly. Die afwesigheid van die gesinshoof het op sy beurt weer sosio-maatskaplike probleme veroorsaak.[239] Die oplossing vir die staat het daarin gelê dat werkloses en bywoners deur die meer gegoede deel van die boerderygemeenskap geakkommodeer moes word deur hulle in diens te neem sodat die arbeidsmag op die plase behoue kon bly. Met bogenoemde situasie in gedagte is die bywoner-, plaasopsigter- en assistent- rehabilitasieskema in 1934 van stapel gestuur. Volgens hierdie skema kon grondeienaars by die staat aansoek doen vir 'n behuisingsubsidie van £50 per huis en daardeur is beter behuisingstoestande geskep wat die bywoner se menswaardigheid weer herstel het.[240] In Oudtshoorn het die volgende grondeienaars tussen 1934 en 1936 om subsidie vir bywonersbehuising aansoek gedoen en is dit deur die staat goedgekeur: WJL Grundling vir bywoner GJ Rheeder, JH Smith vir bywoner GJE van Oudtshoorn, CJ Nortier vir bywoner BD Spies, N Lipschitz vir bywoner PE le Roux, SF Redelinghuys vir bywoner SE Terblanche, W Louwrens vir bywoner CJP Botha, PJD van Rooyen vir bywoner WE Tait, SA Schoeman vir bywoner J Meyer, WG Olivier vir bywoner W du Plessis en WC Breytenbach vir bywoner A Breytenbach. [241] Hierdie bywoners se huise is verbeter en hulle was deel van die groep wat op die plase aangebly het.

---

236 LKAO, Distriksrekordboek, pp. 208, 209.

237 D. Berger, "White poverty and government policy", p. 215.

238 CPNMA, *Voters' list, 1935. Electoral division of Oudtshoorn,* Government Printers Pretoria, 1935, pp. 9 – 29.

239 U.G., 43 – 34, *Unemployment and relief measures,* p. 112.

240 *Ibid.,* p. 112.

241 NASA, Bron VWR, Vol 24, Ref B645/63/6,7,8,9, 10, 12,21, 37,71: Aansoek vir bywoners, G.J. Rheeder, G.J.E. van Oudtshoorn, C.H. van Oudtshoorn, B.D. Spies, P.E. le Roux, S.E. Terblanche, G.J.P. Botha, W.E. Tait, J. Meyer, W. du Plessis en A. Breytenbach.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die rehabilitasieskema was baie gewild en die volgende bedrae is deur die staat uitbetaal om sodoende die behuising van bywoners te verbeter. Gedurende die tydperke 1934-1935 is £6959 14s 0d uitbetaal, gedurende 1935 – 1936, £46 196 12s 0d en gedurende 1936 – 1937 £62 049 9s 11d.[242]

Daar is bevind dat die oorgrote meerderheid van die werkloses en bywoners wat by die skema baat gevind het diegene was vir wie boerdery 'n absolute liefde was. Baie van die armblankes wat reeds in die dorpe gevestig was, het nie na die plase teruggekeer nie.[243]

5.4 Samevatting

Die armblanke-probleem en die gepaardgaande werkloosheid van so baie witmense, het vir die staat en politici 'n al groter probleem geword. Die staat kon nie die vraagstuk van wit armoede finaal oplos nie, maar in samewerking met ander staatsdepartemente, privaat instansies, die kerk en die hulp van individuele leiersfigure kon baie armblankes gehelp word om op ekonomiese gebied weer selfversorgend te raak. Dit is moeilik om te bepaal of die staat se spesiale bystand by werkskeppingsprojekte soos bosbou en die spoorweë, asook die staat se "beskaafde arbeidsbeleid" en terug-na-die-grond beleid, wit armoede en werkloosheid permanent opgelos het. In baie gevalle het dit tot 1937 slegs tydelike oplossings gebied.

Teen 1921 het die staat se hulpverlening aan armes toegeneem. Daar was min projekte wat die armblanke vraagstuk permanent opgelos het. Dit was slegs die bosbounedersettings wat vir 'n deel van die armblankes op 'n permanente basis finansiële verligting gebring het. Besproeiingskemas soos die Hartebeespoortprojek het slegs vir 'n gedeelte van die armblankes verligting gebied en baie is ook net vir 'n kort periode daar gevestig. Die bou van spoorlyne was eweneens net 'n tydelike verligting, want sodra sodanige projek klaar gebou is, was die arbeiders weer sonder werk. In Oudtshoorn het die uitbouing van die spoornetwerk gehelp om die vervoerprobleme van baie armblankes op te los. Die bou van die spoorlyn tussen George en Knysna het ook gehelp om die geïsoleerdheid en verdere verarming van die boswerkers teen te werk, want dienste in hierdie dorpe was nou meer toeganklik. Padwerke het die minste impak op armoedeverligting gehad, want sulke projekte was gewoonlik van korte duur.

Die getal werkloses wat in regeringskemas opgeneem is, het 'n hoogtepunt in 1933 bereik met 'n totaal van 46 453. Die getal permanente werkers op die spoorweë het teen 1934 begin afneem, maar die tydelike werkers se getalle het vermeerder. [244]

In Oudtshoorn was die staat se grootste uitdaging om die groot aantal arm boere te oortuig om na 'n alternatiewe soort boerdery oor te skakel. Die staat se betrokkenheid by armoede in Oudtshoorn deur gewone bystand het vir baie armblankes en werkloses tydelike verligting gebring. Die daarstelling van onderwysgeriewe soos die

---

242 U.G., 43 – 34, *Unemployment and relief measures*, p. 117.
243 *Ibid.,* p. 115.
244 D. Berger, "White poverty and government policy", p. 301.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bou van die ambagskool en die onderwyserskollege het wel daartoe bygedra om die armblanke met kennis te bemagtig en baie mense uiteindelik selfonderhoudend te laat wees. Die staat se finansiële bystand in Oudtshoorn, deur te help met die bou van die spoorlyn na Calitzdorp, die oprigting van die kaasfabriek in Oudtshoorn, die bou van die Kammanassiedam en die bou en instandhouding van paaie, was vir ʼn groot deel van die boeregemeenskap ʼn langtermyn finansiële hulp, maar dié projekte het sommige armblankes slegs tydelik gehelp. Na die voltooiing van die Kammanassiedam, die bou van die spoorlyn en instandhouding van paaie, was ʼn groot deel van die arbeiders weer sonder werk. Die projekte het vir hulle tydelike verligting gebring. Daar was egter ʼn groep armblankes wat by die staat se dam- en padbouprojekte in ander dele van die land ingeskakel het en sodoende ʼn onafhanklike finansiële bestaan begin voer het.

Na die voltooiing van die Kammanassiedam is geeneen van die dambouwerkers permanent in diens geneem nie, want die funksionering van die dam was nie van hulle afhanklik nie. Dieselfde het ook by die bou van die spoorlyn tussen Oudtshoorn en Calitzdorp gebeur. Na die voltooiing van die projek was die arbeiders weer werkloos. Die bou van die Kammanassiedam en die spoorlyn tussen Oudtshoorn en Calitzdorp het wel ʼn impak op die demografie van die dorp en distrik gehad. Tydens die bou van die dam is daar ʼn tydelike nedersetting suid van die dam gevestig met ʼn eie winkel, poskantoor en ontspanningsgeriewe. Van die armblankes in Oudtshoorn was betrokke by die projek en het tydelik daar gewoon. Dieselfde demografiese verandering het plaasgevind tydens die bou van die spoorlyn. Om die trajek te laat funksioneer, moes ekstra personeel aangestel word en van hulle het in die dorp gewoon, terwyl ander langs die trajek gehuisves is om na die daaglikse funksionering van die treinstelsel om te sien. Kinders van die gesinne is in die omliggende skole geakkommodeer en sodoende het die skoolgetalle gestyg en kon die skole langer in gebruik bly. Teen die einde van 1936 het wit armoede in Suid-Afrika begin afneem as gevolg van ʼn aantal faktore, byvoorbeeld die reënval wat vermeerder het, en gevolglik ook die ekonomiese herstel van die land. Die destydse regering het ook begin om die fokus van tydelike hulp na meer permanente betrekkings te verskuif.[245]

[245] I. Abedian, Poor White sand the Role of the State: The Evidence, *South African Journal of Economics*, Vol 35 (2), 1985, p. 94.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

EVALUERING

Armoede bly ’n traumatiese en dramatiese ervaring in die mens se sosio-maatskaplike lewe. In Oudtshoorn en distrik is armoede vanaf 1914 tot 1937 deur ’n tragiese sameloop van vele gebeurtenisse, buite beheer van die mens, veroorsaak. Interne faktore en eksterne faktore het saam ’n rol in die proses van verarming gespeel. Droogtes, die val van die volstruisveerbedryf, swak verbindingsweë, gebrekkige opleiding en afgesonderdheid, as gevolg van geografiese faktore, was die interne faktore wat ’n bydraende rol tot verarming gespeel het. Eksterne faktore soos die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, die Groot Griep van 1918, wat die hele Unie van Suid-Afrika geraak het en die wêreldwye depressie van 1929 tot 1933, het armoede in Oudtshoorn dramaties beïnvloed. As die voorkoms van armoede in Oudtshoorn tussen 1914 en 1937 aan die definisie, soos in hoofstuk een bespreek, gemeet word, vergelyk dit goed met die voorkoms daarvan in aangrensende dorpe en distrikte. In nedersettings soos Jonkersberg en Bergplaas naby George en in die distrikte van Calitzdorp en Prins Albert, asook die nedersettings in Kakamas en die Hartebeespoortdam, was al die mense van dieselfde sosio-ekonomiese groepering. Almal se kleredrag was min of meer dieselfde en almal was daar om dieselfde rede, naamlik om uit die wurggreep van armoede te probeer ontsnap.

In Oudtshoorn was die omstandighede egter anders. Die armes wat nie na ander dele in die Unie van Suid-Afrika kon gaan om daar ’n beter bestaan te maak nie, was verplig om tussen die meer gegoedes in Oudtshoorn te leef en te werk. Die val van die volstruisveerbedryf het veroorsaak dat eens finansieel vooruitstrewende boere as padwerkers in Meiringspoort, op Calitsdorp en in Oudtshoorn moes werk. Ander moes met die bou van die spoorlyn tussen Oudtshoorn en Calitzdorp as arbeiders werk. Sommige mense, wat eens ’n onafhanklike sosio-ekonomiese bestaan gevoer het, is tot togryers gedegradeer. Van hulle is deur omstandighede buite hulle beheer tot bywonerstatus gedoem waar hulle op dieselfde vlak as plaasarbeiders behandel is. Die eens vooruitstrewende boer wat ’n bywoner geword het, is toe by die kombuisdeur van die plaaseienaar ontvang en sy vrou en kinders was nie naby die plaasopstal welkom nie. Uit mondelinge onderhoude, gerugsteun deur die kieserslys van 1935, het dit geblyk dat armblanke meisies in Oudtshoorn as huishulpe gewerk het en vir baie was die verhouding tussen die werkgewer en werknemer uiters vernederend.

Van die verarmdes wat nie as bywoners kon werk nie, het noodgedwonge na Oudtshoorn verhuis opsoek na beter sosio-ekonomiese omstandighede. In die proses was van hulle verplig om in agterbuurtes te gaan woon. Hulle moes water met ’n emmer vanuit die Grobbelaarsrivier aandra terwyl die meer gegoede inwoners water kon laat aanry. Dit was die groep wat skriftelik om hulp aansoek moes doen by die kerk en hulle behoeftigheid is sodoende aan die kerkraad bekend gemaak. Hulle moes in rye by die kerksaal en die pastorie staan waar kospakkies of voedselbriefies aan hulle uitgedeel is. In dié geestelike ruimte is verder teen hulle gediskrimineer deurdat hulle nie langs meer gegoede lidmate in die kerk kon sit nie. As gevolg van hulle eenvoudige kleredrag was dit vir hulle vernederend om eredienste by te woon en het hulle in baie gevalle dit nie gedoen nie. So was hulle gedwing om as gevolg van hulle staat van armoede tussen die meer gegoede Afrikaners te leef waar hulle in die proses verneder is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dié vernederende belewenisse het ŉ lewenslange negatiewe uitwerking op van die respondente, met wie die navorser onderhoude gevoer het, gehad en van hulle leef steeds met ŉ gevoel van minderwaardigheid. Daar was van hulle wat aangedui het dat hulle nooit voorheen daaroor kon praat nie en party was steeds nie bereid om hulle belewenis van armoede te deel nie. Die voorafgaande studie dui onomwonde aan dat die voorkoms van armoede in Oudtshoorn en omliggende dorpe ŉ ongekende invloed op die sosio-maatskaplike lewe van baie witmense gehad het en dit maak armoede in Oudtshoorn verskillend van armoede in die res van die Unie van Suid-Afrika in die periode tussen 1914 en 1937.

Uit die drie doelwitte wat gestel is, is bevind dat van die grootste oorsake van verarming in Oudtshoorn tussen 1914 tot 1937 as gevolg van oorsake buite beheer van die armblanke was. Die eerste doelwit is bereik deur te bewys dat verarming in Oudtshoorn deur die geografiese ligging van Oudtshoorn en natuurrampe veroorsaak is. Die geografiese ligging van Oudtshoorn, naamlik die feit dat die dorp en distrik in ŉ vallei tussen twee bergreekse geleë is, het afgesonderdheid tot gevolg gehad. Dit was een van die grootste oorsake van verarming. Dié ligging en spesifieke geografie en klimatologie van die Klein Karoo het veroorsaak dat die gebied min reën gekry het en dat erge sikliese droogtes voorgekom het. Die gevolglike waterskaarste en gebrek aan verbindingsweë het boerdery-omstandighede vir baie boere bemoeilik. Sou daar wel reën geval het, het dit in die vorm van erge donderstorms gekom. Na die erge droogte in 1916 is die droogte verlig, maar reën het in die vorm van donderstorms gekom wat so intensief was dat dit verspoelings en baie skade aan landerye, huise en plaaslike verbindingsweë veroorsaak het. In dieselfde jaar het JH Schoeman, die destydse LV vir Oudtshoorn, hierdie verskynsel beklemtoon. Hy het in die Parlement gesê dat die armoede in Oudtshoorn nie net aan die gevolge van die val van die volstruisveerbedryf toegeskryf kon word nie, maar ongetwyfeld ook aan die ongekende droogtes. Baie boere het hulle plase as gevolg hiervan verloor en bywoners geword. Die droogtes en gevolglike gebrek aan water en ongebalanseerde dieëte het siektes en sterftes onder armblanke gesinne laat toeneem.

Tot en met 1938 was siektes soos tuberkulose, kinkhoes en tifuskoors van die grootste oorsake van sterftes in Oudtshoorn. Benewens natuurrampe het die ineenstorting van die volstruisbedryf in 1914 ŉ negatiewe impak op veral die ekonomies-vooruitstrewende deel van die bevolking in Oudtshoorn gehad. Dit was dié deel van die gemeenskap op wie verarming die grootste impak gehad het en wat die grootste aanpassings ten opsigte van hulle lewenstandaard moes maak. Van die boere het baie skuld gehad, want hulle het verbande op hulle plase geneem wat groter as die waarde daarvan was. Hierdie faktore het die voorkoms van wit armoede in Oudtshoorn tot ŉ groot mate uniek gemaak.

Die tweede doelwit was om die manifestasies van armoede en die inter-kulturele verhoudinge onder die gemeenskap van Oudtshoorn in die periode tussen 1914 tot 1937 te ondersoek. Die grootste groep witmense wat in Oudtshoorn verarm het, was hoofsaaklik diegene wat na die val van die volstruisveerbedryf hulle eiendomme verloor het, na die dorp moes trek of as bywoners op plase gaan werk het. Die navorser het bevind dat sommige grondeienaars bywoners finansieel onderdruk het en dit het daartoe bygedra dat dit vir hulle nie maklik was om uit hulle staat van armoede te beweeg nie. Daar is ook op sosiale gebied teenoor hulle

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gediskrimineer wat by baie arm persone ŉ lewenslange gevoel van minderwaardigheid laat ontstaan het. Baie van dié wat na die dorp verhuis het, moes as heiningmakers, skoenmakers of bodes gaan werk. Die Jode wat hulle in Oudtshoorn gaan vestig het, kon hulleself maklik met die armoede in Oudtshoorn assosieer. Armoede het die interkulturele verhouding tussen die Afrikaner en veral die Joodse winkeliers positief beïnvloed. Vir baie verarmde Afrikaners was die Joodse sakemanne ŉ redmiddel, want die Jode het hulle toegelaat om by hulle op skuld te koop. Goeie interaksie tussen die Jode en die Afrikaanssprekendes het tot gesonde onderlinge verhoudinge gelei en die Jode is geleidelik ook as inwoners van Oudtshoorn aanvaar. In die distrik het die meeste armblankes tussen Oudtshoorn en Calitzdorp gewoon, asook langs die rivierlope oos van Oudtshoorn. Die vestiging van armblankes in die distrik is deur die voorkoms van natuurlike hulpbronne beïnvloed en dit het regoor die distrik gewissel. In die dorp was die grootste konsentrasie armes in die noordelike deel van die dorp, asook in Oudtshoorn-suid.

Die derde doelwit was onder andere om die armblanke se reaksie op armoede tussen 1914 tot 1937 vas te stel. Uit die bestudering van argivale materiaal is bevind dat daar in Oudtshoorn ŉ demografiese verandering plaasgevind het. Van die armblankes het na die dorp verhuis op soek na ekonomiese oorlewing. Dáár het sommige van hulle as skoenmakers, karweiers, heiningmakers en bodes gewerk. ŉ Groep het die distrik verlaat om ŉ nuwe bestaan op bosboustasies en by die spoorweë te gaan voer. Daar kan met reg gesê word dat baie van die verarmdes die waarde van opleiding besef het en moeite gedoen het om hulle kinders na opvoedkundige sentrums te stuur sodat hulle uit die staat van armoede kon beweeg. Baie van die armes het hulle kinders na die Rooms Katolieke skool gestuur waar hulle onderrig in Engels ontvang het. Die ouers was van mening dat indien die kinders Engels magtig sou wees hulle makliker in betrekkings aangestel sou word.

Die kerk se rol in armoedeverligting is ook ondersoek. Armoedeverliging was ŉ prioriteit vir die plaaslike NGK en dit strek reeds vanaf die stigting van die gemeente in Oudtshoorn in 1853. Toe reeds het die leraar besef dat ŉ groot deel van die kerk se lidmate in uiterste armoede geleef het en dat dit die plig van die kerk was om die lidmate te help. Die hulp van die kerk is vanaf 1914 tot 1937 in twee duidelike kategorieë aangebied, naamlik die verligting van die materiële behoeftes van arm lidmate en die sosio-maatskaplike opheffing van daardie lidmate deur middel van opvoeding. Die kerk se betrokkenheid by die armoede van sy lidmate loop soos ŉ goue draad deur die notules van die gemeente.

Met die materiële verligting van armoede is gepoog om die armblanke weer onafhanklik te laat funksioneer. Op die eerste kerkraadsvergadering van Januarie 1914 is die nood van armes bespreek. Mense is gehelp deurdat hulle fisiese omstandighede eers geëvalueer is en die hulpverlening sou slegs vir ŉ bepaalde tydperk geduur. Dr Coultor, ŉ navorser oor wit armoede in Amerika, het bevind dat die kerk daar vir ŉ paar geslagte lank families onderhou het. In teenstelling daarmee het Oudtshoorn se kerk ook mense gehelp, maar met die uitsluitlike doel om hulle so gou as moontlik weer selfonderhoudend te laat word. Die kerk in Oudtshoorn het onbewustelik ŉ bruikbare armoedeverligtingsmodel vir maatskaplike werkers en die kerk van die een-en-twintigste eeu uitgerol deur daardie manier van hulpverlening. Hulle het nie toe besef dat dié model in die toekoms gebruik sou kon word nie. Hulpverlening aan die armes in die gemeente het op ŉ gestruktureerde en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gekontroleerde wyse geskied. Volgens die model moes lidmate skriftelik aansoek doen en die aansoeke is deur die kerkraad goedgekeur of afgekeur. Vir baie lidmate was die kerk hulle enigste redmiddel en hulle het met hulle nood daarheen gegaan.

Tog was die openbaarmaking van die armblanke se behoeftes, deurdat om armoedeverligting aansoek gedoen moes word, asook die uitdeel van die kospakkies by die kerk, vir hulle ʼn vernederende ervaring. In sommige gevalle was mense trots-sensitief rakende die uitdeel van kos by die kerk, maar vanuit die kerk se oogpunt was die doel van hulpverlening om die armblanke aan te moedig om uiteindelik weer ʼn onafhanklike lewensbestaan te voer en moet dit teen dié agtergrond beskou word. Die kerk het besef dat een van die oplossings van armoede was om in die opvoeding van die armes te investeer. Daar was kerkskole binne die gemeentegrense en die kerkraad het hierdie skole finansieel ondersteun. ʼn Algehele bewuswording van die waarde van opvoeding het in die gemeenskap ontwikkel en algaande het die kerk fondse in die vorm van beurse vir verdere naskoolse opleiding beskikbaar gestel. Teen 1937 was daar twee fondse beskikbaar vir behoeftige leerders van die gemeente, naamlik die gemeentelike opvoedingsfonds, asook die Schoeman-opvoedingsfonds.

Die staat het ook ʼn belangrike bydraende rol tot armoedeverligting gelewer. Die staat se hulp is na provinsiale en plaaslike vlak afgewentel. Op plaaslike vlak, soos in die geval van Oudtshoorn, was dit die landdros wat finansiële steun aan projekte gekoppel het om armblankes sodoende te help. Van die vernaamste projekte in Oudtshoorn was die verlenging van Hoogstraat, die bou van die pad tussen Oudtshoorn en Mosselbaai, die span van heinings langs plaaspaaie, asook die verspreiding van voedsel aan armblankes in die distrik. Die gemeenskap het gebaat by finansiële steun vanaf nasionale vlak toe die Kammanassiedam en die spoorlyn tussen Oudtshoorn en Calitzdorp gebou is. Dit is moeilik om die staat se armoedeverligtingstrategieë in Oudtshoorn tussen 1914 en 1937 met dié van ander gebiede in die Unie van Suid-Afrika te vergelyk, want die navorser se fokus was slegs op die staatsingrepe in Oudtshoorn en omgewing. Die daarstelling van infrastruktuur deur staatsingrepe het korttermyn- sowel as langtermynverligting vir armoede gebring. Dit het tot werkskepping gelei wat ʼn belangrike faktor tot armoedeverligting in die streek was.

Die staat se betrokkenheid by armoede in Oudtshoorn, veral na 1926, het daartoe bygedra dat die demografie in die streek verander het sonder om die geografiese grense te verander. Staatsingrepe het met dié verskuiwings die streeksgeskiedenis van Oudtshoorn beïnvloed. Die val van die volstruisveerbedryf in 1914 het die regering laat besef dat boere se denke rondom ʼn ″een-soort-boerdery″ verander moes word na gediversifiseerde boerderypraktyke. ʼn Staatsingreep wat uniek tot armoedeverligting in Oudtshoorn was, was die landboukommissie wat in 1926 gestuur is om ondersoek in te stel na moontlike alternatiewe boerderymetodes in die distrik en om aan boere leiding te gee ten opsigte van nuwe boerderypraktyke. Die gevolg daarvan was die daarstelling van ʼn proefplaas wat steeds waardevolle inligting aan boere verskaf. Voortspruitend daaruit was die totstandkoming van aanvullende boerderye soos suiwel-, vrugte- en groenteboerdery. Na aanleiding van die kommissie se aanbeveling is die verbouing van okkerneute in die Kangovallei tot ʼn winsgewende bedryf gevestig. Daar is ook begin om katoen op klein skaal in die omgewing van De Rust te verbou. Die ingrepe van die staat het daartoe aanleiding gegee dat wynboerdery vanaf 1927 weer ʼn oplewing ervaar het en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

uiteindelik ŉ gevestigde boerdery in Oudtshoorn geword het. Die staat wou die boere dus oortuig om nie volstruisboerdery hulle hoofbron van inkomste te maak nie. Dié veranderinge het ŉ meer professionele arbeidsmag na Oudtshoorn gebring en laat vestig. Sodoende het die sosio-maatskaplike toestande in Oudtshoorn begin verander en met dié verskuiwings is die streeksgeskiedenis van Oudtshoorn beïnvloed. Die staat het ook begin om deur middel van landbouklubs en landbouvoorligting boere se landboukennis te verbeter en die onderwyserskollege het hulp verleen om die verenigings te administreer.

Op Oudtshoorn het die verbetering van verbindingsweë met staatshulp ŉ groot bydraende rol gespeel om sodoende die in- en uitvoer van landbouprodukte te bevorder. Die bou van die spoorlyn tussen Oudtshoorn en Calitzdorp was nie net ŉ werkverskaffingsprojek vir armes nie, maar het ook tot gevolg gehad dat van die boere hulle produkte gouer by die hawens en markte kon kry. Vroeër was die geografiese afgesonderdheid ŉ bydraende faktor tot armoede deurdat produkte daardeur nie op groot skaal buite die distrik verkoop kon word nie. Die verkoop van lusern en die versending van lusernbale aan boere in ander dele van die land was ŉ finansiële inspuiting vir die boerderygemeenskap. Die staat se hulp met die bou van die Kammanassiedam het werkverskaffing tot gevolg gehad en boere kon uiteindelik hulle landerye meer gereeld besproei en beter oeste behaal. Tog het die bou van die dam ook negatiewe gevolge gehad. Die Draaihoek-gebied is deur die staat gekoop vir die bou van die dam en vier gesinne moes ŉ ander heenkome vind en ŉ bestaan as togryers en bywoners elders gaan maak.

Ten opsigte van die periode tussen 1914 en 1937 het EG Malherbe bevind dat daar ŉ persepsie onder sommige welvarende mense bestaan het dat opleiding nie belangrik was nie, maar dat die besit van grond ŉ prioriteit was, want eiendomme was vir hulle ŉ sekuriteit. Die navorser het egter bevind dat die voorkoms van armoede arm mense al meer die waarde van opleiding laat besef het. Op opvoedkundige gebied het die staat ŉ bydrae gelewer deur die oprigting van spesiale skole en die onderwyserskollege op Oudtshoorn. Die staat se oorname van die industriële skool by die kerk het tot gevolg gehad dat die getalle van die skool toegeneem het deurdat ŉ groter vakkeuse aangebied is. Baie van dié oud-leerlinge van die skool het uiteindelik selfonderhoudende besighede op die dorp bedryf. Die gevolg van die oprigting van ŉ onderwyserskollege op Oudtshoorn was dat van die afgestudeerde studente betrekkings in plattelandse gemeenskappe aanvaar het waar hulle ŉ positiewe bydrae tot die opheffing van daardie gemeenskappe gelewer het. Staatshulp aan armblankes op Oudtshoorn het tydelike verligting gebring, maar met die hulp van opvoeding aan die armblanke het dit blywende waarde tot hulle lewens toegevoeg.

Die Skipp-model was van hulp om die navorsing binne vier hoof fokustemas aan te bied. Die eerste tema was die ekonomiese fokus wat van die grootste oorsake tot verarming was. Die tweede tema was dié van dorpstigting en het geografiese faktore, geïsoleerdheid, verbindingsweë en die gebrek aan standhoudende riviere as bydraende faktore tot verarming ingesluit. Die derde tema was die sosiale fokus en dit het die armblankes se kulturele geskiedenis en hoe die verarmdes op armoede gereageer het, aangespreek. Op sosiale gebied het die teenwoordigheid van Jode ook ŉ belangrike rol in die lewe van die armblanke gespeel. Die laaste fokus uit die Skipp-model is die politieke ontwikkeling van Oudtshoorn en sy distrik. Die impak wat die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Beskaafde Arbeidsbeleid van die destydse Pakt-regering op Oudtshhoorn tydens die bou van die Kammanassiedam en die spoorlyn tussen Calitzdorp en Oudtshoorn gehad het, was veral belangrik. Hierdie model het dus gehelp om die navorsing binne ʼn gestruktureerde raamwerk en binne ʼn historiese konteks aan te bied.

Ná 1937 het die demografie van Oudtshoorn aansienlik anders daar uitgesien as in 1914. Die bevolking van die dorp het van 6 810 mense in 1937 tot 6935 in 1938 gestyg. Verbindingsweë is verbeter en spoorverkeer het toegeneem. In die suidelike deel van die dorp is ʼn spoorwegwoonbuurt gevestig wat op sy beurt weer die bevolkingsamestelling van die dorp beïnvloed het. Die totstandkoming van opvoedkundige sentra het gelei tot ʼn toename in studentegetalle aan die onderwyserskollege. Die leerlinggetalle van die skole het gegroei. Die uitbreiding van die weermagbasis het die ekonomie van die dorp gestimuleer. Die koopkrag op die dorp het ook toegeneem. Meer professionele persone het hulle in Oudtshoorn gaan vestig en hul kundigheid het ʼn positiewe uitwerking op die sosiaal-maatskaplike lewe van die dorp gehad. Die sosio-maatskaplike toestande in Oudtshoorn het geleidelik begin verbeter, maar daar was nog steeds gebiede op die dorp waar armoede baie intens was. Sterftes as gevolg van tuberkulose het na 1937 steeds toegeneem, maar dié aan tifuskoors het afgeneem. In die deel van die dorp wat as ʼn agterbuurt bekend gestaan het, was armoede nog steeds ʼn gegewe en het witmense in swak huislike omstandighede gewoon. Die voorkoms van bywoners en sosiale diskriminasie was tot in die laat vyftigerjare van die vorige eeu nog steeds ʼn werklikheid op Oudtshoorn. Tog het die sosio-maatskaplike omstandighede van die bywoner oor tyd verbeter.

Landboustoestande in Oudtshoorn het begin verbeter. Besproeiing kon meer gereeld plaasvind wat uiteindelik oeste positief beïnvloed het. Van die lusernlande is omgeploeg en tabak is geplant wat uiteindelik tot winsgewende boerderye ontwikkel het. Intussen het die verbouing van lusernsaad vir die binnelandse mark gegroei en baie boere uit hulle finansiële nood gehelp. Vir baie boere was gemengde boerdery in Oudtshoorn ʼn redding. Party boere wat gewoond was aan die telingsproses van volstruise het oorgeskakel na stoeterye van goeie melkbeeste. Baie boere het hulle groenteboerdery uitgebrei en in die omgewing van De Rust is daar op groot skaal begin om groentesaad te kweek. Die volstruisbedryf het ook begin verbeter en die aanvraag na volstruisprodukte het begin toeneem. Die gebruik van volstruisvere het weer in die modewêreld in aanvraag gekom. Daar is ook met die verwerking van volstruisleer begin. In 1945 is die Klein Karoo Landboukoöperasie gestig met die doel om onder andere met die bemarking van landbouprodukte te help. Teen 2017 het Oudtshoorn sy eie saadbemarkingsagentskap en ʼn goed gevestigde landbounavorsingsraad gehad wat boere met kundigheid bedien het. Watervoorsiening aan die dorp het met die bou van die Mellvilledam en ʻn opgegradeerde waterpypleiding verbeter en dit het ʼn verligting in die gesondheidstoestande van die gemeenskap gebring.

Teen 1938 was daar in ʼn merkbare verbetering in die onderwyssisteem op Oudtshoorn, maar dit was hoofsaaklik tot skole op die dorp beperk. Daar was toe reeds 15 skole op die dorp en 32 primêre skole in die distrik. Op die dorp het die Hoër Handelskool handelsvakke aangebied wat die gewildheid van die skool laat toeneem het. Dit het leerlinge uit baie dorpe van die Suidwestelike distrikte getrek. Van die leerders het na die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

voltooiing van Gr 12 as sekretaresses begin werk en in die handelsbanke betrekkings aanvaar. Die Hoër Tegniese Skool het sedert sy ontstaan vakke soos houtbewerking, pas- en draaiwerk, sweiswerk en paneelklopwerk aangebied. Seuns vanuit omliggende dorpe het hulle skoolopleiding hier ontvang en kon na Gr 12 as vakmanne opgelei word. Hierdie skole, tesame met die Hoër Meisies- en Seunskool, het daartoe bygedra dat die armblanke leerder toegrus is om uiteindelik ʼn selfstandige bestaan te kon maak. Saam met die skole het die onderwyserskollege ook ʼn onmeetbare groot bydrae gelewer tot die verligting van armoede in Oudtshoorn en sy omliggende dorpe. Opgeleide onderwysers kon in hulle nuwe gemeenskappe nuwe kennis inploeg en sodoende opheffingswerk onder armblankes doen.

Die toestande in die distrikskole was egter nie so gunstig nie. Die landelike bevolking was versprei oor ʼn gebied van 25 701 hektaar landbougrond wat hoofsaaklik langs die rivierlope geleë was. Een van die faktore wat negatief op die skolastiese prestasie van die leerders ingewerk het, was isolasie, want isolasie het ʼn negatiewe invloed op hulle ervaringsveld gehad. Die mediese inspekteur van skole kon ook nie gereeld sodanige skole besoek nie as gevolg swak paaie en isolasie. ʼn Ander remmende faktor was vervoermiddele. Die spoorverbinding tussen Oudtshoorn, Calitzdorp en De Rust is hoofsaaklik deur volwassenes gebruik om hulle aankope op Oudtshoorn te gaan doen. Die meeste van die leerders in die distrik moes skool toe loop as gevolg van gebrekkige vervoermiddele. Isolasie en armoede was dus van die grootste bydraende faktore wat leerders se akademiese vordering in die distrik negatief beïnvloed het.

Op kerklike gebied het dit na 1937 ook beter begin gaan. Die NGK-gemeente se lidmaattal het gegroei en geleidelik is nuwe gemeentes afgestig wat veroorsaak het dat die demografie van die gemeente verander het. Verskeie gemeentes is afgestig, naamlik Oudtshoorn-Wes in 1948, Oudtshoorn-Noord in 1951 en Oudtshoorn-Suid in 1954. Die grense van die moedergemeente het dus heelwat kleiner geword wat weer ʼn finansiële impak gehad het, want die lidmaattal en hulle finansiële bydraes het gedaal. Die verandering het veroorsaak dat die gemeente minder plaaswyke gehad het en gevolglik kon minder boere ʼn finansiële bydrae maak. Ten spyte van die kleinerwordende moedergemeente het die groei en ontwikkeling van die dorp veroorsaak dat meer professionele persone hulle binne die gemeentegrense kom vestig het wat bygedra het tot die sosio-maatskaplike verbetering van die gemeente. Hulle kundigheid het ʼn positiewe uitwerking op gemeentevlak gehad. Dosente aan die onderwyserskollege het op die kerkraad gedien en kon help om meer ingeligte besluite te neem. Hulle vrouens het by wyksaktiwiteite ingeskakel en sodoende het hulle gehelp om ʼn verskil in die samelewing te maak.

Ná 1937 was daar ʼn merkbare verbetering in die sosio-ekonomiese toestande op Oudtshoorn, maar daar was nog steeds ʼn groot groep verarmde lidmate binne die gemeentegrense en die kerk het sy hulpverlening aan armes voortgesit. In Junie 1938 is daar steeds vir spesiale armsorg begroot. Teen die einde van daardie jaar is besluit om al die diensorganisasies binne die gemeente te laat saamsmelt en as ʼn Gemeentelike Armsorgkommissie te laat funksioneer. In 1938 was die kerk se betrokkenheid by die opvoeding van sy jeug steeds ʼn prioriteit en in 1941 het die plaaslike ACVV steeds hulp aan die 13 distrikskole verleen.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

As die kerk in Oudtshoorn se betrokkenheid by die verligting van wit armoede tussen 1914 en 1937 met dié van 2017 vergelyk word, is daar ooreenstemmende tendense. Op Oudtshoorn voldoen arm persone in 2017 steeds aan die definisie van armoede soos dit in hoofstuk een uiteengesit is. Ekstreme armoede, met ander woorde individue wat nie die materiële middele het om selfstandig te kan oorleef nie, asook intermediêre armoede waar mense nie die verstandelike vermoë het om te oorleef nie, bestaan steeds. Teen dié agtergrond lewer die gemeentes steeds ʼn diens aan armes. Gemeentelede kom na die kerkraad vir hulp en kerkraadslede is betrokke by die identifisering van nood by mense in die verskillende wyke. Daar is egter ʼn duidelike verskuiwing in die vorme van hulpverlening gedurende die tydperk wat deur die studie gedek is en dié van 2017. Die vorme van hulpvelening verskil ook van gemeente tot gemeente. In Volmoed is teen 2017 geldelike steun aan arm lidmate verleen. In Oudtshoorn-Suid se gemeente is kospakkies volgens behoefte voorsien. Dit was egter net in Oudtshoorn-Noord se gemeente waar elke aansoeker ʼn skriftelike aansoek moes doen en dan geëvalueer is. Die aantal armblankes wat in 2017 gehelp is, was baie minder as dié wat teen 1937 gehelp is omdat ander diensorganisasies ook hulp verleen het. In 1934 is die Departement Volkswelsyn gestig en kon ouer persone om staatshulp aansoek doen. Ná 1934 het staatstoelaes toegeneem en teen 2017 het maatskaplike hulp deur die staat in die vorm van toelaes geskied waarvan kindertoelaes en ouderdomstoelaes van die meeste was.

In die Unie van Suid-Afrika het die ekonomie tussen 1933 en 1940 begin verbeter en is dit onder andere deur die ontwikkeling van mynbou gestimuleer. Die ekonomiese groei in die land is gestimuleer deur die aanvraag na halfgeskoolde arbeiders en die grootste voedingsbron was die armblankes wat in staatsprojekte soos bosbou en dambouprojekte opgeneem is. Die staat se betrokkenheid by armoedeverligting op Oudtshoorn is na 1937 steeds na die plaaslike owerheid en landdros afgewentel. In 1938 was daar armblankes wat finansieel deur die landdros gehelp is. Projekte wat deur die staat gefinansier is, was die uitbreding van die plaaslike melkery aan die suidelike kant van die dorp en die uitbreiding van die spoorwegnetwerk toe Oudtshoorn in 1939 oor Klipplaat met Johannesburg verbind is. Die staat was ook betrokke by die finansiering van die bou van skole wat reeds bespreek is.

Armoede op Oudtshoorn is ʼn vergete geskiedenis en die voorspoed wat die gemeenskap voor die val van die volstruisveerbedryf beleef het, is tot in 2017 in die openbare en sosiale media lewendig gehou. Hierdie studie het wit armoede in Oudtshoorn tussen 1914 en 1937 as ʼn gegewe belig. Die belewing en hantering van armoede wat gedurende die tydperk wat die studie dek, ondersoek is, werp nuwe lig op armoede en armoedeverligting in die twintigste eeu op Oudtshoorn.

ʼn Verdere aspek wat deur die studie uitlig is, is die belangrikheid daarvan om die sosiale gewete van die gemeenskap te prikkel deur opleiding aan te moedig sodat ‘n arm persoon uiteindelik as ʼn onafhanklike landsburger kan funksioneer. Deur opleiding en opvoeding kan armes gestimuleer word om hulle eie potensiaal te ontdek om uiteindelik weer doeltreffend by die gemeenskap ingeskakel word. Een van die sleutels tot die verligting van armoede lê dus onder andere ook in doeltreffende opleiding.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die studie bewys histories dat die hantering van ’n arm persoon in die samelewing van so ’n aard moet wees dat sy menswaardigheid nooit aangetas moet word nie. Uit die mondelinge onderhoude het dit feitlik in elke geval aan die lig gekom dat die wyse van hulpverlening aan armes die armblanke se menswaardigheid aangetas het en dat baie van hulle lewenslank met ’n minderwaardigheidgevoel gelaat is. Om effektiewe hulpverlening aan arm persone te kan verleen, is dit noodsaaklik dat die instansie of persone wat by armoedeverligting betrokke is, deeglike kennis en begrip vir en ’n sensitiwiteit ten opsigte van wat armoede werklik is, moet hê.

AANHANGSEL A

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ONDERWERP

Die voorkoms van wit armoede in Oudtshoorn (1914 – 1937)

Die doel van die vraelys is om soveel as moontlik inligting oor die onderwerp in te win. U kan eers die vrae deurlees, daaroor dink, aantekeninge maak en dan, dit wat u kan onthou, rustig neerskryf/beantwoord.

1. Wat was, volgens u, van die grootste oorsake waarom mense in Oudtshoorn en distrik verarm het?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

2. Watter natuurrampe het 'n bydraende rol tot verarming in Oudtshoorn gespeel?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

3. Hoe het armoede in Oudtshoorn gemanifesteer?

.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

.....

.....

.....

.....

.....

4. Wat is in Oudtshoorn gedoen om armoede te verlig?

4.1 Deur die staat

.....

.....

.....

.....

.....

.....

4.2 Deur die NGK in die dorp

.....

.....

.....

.....

.....

.....

4.3 Deur die armblanke self?

.....

.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

.....

.....

.....

.....

5. Wie uit die gemeenskap van Oudtshoorn was behulpsaam met die bou van die Kammanassiedam gedurende 1919?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

6. Watter maatreëls is deur die Departement van Onderwys getref om armoede te help verlig?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

7. Wat is volgens u mening die rede(s) waarom so baie gesinne bereid was om as bywoners op die plase te gaan werk?

.....

.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

.....

.....

.....

.....

8. Hoe sou u die verhouding tussen bywoners en grondeienaars beskryf?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

9. Noem voorbeelde van hoe arm mense mekaar gehelp het om hulle lewensomstandighede te verbeter.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

10. Noem ’n paar voorbeelde waarvan u bewus is waar mense se menswaardigheid (soms deur goedbedoelde aksies) aangetas is. Dink hier bv. aan die houding van grondeienaars teenoor bywoners, arm mense se aanvaarding in die gemeenskap, diskriminerende op- of aanmerkings, ens.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

11. Wat sal u sê was die Jode se bydrae tot die verligting van armoede in Oudtshoorn?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

AANHANGSEL B

BLANKE ARBEIDERS DEPARTEMENT

AANSOEK VIR WERK

1. Volle name

   .....

2. Geboortedatum (dag, maand en jaar)

   .....

3. Geboorte plek (distrik, provinsie en land)

   .....

4. Getroud of enkel?

   .....

5. Indien getroud, voorsien die name en ouderdomme van kinders.

   .....

6. Algemene gesondheidtoestand?

   .....

7. Vaardigheid of beroep?

   .....

8. Het u al voorheen op 'n plaas gewerk? Indien wel, gee volledige beskrywing van die tipe werk gedoen.

   .....

9. In watter deel van die Unie sal u graag wil werk?

   .....

10. Vir watter tipe werk doen u aansoek?

    .....

11. Wat sal 'n aanvaarbare salaris vir u wees?

    .....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

12. Indien u verlangde werk, plek en salarisaangebied word, wanneer is u bereid om diens te aanvaar?

.....

13. Verstrek name, adresse en verwantskap van u naasbestaandes.

.....

14. Verstrek u volledige posadres

.....

……

……

Handtekening van aansoeker

Ek die ondergetekende leraar, landdros, Veldkornet of Vrederegter sertifiseer dat volgens my kennis die aansoeker die regte antwoorde op bogenoemde vrae verskaf het.

.....

Plek .....

Datum .....

Die aansoek moet ingevul word en gepos word aan

JJ Naude
Superintendent van Blanke Arbeid
Markstraat 451
Pretoria

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

AANSOEK VIR BLANKE ARBEID

- Vir watter tipe werk benodig u arbeiders?

  .....

- Moet die arbeiders getroud of ongetroud wees?

  .....

- Watter tipe vergoeding kan u bekostig?

  .....

- Watter tipe vergoeding (per dag, week of maand)

  .....

  (a) Dui aan hoeveel in £ of /

  .....

  (b) Kan u akkommodasie verskaf?

  .....

  (c) Is daar enige ander byvoordele wat u kan aanbied?

  .....

- Watter tipe skole is daar op u plaas of naby die plaas. Dui afstande aan

  .....

- Wat is die naam van die naaste spoorwegstasie en ook die afstand.

  .....

- Vir hoe lank benodig u die arbeiders?

  .....

- Is u bereid om 'n kontrak met die arbeiders aan te gaan rakende die dienstydperk en vergoeding?

  .....

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verstrek u volledige posadres

.....

.....

Handtekening van werkgewer

Plek: .....

Distrik: .....

Datum: .....

Pos voltooide aansoek aan:

JJ Naude, Superintendent van Blanke Arbeid, Markstraat 451, Pretoria.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

BRONNELYS

1. LITERATUUR

Anon.: *Cape of Good Hope Almanac and Annual register,* 1805 – 1859.

Anon.: *Cape of Good Hope General Directory and Year Book,* 1885.

Anon.: Hill's Milliners' Gazette, *Our spring and summer special*, Vol VI, No. 9, New York, May 1887

Anon.: "The Poor White problem in South Africa", *The British Medical Journal,* 2, (3788), August 1933.

Abedian, I & B Standish: Poor White sand the Role of the State: The Evidence, *South African Journal of Economics,* Vol 35 (2), 1985.

Abrahams, I: *The birth of a community,* Cape Town Hebrew Congregation, Cape Town, 1982.

Albertyn, JR: *Die Armblanke en die Maatskappy* (Deel 5a van die Carnegie-kommissie se verslag oor die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika), Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1932.

Albertyn, JR, du Toit, P en Theron, HS: *Kerk en Stad,* Verslag van die Kommissie van Ondersoek van die Gereformeerde N.G. Kerke na kerklike en godsdienstige toestande in die nege stede van die Unie van Suid-Afrika, Pro Ecclesia-Boekhandel, Stellenbosch, 1947.

Alcock, P: *Understanding Poverty,* Macmillan Press, London, 1997.

Andrews, HG: The Hartebeespoort Irrigation Scheme with side-lights on Land Policies, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Suid-Afrika), Pretoria, 1931.

Appel, A: Die distrik Oudtshoorn tot die tagtigerjare van die 19de eeu: 'n sosio-ekonomiese studie, (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Port Elizabeth), Port Elizabeth, 1980.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Archer, S: "Technology and ecology in the Karoo, a century of Windmills, Wire and changing farming Practice", *Journal of Southern African Studies,* 26,(4), Desember 2000.

Ascham, V: "Oudtshoorn in the Early days" in Saron, G. & Hotz, L. (eds.), *The Jews in South Africa,* Oxford University Press, London, 1955.

Beaudoin, SM: *Poverty in World History,* Routledge, London, 2007.

Berger, D: White poverty and government policy in South Africa: 1892 – 1934, (Ongepubliseerde DPhil-proefskrif, Temple Universiteit), 1982.

Bickford-Smith, V: "Dangerous Cape Town: Middle Class Attitudes to poverty in Cape Town in the late nineteenth century", in C Saunders et al., (eds), *Studies in the history of Cape Town*, Cambridge University Press, Cambridge, 2003.

Boehmke, M: "Some social implications of the poor white problem", *South African Journal of Science,* (XXV), 1928.

Boehmke, M & Goldblatt, S (reds.): *Oudtshoorn, 1689 – 1847 – 1952, Geskiedenis van Oudtshoorn,* Oudtshoorn, g.p., 1952.

Boehmke, M & Goldblatt, S (reds.): *Oudtshoorn, 1689 – 1847 – 1952, History of Oudtshoorn,* Oudtshoorn, g.p., 1952.

Booyens, B: De Gereformeerde Kerkbode (1849– 1923) as bron vir die Afrikaanse Kultuurgeskiedenis, (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch), Stellenbosch, 1993.

Bosman, G: *The industrialization of South Africa,* Firma G.W. den Boer, Rotterdam, 1938.

Botes, PJ: *Gemeente onder die Swartberg 1842 – 1992,* Mills Litho, Kaapstad, 1992.

Botha, CG: *Early Cape Land Tenure,* Cape Times Limited, Cape Town, 1919.

Botha, LLN: *Die maatskaplike sorg van die NG Kerk in Suid-Afrika, (1928 – 1953)*, Paarlse Drukpers, Paarl, 1956.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Botha, WF: *Woordeboek van die Afrikaanse Taal,* Dertiende Deel, Buro van die WAT, Stellenbosch, 2009.

Bottomley, EJ: *Arm-blankes,* Tafelberg, 2012.

Bottomley, J: Public policy and white rural poverty in South Africa, 1881 – 1924, (Ongepubliseerde PhD-tesis, Queens Universiteit Kingston, Ontario, Kanada), 1990.

Buck, PH: "The poor Whites of the Ante-Bellum South", *The American Historical Review,* 31 (1), The university of Chicago Press, Chicago, 1925.

Buirsky, P: Aspects of material life in Oudtshoorn 1860 – 1927, (Ongepubliseerde Hons- tesis, Universiteit Kaapstad), Kaapstad, 1983.

Bundy, C: "Vagabond Hollanders and Runaway Englishmen: White poverty in the Cape before Poor Whiteism" in W Beinart et al, (eds), *Putting a plough to the Ground: Accumulation and Dispossession in Rural South Africa, 1850 – 1930*, Ravan Press, Johannesburg, 1986.

Burger, P: Die invloed van die Anglo-Boereoorlog op die siviele bevolking van die distrik Oudtshoorn, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch), Stellenbosch, 2007.

Burman, J: *The Little Karoo,* Human & Rousseau, Cape Town, 1981.

Burman, J; *Towards the far horizon,* Human & Rousseau, Cape Town, 1988.

Carruthers, AW: (red) *Offisiële Jaarboek van die Unie. No 2,* Die Staatsdrukker, Pretoria, 1918.

Carruthers, AW: (red) *Offisiële Jaarboek van die Unie. No 6,* Die Staatsdrukker, Pretoria, 1930.

Carruthers, AW: (red) *Offisiële Jaarboek van die Unie. No 14,* Die Staatsdrukker, Pretoria, 1933.

Cassel, J: *The Milner papers (South Africa) 1897 – 1899,* Cassell & Company, London, 1931.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Coetzee, D: Immigrants to citizens, Civil integration and Acculturation of Jews into Oudtshoorn Society, 1874 – 1999, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Kaapstad), Kaapstad, 2000.

Coetzee, JH: *Verarming en Oorheersing,* Nasionale Pers, Kaapstad, 1942.

Coetzer, W: "Armoede in die 21ste eeu: Proaktiewe-dienslewering om solidariteit, geregtigheid en selfvertroue te laat seëvier", in D Langner *Gebroke Land*, Kraal-Uitgewers, Brandfort, 2009.

Cronje, G: *Mens en gemeenskap,* Academia, Pretoria, 1969.

Davids, YD: *Poverty in South Africa,* The Harvester Press, Sussex, 1979.

Davies, H: *Capital state and white labour in South Africa, 1900– 1960. A historical materialist analysis of class formation and class relations*, Humanities Press, Sussex, 1979.

Dean, M: *The constitution of poverty,* Routledge, London, 1991.

De Jager, DM: *Gedenkboek van die gemeente George,* HAUM, Kaapstad, 1942.

De Kiewiet, CW: *A history of South Africa social and Economic,* Claredon Press, Oxford, 1941.

De Kiewiet, CW: *A history of South Africa,* Oxford University Press, London, 1957.

De Kock, MH: *Selected subjects in the economic history of South Africa,* Juta & Co., Ltd, Johannesburg, 1924.

De Villiers, J: "Sosio-ekonomiese dimensies van Suid-Afrika in die dekade 1930 – 1940: Arm, maar darem, of ondernemend en presterend?", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 44, (2 & 3), 2004.

Doughty, RW: "Concern for fashionable feathers", *Forest History Newsletter,* 15 (2), 1972.

Du Boulay, FRH: *Servants of empire, an imperial memoir of a British family,* IB Taurus, London, 2011.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Duff, SE: "Saving the child to save the nation: poverty, whiteness and childhood in the Cape Colony, c 1870 – 1895", *Journal of Southern African Studies,* 37, 2 June 2011.

Duncan, TG: *Ordonnansies van die Kaap die Goeie Hoop, 1911 – 1951,* Juta en Kie, Bpk., Kaapstad, 1952.

Du Plessis, EP: *'n Volk staan op,* Human en Rousseau, Kaapstad, 1964.

Du Toit, M: "Die bewustheid van armoede; The ACVV and the construction of Afrikaner identity, 1904 – 1928", *Social Dynamics*, 18, (2), 1992.

Du Toit, P: *Verslag van die Volkskongres oor die Armblanke-vraagstuk gehou te Kimberley, 2 – 5 Oktober 1934,* Nasionale Pers, Kaapstad, 1934.

Du Toit, PS: *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie,* 1652 – 1795, Kaapstad, 1937.

Ferreira, F: *Handbook for farmers in South Africa,* Government Printers, Pretoria, 1957.

Iliffe, J: *The African Poor,* Cambridge, 1948.

Finberg, HPR & Skipp, VHT: *Local History. Objective and pursuit,* New Abbot, England, 1985.

Fincham, E: *Souwenier van Besproeiingswerke onder konstruksie vir die Kammanassie Besproeiings Distrik,* g.p., 1925.

Fourie, J: *The South African poor white problem in the 20th century: Lessons for poverty today.* Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch, 2006.

Fransen, H: *Old towns and villages of the Cape,* Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 2006.

Galbraith, JK: *The affluent society,* Houghton Mifflin Company, Boston, 1958.

Geremek, B: *Poverty, a history,* Blackwell, Oxford, 1994.

Gillham, B: *Developing a Questionnaire,* Bloomsbury Acadamic, London, 1965.

Giliomee, H: *Die Afrikaners, 'n biografie,* Tafelberg, 2009.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Godlonton, BB: *Oudtshoorn and its farms,* Press Advertising & Pub. Co, Cape Town, 1921.

Goldie, F: *The Golden Bird,* Garnet Publications, Durban, 1964.

Golson, JG: *Encyclopaedia of world poverty,* Skidmore Colledge, New York, 2005.

Gordon, A: *The Sout hand East African Year Book,* Sampson Low, Marston & Co., London, 1940.

Greeff, MS: *Eeufees-gedenkboek van die NG gemeente Oudtshoorn,* Nasionale Handelsdrukkery, Elsiesrivier, 1952.

Grosskopff, JFW: *Plattelandsverarming en plaasverlating,* Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1932.

Grundlingh, AM: *Die Suid-Afrikaanse gekleurdes en die Eerste Wêreldoorlog,* (Ongepubliseerde D.Litt. ET Phill, Universiteit van Suid-Afrika), Pretoria, 1981.

Grundlingh, AM: *The making of class, Woodcutters in the Southern Cape Forest Area, c 1900 – 1939*, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg, 1987.

Grundlingh, AM: *Keerpunte in die geskiedenis, Boek 4, Industrialisasie, landelike verandering ennasionalisme,* Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 2006.

Hanekom, TN: *Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk, gedenkboek by ons derde eeufees, 1952,* N.G. Kerk Uitgewers, Kaapstad, 1952.

Hartigan, J: "Establishing the fact of whiteness", *American Anthropologist,* 99, (3), 1997.

Henry, JA: *The first hundred years of the Standard Bank,* Oxford University Press, London, 1963.

Himmelfarb, G: *Poverty in Compassion: The moral imagination of the Victorians,* Vintage Books, New York, 1991.

Hofmeyr, G (red): *NG Kerk 350 eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652 – 2002,* Paarl Print, Kaapstad, 2002.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Holloway, JE: *Offisiële jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, No 8,* Die Staatsdrukker, Pretoria, 1932.

Holloway, JE: *Offisiële jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, No 10,* Die Staatsdrukker, Pretoria, 1934.

Holloway, JE: *Offisiële jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, No 12,* Die Staatsdrukker, Pretoria, 1935.

Hopkins, HC: *Ned. Geref. Kerk. Calitzdorp, 1873 – 1973,* NG Kerk Uitgewers, Kaapstad, 1935.

Hopkins, HC: *Kakamas – uit die wildernis 'n lushof,* Nasionale Boekdrukkery Beperk Elsiesrivier, Kaapstad, 1978.

Janse van Rensburg, M: *Karoo in my bloed,* Bowles Drukker, Oudtshoorn, 2012.

Jansen, A: "The home of the ostrich", *Agricultural Journal of the Union of South Africa,* III, (28), 1928.

Jeeves, AH: *Migrant Labour in South Africa's Mining Economy: The struggle for the Gold Mines' Labour Supply 1890 – 1920,* Johannesburg, 1985.

Joubert, D: *Toe Witmense arm was,* Tafelberg, Kaapstad, 1972.

Joubert, I: *Ver wink die Suiderkruis,* LAPA Uitgewers, Pretoria, 2006.

Judges, S: Poverty, living conditions and social relations – aspects of life in Cape Town in the 1830s, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Kaapstad), Kaapstad, 1977.

Kaser, M: *Roman private law,* Butterworths, Durban, 1968.

Keagan, TJ: *Rural Transformations in Industrializing South Africa,* Macmillan Press, Hong Kong, 1987.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Klausen, S: "Poor Whiteism, White Maternal Mortality, and the Promotion of Public Health in South Africa", *South African Historical Journal*, (45), 2001.

Krüger, DW: *The making of a nation,* Macmillan, Johannesburg, 1969.

Kuijers, A: 'n Kunshistoriese besinning oor die stylherlewingstendens in die Suid-Afrikaanse argitektuur, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Potchefstroom, Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), Potchefstroom, 1980.

Lambarde, W: *Eirenarchaor of the Office of the Justice of the Peace* (*Laws relating to the poor before the Elizabethan Poor laws*), Newbery, London, 1579.

Lamprechts, HC: *Vrouevolksdiens, Die werk van die Afrikaanse Christelike Vroueverenigingg,* HAUM, Kaapstad, 1959.

Lange, L: *White, Poor and Angry,* Ashgate Publishers Limited, Aldershort, 2003.

Legassick, M: "Gold, Agriculture, and Secondary Industry in South Africa, 1885 – 1970" in R Palmer & N Parsons, *The Roots of Rural Poverty*, Heinemann, London, 1977.

Leiboldt, M en Melck, AP: *Ondersoek na die ekonomiese groeipotensiaal van Oudtshoorn,* Buro vir Ekonomiese ondersoek, Universiteit van Stellenbosch, 1980.

Le Roux, A: 'n Historiese ondersoek na die ontwikkeling van Landbou in Oudtshoorn en sy distrik*, 1914 – 1980,* (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch), Stellenbosch, 2013.

Leyds, GA: *A history of Johannesburg,* Nasionale Boekhandel, 1946.

Lindeque, RC: *Gaan maak jy ook so: die maatskaplike werk van die Ned. Geref. Kerk,* NG Kerkboekhandel, Pretoria, 1985.

Lipton, M: "Poverty – are there wholes in the consensus?", *World Development Journal,* 25, (7), 1977.

Lötter, HPP: "Poverty as threat to democratic values", *Public Affairs Quarterley* 22, (2), April 2008.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Lötter, HPP: *Poverty, Ethics and Justice,* University of Wales Press, Cardiff, 2011.

Lückhoff, H: The Little Karoo, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Kaapstad), Kaapstad, 1946.

Macmillan, WM: *The South African agrarian problem and its historical development,* CNA, Witwatersrand, 1919.

Malherbe, EG: *Onderwys en die Armblanke,* (Deel 3 van die Carnegie-kommissie se verslag oor die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika), Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1932.

Malherbe, EG: *Never a dull moment,* Timmins Publishers, Cape Town, 1981.

Marincowitz, H: *Meiringspoort, a scenic Gorge through the Swartberg Range,* Bowles Printers, Oudtshoorn, 1990.

Marincowitz, H: *Montagu pass and other passes over the Outeniqua mountains,* Bowles Printers, Oudtshoorn, 1992.

Marshall, C: *Christy,* Hodder and Stoughton, London, 1968.

May, J: "Pro-Poor growth strategies in Africa, an elusive consencus: Definitions, measurement and analysis of poverty", *Journal of African Economies,* 10, (1), 2006.

Mell, MR: *Poor whites of the South, Social forces*, Agnes Scott College, New York, 1938.

Meyer, P: *Oudtshoorn – 150 jaar,* Bowles Drukkers, Oudtshoorn, 2014.

Molsbergen, G: *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck*, Deel III, SL van Looy, Amsterdam, 1912.

Momberg, JW: 'n Regionale studie van die distrik Calitzdorp, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch), Stellenbosch, 1948.

Morrel, R: *White but poor,* Sigma Press, Koedoespoort, 1992.

Mouton, J: *Metodologie van die geesteswetenskappe, basiese begrippe,* RGN, Pretoria, 1988.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Murray, WA: *Die Fysieke Toestand van die Armblanke,* (Deel 4 van die Carnegie-kommissie se verslag oor die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika), Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1932.

Nasson, B: *Abraham Esau's War: A Black South African War in the Cape 1899 – 1902,* African Studies Series, (68), Cambridge University Press, Cambridge, 1991.

Nel, L: *The Garden Route and Little Karoo,* Struik Publishers, Cape Town, 2003.

Newton, E: *The home physician and a guide to health,* Pacific Press Publishing Association, California, 1931.

Nicol, W: *Met toga en troffel: die lewe van 'n stadspredikant,* NG Kerk Uitgewers, Kaapstad, 1958.

Nienaber, PJ: (red) *Suid-Afrikaanse Pleknaamwoordeboek,* HAUM, Kaapstad, 1972.

Odendaal, FF: (red) *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal,* Perskor Uitgewers, Kaapstad, 2000.

Olivier, W: *There is honey in the forest,* STD Drukkers, Pretoria, g.d.

Olsen, W: *Research and data collection,* SAGE Publications Ltd, London, 2014.

Palmer, R & Parsons, N: *The Roots of Rural Poverty,* Heinemann, London, 1977.

Patterson, FT: "Kammanassie Irrigation works", *S.A. Irrigation Magazine,* 1,(2), January 1922.

Patterson, S: *The last trek: A study of the Boer people and the Afrikaner nation,* Routledge & Keagan, London, 1957.

Pauw, S: *Die beroepsarbeid van die Afrikaner in die stad,* Pro Ecclesia-drukkery, Stellenbosch, 1946.

Pelzer, AN: Die 'Arm-Blanke' Verskynsel in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1882 – 1899, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Pretoria), Pretoria, 1937.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Pelzer, AN: "Die 'Arm-Blanke' in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 – 1899", *Historiese Studies,* Jaargang III, Januarie – Desember 1942.

Phillips, P: "Treating White poverty in interwar South Africa, Civilised labour and the construction of Groote Schuur Hospital 1926 − 1938", *South African Journal of Economic History,* 20 (2), 2005.

Picton-Seymour, D: *Victorian buildings in South Africa,* AA Balkema, Cape Town, 1977.

Pocock, J: *Oudtshoorn fourty years ago,* Bowles Drukkery, Oudtshoorn, 1942.

Potgieter, M du Toit: Die Neder Duitse Gereformeerde Kerk en die onderwys van Blankes in Kaapland sedert die eerste sinode (1824), (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch), Stellenbosch, 1961.

Pretorius, SJ: *Album: 'n Keur uit sy gedigte,* Human & Rousseau, Kaapstad, 1976.

Raper, PE: *Streekname in Suid-Afrika en Suidwes,* Tafelberg, Kaapstad, 1972.

Rauch, TR: The White labour forest settlement programme in South Africa 1917 – 1938, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van die Witwatersrand), Johannesburg, 1989.

Reid, J: *Oudtshoorn under the skin,* Bowles Drukkery, Oudtshoorn, 2001.

Riukulehto, S: Various directions in regional history, *New Contree,* 74, 2015.

Rixom, P: *The history, scenery and geology of the Hoekwil area,* Eden District Municipality, George, 2002.

Robertson, CC: "The forests of South Africa", *Empire Forestry Journal,* 3(1), 1924.

Roediger, DR: *The Wages of Whiteness,* Verso, London, 1999.

Roos, N: "Work colonies and South African historiography", *Social History*, 36, (1), February 2011.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Rootman, PJ: Die funksie en invloedsfeer van die stedelike gebied van Oudtshoorn, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch), Stellenbosch, 1970.

Rothmann, ME: *Die Moeder en Dogter van die Arm Gesin* (Deel 5b van die Carnegie-kommissie se verslag oor die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika), Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1932.

Rothmann, ME: *A comparison, a report on certain social and economic conditions, seen from a social worker's point of view, in two areas,* Pretoria, 1940.

Saron, G: *The Jews in South Africa,* Oxford University Press, London, 1955.

Saunders, C: "Putting the history of white poverty in South Africa on the agenda", 'n resensie van Morrell se White but poor, *South African Historical Journal,* (28), 1993.

Seavoy, RE: *Subsistence and economic development,* Greenwood Publishing Group Inc., Westport, 2000.

Shain, M: *Jewry and Cape Society,* Historical Publication Society, Johannesburg, 1983.

Shepherd, A: *The Chronic Poverty Report,* 2008 – 2009, University of Manchester, Manchester, 2009.

Sieberhagen, N: Die plattelandse skool in Oudtshoorn, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch), Stellenbosch, 1948.

Simmel, G: *On Individuality and Social forms,* Univ. of Chicago Press, Chicago, 1971.

Stals, ELP (red): *Afrikaners in die Goudstad,* Deel 1 *1886 – 1924,* HAUM, Pretoria, 1986.

Stals, ELP: "Kultuuravontuur in Outeniqualand", *Die Kultuurhistorikus,* 8(1), Junie 1993.

Steenkamp, WJ: "Die wêreld van CJ Langenhoven", 7, *Geo-Stell*, g.d.

Stein, SA: *Plumes, ostrich feathers, Jews and a lost world of global commerce*, Yale University Press, Los Angeles, 2008.

Steinbeck, J: *The grapes of wrath,* William Heineman Ltd, London, 1939.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Steyl, P: *With postcart through Houtteniqualand, Kannaland and Langekloof,* CD Ads (Pty) Ltd, George, 2009.

Tayler, JA: Aspects of social welfare and poor white rehabilitation in South African Railways and Harbours, 1934 – 1952, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Suid-Afrika), Pretoria, 1994.

Tempelhoff, JWN: "Omgewingslagoffers of armblankes? Water en welvaartskepping in die era van Hertzog (1924 – 1939)", *Genl. JBM Hertzoggedenklesing*, xxxv, S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, Pretoria, 2006.

Teppo, AB: The making of a good White. A Historical Ethonography of the Rehabilitation of Poor Whites in a suburb of Cape Town, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Helsinki), Helsinki, 2004.

Terreblanche, S: *Gemeenskapsarmoede,* Tafelberg, Kaapstad, 1997.

Terreblanche, S: *A history of inequality in South Africa, 1652 – 2002,* Interpak Books, Pietermaritzburg, 2002.

Thomas, L: *Making poverty: A history,* Zed Books, London, 2008.

Townsend, P: *Poverty in the United Kingdom: Survey of Household Resources and Standards of Living,* University of Glassgow, Glassgow, 1979.

Uys, HJE: Nasionale Bosbeleid in Suid-Afrika, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch), Stellenbosch, 1979.

Van Brugge, J: *Ampie die natuurkind,* Nasionale Pers, Kaapstad, 1924.

Van Brugge, J: *Ampie die meisiekind,* Nasionale Pers, Kaapstad, 1928.

Van Brugge, J: *Ampie die kind,* Nasionale Pers, Kaapstad, 1943.

Van de Sandt, BJ: *Cape of Good Hope Almenac and Annual Register,* Cape Town, 1848.

Van de Sandt, BJ: *Cape of Good Hope General Directory and Year Book,* Cape Town, 1850.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Van der Merwe, CV: *Tweetalige definiërende woordeboek vir maatskaplike werk,* Staatsdrukker, Pretoria, 1984.

Van der Merwe, PJ: *Trek, Studies oor die mobiliteit van die pioniersgeskiedenis aan die Kaap,*Nasionale Pers, Kaapstad, 1945.

Van der Walt, AJH, Widd, JA & Geyer, AL: *Geskiedenis van Suid-Afrika Deel II,* Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1951.

Van der Walt, PB: *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 – 1975,* Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1979.

Van Eeden, ES: Pioneering regional history in South Africa: Reflections with the former Section for Regional History at the Human Science Research Council (HSCR), *Historia,* 59, 2014.

Van Huyssteen, A: *Van Ghoenas en Karrie tot die storie van die Langkloof,* Mega Digital Press, Kaapstad, 2008.

Van Jaarsveld, FA: *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652 – 1974*, Perskor, Kaapstad, 1969.

Van Melle, JC: *Verspeelde Lente,* Tafelberg, 1942.

Van Niekerk, P: *Bonnievale se Grootsloot,* g.p., 2002.

Van Onselen, C: *Studies in the Social and Economic History of the Witwatersrand 1886 – 1914,* Longman, Johannesburg, 1982.

Van Schoor, AM: *Notes from my diary,* Makro Books, Kaapstad, 1979.

Van Vuuren, L: *In the footsteps of the giants, Kamanassie Dam,* Water Research Commision of South Africa, Pretoria, 2012.

Van Waardt, S: *Die Goue Kameelvoël en die verhaal van die Klein Karoo,* Edson-Clyde Press, Kaapstad, 1995.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Van Woodward, C: *Origins of the New South, 1877 – 1933,* Baton Rouge, Louisiana State University, Louisiana, 1951.

Van Zyl, D: Natuurlike gebiede in Oudtshoorn. 'n Inleidende studie tot die Maatskaplike ekologie van 'n plattelandse dorp, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch), Stellenbosch, 1944.

Viljoen, PJ: *Ek kyk terug,* Suid-Afrikaanse Bybelvereniging, g.p., 1949.

Viljoen, SP: "The Industrial Achievement of South Africa", *South African Journal of Economics,* 51,(1), g.p., 1982.

Vosloo, R: "The Dutch Reformed Church and the poor white problem in the wake of the first Carnegie Report (1932)", *Studia Historiae Ecclesiastica*, 37, (2), September 2011.

Wallace, R: *Farming Industries of Cape colony,* PS King and son, London, 1896.

Weideman, HJS: Die geskiedenis van die ekonomiese ontwikkeling van die Oranje Vrystaat met verwysing na die ontstaan van die armblankedom 1830 – 1870, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van die Oranje Vrystaat), Bloemfontein, 1946.

Wilcocks, RW: *Die Armblanke, psychologiese verslag* (Deel 2 van die Carnegie-kommissie se verslag oor die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika), Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1932.

Wilson, F; Ramphele, M: *Uprooting Poverty: The South African Challenge,* WW Norton, New York, 1989.

Woolf, S: *The Poor in Western Europe in the Eighteenth and Nineteenth Centuries,* Methuen, London, 1990.

Wray, M: *Not quite white,* Louisiana State University, Louisiana, 1950.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Wray, M: *White trash, race and class in America,* Routledge, New York, 1996.

Wray, M: *Not quite White, White trash and the boundries of whiteness,* Duke University Press, Durham, 2006.

Yudelman, D: *The Emergence of Modern South Africa: State, Capital land the Incorporation of Organized Labour on the South African Gold Fields, 1902 – 1939,* Greenwood Press, London, 1984.

2 ARGIVALE BRONNE

2.1 STAATSARGIEWE

2.1.1 Landdroskantoor Argief, Oudtshoorn, (LKAO)

Verwysing	Onderwerp
LKAO	Funksies van Afdelingsraad
LKAO	Reënval vir Oudtshoorn 1914 – 1937
LKAO	Meiringspoort

2.1.2 Nasionale Argief Pretoria, (NASA), Argief van die Departement van gesondheid, (GES).

Bron	Vol	Ref	Onderwerp
ARB	1296	1049/26	Wages Board Oudtshoorn
ARB	1296	1049/26	Oudtshoorn chamber of commerce, Brief CT 4838/1
GES	STK 7	165/13	Report on systematic inspection of health and sanitary conditions obtaining in the municipal area of Oudtshoorn
GES	STK 7	21/065	Census 1931, District file, Oudtshoorn, remarks, Old file 21/065
GES	STK 659	165/13	Sanitation Oudtshoorn, Health report covering the period from 1st July 1914 – 30 June 1915
GES	STK 659	165/13	Sanitation Oudtshoorn, Health report covering the period from 1st July 1914 – 30 July 1937
GES	STK 659	165/13	Sanitation Oudtshoorn, Health report covering the period from 1st July 1924 – 30 July 1925
GES	STK 659	165/13	Sanitation Oudtshoorn, Health report covering the period from 1st July 1925 – 30 July 1926
GES	STK 659	165/13	Sanitation Oudtshoorn, Health report covering the period from 1st July 1927 – 30 July 1928
GES	STK 659	165/13	Sanitation Oudtshoorn, Health report covering the period from 1st July 1929 – 30 July 1930
GES	STK 659	165/13	Sanitation Oudtshoorn, Health report covering the period from 1st July 1931 – 30 July 1932
GES	STK 659	165/13	Sanitation Oudtshoorn,Health report covering the period from 1st July 1936 – 30 July 1937

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

GES	STK 659	165/13	Sanitation Oudtshoorn, Health report covering the period from 1st July 1937 – 30 July 1938
GES	7	165/13	*Report on systematic inspection of health and sanitary*
LDB	257	183/34	Ostrich feather industry. Steps to be foster. Oudtshoorn
PM	1/2/32	7/14	*Farming economic conditions in the district of Oudtshoorn/ Rapport oor die ekonomiese en landbou toestande in die distrikte Oudtshoorn, Calitzdorp en Ladismith*
PM	259	183/34	*Ostrich feather industry, steps taken to foster – Oudtshoorn,* 12 Augustus 1925
SAS	1008	EC 4904/41	Oudtshoorn – Calitzdorp line, Minute 1153
SAS	1008	165/67	Weekly Notice, No 1513, Opening of Oudtshoorn – Calitzdorp line for public traffic
URU	343	3123	*Issue of a proclamation proclaiming the boundries of the Kamanassie irrigation district, division of Calitzdorp and Oudtshoorn*
URU	402	1193	*Irrigation loan to the Kamanassie irrigation board, in the division of Calitzdorp and Oudtshoorn, Cape Province*
VWR	24	B645/63/1	Aansoek deur plaaseienaar, N Lipschitz, Welgeluk, Oudtshoorn, vir bywoner PE le Roux
VWR	24	B645/63/2	Aansoek deur plaaseienaar, PJD van Rooyen, Oudtshoorn, vir bywoner WE Tait
VWR	24	B645/63/3	Aansoek deur plaaseienaar, W Louwrens, Oudtshoorn, vir bywoner GJP Botha
VWR	24	B645/63/4	Aansoek deur plaaseienaar, JH Smith, Oudtshoorn, vir bywoner GJE van Oudtshoorn
VWR	24	B645/63/5	Aansoek deur plaaseienaar, A Brits, Oudtshoorn, vir bywoner CH van Oudtshoorn
VWR	24	B645/63/6	Aansoek deur plaaseienaar, WG Olivier, Armoed, Oudtshoorn, vir bywoner W du Plessis
VWR	24	B645/63/7	Aansoek deur plaaseienaar, WJL Grundlingh, Wynandsrivier, Oudtshoorn, vir bywoner GJ Rheeder
VWR	24	B645/63/8	Aansoek deur plaaseienaar, WC Breytenbach, Wynandsrivier, Oudtshoorn, vir bywoner A Breytenbach
VWR	24	B645/63/9	Aansoek deur plaaseienaar , SF Redelinghuys , Oudtshoorn vir bywoner SE Terblanche
VWR	24	B645/63/10	Aansoek deur plaaseienaar, CJ Nortier, Oudtshoorn, vir bywoner BD Spies
VWR	24	B645/63/11	Aansoek deur plaaseienaar, SA Schoeman, Oudtshoorn, vir bywoner J Meyer

2.1.3 Transnet Freight Rail Museum Argief, Johannesburg, (TNFRMA)

Onderwerp	**Datum**
Railway News, George – Knysna fact sheet	April 2013
Verslag van voorgestelde spoorlyn tussen Oudtshoorn en Calitzdorp, "Annexure" 5	1918
South African Railway and Harbour, Oudtshoorn – Calitzdorp	1919

2.1.4 Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad (NBSAK)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Raknommer	Onderwerp	Uitgewer	Plek	Datum
A12 – 1875	*Results of a cencus of the Colony of the Cape, 7 March 1875*	Paul Solomons and Co Printers	Kaapstad	1877
A12 – 1883	*Report of the select committee on Domestication & wild ostriches*	Paul Solomons and Co Printers	Kaapstad	1885
A12 – 1883	*Report of the select committee on the Oudtshoorn water supply bill*	Paul Solomons and Co Printers	Kaapstad	1885
A12 – 1889	*Report of the select committee on fencing or enclosing of lands*	Paul Solomons and Co Printers	Kaapstad	1890
A12 – 1889	*Report of the select committee on Domestication & wild ostriches*	Paul Solomons and Co Printers	Kaapstad	1895
A12 – 1898	*Oudtshoorn water supply bill 1898*	Paul Solomons and Co Printers	Kaapstad	1899
A12 – 1907	*Report of the select committee on the checking of theft of skins, hides & ostrich feathers*	Paul Solomons and Co Printers	Kaapstad	1908
G42 – '76	*Results of a cencus of the Colony of the Cape,* 7 March 1875	Paul Solomons and Co Printers	Kaapstad	1876

2.1.5 Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Pretoria (SANBP)

Raknommer	Onderwerp	Plek	Jaar
OP(S), 41	Unemployment and relief matters	Pretoria	1932

2.1.6 Sentrum vir Bewaringsopvoeding, Wynberg, Kaapstad (SBO)

2.1.6.1 Gepubliseerde dokumente

Naam	Vol	Onderwerp	Jaar
Oudtshoorn Training College magazine		Growth of our College	1926
Rostrum	1	Schools for the poor	1988
Rostrum	1	Oudtshoorn, opvoedkundige sentrum	1993
Rostrum	1		1994

2.1.6.2 Ongepubliseerde dokumente

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Onderwerp	Uitgewer	Jaar
Diary of Iris Vaughan	Juvenrilla Press	2010

2.1.7 Standard Bank Argief Bewaarplek, Inspekteursverslag, Johannesburg (SBA)

SBA	Vol	Datum
SBA,INSP	1/1/119	1884
SBA,INSP	1/1/120	1890
SBA,INSP	1/1/121	1895
SBA,INSP	1/1/122	1895
SBA,INSP	1/1/122	1898

2.1.8 Suid-Afrikaanse Militêre Argief, Pretoria (SAMA)

Bron	Ref	Onderwerp
DC 4	52514	Transfer of headquarters to Oudtshoorn

2.1.9 Western Cape Archives and Record Rervices (WCARS)

Bron	Vol	Ref	Onderwerp
AGR	204	1477	Poor white's schemes
AGR	428	2727	Magistrate, Oudtshoorn
CAD	1/2/18	15/31	Origin of poor whites
CAD	3/CDP	1/1/1/2	Calitzdorp Council Minutes
CO	7627	1108/1	Oudtshoorn relief of distress
CO	7627	1108/2	Telegramnommer F 2346/1108
PAE	657	G 56/200/ER	Jonkersberg primary school, inspection report
PAS	3/OHN	4/1/27	Mayor's Minute for the year ending 31 July, 1900
PAS	AG/1293	12/1/0	Mayor's Minute for the year ending 31 July, 1900
PAS	1/CDP	4/1/1/2	Philpott – OC Remouts, Oudtshoorn, 8 April 1902
PAS	2/325	L 73C	Report of systematic inspection on 24 April 1911
PAS	3/OHN	1/1/1/4	Oudtshoorn Council Minutes 19 June 1914
PAS	3/OHN	1/1/1/4	Afdelingsraadnotule, 21 Augustus 1914
PAS	2/806	L 75/C/21	Telegram 1763, 30 Desember 1915
PAS	2/797	L 73/c/13	Munisipale verslag, Oudtshoorn, 1917
PAS	3/OHN	1/1/1/4	Afdelingsraadnotule, 18 Augustus 1918
PAS	3/OHN	1/1/1/5	Afdelingsraadnotule, 27 Januarie 1919
PAS	3/OHN	1/1/1/6	Afdelingsraadnotule, 9 April 1924
PAS	3/OHN	1/1/1/2	Afdelingsraadnotule, 17 Julie 1924
PAS	3/OHN	1/1/1/10	Afdelingsraadnotule, 4 Augustus 1924
PAS	2/806	L 75/C/21	Telegram 1645, 13 Januarie 1931
PAS	3/OHN	1/1/1/5	Afdelingsraadsnotule, 6 Mei 1932
PAS	3/OHN	1/1/1/8	Behoeftige Blanken
PAS	4/439	A 10	Calitzdorp distress in the district relief works proposed
PAS	4/439	A 10	Werkskepping vir armblankes

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

PWD	5205	2/5/317	Distress in Oudtshoorn division: proposed relief by construction of a road
PWD	2/5/317	U 25	Distress in Oudtshoorn division: proposed relief by construction of a road
PWD	5205	2/5/320	Distress in Oudtshoorn / Calitzdorp division: proposed relief by construction of road
PWD	E6	2/5/320	Oudtshoorn/Ladismith Municipal water supply
PWD	01	2/5/320	Oudtshoorn municipal water supply

2.1.10 Regeringspublikasies (UG)

Nommer/Jaar	**Onderwerp**
U.G., SC3 – 16	*Report on the Select Committee on Drought Distress Relief*
U.G., 12 – 14	Legal minimum wages
U.G., 12 – 18	*Report of the ostrich feather Commission appointed to enquire into the ostrich feather industry, including two minority reports*
U.G., 14 – 25	*Report of the economic and wage commission* (1925)
U.G., 14 – 26	*New railwayline*
U.G., 15 – 40	*The bywoner-housing scheme/Rural rehabilitation and housing scheme*
U.G., 28 – 15	*Annual report of the Departement of Justice for the calendar year 1914*
U.G., 29 – 17	*Reports on various irrigation projects, 31 March 1918*
U.G., 30 – 32	*Report of the unemployment Investigation Committee, 1932*
U.G., 32 – 12	*Magistrate's Annual Report, 1910*
U.G., 32 – 12	Aanhangsels tot't Algemene Rapport
U.G., 34 – 14	*Feather sorting*
U.G., 36 – 20	*Jaarverslag van die Departement van Justisie vir die kalenderjaar 1920*
U.G., 39 – 16	*Annual report of the Departement of Justice for the calendar year 1916/1918*
U.G., 43 – 34	*Unemployment and relief measures*
U.G., 50 – 19	*Census of the European or White Races of the Union of South Africa 1918,* Government Printers, Cape Town, 1919
U.G., 61 – 37	*Report of the Inter Departemental Committee on Poor Relief and Charitable Institutions*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.2 UNIVERSITEITS BIBLIOTEEKARGIEWE

2.2.1 Killie Campbell Africana Biblioteek, Universiteit Kwazulu Natal, Durban, EG Malherbe versameling (KCAB)

Bron	Vol	File	Note-book	Plek	Datum
56979	164	476/10	1	Oudtshoorn	11 Maart 1929
56979	164	476/10	2	Oudtshoorn	11,12,13,14 Maart 1929
56979	164	476/10	2	Oudtshoorn	4 April 1929
56979	164	476/10	2	Oudtshoorn	April – Mei 1929
56979	164	476/10	2	Van Wyksdorp, Ladismith en Calitzdorp	12 April 1929
56979	164	476/11	2	Oudtshoorn	13,22 Maart 1929
56979	164	476/11	2	Oudtshoorn	13 April 1929
56979	164	476/21	2	Oudtshoorn	4 April 1929
56979	164	476/21	2	Oudtshoorn	5 April 1929
56979	164	476/21	2	Oudtshoorn	27 April 1929
56979	164	476/11	3	Oudtshoorn	24,28 Maart 1929 27,28 April 1929
56979	164	476/12	3	De Rust, Klaarstroom en Uniondale	22,23, 28 April 1929
56979	193 - 194	476/18	3	Oudtshoorn	11 Maart 1929
56979	165	476/10	4	Uniondale	6 Mei 1929
56979	165	476/11	4	Oudtshoorn	28 Maart 1929
56979	165	476/11	4	Oudtshoorn	18 April 1929
56979	165	476/11	5	Oudtshoorn	16 Maart 1929
56979	165	476/10	5	Oudtshoorn	7 Mei 1929
56979	164	476/18	6	George	16 Maart 1929
56979	165	470/1	6	Uniondale	6 Mei 1929

2.2.1.1 Foto versameling

Argief	Beskrywing	Nommer
KCAB	Dagloner	57022, Foto 19

2.2.2 JS Gericke Biblioteek, Universiteit van Stellenbosch (GBUS)

Periodieke publikasies	Datum	Onderwerp
Die Burger	22 Oktober 1912	Cradock Kongres
Die Burger	23 Oktober 1916	Het arme blanken kongres
Die Burger	19 Junie 1922	Die Opvoedingskongres
Die Burger	3 Oktober 1934	Volkskongres begin met sy beraadslaging
Die Kerkbode	23 November 1927	Die bydrae van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tot die onderwys in Suid-Afrika

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.2.2.1 Africanakamer

Bron	Lêernommer	Onderwerp	Datum
MER Versameling	M.I.K. 10	Brief van die skrywer MER	19 Junie 1928
MER Versameling	J.B. 17	Brief aan Sekretaris van Landbou, Pretoria	31 Maart 1929
Wilcocks Versameling	1/506	Onderhoud met J Fowler, destydse landdros in Oudtshoorn	30 Maart 1929

2.3 NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK ARGIEF, STELLENBOSCH (NGKA)

2.3.1 Kerkraadsnotules: 1914 – 1937

2.3.2 Gepubliseerde artikels

Argief	Raknommer	Vol	Onderwerp	Uitgewer	Jaar
NGKA	GEM K 1628	19	*De Gereformeerde kerkbode in Zuid-Afrika*		17 September 1853
NGKA	305.569	8	*Volkskongres oor die armblanke vraagstuk*	Diamond Field Advertiser, Limited	1934
NGKA	Deel XVII	1115	*De Kerkbode*		1921

2.4 MUSEUM ARGIEWE

2.4.1 Calitzdorp Museum Argief, (CMA)

Bron	Onderwerp	Datum
Afdelingsraads notule	Behoeftige Blanken	14 Augustus 1914 8 September 1916

2.4.2 George Museum Argief, (GMA)

Koerant	Datum	Berig
George and Knysna Herald	25 Maart 1914	Oorsake van verarming
George and Knysna Herald	17 Junie 1914	Meisieskool samel geld in
George and Knysna Herald	16 September 1914	Hokkieklub in George help
George Herald and Het Suid-Western	8 Mei 2008	How George was established
George Herald	17 Junie 1914	The poor white settlement at Olifantshoek and the ebb and flow at Wilderness
George Herald and Het Suid-Western	2 Oktober 1928	Railway links George to the outside world
George Herald	24 April 1935	Gratis botter en melk aan laerskoolleerlinge

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.4.3 Lydenburg Museum Argief, (LMA)

Lêernommer	Pamfletnommer	Onderwerp
M6/1	3	Anon., *My herinneringe aan Ceylon-bosboustasie*

2.4.4 Oudtshoorn, CP Nel Museum Argief, Oudtshoorn, (CPNMA)

2.4.4.1 Gepubliseerde materiaal

Titel	Uitgewer	Plek	Datum
Lists of persons in the electoral division of Oudtshoorn 1909	Government Printers	Cape Town	1910
Lists of persons in the electoral division of Oudtshoorn 1919	Government Printers	Cape Town	1919
Census of the European or White races of the Union of South Africa, 1918, Part 1	Government Printers	Cape Town	1919
Oudtshoorn Opleidingskollege Jaarblad, 1926	Bowles Drukkers	Oudtshoorn	1926
Voters' list 1935, Electoral division of Oudtshoorn	Staatsdrukker	Pretoria	1935
Oudtshoorn Opleidingskollege Kwarteeufees 1925 – 1950	Bowles Drukkers	Oudtshoorn	1950

2.4.4.2 Ongepubliseerde materiaal

Skrywer	Titel	Nommer
M Boehmke	The History of Oudtshoorn	Book 1
M Boehmke	The History of Oudtshoorn	Book 2
M Boehmke	The History of Oudtshoorn	Book 3
M Boehmke	The History of Oudtshoorm	Book 4
M Boehmke	The development of civilization depends very largely on good roads	
A Holtzhausen	Joodse bevolking	J/C 13

2.4.4.3 Foto versameling

Argief	Beskrywing	Verwysingsnommer
CPNMA	Inwyding van NG Kerk	143,D3D
CPNMA	St Judes kerk Oudtshoorn	D3S
CPNMA	Armskool Vinknesrivier	OH2

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

CPNMA	Vere-verkoping agter die Prince Vintcent-gebou	D3/0
CPNMA	Pinehurst, die Edmeades woning	D3/1
CPNMA	Tolhuis in Meiringspoort	D3 M 2010.13
CPNMA	N. Lipschitz, 'n bekende Joodse kleinhandelaar in Oudtshoorn	D5j
CPNMA	Joodse Verekoper/Algemene Handelaar	D1j – 91/3/20
Meyerfamilie privaat versameling	Togryer Oudtshoorn	

2.4.4.4 Privaat versamelings

Naam	Bron	Datum
Aschmad-versameling	The Cape Times	August 1926

2.4.4.5 Koerantartikels (*Oudtshoorn Courant*)

Argief	Datum	Onderwerp
CPNMA	3 September 1879	Besproeiingskanale
CPNMA	12 Januarie 1888	Opening of pass
CPNMA	18 Januarie 1901	The Town Guard
CPNMA	21 Oktober 1901	Notes and Comments
CPNMA	5 November 1901	Notes and Comments
CPNMA	5 Desember 1901	Ongetiteld
CPNMA	17 Februarie 1902	Eyes Front
CPNMA	5 Mei 1902	Town council
CPNMA	24 Julie 1902	Sale of mules /horses
CPNMA	4 Augustus 1902	Boerdery Aantekeningen
CPNMA	8 Augustus 1902	A successful sale
CPNMA	26 November 1902	Sale of erven at West Bank
CPNMA	5 Desember 1902	Sale of municipal erven
CPNMA	20 April1903	Sale of ervan at De Rust
CPNMA	24 April 1903	Another successful land sale
CPNMA	20 Mei 1903	Opening van spoorlyn
CPNMA	3 Augustus 1903	Publieke vergadering
CPNMA	7 Augustus 1913	Spoorlyn feestelik geopen
CPNMA	1 Januarie 1914	Droogte/Familie verval/Agterbuurtes
CPNMA	6 Januarie 1914	Teater open/Besige stasie/Volstruisvere geen waarde /Anti-plumaje Kampange
CPNMA	13 Januarie 1914	Boere op Welbedacht moet diere voer
CPNMA	6 Januarie 1915	Hospitaalraad ondersteun finansieel
CPNMA	18 Februarie 1916	Die Arme Blanke Kwestie en hoe om dit te verhelp
CPNMA	13 Oktober 1916	Die Armen Blanken
CPNMA	14 Januarie 1918	Our local Training School.
CPNMA	4 Februarie 1918	The Kamnatie Dam
CPNMA	28 Mei 1919	Intrekkers

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

CPNMA	21 November 1924	The biggest crowd on record gather to see the event
CPNMA	30 November 1925	Oudtshoorn Cotton
CPNMA	8 Mei 1928	Uitdeel van kos/Spesiale veiling
CPNMA	5 Februarie 1930	Totstandkoming van ’n Ko-öperatiewe melkery

2.4.4.6 Koerantartikels (*Het Zuid-Westen Nieuws*)

Argief	Datum	Onderwerp
CPNMA	1 Julie 1901	Krijgswet Regulasies
CPNMA	10 Oktober 1901	Kort en Zakelijk
CPNMA	18 September 1902	Calitzdorp
CPNMA	3 Augustus 1903	Publieke Vergadering
CPNMA	10 Augustus 1903	Veertien dagen proeftyd
CPNMA	18 Februarie 1916	Die Arme Blanke Kwestie en hoe om dit te verhelpen
CPNMA	13 Oktober 1916	Die Arme Blanken

2.4.4.7 Verslae

Skrywer	Verslag
GM Stegman	Verslagen van den Staat der Godsdienst in de Gemeente van Oudtshoorn sedert 1879
Munisipaliteit	Sterfteregister van die Oudtshoorn munisipaliteit

2.4.5 Fransie Pienaar Museum Argief, Prins Albert (FPMA)

Prins Albert aan die voet van die Swartberge	Pamflet

2.4.6 Sabie Museum Argief, Sabie (SMA)

Bron	Lêernommer	Pamfletnommer	Onderwerp
BOS	92	10742	Evaluering van setlaars vir plasing
BOS	92	10025	Evaluering van setlaars vir plasing
BOS	6/1	3	Setlaars in nedersetting

2.5 INTERNETVERWYSINGS

Verwysing

http://www.policy.co.uk/keyconcepts/samples//
http://en.wikipedia.org/wiki/Dorothea
www.ruralpovertyportal.org/english/topics/index.htm
www.sZa3.org.z/bio/Biograph final.php?serial=2870
https://en.wikipedia.0rg/wiki/Diphteria
Home.intekom.com/oli4s/Ockert
www.vintagedancer.com/1900’s
www.carnegie.org/our-history/

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.6 ANDER PERIODIEKE PUBLIKASIES

2.6.1 Tydskrifte

Naam	Datum	Onderwerp	Nommer van Uitgawe
The Farmers Weekly	22 April 1914	The Plumage Bill	
Die Huisvrou	Januarie 1972	Die rol van MER in die Afrikaanse Letterkunde	(50), 9

2.7 MONDELINGE ONDERHOUDE

Boshoff, P mnr	2015	**Plek van onderhoud:** Oudtshoorn **Beroep:** Landmeter **Datum van onderhoud:** 12 Junie 2015
Botha, D me	2016	**Plek van onderhoud:** George **Beroep:** Ontvangsdame, oud-inwoner van Oudtshoorn **Datum van onderhoud:** 5 Maart 2016
Cloete, JW me	2012	**Plek van onderhoud:** Randburg **Beroep:** Oud-inwoner van Calitzdorp **Datum van onderhoud:** 20 Mei 2012
Diedericks, J mnr	2016	**Plek van onderhoud:** George **Beroep:** Afgetrede boer in Prins Albert **Datum van onderhoud:** 5 Maart 2016
Du Plessis, J mnr	2013	**Plek van onderhoud:** Vergelegen, Oudtshoorn-distrik **Beroep:** Afgetrede boer op vergelegen **Datum van onderhoud:** 28 Junie 2013
Du Plessis, R me	2016	**Plek van onderhoud:** Tulbagh **Beroep:** Onderwysseres, oud-inwoner van Calitzdorp **Datum van onderhoud:** 16 Januarie 2016
Fischer, M me	2013	**Plek van onderhoud:** Sunnyside Pretoria **Beroep:** Afgetrede verpleegster, oud-inwoner van Oudtshoorn **Datum van onderhoud:** 25 Maart 2013
Fourie, P mnr	2015	**Plek van onderhoud:** Oudtshoorn **Beroep:** Oud-onderwyser, Langverwacht **Datum van onderhoud:** 7 Februarie 2015
Jordaan, B me	2013	**Plek van onderhoud:** Randburg **Beroep:** Pensionaris, oud-inwoner van Oudtshoorn **Datum van onderhoud:** 15 Oktober 2013
Kirsten, F mnr	2014	**Plek van onderhoud:** Knysna **Beroep:** Working on fire, fees koördineerder **Datum van onderhoud:** 31 Mei 2014

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Langenhoven, A me	2012	**Plek van onderhoud:** Oudtshoorn **Beroep:** Pensionaris, Oudtshoorn **Datum van onderhoud:** 6 Maart 2012
Marais, M me	2014	**Plek van onderhoud:** George **Beroep:** Oud-inwoner van Oudtshoorn **Datum van onderhoud:** 18 Maart 2014
Meiring, H me	2012	**Plek van onderhoud:** Oudtshoorn **Beroep:** Pensionaris, oud-inwoner van Oudtshoorn en De Rust **Datum van onderhoud:** 17 Maart 2012
Olivier, L me	2012	**Plek van onderhoud:** Oudtshoorn **Beroep:** Oud-inwoner van Oudtshoorn **Datum van onderhoud:** 17 Maart 2012
Rasmussen, E me	2012	**Plek van onderhoud:** Oudtshoorn **Beroep:** Huisvrou, oud-inwoner van Oudtshoorn **Datum van onderhoud:** 27 Maart 2012
Raubenheimer, B mnr	2014	**Plek van onderhoud:** George **Beroep:** Sakeman, oud-inwoner van Oudtshoorn **Datum van onderhoud:** 3 Augustus 2014
Roothman, R mnr	2015	**Plek van onderhoud:** George **Beroep:** Oud-onderwyser, Calitzdorp **Datum van onderhoud:** 7 Februarie 2015
Schoeman, J mnr	2012	**Plek van onderhoud:** Oudtshoorn **Beroep:** Oud-boer van De Rust **Datum van onderhoud:** 27 Maart 2012
Steenkamp, I me	2014	**Plek van onderhoud:** Somerset-Wes **Beroep:** Pensionaris, oud-inwoner van Ladismith **Datum van onderhoud:** 28 November 2014
Stehle, T mnr	2012	**Plek van onderhoud**: Knysna **Beroep:** Oud-bosbou wetenskaplike, Jonkersberg bosboustasie **Datum van onderhoud:** 6 November 2012
Terblansche, L me	2013	**Plek van ouderhoud:** George **Beroep:** Pensionaris, oud-inwoner van Jonkersberg **Datum van onderhoud:** 3 Maart 2013
Van Schalkwyk, G mnr	2014	**Plek van onderhoud:** Oudtshoorn **Beroep:** Hoof van Proefplaas, Oudtshoorn **Datum van onderhoud:** 23 Augustus 2014

2.8 TELEFONIESE ONDERHOUDE

Duvenhage, B me	2012	**Plek van onderhoud:** George **Beroep:** Afgetrede onderwysseres, oud-inwoner van Oudtshoorn **Datum van onderhoud:** 15 Maart 2012

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Fischer, M me	2012	**Plek van onderhoud:** George **Beroep:** Afgetrede verpleegster, oud-inwoner van Oudtshoorn **Datum van onderhoud:** 14 Maart 2012
Kruger, M me	2012	**Plek van onderhoud:** George **Beroep:** Oud-inwoner van Oudtshoorn **Datum van onderhoud:** 12 Maart 2012
Lodewyk, B me	2012	**Plek van onderhoud:** George **Beroep:** Oud-inwoner van Oudtshoorn **Datum van onderhoud:** 12 Maart 2012
Malan, H me	2012	**Plek van onderhoud:** George **Beroep:** Afgetrede onderwyseres **Datum van onderhoud:** 16 Maart 2012

2.9 PRIVAATVERSAMELINGS

Persoon	Dokument	Adres
Me M Jonker	Testament 119/555, Oudtshoorn	Huis JJ Watson, Fichatstraat, George
Millers Prokureurs	Testament AV/TT/JS, George	Meadestraat, George
O Stander	Skriftelike mededelings me JW Cloete	Creightonstraat 13, George 6529

2.10 RADIO ONDERHOUDE

Datum	Radiosender	Aanbieder	Onderwerp	Deelnemers
20 Oktober 2009	RSG	Freek Robinson	Blanke armoede	Dr D Langner en Prof Sampie Terreblanche